# DIE AANDEEL VAN DIE

# K R U G E R S D O R P S E  K O M M A N D O

# AAN DIE

# T W E E D E  V R Y H E I D S O O R L O G.

# (1899 - 1902).


D E U R

J.M.H. VAN AARDT.


*-*-*----oOo----*-*-*

Voorgelê as gedeeltelike
nakoming van die vereistes
vir die

G R A A D  V A N  M A G I S T E R  A R T I U M

in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE.


POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE
vir
CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS.

(UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA).



Maart 1950.

# I N H O U D.

Pagina.

LYS VAN AFKORTINGS ... ... ... ... IV

DANKBETUIGING ... ... ... ... ... V

TER INLEIDING ... ... ... ... ... VI

H O O F S T U K I

ALGEMENE AGTERGROND ... ... 1.

H O O F S T U K II

KRUGERSDORP GEDURENDE DIE TYD VAN SPANNING ... ... .... 8.

H O O F S T U K III

DIE LOTGEVALLE VAN DIE KRUGERSDORPSE KOMMANDO TOT MET DIE ONTSET VAN LADYSMITH. 27.

H O O F S T U K IV

DIE GROOT TERUGTOG .. ... 87.

H O O F S T U K V.

DIE SOGENAAMDE GUERILLA-STRYD.. 111.

B E S L U I T ... ... ... ... .... ( i )

B Y L A A G

DIE KOMMANDOSTELSEL (OF WEERMAG) VAN DIE BOERE. . . . ( iii )

LITERATUUR EN BRONNELYS. ... ... ... ... ( xii )

***** - 0 - *****

# LYS VAN AFKORTINGS.

| | | |
|---|---|---|
| art. | - | artikel. |
| asst. | - | assistent. |
| bv. | - | byvoorbeeld. |
| genl. | - | generaal. |
| K.G. | - | Kommandant-Generaal. |
| kol. | - | kolonel. |
| komdt. | - | kommandant. |
| lt. | - | luitenant. |
| lt.-kol. | - | luitenant-kolonel. |
| maj. | - | majoor. |
| O.V.S. | - | Oranje Vrystaat. |
| p. | - | pagina. |
| pp. | - | paginas. |
| S.A.R. | - | Suid-Afrikaanse Republiek. |
| SS. | - | Staatsekretaris. |
| sts.pres. | - | staatspresident. |
| Tvl. | - | Transvaal. |
| veggenl. | - | veggeneraal. |
| vkt. | - | veldkornet. |
| wnd. | - | waarnemende. |
| Z.A.R. | - | Zuid-Afrikaansche Republiek. |

(Vir verduideliking van argiefverwysings sien Literatuur en Bronnelys ).

## DANKBETUIGING

Langs hierdie weg wens ek my hartlike dank te betuig aan sovele andere sonder wie se raad en bystand, direk of indirek, hierdie studie nooit sy finale beslag sou kon aanneem nie.

In die eerste plek dink ek aan my ouers: my ontslape vader wat as burger die vryheidstryd enduit deurgemaak het en steeds beskeie en nederig was oor sy positiewe dade en lotgevalle, en aan wie ek graag hierdie werk sou wou opdra; my moeder wat eweneens die ontberings van daardie moeilike jare ken, - my opregte dank aan u vir u daadwerklike steun en opoffering terwille van my opleiding.

Aan u, professor doktor D.W.Krüger, my promotor, en mnr.J.S.du Plessis my lektor, my innige dank vir u onbaatsugtige leiding en boeiende lesings waardeur geskiedenis vir my as vak en as wetenskap 'n groot waarde geword het.

Baie dankie Mev. J.A.N. van Aardt, dat u goedgunstiglik ingewillig het om die tikwerk te onderneem. Die sorgvuldigheid en tegniek wat u in dié verband aan die dag gelê het is van groot betekenis vir die waarde van die werk.

Ontvang my hartlike dank, personeellede van die Pretoriase argief vir u vriendelike bystand en hulpvaardigheid tydens die aangename ure van navorsing.

Ten slotte word in hierdie verband ook met waardering gedink aan alle vriende en belangstellendes - Mnr. D.S. van Warmelo in besonder - vir hulle welwillende hulp aan my betoon. Die aanmoediging wat ek steeds van u ontvang het word hoog op prys gestel.

DIE SKRYWER.

## TER INLEIDING

Met die navorsing in verband met die aandeel van die Krugersdorpse Kommando aan die Anglo-Boere-oorlog, is 'n betreklik huishoudelike tema aangedurf. Vir belanghebbendes, in besonder van die betrokke dorp en distrik, mag die opberging van informasie uit die historiese stoorkamers rakende die Krugersdorpse bedrywighede in genoemde oorlog, van 'Neusier'-prikkelende aard wees. Tog is gepoog om met die samestelling van hierdie werkstuk ook aan die geskiedenis in die algemeen 'n beskeie diens te bewys.

Dat die taak nie maklik en eenvoudig was in dié sin dat dit slegs toegespits is op 'n enkele Boerekommando nie, behoort lig verstaan te word aangesien juis die huishoudelike aard van die stof 'n vingerwysing is dat mens jou op gewaagde terrein begewe. Die lotgevalle en handelinge van elke kommando bevat 'n persoonlike element, hetsy gekleur deur die warme stempel van hulle kommandant, hetsy deur die eieaard van die gewone burger. Koud en onpersoonlik was die aktiwiteite van elke burgerafdeling beslis nie. Juis om hierdie rede moes eng gelet word op die objektiwiteitsaspek. Sonder die minste twyfel het elke Boerekommando sy onvervangbare plek volgestaan in die verbete stryd om die behoud van wat vir hulle dierbaar en heilig was. Dikwels was dit bloot die omstandighede wat bepaal het dat dit op hierdie of daardie dag miskien juis die burgers van Ermelo moes wees wat met die grootste louere uit 'n vernietigende bombardement getree het. Dan weer was dit die Heidelbergers of Pretorianers wat hoog uitgemunt het in 'n geveg van knetterende kleingeweervuur, en by 'n volgende botsing was dit miskien die militante dog goedgedissiplineerde militarisme van die artilleriekorps wat van deurslaggewende betekenis was. Daarom sou dit uiters onverstandig - selfs selfsugtig - wees om alleen heil en lof toe te bring aan hierdie of daardie kommando of afdeling Boere. Die Lydenburgers en die manne van Carolina het net so honger gely en koud geslaan, het in een of ander botsing met die magtige vyand ewe heldhaftig weerstand gebied as dié van Johannesburg, Utrecht of die Zoutpansbergers. En wanneer

(die oormag te staan ... ...

die oormag te swaar teen hulle opgewees het, het die burgers van Ficksburg of Standerton teruggeval net soos dié van Krugersdorp, Vryheid of Bethal onder dieselfde omstandighede sou doen.

Breed gesproke was die kommando van Krugersdorp altyd in voeling met verskeie ander kommando's of soms net met veldkornetskappe. Dit sou derhalwe fataal wees om die kommando uit verband te lig en sy aandeel aan die oorlog geïsoleerd te behandel. Trouens so 'n handelswyse is volgens die histories-wetenskaplike metode ondenkbaar. Die doel is wel om die lotgevalle van hierdie spesifieke kommando op die voorgrond te stel, maar hoegenaamd nie verbandloos met die belangrike bydrae van die mede-kommandantskappe nie. Dit is onmoontlik, veral gedurende „der Kleine Krieg" toe twee, drie en selfs vier kommando's onder een veggeneraal geplaas is.

Vervolgens is 'n poging aangewend om die geskiedkundige gebeurtenisse volgens innerlike samehang te orden en nie bloot volgens uiterlike chronologiese ineenryging van feite nie. Dit wil ook nie tot patriotiese begeestering aanspoor nie. Die groot vereiste is dan om dit saam te stel met soveel akkuraatheid as wat bereikbaar is. Maar 'n oppervlakkige na-vertelling van die bronne sou net so oninteressant wees. Die psigologiese aspek moet ook tot sy reg kom, en hier het ons inderdaad met 'n interessante soort van sielkunde te doen wat miskien om sy skynbare dienteloosheid, dikwels by ontleding verkeerd beoordeel word. Bedoel word hier die intense sameverweefdheid van die landelike Boerelewe met sy kommandostelsel wat daarmee moes rym. Oppervlakkige analise kan ligtelik 'n oordrewe aksent laat val op die sg. ongedissiplineerdheid van die 19de eeuse Afrikanerse krygskuns. Die gemiddelde burgers is nie opgelei in reëlmatig marsjerende regimente nie, maar is as kroos van die wuiwende veld deur die ma tot volwassenheid gewieg, en terwyl die wiele oor die grasvlaktes gerol het, het elk onwillekeurig sy skool op die vir die moment noodsaaklikste terreine ontvang. Hulle nobele beweegrede, rein soos die sterre, is nietemin deur 'n Opperwese gerig en die wasdom was harmonieus, anders sou twee Republieke nooit daar

( gewees het nie. ... ...

[illegible] [illegible]. [illegible] van [illegible] hierdie eenhede deur tierende magte bedreig word. Krygswet is wel uitgeroep maar die oorgrote meerderheid was uit eie beweging gewillig vir pronte aksie. Impulsief dog passievol was hulle gereed om die hoof te bied teen die flegmatiese weerstand van die vyand. Om hierdie tipe krygsman met dwang tot die daad te noop sou dwaas wees, en daarom hoor ons so dikwels van die vrywilligers of selfs van enkelinge wat op eie houtjie 'n standvastige en ruiterlike offensief met dieselfde standvastigheid en ruiterlikheid tegemoet gaan.

Op ons historiese galerye pryk reeds lywige werke wat die helddade van leiers en die individu aksentueer. Dit is metodies makliker om 'n verhaal te weef om 'n groot historiese figuur. Die volgende bladsye is veeleer gewy aan die burger, die dikwels verontagsame burger, en die breë handelinge van 'n kommando sonder die dominante faktor: die aanwesigheid van 'n aanvoerder wat as held van 'n verhaal gesien word want hy sal vergeet wees, dan sal die gewone burger nog staan.

Ten slotte: waarom nou juis die Krugersdorpse kommando gekies? In die eerste plek is dit m.i. hoog tyd om aan te toon, en is dit van historiese belang om te weet wat die aandeel van elke kommando aan die oorlog spesifiek was. Dit kan van groot waarde wees vir die geskiedenis van 'n betrokke dorp en sy distrik.
In die tweede plek: die Krugersdorpse kommando hét 'n besondere rol in die Driejarige oorlog gespeel. Sonder om die roemwaardige heldedade van die Krugersdorpers met luide trompetgeskal aan te kondig en aan die anderkant hulle feilbaarhede te verswyg, is getrag om hulle aandeel in die lig te stel volgens die wet van Ranke: "wie es eigentlich gewesen ist." Was hulle nie die volgelinge van manne van durf soos Jan Kemp en Sarel Oosthuizen, en later in die guerilla-stryd die ruggraat van die burgermag van die impulsiewe Generaal De la Rey nie? Dit was die Krugersdorp-kommando "whose bleak plateau seem well fitted to nurture the untiring fighters in whose guardianship was the Paardekraal memorial of the Transvaal's independence."(Amery: "The Times History of the War in South Africa." Vol.IV p.348).

DIE SKRYWER.

PRETORIA.

Januarie 1951.

# *HOOFSTUK I.*

## *ALGEMENE AGTERGROND.*

*Die Ontstaan en Groei van Krugersdorp.* Toe Sir Theophilus Shepstone op 12 April 1877 in die hart van die Boerehoofstad die Britse vlag aan die republikeinse vlagpaal ontvou, [1] was hy totaal onder 'n wanindruk deur te reken dat die oorgrote meerderheid sy daad verwelkom het. Inteendeel, sedertdien sou die Britse gesagvoerder in Transvaal met 'n morrende gemeenskap te doen kry wat nie weer sou rus alvorens hulle hul verstoke voorreg van vry en onafhanklik te wees hetsy met konsiliasie, hetsy met wapengeweld sou herbevestig het nie. Herhaaldelike protes van die Boere by monde van hulle onderskeie afgesante teen Shepstone se vrypostige daad is deur die Britse outoriteite in Downingstraat steeds afwerend van die hand gewys. Dat dit op aandrang van Paul Kruger sou wees dat daar gevolglik op 8 Desember 1880 'n vergadering te Paardekraal belê is, spreek boekdele vir die ontstaan van 'n latere florerende Wes-Rands dorp. Dit was juis tydens hierdie betrokke byeenkoms waar Paul Kruger, Piet Joubert en M.W. Pretorius gekies is as verteenwoordigende lede van die Uitvoerende Raad en die Driemanskap gevorm het ten einde met die Britse regering te onderhandel in sake die onwenslikheid en trouens politieke onwettigheid van die Britse bestuur oor die Transvaal. Ook hierdie keer het die Boere-deputasie nie hulle doel bereik nie en was die inwoners van die Republiek in hulle hoopvolle verwagting teleurgestel. Nogtans het die Transvalers nie wanhoop gepluk uit hulle berou nie. Hoe teen hulle sin ookal, was die wapen nou nog die enigste middel waardeur hulle hull ideaal kon verwesenlik, en in hulle strewe om 'n selfstandige nasie te wees het ontwakende nasionalisme wat aan die orde van die dag was, hulle gerugsteun.

* * * * *

Die Suid-Afrikaanse Republiek se hoofde het minderbevoorregte burgers wat deur een of ander teenspoed materiële terugslae ondervind het, nie vertrap nie. Aan sodaniges is standplase gege

---

1) Uys; In the Era of Shepstone. p.391.

ten noorde van die huidige Krugersdorp en gou het hierdie nedersetting die naam van Burgershoop gekry. Die gebied is in blokke opgedeel, elk bestaande uit ses erwe.[2)]. In die middel van die nedersetting staan die beroemde Paardekraalmonument, - van buitengewone belang vir die Transvaal, want dis juis hier waar die vyf- tot sesduisend gewapende burgers op 8 Desember vergader, en plegtig lik onderneem het om tot die dood toe saam te staan totdat hulle weer hulle vryheid teruggewen het. Elkeen het as 'n bewys van sy aandeel in die volkstryd 'n klip aangebring, en uit hierdie stapel klippe sou die stewige Paardekraalse monument verrys - die teken van die groot nasionale verbond. Kort hierna het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek, wat, na die Pretoriase en Londense Konvensies van 1881 en 1884 onderskeidelik, uitgeloop het op die onafhanklikheid van Transvaal.

Kort na die oorlog het die Volksraad besluit om die 16de Desember nie alleen as 'n dag van herdenking aan die oorwinning van geweer oor assegaai te beskou nie, maar ook as 'n dankdag vir die herstelling van die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek. Die eerste samekoms is in Desember 1881 te Paardekraal gehou, maar in Julie 1883 het die Volksraad besluit om die feesvierin alleen elke vyf jaar te hou. Op 26 April 1887, na die tweede volks fees by Paardekraal, het die Uitvoerende Raad besluit (art.119) om 'n gedeelte van die plaas Paardekraal te koop met die doel om daar 'n ‚Standsdorp' aan te lê wat Krugersdorp genoem sou word. Mnr. Pritchard, destydse regeringslandmeter het in Julie 1887 daar aangekom en ongeveer 1,000 treë suid van die gedenkteken die dorp begin opmeet.[3)].

Die Boere van die omgewing het nie stilgesit nie. Hulle wou graag sien dat die ‚standplaas' tot distriksdorp met Krugersdor as ‚hoofplaats' geproklameer word. So, byvoorbeeld kom die volgenc ter bespreking in die Transvaalse Volksraad:„31 Julie 1891:-
Art.1202. Aan de orde een memorie van L.J.Alberts, J.P.Dekker en
(28 anderen,...)

2.) Praagh: The Transvaal and its Mines. p.414.

3.) Amptelike geïllustreerde handboek van Krugersdorp(1936) pp.5-6 vgl.ook: Kaplan, Mej.I.P: Die geskiedkundige oorsprong van 'n aantal Transvaalse plekname. pp. 66-67.

28 anderen, dd. Krugersdorp, 21 Maart 1891, en eene van W.J.Botha, D.Vrey en 44 anderen, van 't zelfde district en datum, beiden verzoekende een nieuw district met Krugersdorp als hoofdplaats."

Na 'n kort diskussie het daar twee voorstelle ingekom. In stemming gebring, het die een verval terwyl die oorblywende met 18 teen 3 stemme aangeneem is. Die hoogedele regering sou naamlik nagaan of daar voldoende grond op billike voorwaardes verkry kon word om aan die versoek van die memorialiste te voldoen.[4] Gesaghebbende regeringsoutoriteite het daarop onderhandelings gehad met die eienaar van die plaas Paardekraal - 'n sekere M.P.W. Pretorius (Vaal Martiens) - en die akte van koop en verkoop bespreek. Die onderhandelinge het nie op 'n sukses uitgeloop nie (Art.1315). (Soos later duidelik sal word was die moeilikheid veral tweeledig: die probleem van uitveld rondom die monument tydens die feestye; en die regte wa mynmaatskappye op dele van die grond gehad het). Nietemin is daar tog besluit om die saak van krag te laat bly en die memorialiste daarvan in kennis te stel (Art.1316).[5]

Hierna het die regeringsamptenare verder op die probleem ingegaan en op 23 Augustus 1893 het dit weer ter sprake gekom (Art.1181). Sekere gronde en regte op die plaas Paardekraal is in aanmerking geneem en daarna was die regering bereid om 'n akte van ooreenkoms met Pretorius sowel as met C.A. Celliers (verteenwoordiger van die Alexandra Estate en Goudmyn-Maatskappy) aan te gaan. Die Uitvoerende Raad het dit op 6 Maart 1893 goedgekeur en daarna aan die Eerste Volksraad voorgelê vir bekragtiging. Hier het twee voorstelle ingekom "waaruit dat van den Heer A.Wolmarans, gesecondeerd door den heer Roos met 13 tegen 10 stemmen werd aangenomen, luidende als volgt: Art 1182. "De Eerste Volksraad, lettende op Regeeringsmissive en daarbij overgelegd Uitvoerende Raadsbesluit art.108, dd.6Maart 1893, en in verband daarmede op Eerste Volksraadsbesluit art.1203 van 1891, alsmede op de memorie EVRR.858/93, thans onder behandeling;

Besluit: 1. De handelingen van de H.Ed. Uitv.Raad in deze goed te keuren;

2. De H.Ed.Regeering op te dragen een districtsdorp op een voor het publiek bestaanbare plek te doen uitleggen, onder zulk bepalingen en voorwaarden als de Uitv.Raad wenschelijk zal (achten, in...

---

4) Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A.Republiek 1891.
5) Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A.Republiek 1892.

achten, in ieder geval op zoodanige plaats dat de staanplek bij gelegenheid van de feestviering niet belemmert wordt;
3. De H.Ed.Regeering verder op te dragen de districtslijnen voor dat nieuwe district te doen bepalen, en hare handelingen in de aanstaande gewone zitting aan den Raad ter goedkeuring voor te leggen;
4. Memorialisten een afschrift van dit besluit te doen toekomen als antwoord op hunne memories."[6]

Eers in 1895 het die regering die geproklameerde goudveld van die distrik geskei, en deur 'n proklamasie gedateer 30 April 1895 is die grense van die Krugersdorpse distrik vasgestel en 'n Hof van die Landdros gevestig met regsbevoegdheid oor die distrik.[7]

Saaklik is dit die verhaal van die ontstaan van Krugersdorp - vandag reeds die hoofdorp op die Wesrand. L a b o r  o m n i a  v i n c i t  i m p r o b u s (Onversaagde arbeid oorwin alles) is vandag die dorp se leuse, en dit kon ook van toepassing gewees het vóór die vryheidstryd want deur vlytigheid, ywer, en werk het die 'standplaas' geweldig gegroei. Waar daar in die tagtiger jare van die vorige eeu nouliks meer as 'n mynkantoortjie was, het daar teen die uitbreek van die oorlog 'n goed uitgemete dorp gestaan.

Hierdie hoofstad van die Wesrand is die deel gebied wat uitstrek tussen die Roodepoortmyne en die Randfontein Estates - 'n afstand van naasteby 15 myl. Ten noorde van die dorp is die uitlopers van die Randse bergreeks, terwyl 'n lieflike panorama van die bekoorlike bergketting bekend as die Magaliesberg hom weswaarts uitsprei. Die strate was mooi en die sypaadjies met eucalyptus-bome beplant. Die markplein, 'n kenmerkende eienskap van alle Suid-Afrikaanse dorpe was ruim en populêr want dit was die plek waar produkte en lewende hawe verkoop is.

Krugersdorp se klimaat is uitstekend. Somerhitte word versag deur heerlike reën en die nagte is koel en verfrissend. Haelstorms is afwesig. Die wintermaande is aangenaam, met 'n stil, droë atmosfeer. Geleë in die subtropiese breedtegrade en op 'n hoogte van 5,709 voet bo seespieël, is daar geen buitengewone uiterstes van hitte en koue nie. Dit sal moeilik wees om 'n meer gematigde klimaat in Suid-Afrika te kry as dié van die Wesrand.[8]

(Voor die ...

6) Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A.Republiek 1893.
7) Amptelike geïllustreerde handboek van Krugersdorp (1936) p.6.
8) Praagh: p.414.vgl.ook:Amptelike geillustreerde Handboek van Krugersdorp (1936) pp.6 en 8.

*Voor die uitbreek van die oorlog al kon Krugersdorp se inwoners wys op 'n gerieflike Hotel en florerende besigheidsfirmas soos diè van Carnegie and Jamieson; Harper en Turner; Harvey, Greenacre en Co; en George Norton se broodbakkery.*[9]

*Uit hierdie breë oorsig kan ons merk hoe fenomenaal die groei van Krugersdorp was, ongeag onrustige jare. Die vinnige ontwikkeling van die dorp was nietemin 'n bewys dat daar tog 'n behoefte was aan 'n meer sentraal geleë sentrum vir besigheid, en vir siviele en kriminele sake. Inwoners was voorheen afhanklik van Johannesburg, Rustenburg en Potchefstroom, - aldrie buitengewoon ver en dikwels het een of ander saak, kerklik, juridies of militêr, spoedige aandag vereis. Nou sou vertraging nie meer 'n struikelblok wees nie want die afstand is ingekrimp. Wat die besigheidsaangeleenhede betref sou dit gedurende die oorlog getoon word hoe handig die Krugerdorpse handelsentrums te pas kom in die voorsiening van die nodige kommissariaat en kledy aan die burgers op die verskillende fronte.*[10]

*Nog voor die uitbreek van die Vryheidsoorlog maak ons kennis met die verskillende militêre rangbekleërs en ampsdraers in die Krugersdorpse distrik. In die lente van 1898 moes verskeie kommando naamlik deelneem aan 'n strafekspedisie teen die naturelle onder Mpefu in Noord-Transvaal (die sg.Magato-oorlog). Die Krugersdorpers is ook daarheen opgeroep en wel as wyke onder die afsonderlike veldkornette,*[11] *nl: Wyk 1. (die delwerye) vkt.B.J. Viljoen.*[12]
*Wyk 2. vkt. J.M. van Wyk.*
*Wyk 3. vkt. J.J. Kloppers en asst. - vkt. S.F. Oosthuizen.*[13]

*Frederick J.Potgieter was die kommandant van die hele Krugersdorpse kommando.*[14] *Die Krugersdorpse burgers het met entoesiasme aan die oproep gehoor gegee en die onderlinge gees was gesond en optimistie*[1] *In die geveg teen die naturelle het hulle 'n belangrike rol gespeel en dapper geveg soos blyk uit verskillende verslae. Ook was hulle gedrag besonder voorbeeldig.*[16]

*(Onder die.....*

---

*9) Praagh,pp.416-420. 10) The Standard and Diggers' News: 27/10/99,p.4 en 28/10/99 p.3. 11) K.G.132.CR.5370.*
*12)K.G.150 CR.3063. 13) K.G. 132 CR.5479; vgl. ook: K.G.138 CR.7035.*
*14)K.G.138 CR.7035. 15) The Standard an Diggers'News 26/10/98 p.5.*
*16)Ibid. 17/11/98 p.4.*

*Onder die offisiere het Ben Viljoen uitgemunt, en "the behaviour of the Krugersdorp section has all along been most exemplary."* [17] *Dit was juis tydens hierdie veldtog dat Ben Viljoen uit die diens getree het om hom op versoek van sy wyk se burgers en andere verkiesbaar te gaan stel as lid van die Tweede Volksraad in die vakature wat ontstaan het as gevolg van die verstryking van dienstyd van L.Geldenhuis, die verteenwoordiger van die Witwatersrandse delwerye.* [18] *Op 8 Desember sou P.R.Fourie aangestel word as veldkornet in die plek van Viljoen.* [19] *Soos omstandighede later bewys het, het Krugersdorp 'n baie bekwame militêre leier in Ben Viljoen verloor.*

*Met hulle terugkoms in Krugersdorp vanaf die Magato-ekspidisie in Des.1898, is die Krugersdorpers hartlik verwelkom, en behalwe die woorde van dank en waardering wat hulle veldkornette aan hulle toegevoeg het, is hulle ook lof toegebring deur hulle landdros, J.C.Human, die regskommissaris J.C.Bodenstein en distrikslanddros H.Hugo. Die dapperheid van die Krugersdorpers, hulle bereidwilligheid om die outoriteit van hulle regering te handhaaf en hulle puik gedrag was prysenswaardig.* [20]*.*

*Die Magato-kampanje was 'n deeglike voorsmaak vir menige burger wat betref die aard van kommandolewe en die ongerief verbonde daaraan - 'n kennismaking met die koue van die nagte, die hitte van die son en vermoeienes en kwelling van die liggaam. Die ekspedisie was 'n toets vir die gewilligheid en waagmoed van elke kommando en Krugersdorp het beslis nie gefaal nie. Geen nege maande hierna sou verstryk nie, of die militêre leiers van die republiek sou na kommando's soek waarop staat gemaak kan word.*

*In die loop van 1899 het gebeurtenisse bewys dat vriendskap nie moontlik is nie as 'n vreemde element in die land die beskerming van 'n groot "Paramount Power" verlang onder wie hulle onmiddellik gelyke regte met die res van die bevolking kon geniet. Sou die republikeinse owerheid weier om hierdie regte toe te staan, dan was dit t a n t a m o u n t aan 'n oorlogsverklaring. Onsimtieke staatsliede het die toestand in die Suid-Afrikaanse*

(Republiek...

17) *The Krugersdorp Standard 10/12/98 p.3.*
18) *SS. 2205 R.16303/98.*
19) *SS.2200 R. 15858/98.*
20) *The Krugersdorp Standard 17/12/98 p.6.*

Republiek as bron van onheil beskou wat die horison van Suid-Afrika verpes, terwyl die onliberalistiese Boer die resente agitasies wat aan die Britse regering gestuur is, beskou het as 'n eerste stap om sy onafhanklikheid omver te werp.

Alvorens die verwikkelinge vooruit te loop, is dit eers nodig om 'n vlugge beeld te gee van die toestande in Krugersdorp voordat die wrywingspunte op 'n gewelddadige krisis uitgeloop het.

*********************

# H O O F S T U K  II.

## KRUGERSDORP GEDURENDE DIE TYD VAN SPANNING.

*Militêre bedrywighede in Krugersdorp voor die uitbreek van die oorlog.*

*Hoewel oorsigtelik, was voorgaande nuttig om ons 'n breë agtergrond te gee oor die spesifieke dorp en distrik. Ons het gesien wie die prominentste ampsdraers en militere rangbekleërs is. Hierby kan bygevoeg word dat, behalwe W.Edwards en 'n aantal manne wat saam met hom beweeg het, daar geen openlik georganiseerde vrywilligerkorps in Krugersdorp meer bestaan het nie, want alle manskappe en offisiere van die Krugersdorpse Vrywilligerkorps wat deelgeneem het aan die Swazielandse onluste is eervol ontslaan.*[1]

*Teen die middel van die jaar 1899 was dit duidelik waarheen die aktiewe militêre bedrywighede van beide die Republiek en Engeland afgestuur het. Terwyl die een wrywingspunt na die ander tussen die twee lande bespreek en onopgelos gelaat is, het wapentuig en troepe vanaf Engeland en elders Suid-Afrika ingestroom.*

*Op bevel van hulle owerheid het die landdroste in die betrokke distrikte intussen gedoen wat hulle hand vind om te doen. So byvoorbeeld het landdros Hugo van Krugersdorp op 7 Feb. 1899 van die kommandant-generaal verlof gevra om 'n eleksie te open vir die verkiesing van 'n veldkornet vir wyk No.3 in die plek van J.J.Kloppers. Die kommandant-generaal het hom die gevraagde outorisasie verleen,*[2] *en per minute gedateer 6 Maart 1899 het die landdros die uitslag van die verkiesing aan eg. gestuur waaruit geblyk het dat S.F.Oosthuizen van die plaas Dwarsvlei, wyk 3. Dist. Krugersdorp, verkies en ingesweer is. Die datum van sy diensaanvaarding sou wees 9 Maart 1899.*[3] *Met 'n meerderheid van stemme is C.J. Kruger gekies as assistent veldkornet, die amp wat vroeër deur Oosthuizen beklee is.*[4] *In wyk No.2 is J.M.van Wyk herkies tot veldkornet,*[5] *terwyl L.J.C.duToit sou*

(optree as ...

---

1) SS.2295 R.7932. vgl. ook: Vallentin p.20.
2) Argief Krugersdorp, Landdros Minute, Band No.2a.Volg No.88/99. (8/2/99).
3) Ibid. Volgnommer 139/99 (9/3/99).
4) Ibid. Volgno. 140/99 (10/3/99); vgl. ook: SS.2257 R.4135/99.
5) Argief Krugersdorp, Landdros Minute Band No.2a; Volgno.141/99. (11/3/99).

*sou optree as asst.-vkt.[6] P.R. Fourie het nog die rang van ~~vkt.~~ veldkornet in wyk No.1 beklee en P.H. de Villiers sou hom as ~~asst.-vkt.~~ assistentveldkornet bystaan. Die gebiede Roodepoort, Florida en Maraisburg het onder lg. se assistentveldkornetskap geval.[7]*

*Op 24 April het komdt.-genl. Joubert sirkulêre CB 9/99 (24/4/99) aan alle kommandante van die afsonderlike distrikte gestuur en hulle daarop gewys om steeds gereed te wees met hulle burgers en offisiere in geval van onvermydelike moeilikheid met Engeland. Die leërowerste se manende woorde sou die wakkere kommandant van Krugersdorp nie ledig vang nie. Komdt. Potgieter was steeds in merkbare ywerigheid besig met die wapentuig en die gereedbring van sy kommandantskap se burgers vir die onverhoede aanval, sodat hy hom soos volg kon verantwoord op bg. sirkulêre:*

*„U ge-eerd en achtingwaardige Circulaire van 24 April 1899 - heb ik de eer, terwijl aan de voet van genoemde Circulaire mij een confidentieele rapport gevraagd word, of aan hetgeen in genoemde Circulaire omschreeven is, voldaan is. Ik moet U Edele gestrenge rapporteeren dat ik altoos op eene confidentieele wijze de burgers en mijne onder-officieren gewaarschuwd en wakker gemaak heb, om tog gereed te zijn en altoos waakzaam te zijn zoodat ik niet anders kan rapporteeren dan dat zoover mij bekend ben, alles in orde zijn. Maar ik zal zoo spoedig moogenlijk tragten om opnuw de veldkornetten en burgers op eene aller voorzigtigste wijze gereed te maaken en te houden, zoodat u edele gerus kan weezen dat door mij geen war of opstand zal koomen." [8].*

*Aandeel van die Krugersdorpse amptenare om oorlog te vermy:*

*Hiermee moet nie verstaan word dat die burgers en hulle offisiere ten gunste van oorlog was nie. Op 4 April het die Wes-Randse koerantjie „De Voortrekker" 'n kragtige aksie bepleit ten behoewe van die regering teen daardie nuusblaaie wat voortdurend die maklik ontvlambare gemoedere van die Uitlanderbevolking opsweep teen die bestaande stand van sake. Die blad verklaar dat die burgers hierdie uitspraak vereis met die doel om die vriendskaplike verhoudings wat daar wel tussen die Britse regering en die Republiek bestaan, nie te steur nie. Hierdie koerant wat in Krugersdorp uitgegee is, het die laaste petisie van die Uitlanders beskou as 'n direkte aansporing vir Chamberlain om die vrede te breek.[9]*

*(Op 27 April....*

*6) K.G. 156 CR. 4731/99.*
*7) Argief Krugersdorp, Vkt.Briewe-en Telegramboek No.85 p.256.*
*8) K.G. 150 CR.2988/98.*
*9) The Standard and Diggers' News 5/4/99 p.4.*

*Op 27 April is 'n vergadering deur Mnr. Dieperink (lid van die Tweede Volksraad) in Krugersdorp gehou. Alle leidende figure van die dorp was teenwoordig en Regskommissaris J.C.Bodenstein het as voorsitter opgetree. Almal het die erns van die saak besef; veral het hulle dit betreur dat sekere nuusblaaie onbeskaamde pogings aanwend om onrus te kweek en 'n algehele vals indruk in Europa te skep aangaande die opvattings van die Boere en hulle karakter. Die vooraanstaandes in die vergadering het verklaar dat die Boere by uitstek 'n vredeliewende volk is; dat juis hierdie karaktertrek hulle gebring het waar hulle is. Maar nou kan hulle nie verder wyk nie. Hulle is omring deur ander state en hier moet hulle 'n finale standpunt inneem vir vryheid en onafhanklikheid, indien nodig. Nogtans wens hulle vrede te bewaar en raai die burgers aan om verdraagsaam te wees en die verloop van sake noukeurig dop te hou.*[10] *Buitengewone uiterstes het die dorp dan ook nie ontstel nie: Krugersdorp, May 9 (Leader Special) "There is almost an unusual lull in political circles here, and it is generally believed amongst the intelligent classes that the disturbed state of the atmosphere will be speedily cleared, and that without anything approaching a conflict at arms."*[11]

*Voorbereidings vir die onvermydelike stryd:* *Die gesaghebbende amptenare sou nietemin sorg dat hulle onledig bly wat betref die aanvulling van die ammunisievoorraad in die plaaslike magasyn. Van tyd tot tyd is die landdros, veldkornette of assistent-veldkornette lastig geval deur burgers wat wens gewapen te word met niks minder as 'n goeie geweer, 'n paar honderd patrone en die daarbybehorende bandolier nie. Korrespondensie tussen die bevoegde amptenare en die magasynmeester te Pretoria is oor en weer gevoer i.s. die aanvraag en versending van ammunisie. Nadat die kommandant-generaal op 17 Mei 1899 'n konfidensiële sirkulêre (CB.10/99) aan alle landdroste van die distrikte gestuur het om die kommandante weereens op te dra om noukeurig uit te vind hoever elkeen se kommandantskap aan die vereiste voorraad ammunisie tekortskiet, het eg. onophoudelik aansoeke ontvang om meer wapentuig. Met die oog op die vele*

*(ongunstige gerugte...*

*10) The Standard and Diggers'News 28/4/99 p.4.*
*11) The Transvaal Leader. 10/5/99 p.5.*

ongunstige gerugte en onluste te Johannesburg, was landdros Hugo van Krugersdorp die mening toegedaan dat daar geen uitstel verleen kan word nie en meen hy dat daar 'n aanmerklike voorraad van ammunisie in elke magasyn voor hande behoort te wees. Om hierdie rede versoek hy die kommandant-generaal om so spoedig moontlik 40,000 Martini Henri- en 25,000 mauserpatrone aan te stuur. Op 3 Junie is die gevraagde hoeveelheid vanuit Pretoria gestuur en op 9 Junie het die magasynmeester die ontvangs daarvan erken.[12)] Na latere aanvraag het Hugo weer 15,000 Westley Richards doppies, 15,000 kleindoppies en 200 lbs. buskruit ontvang.[13)]

Uit wyk No.3 was dit vkt. S.F.Oosthuizen wat op 27 Mei aansoek gedoen het om 110 Guedesgewere aangesien daar in sy afdeling nog 80 „gans ongewapende burgers zich bevind." Maar ook was daar 30 burgers wat in besit van defekte gewere was. Hy sluit die lys in van 30 name van burgers wat in besit is van die defekte gewere en 80 wat ongewapen is. 120 gewere is vervolgens vanaf Pretoria aan hom gestuur, 110 waarvan die veldkornet op 30 Junie aan die betrokke burgers uitgedeel het.[14)] Kort hierna het Oosthuizen ook 12,000 Guedespatrone ontvang.[15)]

Met hulle keuse van gewere het die Boere al meer kieskeurig geword natuurlik weens die feit dat die moderner geweer soveel minder omslagtig en trouens betroubaarder was as die ouer tipes. Teen die middel van Julie ontvang die kommandant-generaal bv. 'n versoek van 'n sewe-en-vyftigtal burgers van wyk 2, Brandvlei, waar L.J.C. du Toit assistent-veldkornet is om hulle met Mausergewere te bewapen in hierdie kritieke tyd. Ongelukkig kon genl.Joubert nie aan hulle versoek voldoen nie aangesien hy nog geen instruksies van die regering ontvang het i.s. die soort wapens wat uitgedeel moet word nie.[16)]

Op 17 Julie maak ook vkt. P.R.Fourie van die Delwerye (wyk 1) applikasie om ammunisie „want de burgers laat mij nooit voor een half-uur met rust. Dit blijf maar gedurig geweer en patronen." (Die landdros.....

12) K.G.152 CR.3440/99. 13.) K.G. 155 CR. 4635/99
14) K.G.152 CR.3656/99. 15.) K.G.155 CR.4346/99.
16) K.G.156 CR.4731/99.

Die landdros beveel sy applikasie sterk aan by die kommandant-generaal en op 31 Julie is 1,500 mauserpatrone, 3,000 Martini Henripatrone en 500 Guedespatrone deur Fourie ontvang.[17)]

Aldus is nougeset aandag gegee aan die noodsaaklike bewapening en kommando-ordening in Krugersdorp. Die regering het weer op 14 Julie 1899 aan alle kommandante telegramme gestuur om seker te maak of hulle gereed is om ter eniger tyd na die grense van die Republiek te vertrek indien die bevel sou kom. Komdt.Potgieter, konsensieus in die nakoming van sy plig, kon bevestigend antwoord: "Ik kan niet anders dan zeggen: wij zijn klaar eenige tijd, hetzij nag of dag, want ik het aan eenige Circulaire die ik ontvangen, uitvoering gegeven zoodat elk burger nu al op de hoogte ben en ook zich gereed houden." [18)]

Hierdie dramatiese bewapening van die Republiek sou beslis teenstand uitlok in Engeland en onder die pro-Engelse. Die Paramount Power kon geen bevredigende rede sien waarom die Republiek so naarstiglik wapens invoer en onder sy inwoners uitdeel nie en sou beslis een of ander stap doen om die lokale bewapening te beheer. Ook is dit bekend dat alle oë gedurende die maand Junie op Bloemfontein gerig was waar, op neutrale grond, die gewigtigste probleem wat in resente jare in Suid-Afrika opgeduik het, nl. die toekomstige welvaart van die Transvalers en die Uitlanders, behandel is deur die bekwaamste staatsmanne. Maar oral het propagandistiese geskel oor oorlog in elkeen se ore a d n a u s e a m getuit. Omstandighede wou dat die konferensie ongunstig verloop. Sedertdien het die situasie delikater geword maar die volk het hulle president se doelgerigte optrede nie gelaak nie.

Op Saterdag 10 Junie 1899 word daar bv. 'n vergadering in die Krugersdorpse landdroskantoor gehou, saamgestel hoofsaaklik uit die Duitse gemeenskap van die dorp. Dr.Rosenberg het opgetree as voorsitter. Verskeie voorstelle is voorgelê, die kern waarvan was dat hulle tevrede was met die bestaande politieke toestande in hierdie staat; hulle onderskryf die handelswyse van die president op die laaste konferensie ten volle en meen dat die oordrewe inmenging van Groot-Brittanje in die interne aangeleenthede van die Republiek ongegrond en ongevraagd is en trouens nadelig vir die vooruitgang en vrede in Suid-Afrika. Die vergadering het ten slotte versoek (dat afskrifte....

17) K.G. 156 CR.4758/99. 18) K.G. 156 CR.4789/99.

*dat afskrifte van die besluite aan die Duitse konsul gestuur moet word en daarvandaan na die hoofkwartiere in Berlyn. Hierdie besluit is deur meer as 100 Krugersdorpse inwoners onderteken.*[19]

*Enkele dae later is 'n ander publieke vergadering in landdros Human se hofsaal gehou, alwaar die beloftes gemaak deur pres. Kruger te Bloemfontein, uitgelê is. 'n Aansienlike aantal dorps- en distriksbewoners was aanwesig en vkt. Fourie het die voorsitterstoel ingeneem. Ook hierdie vergadering het die 7jaar-stemreg-voorstel eendragtiglik onderskryf.*[20] *Die "Krugersdorp Standard" laat hom verder soos volg uit: "In the meantime there has been a distinct and unmistakeble symptom of a genuine desire on the part of the burgers to grasp the situation fairly and intelligently. The meeting held at Krugersdorp on Tuesday evening gave striking evidence of this. The critisisms of the various speakers were distinguished by a broadness of view that contrasted well with the narrowness of vision often wrongly imputed to the political burgher. It was a good sign, nor was it confined to the burghers of the Presidential dorp."* [21]

*Hoewel die Krugersdorpers onenigheid en geweld wou vermy, is daar tog gedurig ammunisie aangevra wat vanuit owerheidsweë aangestuur is. Behalwe die voorrade wat reeds versend en ontvang is, kry ons die volgende opgawes van ammunisie wat deur die Krugersdorpse landdros in ontvangs geneem is:*

| | |
|---|---|
| *17 Mei 1899:* | *50 Mausergewere.*<br>*20 Martini Henri-gewere.*<br>*25,000 Martini Henri-patrone.*<br>*18,000 Mauserpatrone.* [22] |
| *7 Junie 1899:* | *24,000 Mauserpatrone.*<br>*40,000 Martini Henri-patrone.* [23] |
| *10 Julie 1899:* | *4 kiste = 100 Mausergewere.*<br>*25 " = 25,000 Martini Henri-patrone.*<br>*20 " = 30,000 Mauserpatrone.*<br>*20 " = 16,000 Guedespatrone.* [24] |
| *3 Aug.1899:* | *20 lbs kruit.*<br>*30,000 doppies.* [25] |
| *30 Aug.1899:* | *250 Mausergewere.*<br>*30,000 Mauserpatrone.* [26] |
| *31 Aug.1899:* | *300 Mausergewere. Aan die veldkornet van*<br>*30,000 Mauserpatrone. wyk 2.* [27] |
| *1 Sept.1899:* | *100 Mauserpatroonbande.*<br>*30,000 Mauserpatrone.* [28]. |

*Die volgende is 'n aanduiding van die bedrae waarvoor ammunisie per maand in Krugersdorp verkoop is vanaf Maart tot Oktober 1899*

*(Maart: ......*

---

*19) Leyds 634 (II) dd.10/6/99; vgl ook: The Krugersdorp Standard, 10/6/99 p.7.* *20) The Krugersdorp Standard, 24/6/99. p.3.*
*21) Ibid. p.5.* *22) Argief Krugersdorp, Landdros Minute Band No.2a (Volgno.265/99.*
*23) Ibid. volgno.308/99.*
*24) CR.4143/99.* *25) CR. 4635/99.* *26) K.G.159 CR.5552/99.*
*27) K.G.159 CR. 5706/99.* *28) K.G.160 CR.5880/99.*

| | £. | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Maart: | 45 | 8 | 6 |
| April: | 137 | 18 | 9 |
| Mei : | 470 | 1 | 3 |
| Junie: | 217 | 8 | 3 |
| Julie: | 167 | 8 | 9 |
| Augustus: | 202 | 8 | 9 |
| September: | 259 | 18 | 9 |
| Oktober: | 37 | 9 | 0 |
| Totaal | £1538 | 2 | 0 [29] |

Ongeag die ywerige bewapening en ammunisievoorsiening aan die burgers van Krugersdorp, het die offisiere nog gekla dat daar manskappe onder hulle is wat nie gewapen is nie. Op 27 Julie het vkt. Van Wyk van wyk 2 nog 20 Mausergewere (en 'n aantal patrone) ontvang in ruil vir ander ongeskikte gewere.[30] Op 30 Augustus is 200 Kragjorgenzonpatrone aan asst.vkt. F.J.C.du Toit van wyk 2 (Brandvlei) oorhandig.[31] Die veldkornet van die dorp, P.R.Fourie, deel die kommandant-generaal mee (12 Aug.) dat dienswillige Afrikaners hom van alle kante oorval om wapens te kry. Die laaste honderd het hy juis dieselfde dag uitgegee dog daar is nog aanvraag vir ruim 150, plus patrone.[32]

In antwoord op 'n telegram van die kommandant-generaal aan die landdroste oor die voorraad ammunisie aanwesig in die dorpsmagasyne, het landdros Hugo van Krugersdorp die volgende staat kon lewer op 20 Sept. 1899:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 59,955 | Mauserpatrone. | 228 | Mausergewere. |
| 59,050 | Martini Henri-patrone | 79 | Martini Henri-gewere. |
| 17,880 | Guedespatrone. | 10 | Guedesgewere. |
| 7,660 | Lee Metfordpatrone. | 927 | Snyder No.2 patrone. |
| 2,030 | Kragjorgenzon patrone. | 2,100 | Westley Richards No.2 patrone [33] |

Die aanvraag om Mausergewere en--patrone het hoog gebly [34] en sover moontlik het die kommandant-generaal die persone tegemoet gekom. Op 16 Aug. is o.a. 'n sirkulêre uitgestuur waarin outorisasie aan landdroste verleen is om die burgers toe te laat om hulle ou gewere vir Mausers in te ruil[35] aangesien "de burgers bij honderden klagen over de Westley Richards, - Martini Henri's dat zij weigeren de hulzen uit te gooien." [36] Aansoeke om Mausergewere het egter so vinnig ingestroom by alle landdroskantore dat die militêre owerhede 'n plan moes beraam. Na ernstige oorweging is die volgende besluit (geneem:...

29) Argief Krugersdorp, Magasynmeester: Register van Ammunisie verkoop, No.75.
30) K.G.156 CR.4953/99.
31) K.G.157 CR.5186/99
32) K.G.157 CR.5315/99; vgl.ook: Argief Krugersdorp, Veldkornet Briewe- en Telegramboek, No.85 p.261.
33) K.G.163 CR.6937/99.
34) K.G.160 CR.6125/99; vgl. ook: CR.6133/99 en K.G.161 CR.6477/99.
35) K.G.158 CR. 5581/99
36) K.G.158 CR.5410/99.

*geneem: alleen die burgers wat perde het en enige oomblik gereed is om op te ruk, mag met Mausers gewapen word. Voorlopig moet die ander genoeë neem met die Martini Henri-gewere. Hoe gretiglik hulle ookal die manskappe van die doeltreffender geweer wou voorsien, moes ook die Krugersdorpse beamptes hulle hierby berus.*[37] *Later is 'n weinig toegewing gemaak nl. dat die helfte van die burgers van elke wyk of distrik, maar by voorkeur hulle wat gereed is om as perderuiters op te ruk, met Mausers gewapen mag word.*[38]

*Teen die middel van Augustus is weer 'n sirkulêre uitgestuur waarin die offisiere opdrag ontvang om die burgers in hulle distrik en binne hulle jurisdiksie te verwittig om by hulle huise te bly en in gereedheid te wees om binne 'n oomblik se kennisgewing te reageer op 'n offisiële oproep. En die Boere was gereed. Aansienlike voorrade van beskuit en biltong is reeds vergaar en die meeste mans was voorbereid op die bevel om die wapen op te neem. Komdt.Potgieter en sy veldkornette het voortdurend waarskuwend onder die burgers beweeg om hulle „klaar te houden" ingeval van 'n onmiddellike oproep. In Krugersdorp self is 'n memorie geesdriftiglik onderteken wat die regering versoek om geen verdere toegewings te maak nie tensy die eise van die Britse regering onderwerp word aan 'n billike hof van arbitrasie.*[39]

*Die Republiek was waarlik in 'n staat van b e l l u m i n p a c e en geen wonder dat die noodgerug van die regering dat oorlog in 'n oogwenk waarheid kon word, elkeen in ywerende gehoorsaamheid na sy wapen laat gryp het nie. In Krugersdorp sou die nobele krag wat gevloei het uit die geesdrif van komdt.F.J.Potgiete by die burgers oorgaan in vertrouevolle fierheid.*

*Kommissariaat:* *Na die beste van sy vermoë sou die republikeinse regering maatreëls tref om te voorsien in die behoefte van lewensonderhoud van die burgers wat na die oorlogsterrein gaan en ook in die van arm gesinne wat agterbly. Die manne moes goed onderhou word want hulle word weggeroep vanaf hulle haardstee; hulle gaan na die front met groot verwagtinge en mag geen ongerief uitstaan nie. 'n Hoofproviandkomitee is deur die regering*

*(in die ... ...*

---

37) *K.G.158 CR. 5412/99 en K.G.160 CR.6133/99.*
38) *K.G.161 CR. 6477/99.*
39) *K.G.158 CR. 5378/99; vgl. ook: The Standard and Diggers' News 15/8/99. p.5.*

*in die lewe geroep wat die burgers van klerasie en lewensmiddele sou voorsien. Hierdie komitee het bestaan uit Mnr. Potgieter (burgemeester van Pretoria), C.H. de Waal (inspekteur-generaal van invoerregte,) J.D.Celliers, en een van die inspekteurs van kantore.*[40] *In die distrikte kon onderkomitees gekies word vir sake betreffende veiligheid, ondersteuning aan mense, ens.*

*Reeds op 9 September 1899 het 'n groot menigte in Krugersdorp, saamgeroep deur spesiale landdros J.C.Human, by sy kantoor byeengekom met die doel om die vorming van 'n onderstandskomitee vir die distrik te bespreek en wat gereed moet wees in geval van sekere gebeurlikhede. Meer as 300 mense was teenwoordig, insluitende bykans elke leidende burger en al die amptenare. Die landdros het die doel van die vergadering verduidelik, nl. dat geskikte persone gekies moet word wat toesig sal moet hou oor die wel en wee van diegene wat onderstand van node het ingeval die burgers tot frontdiens opgeroep sal word. Die aanwesiges het talryke vrae gestel betreffende die omvang van derglike komitee. Mnr.Human het verklaar dat dit sou beoog om steun te verleen aan die regte mense en sorg sal dra dat geen diskriminasie plaasvind nie. Die idee is verder om 'n sentrale komitee vir Krugersdorp saam te stel en 'n kleinere komitee vir die buiteliggende plekke, aangesien elke oord sy eie mense ken. Daar moet vyf welbekende persone van aansien gekies word. 'n Algemene bespreking het gevolg oor die wenslikheid al dan nie van een sentrale komitee of verskeie komitees. Die eventuele beslissing was ten gunste van een komitee vir Krugersdorp. Die veldkornet kon sy eie diskresie gebruik of die lede vir kommandodiens opgeroep mag word of nie.*

*Die verrigtinge het al meer gesellig geword maar uiteindelik is die volgende persone gekies tot die <u>Krugersdorpse Onderstandskomitee:</u> Mnre. Human, Radloff, Van Graan, T. Bedford en Schloeman (naturelle-sendeling). Vir Burgershoop sou die volgende persone op die komitee dien: Mnre.P.le Roux, J. Wienand en M.Beukes Dieselfde dag sou die komitee byeenkom om verdere besonderhede te (skik.*[41]*. ...*

---

*40) SS. (i) Uitvoerende Raad Art. 867 (28/9/99) en*
*(ii) Uitvoerende Raad Art. 870 (29/9/99), Band U.R. 47.*

*41) The Krugersdorp Standard 9/9/99 p.5.*

*Vir die veiligheid van die dorp sou ook gesorg word. Op 19 Sept. stel spesiale Landdros J.C.Human die kommandant-generaal in kennis dat A.T.Horack en G.Morton vir die afdeling Randfontein en Kocksoord op die '<u>Waakzaamheidscomitee</u>' sou dien.[42] Op 20 Sept. is ook 'n vergadering in die landdroskantoor gehou waartydens distrikslanddros H.Hugo (voorsitter) F.de Cowicy, J.J.Joubert, S.J.van der Merwe en A.P. Botha verkies is tot lede van die Krugersdorpse <u>Waaksaamheidskomitee.</u>[43]*

*Dit het gou geblyk dat genoemde liggame nie tevergeefs saamgestel is nie. Die lug was swanger van onheilspellende gerugte oor een of ander dreigende katastrofe, hoewel niemand met sekerheid kon sê watter vorm dit sou aanneem nie. Die gerugte was nie sonder fondament nie. Die Krugersdorpse oud-veldkornet, B.J.Viljoen, het al op 23 Aug. geskryf dat toestande haas ondraaglik word; met toestemming van haar oorlogs-departement kondig Engeland keer op keer luid aan hoe duisende soldate met dosyne batterye artillerie en honderde tonne oorlogsmateriaal na Suid-Afrika kom; kol.Baden-Powell is aktief werksaam in die werwing van vrywilligers te Kaapstad, Grahamstad, Kimberley en ander plekke vir 'n ekstra berede Imperiale mag wat op die Republiek se westergrens kampeer. Uit Johannesburg word oudgediendes vuriglik na Natal aangestuur om by die leër aan te sluit; perde word by duisende vir die troepe aangekoop - alles op die mees openbare wyse.[44]*

*Vanselfsprekend was hierdie handelswyse vir die Republikeine hemeltergend. Die lewe van die burgers en die onmiddellike voortbestaan van die Republiek was aan die anderkant van die weegskaal. Die Krugersdorpers was vasberade om nie te swig nie, want toe die regering op 'n klein toegewing ingestem het wat betref die dinamiet-konsessie op die Randse goudmyne, het D.J.Theron en 'n aantal van sy vertrouelinge die regering getelegrafeer dat hulle sal weier om te veg indien die konsessie nie gekanselleer sal word nie.[45] In sy poging om vrede te bewaar moes die regering dus versigtig wees*

*(om nie... ...*

*42) K.G.163 CR.6871/99. 43) K.G.163 CR.6946/99.*
*44) De Volksstem 23/8/99.*
*45) The Transvaal Leader 26/8/99. p.3 en 30/8/99 p.5.*

om nie sy eie mense te vervreem nie.

Op hierdie stadium was dit duidelik dat die Britse regering sou moes voortgaan op sy ingeslane beleid, of andersins neerlaag moet erken met die onberekenbare verlies van prestige, sowel as die prysgawe van Suid-Afrika. Geen twyfel het meer bestaan oor watter weg ingeslaan sal word nie: die gekonsolideerde magte te Pretoria sou nie toegee nie, en natuurlik die Britse c h a r g è d' a f f a i r e s ook nie.

Mobilisasie: Geleidelike oorgang tot aktiewe mobilisasie was die enigste uitweg wat vir die Suid-Afrikaanse Republiek oopgestaan het. Genl. Joubert het reeds op 28 Aug. 1899 sirkulêre CB. 12/99 aan die kommandante uitgestuur om uit te vind hoeveel perderuiters elke kommandantskap gereed het vir onmiddellike militêre diens. Komdt. Potgieter se antwoord was dat ongeveer 220 perderuiters uit wyk No.2 en ongeveer 245 uit wyk No.3 (totaal 465) in "een wink kunnen oprukken". Hy verklaar egter daarby dat baie burgers nog in die Bosveld is en die juiste getal van die afwesiges nie genoem kan word nie.[46] Uit wyk No.1 het vkt. Fourie berig dat 500 burgers gewapen is waarvan 150 te eniger tyd te perd kan opruk; indien oorlogswet afgekondig word sal 300 ruiters gereed wees.[47] Op 13 Sept.1899 kon die landdros van Krugersdorp rapporteer dat al die perderuiters van die wyke voorsien is van Mausergewere en -patrone, behalwe enkeles van die Delwerye, en dat hy nog 329 Mausers voor hande het. Genl. Joubert het hom opgedra om 100 daarvan aan vkt. Oosthuizen te gee,[48] aangesien hy op 9 Sept. om meer Mausers gevra het.[49] Ook wat betref die naturelle in Krugersdorp is maatreëls getref om die veiligheid van die agterblewenes te verseker ingeval die burgers tot krygsdiens beveel word. In opdrag van die Superintendent van Naturelle, het landdros H.Hugo die Krugersdorpse naturellekommissaris beveel om noukeurig aantekening te hou van naturellesake, die naturellekapteins en -hoofde. Dit moet met beleid en noukeurigheid uitgevoer word en sorg moet gedra word dat daardeur geen beroering onder die naturelle ontstaan nie. Origens sal dit die kommissaris se plig wees om die grootste waaksaamheid, omtrent die (houding van... ...

46) K.G.158 CR.5864/99. 47) K.G.162 CR.6582. vgl. ook: Argief Krugersdorp, Veldkornet Briewe- en Telegramboek No.85 p.264.
48) K.G.162 CR.6582/99. 49) K.G.161 CR.6477/99.

houding van die naturelle aan die dag te lê en moet dit sy strewe wees om hulle so rustig moontlik te hou „opdat er geene gisting onder hen ontstaat waardoor gevaar voor de bevolking zou ontstaan."[50]

Gedurende die afwesigheid van die verskillende militêre rangbekleërs sou J.F.du Toit[51] en L.Naude as plaasvervangers tuis optree.[52] Dokters Van der Merwe, Rosenberg en Max Mehliss, almal van Krugersdorp, was gewillig om die burgers na die front te vergesel om hulle van geneeskundige hulp te bedien waar nodig.[53]

Op 16 Sept. kan komdt.F.J.Potgieter soos volg aan die kommandantgeneraal skryf: „Edele gestrenge heer, ik erken het ontvangs van uwe telegram van de 12de dezer waarin door U Edele gestrenge aan my gevraagd word met hoeveel burgers, paarden, wagens, ossen, enz. dat ik zal optrekken ingeval van een onverhoopte vyandelijkheid en by welke station. Ik kan u Edele meededeelen dat ik ongeveer 700 burgers, 500 paarden, 90 wagens, 900 ossen gereed heef om ingeval van vijandelijkheid op te trekken, en mijn doel was om bij Krugersdorp-station op te laaden." [54]

Hierdie a d r e m nota van Potgieter was voldoende om te bewys dat hy en sy offisiere hulle plig nougeset nagekom het. Indien nog meer burgers opgekommandeer sou word, was daar nog voldoende ammunisie in die magasyn om hulle te wapen[55] (vide p.14).

Toestande het op die republikeinse grense al dreigender geword. Vanaf die westelike-, suidelike- en oostelike kante het die Britse magte die landpale genader. Wakker en vlug en getrou in die diens van hulle volk het die Krugersdorpse offisiere 'n uiterste poging aangewend om meer manne onder wapen te plaas, en hulle sou nie faal nie. Kort hierna kon komdt.Potgieter die lyste van opgekommandeerde burgers inhandig waaruit blyk dat in die verskillende wyke die volgende aantal burgers opgekommandeer is:

<u>Wyk No.1</u> onder vkt. Fourie en Asst.vkt.De Villiers: 205 perderuiters; 32 sonder perde.
<u>Wyk No.2</u> onder vkt. Van Wyk en asst.vkt. Du Toit: 210 perderuiters; 78 sonder perde.
<u>Wyk No.3</u> onder vkt.Oosthuizen en asst.vkt.Kruger: 235 perderuiters; 210 sonder perde.
650 perderuiters en 320 sonder perde.
Groottotaal: 970 manskappe.[56].

Hierdie getal is 'n definitiewe bewys van puik opkoms en vrywilligheid as in aanmerking geneem word dat daar slegs drie jaar vroeër (900 dienspligtige....

50) Argief Krugersdorp, Landdros Briewe- en Telegramboek No.3.p.4.
51) Ibid p.8. 52) K.G. 164 CR.7393/99.
53) The Standard and Diggers' News 29/9/99. p.5.
54) K.G.163 CR. 6923/99. 55) K.G.163 CR.6937/99 (vide p.14.)
56) K.G.361 (Krugersdorpse lys van opgekommandeerde burgers).

900 dienspligtige burgers in Krugersdorp was.[57] (Later sou dit blyk dat ongeveer 100 van die 970 burgers nie heeltemal gereed was om oombliklik na die front te gaan nie, want in sy aantekeninge oor die reis na die front meld kommandant-genl.Joubert dat die Krugersdorpse kommando oor 860 man beskik[58]).

Omstandighede het die Republieke genoodsaak om te mobiliseer. Teen die end van September het die nuus Pretoria bereik dat die Britse militêre poste in Natal vorentoe geskuif het vanaf Ladysmith na Glencoe en Dundee, en steeds het regiment na regiment die see gekruis om teen die Boere te kom veg.[59] Met die doel om 'n onverwagte inval van die vyand af te weer en die grense te beskerm, het die regering van die Z.A.R. aanvanklik eers 'n deel van die burgerkommando's en die vrywilligerkorps tot aktiewe diens opgeroep.[60] Maar nou dat die gevaar dreigender geword het was volledige voorbereiding die laaste en onvermydelike keuse. In die ganse republiek het die voorbereidings alle tyd in beslag geneem. Oral het die grootste bedrywigheid geheers, - veral in Pretoria waar al die strate met ruiters, waens en karre gevul was.[61] In die Wes-Randse dorp was ook die gerede klaarmaak vir die groot taak te bespeur; hier was ook moeders en vaders wat hulle seuns gewillig geoffer het tot diens van hulle land en het manne, gehard in die arbeid, nou hulle vee en akker verlaat om met trots hulle hoër roeping te aanvaar. Sedertdien sou hulle geen effe weg betree nie; voluit en fel is die roep tot verweer gedra tot die Krugersdorpers dat hulle hulle op 28 Sept.1899 „in persoon met geweer en wapen en te paard, indien mogelijk, met mondprovisie en ammunitie voor minstens acht dagen" by die Krugersdorpse stasie moet aanmeld om vandaar om twaalf-uur die nag te vertrek na die Natalse front.[62]

Vkt.P.R.Fourie van wyk No.1 was reeds op 27 Sept. gereed om dadelik met ongeveer 200 perderuiters op te ruk.[63] Komdt.Potgieter het genl.Joubert laat weet dat wyke 2 en 3 onmoontlik voor 29 Sept. om tien-uur kon vertrek nie. „Daar mij wordt echter met de meeste spoed gehandeld."[64] Die volgende dag was hy ook gereed en kon hy die opperbevelhebber berig ...

57) Staats-Almanak der Zuid-Afrikaansche Republiek vir 1896 en vgl. ook CR.4764/96 (Aanvang van 1896 na Jameson-inval) en Nierstrasz (No.5) p.409.
58) K.G.353 (Aantekeninge oor die reis na die front).
59) Rompel, (Proem p.XII). 60) Nierstrasz (No.6) p.533.
61) Ben Viljoen: Die Transvaaler im Krieg mit Engeland (Duitse vertaling van Genl.Ben Viljoen se Oorlogherinneringe). p.7.
62) K.G. 361 (Krugersdorpse Kommandeerlyste).
63) K.G. 332 (i) p.47. 64) K.G. 332 (i) p.68.

opperbevelhebber berig dat hy dieselfde dag vanaf Krugersdorp na Sandspruit vertrek.[65)]

Groot was die doenigheid op die Johannesburgse stasie met die aankoms en vertrek van die burgers aldaar: „A large crowd of all nationalities assembled at Park Station shortly after 2 o'clock yesterday afternoon to greet the West Rand commando passing through to the border. It was not, however, until nearby 4 o'clock that the burghers were on the move. A vanguard of nearly five hundred horses, drawn from the four quarters of the Rand, were swept rapidly through the station, and shortly afterwards the Krugersdorp Commando, 800 strong, arrived. As the train steamed slowly to a standstill, the bronzed, bewiskered braves, equipped with full field accouterments and singing soul-stirring stanzas of the Volkslied, came in view. They were loudly cheered by the swarm of Afrikanders on the platform.

The "Vierkleur" and the Orange Free State standard - symbols of the blood-alliance between the Sister Republics - were enthusiastically waved by Attorney Theron, of Krugersdorp, and at the same time the women folk rushed the carriages and voiced a benison.

After a short stoppage, the bells clanged the departure, the cheering was renewed, and the commando vanished, roaring "The Transvaal for Ever." [66)]

"De Volksstem" berig verder: „Het dorp (Krugersdorp) is volkomen rustig, afgezien van de opgewondenheid als gevolg van dit opkommanderen. De Engelschen hebben bijna allen het dorp verlaten, slechts enkelen die het reisgeld niet kunnen betalen, zijn hier nog achter gebleven. Er zijn reeds voldoende maatregelen genomen voor het beschermen van het dorp. Het laat zich dus aanzien dat de achterblijvende families in volkomen veiligheid hier kunnen zijn indien er vijandelijkheden mochten uitbreken.[67)]

Die buitengewoon versigtige genl.Joubert het sy burgers steeds op hoogte van sake gehou en reeds op 26 Sept. het hy hulle soos volg vaderlik vermaan: „Nu Broeders, burgers en officieren, wees eengezind en niemand zie voor zicht zelven, maar allen voor elkaar. Laat niet toe dat een eigen ik in een onzer werke, maar laat een nederigen geest ons bezielen. Late wij elkeen onze naaste liefhebben en voortreffelijker achten dan zich zelf, want daardoor zal de goede raad gevonden en gehouden worden, en zoo zal de Heere onze Raadgever zijn." Dit is geensins die begeerte van die republikeinse owerhede om geweld te gebruik nie, „maar wij worden er toe gedwongen, gedreven ja verplicht, en wat kunnen wij doen, wij kunnen niets anders; God helpe ons."[68)]

Die Republieke sou nie talm totdat hulle in die kloue van die tot sprong voorbereide vyand val nie en daarom was die konsentrasie van hulle strydkragte op die grense 'n protes teen die sametrekking van die Engelse troepe aan die anderkant van die grense.[69)] In groot getalle het die manskappe opgeruk - en dit tot 'n groot mate uit eie vrye beweging want baie het nog op hulle plase agtergebly, baie in die dorpe; andere het gemeen dat, terwyl die toestand

(nog nie... ...

65) K.G.332 (2) p.94. 66) The Standard and Diggers' News 30/9/99.
67) De Volksstem 29/9/99.
68) K.G.344, Omsendbrief van K.G.No.CB. 18/99 (26/9/99).
69) Preller, p.42.

nog nie so ernstig beskou word nie, hulle eers met die deurvoering van die strenger kommando-bevel na die front sal gaan. „Was bei Beginn des Kampfes zu den Waffen eilte, kam thatsächlich aus freiem Antriebe, ohne Aufforderung, ohne Befehl."[70] En tog was hierdie vrywillige offer nie teleurstellend nie: "More than seventy-five per cent. of the (Dutch) manhood of the Transvaal and Orange Free State capable of bearing arms volunteerd to face and fight 'the greatest Empire the world has ever seen', as we hear it described daily."[71].

Hoewel daar in Krugersdorp meer as 900 dienspligtige burgers was, verklaar die feit, dat dit aanvanklik hoofsaaklik vrywilligers was wat hulle vir diens aangemeld het, dus ook waarom die volledige getal Krugersdorpers nie teen die end van September in die Sandspruitlaer teenwoordig was nie. Toe komdt.genl.Joubert op 2 Okt. na die front vertrek en die volgende dag by die hooflaer te Sandspruit op die Natalse grens aankom, was die volgende kommando's reeds daar:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Pretoria: | 1492 manskappe | (waarvan 1072 | perderuiters). |
| Heidelberg: | 1211 manskappe | (waarvan 946 | " ). |
| Krugersdorp. | 860 " | ( " 650 | " ). |
| Middelburg: | 769 " | ——— | |
| Wakkerstroom: | 713 " | (waarvan 670 | " ). |
| Standerton: | 657 " | ( " 555 | " ). |
| Ermelo: | 580 " | ( " 400 | " ). |
| Bethal: | 400 " | ( " 360 | " ). |
| Hollanderkorps | 152 " | ( " 119 | " ). |
| Staatsartillerie | 320 " | met 10 snelvuur-veldkanonne, 6 meksims en twee 15.5 sm. Franse Creusotkanonne (Long Toms).[72] | |

Saam met bg. distrikte se manskappe, plus die Johannesburgers, en burgers van Vryheid en Utrecht en die Duitse korps, was hierdie kommando's en sektors die belangrikste afdelings waarmee die Krugerdorpers gedurende die veldtog in Natal sou saamwerk.

Die republikeinse owerhede sou volgens 'n definitief voor-

<u>FRONTDIENS TOT EN MET 11 OKTOBER 1899:</u>

afgereelde plan hulle vyand aandurf. In oorleg met die Uitvoerende Raad en die Vrystaatse hoofoffisiere, en na raadpleging van die Groot Krygsraad[73] is die volgende troepeverdeling gemaak vir die bewaking van die Natalse grens en 'n eventuele intog met daaropvolgende offensiewe aksie teen die steunpunte van die Natal Field Force (Ladysmith en Glencoe- Dundee):

(1. Opperbevelhebber: ... ...

70) Vallentin: p.234. 71) Davitt: p.79.

72) K.G. 353 (Aantekeninge v/d K.G. op sy reis na die front p.4.) vgl.ook Dr. J.A. Mouton: Generaal Joubert in die Transvaalse geskiedenis. p.490.

73) Preller: p.48.

1. Opperbevelhebber: Kommandant-generaal P.J. Joubert.

2. Onderbevelhebbers: (a) Generaal D.J.E.Erasmus met Sandspruit as laerplek vir die kommando's van Pretoria, Krugersdorp, Standerton, Heidelberg, Ermelo, Wakkerstroom, Middelburg en Bethal, en die Hollandse- en Ierse korps.

(b) Generaal Lukas Meyer met Vryheid as laerplek vir die Piet Retief-, Utrecht-, en Vryheidkommando's.

(c) Generaal Jan H.M.Kock het met die Johannesburgse kommando onder Ben Viljoen en die Duitse korps van Adolf Schiel aan die regtervleuel van die hoofmag onder Erasmus en Meyer, aan die Kliprivier gelaer.

(d) Hoofkommandant Marthinus Prinsloo se Vrystaatse mag nl. die Kroonstad-, Heilbron-, Vrede-, Bethlehem-, en Harrismith-kommando's en 'n deel van die Winburgers het die res van die Boeremag in Natal uitgemaak en het hulle laers in Harrysmith en Vrede gehad.[74] Die getalsterkte van elkeen van die republikeinse burgermagte in Natal was: Transvaal 10,520 en die Vrystaat 6,040 ma - 'n totaal van 16,560 manskappe. Daarby het gekom die Transvaalse Artillerie ook onder opperbevel van genl.Joubert:

6 Creusotkanonne 7.5 cm.
4 Kruppkanonne 7.4 cm.
2 Creusot-vestingkanonne 15.5 cm. (Long Toms).
8 Meksims 37 mm.
6 kleinmeksims.
3 stukke berggeskut 37 mm.

Die Vrystaat: 2 Kruppkanonne.[75]

Hier aan Sandspruit en Kliprivier het die Transvaalse Boerekommando's vir enige dae vertoef.[76] Op 5 Okt. het Genl.Meyer aan die kommandant-generaal rapporteer dat alleen tussen Dundee en Glencoe 'n vyandelike kamp is van ongeveer 5,00 troepe waaronder 1,200 lansiers. Verder is daar slegs wagte van 15 man elk by die driwwe langs die grense.[77]

Die algemene omstandighede in die laer te Sandspruit (waar die Krugersdorpers ook gestaan het) was beslis nie gunstig nie en die kommandant-generaal was bitter ontevrede. Sy organisasie en verkenningsplanne is in die wiele gery omdat daar nog so baie burgers op kommando was sonder die onmiddellike noodsaaklikhede: die een was sonder jas, die ander sonder saal en daar was 'n algemene aanvraag vir tente, want baie staan weerloos teen die winde, (die koue... ...

74) Nierstrasz (No.6) pp.530-531; vgl.ook:Breytenbach (II)pp.85-87
75) Nierstrasz (No.6) p.532. Breytenbach (II) p.90.
76) Viljoen, p.14; vgl.ook: K.G.332 p.437.
77) K.G.332 p.330.

*die koue, die aanhoudende reën en mistigheid. Die grootste vereiste was daarom tente en reënjasse.*[78] *'n Paar weke later is die tekort aan reënjasse ruimskoots aangevul deurdat o.a. ook die firma Harvey, Greenacre en Co., van Krugersdorp hoeveelhede daarvan na die front gestuur het.*[79] *Ongeag die ongerief het die manskappe nie stilgesit nie. Wagte is elke nag deur elk van die verskillende distrikslaers afsonderlik uitgesit, terwyl die poorte en al die weë op 'n lang afstand vanaf die kamp dag en nag deur burgerafdelings bewaak is. Spioene het voortdurend in die omgewing gepatrolleer, op die uitkyk vir enige verrassing.*[80] *Die Boerekamp het ook daagliks gegroei. Psalms en gesange is om die verskeie kampvure gesing en 'n gees van eerlike toewyding en entoesiasme het onder die burgers geheers. Hewige hael- en donderstorms moes reeds getrotseer word.*[81] *Die trekdiere was swak want die winter was net verby en veevoer skaars.*[82] *Die koue weer en aanhoudende reën het die toestand vererger; die burgers het baie klagtes gehad oor die waens wat met proviand agtergelaat moes word maar die trekdiere was te swak om dit nader aan te bring.*[83]

*** ***** ***

*Aan die tuisfront in Krugersdorp het die agterblewenes intussen met spanning gewag op die berig dat die oorlog uitgebreek het. Alle moontlike stappe is geneem om die dorp en distrik te beveilig. Op Vrydag 6 Okt. was die markplein vol van naturelle wat hulle paste moes kry om terug te gaan na hulle krale. Die myne sou, danksy die aktiewe optrede van die polisie spoedig van alle oortollige naturelle bevry wees. Dit was 'n groot gerusstelling vir diegene wat op die Natalse front was en hulle vroue en kinders moes agterlaat. Byna al die „onhoudbare elemente" van ander nasionaliteite was reeds oor die grense.*[84]

*** ***** ***

*Van nou af sou sake vinnig verloop: op Maandag 9 Okt. het die republikeinse owerhede die ultimatum aan die Britse agent, W.Conyngham-Green, oorhandig, en indien geen bevredigende antwoord voor of op Woensdag 11 Okt. om 5.00 nm. ontvang sou word nie, sou*

*(die Republieke . . .*

*78) K.G.332 p.392; vgl. ook: Breytenbach (II) p.91.*
*79) The Standard and Diggers'News 27/10/99 p.4 en 28/10/99 p.3.*
*80) Ibid. 5/10/99 p.5.* *81) Ibid. 6/10/99. p.4.*
*82) Breytenbach (II) p.95.* *83) Naude, p. 26.*
*84) De Volksstem 7/10/99.*

die Republieke die handelswyse van Haar Majesteit se Regering as 'n formele oorlogsverklaring beskou.[85)]

Teen die môre van 10 Okt. was die Boeremagte reeds in duidelike aanvalsformasie onder hulle onderskeie generaals. Ten spyte van die krisis het al hierdie mobiliseringsbedrywighede met die noukeurigste ordelikheid gepaard gegaan en sonder die geringste tekens van grootdoenery.[86)] Om 12 uur die 10de Okt., die geboortedag van die president van die Z.A.R. is 'n groot parade van al die kommando's en 'n wapenskou voor die tent van komdt.-genl.Joubert tot eer van die staatspresident gehou.[87)] „Das war ein schöner Anblick," skryf Vallentin. „Diese kraftigen Burengestalten hoch zu Ross, im Sattel wie angegossen, die Büsche in der Faust, das Bandolier um die Schulter; diese bärtigen, charakteristischen Gesichter under dem grossen Feldhut... alles geht in vollster Ordnung, ohne jegliche Störung vor sich."[88)] Heerlik was die oomblik in elke burger se gemoed: die gesig van die indrukwekkende ruitermag, die werklikheid van die aksie, die besieling van die jeug tot gloedvolle daad van die oorlog; en die huldiging van die presidentsverjaardag aan die voet van die dynserige Drakensberg, - die perde senuweagtig-onstuimig,- as daar ten slotte 'n sonore aanhef van die Transvaalse Volkslied uit volle bors van duisende burgers volg wat „in mächtig rauschenden Akkorden jauchzend, bittend, trotzig sich zu den Wolken empordringt."[89)]

Die donker omnag die burgers wat na hulle afsonderlike laers terugtrek. Op 'n bitter koue nag volg 'n betrokke, dynserige môre. Die dag word deurgebring deur die verrigting van kleinere werkies: perde skoonmaak en voergee, gewere nagaan, ens.[90)]

Nog in die loop van die voormiddag van 11 Okt. oorhandig die Britse verteenwoordiger in Pretoria die antwoord van sy regering aan die Transvaalse outoriteite waarin verklaar word dat die deur die Suid-Afrikaanse Republiek bepaalde voorwaardes van so 'n aard is dat Haar Majesteit se regering dit onmoontlik in oorweging kan neem. Conyngham-Green is teruggeroep en dit is deur die Republiek as formele oorlogsverklaring beskou. In beide Republieke het om 5.00 nm. die proklamering van krygswet gevolg.[91)]

(Hierop is......

85) K.G.332 p.474. 86) Vallentin, pp. 52 - 54.
87) Ibid. p.56; vgl. ook: Nierstrasz (No.6) p.534.
88) Vallentin, p. 56. 89) Ibid.
90) Ibid pp.57 - 58.
91) K.G. 332 p. 575 en p.610; vgl. ook: Scheibert: Der Freiheitskampf der Buren (Der Krieg) p. 2 en Nierstrasz (No.6) pp.534 -535

Hierop is die kommandant-generaal deur die regering gemagtig om

„den vijand aan te vallen waar gij die zult mogen aantreffen hem te bestryden en al datgene te doen wat gij zult goed en noodig oordelen om de onafhanklikheid dezer Republiek te handhaven en te onderhouden." 92)

Hiermee het die oorlog uitgebreek. Die toestand van onsekerheid het ten einde gekom, hoewel die werklikheid 'n diepe bedruktheid meegebring het. 'n Tyd van beproewing het aangebreek: ellende en nood in vele huise; die lewe van baie manne en seuns in die weegskaal. 'n Ieder het seker gehoop dat die kelk wat geledig moet word nie te bitter sal wees nie. Gesien uit die oogpunt van die Republieke was die ultimatum onvermydelik want "Groot-Brittanje was nie tevrede met die s t a t u s q u o soos dit voor 1899 bestaan het nie." 93)

**********************

92) K.G. 332 p.613.
93) Breytenbach (I) p.347.

# H O O F S T U K III.

## DIE LOTGEVALLE VAN DIE KRUGERSDORPSE KOMMANDO TOT MET DIE ONTSET VAN LADYSMITH.

Die Tog oor die Grense: Op 11 Oktober is daar te Sandspruit 'n krygsraad gehou in verband met die plan van aanval.[1] In breë trekke het die krygsraadsbesluite daarop neergekom dat die Transvaal se Boere vanaf die noorde en die Vrystaters vanaf die weste sou opereer om die Engelse te Ladysmith te isoleer waardeur die Republikeinse magte vervolgens bymekaar sou aansluit en saamwerk in verdere veldtogte.[2] Die samespreking is die volgende dag voortgesit en die kommando's in besonder sou soos volg opruk om uitvoering te te gee aan die krygsplanne.[3]

Uit die hoofmag onder komdt.-genl.Joubert (waaronder ook die Krugersdorpers hulle bevind) sou die ruiterafdelings van die kommando's Krugersdorp, Wakkerstroom, Middelburg en Bethal, met 130 artilleriste 4 kanonne en 4 meksims onmiddellik opruk om aan te sluit by die Utrecht,- Vryheid- en Piet Retief-kommando's en hulle gesamentlik onder bevel van genl. Lukas Meyer stel.

Die berede burgers van die Pretoria- en Heidelberg-kommando's (± 2,000 man) onder bevel van genl.D.J.E. Erasmus en komdt. Weilbach sou die 13de Oktober langs die Transvaal-Natalgrens (Buffelsrivier) aftrek, by Engelbrechtsdrif oorsteek en daarvandaan sonder versuim opruk na Newcastle. Die Hollanderkorps onder komdt. Jan Lombard sou na genl. Kock gaan en hulle onder sy bevel plaas. Ten slotte sou die oorblywende afdelings te Sandtspruit, d.i. die voetgangers van bg. kommandantskappe, die res van die artillerie en die Ermelo-kommando Laingsnek gaan beset, 'n vestingkanon daar opstel waarop die Ermeloërs dan onder owerste-kol.Trichardt met sy artillerie sou voortbeweeg na Newcastle.[4]

In die vroeë môre van Donderdag 12 Okt. het die Boerelaers hulle opmars teen Natal begin.[5] Plasties beskryf Dr.Vallentin die (tog na ... ...

1) Nierstrasz (No.7) p.537.
2) Breytenbach (II) p. 85; vgl. ook: Scheibert p.5.
3) Breytenbach (II) p. 102.
4) K.G.353, Krygsraadsnotule: 12/10/99; vgl.ook Leyds 709 (1) p.19; K.G.332 p.758; Nierstrasz (No.7)pp.537-538 en The Times History.. II p.123.

5) Scheibert, p.7.

*na die grens: „Mit Morgengrauen weckt der Trompeter uns aus dem Schlummer. Ringsherum ist es schon lebendig, überall Fertigmacten zum Abrücken. Lange Reihen von Berittenen ziehen dort durch die Ebene; von rechts kommen Wagenzüge, die Packkolonnen, über die Hügel und winden sich langsam vorwärts. Einzelne Reiter sprengen vorbei, die Pfeife im Munde, den Karabiner über dem Rücken. Frohe Zurufe erschalten, denn jeder ist guten Mutes. So geht es von allen Seiten nacht Natal; erst das Fussvolk, dann die Packwagen, zuletzt die Reiterei.[6] Voort gaan die tog verby die donkerblou, prominent-opskietende Majubaberg, verby Volksrust daar ver benede - 'n geweldige trek van ruiters en voetgangers en waens, - in die dynserige mistigheid slegs vaalkleurige figure wat die heuwels stippel. „Der Einmarsch der Buren in Feindesland war hiermit geschehen."[7]*

*Op 13 Okt. het dit in Volksrust en omgewing krioel van 'n menigte burgers. Nog het swaar reënbuie neergestort en was die mis dik oor die berge. Tog het die burgers in ordelikheid opgedaag en het die uiterste beheerstheid die betoon gevoer.[8] Terwyl die hoofmag (waaronder ook die Krugersdorpers) die volgende dag voortbeweeg om aan te sluit by genl.Meyer, het genl. Erasmus terselfdertyd met die Pretorianers en Heidelbergers opgeruk na die noordelike oewer van die Buffelsrivier en Newcastle die 14de beset.[9] Hiervandaan sou genl.Erasmus oor Dannhauserstasie na Dundee marsjeer.[10]*

*Met die Boerehoofmag: die Krugersdorp-, Wakkerstroom-, Bethal-, en Middelburg-kommando's wat hulle nou saam met die Vryheid-, Utrecht- en Piet Retief-kommando's onder Meyer geplaas het, het lg. intussen aangeruk tot by Doornberg aan die grens nl. Buffelsrivier wat hy op 18 Okt. bereik het. Sy spioene het vasgestel dat die Engelse mag by Dundee ongeveer 4,880 man is. Na 'n driedaagse mars verenig ook genl.Erasmus hom op 19 Okt. met Meyer. Die volgende aand sou genl.Meyer se mag hiervandaan trek tot so na as moontlik aan Dundee, en dan, volgens opdrag van komdt.genl.Joubert, in samewerking met genl.Erasmus direk teen hierdie Britse vesting aanruk, dit isoleer en tot oorgawe dwing.[11]*

*Die burgers onder genl.Meyer het reeds met die ergste ontberings te doen gehad. Die paaie was as gevolg van die reën in 'n*

*(uiters slegte .... ....*

*6) Vallentin p. 58. 7) Ibid; en vgl. ook: Viljoen, p.15.*
*8) The Standard and Diggers'News 13/10/99, p.4.*
*9) Nierstrasz (No.7) pp.539-541; vgl.ook: Breytenbach (II) p.113; Leyds 709. p.40 en The Standard and Diggers' News 16/10/99. p.4.*
*10) Nierstrasz (No.7) p.544.*
*11) K.G.333pp. 135, 180 en 235; Leyds 709 p.121; Nierstrasz p.547.*

uiters slegte toestand, en omdat die trekdiere swak was, is die ammunisie- en proviandwaens voorlopig agtergelaat en die burgers moes sonder voedsel voorttrek.[12] Maar gelukkig het die Krugersdorpers en hulle mede-kommandantskappe onder 'n bekwame generaal gestaan. Genl.Meyer kon met ope blik 'n situasie waarneem en het hom op hoogte van sake gehou.[13] "He is a man of good education, with cultured tastes and was immensely popular among the Boers of his district with whom he was known as "the Lion of Vryheid."[14] Soos bewyse later sou toon was nie alleen die Vryheid-en Utrecht-kommando's sy vertrouelinge nie, maar ook die Krugersdorpers met wie hy vlot saamgewerk het. In die komende aanval op Dundee moes hulle ko-öpereer met genl.Daniël Erasmus wat beslis nie die nodige kwalifikasies vir sy rang besit het nie.[15]

Dit is vooraf bepaal dat die Dundee-Glencoestelling met dagbreek op 20 Okt. van twee kante: van die Italana-heuwel en die Impatiberg, deur Meyer en Erasmus respektiewelik aangegryp sou word met 'n gesamentlike mag van ongeveer 5,500 man, 10 veldstukke en 6 bommeksims.[16] Teen die namiddag van 19 Okt. was Erasmus reeds 7 myl regs van Dundee, terwyl Meyer gereedgemaak het om die linker-vleuel te dek.[17]

Donderdagnag 19 Okt. het die Utrecht-, Vryheid-, Piet Retief-, Krugersdorp-, Middelburg- en Bethal-kommando's onder genl. Meyer Doornberg verlaat om die vyandelike gebied te nader. Dit was koud en nat weens die aanhoudende geswiep van die reën. Deur 'n pikdonkere nag lei spioene 'n ruiterleër wat die stilte breek met slegs 'die vertroulike gedruis van stappende perdehoewe en die gedempte toon van 'n enkele manstem' af en toe. Die lang nagmars word nietemin met sukses afgelê en teen 2 uur die Vrydagmôre word die noordelike hang van Talanaheuwel bereik.[18]

<u>Die Slag van Talana. 20 Oktober 1899.</u> Na noukeurige verkenning van die posisie het genl.Meyer sy mag in drie verdeel en soos volg opgestel: Die regtervleuel, nl. die Middelburg-, Vryheid-(en Piet Retief-...,

12) K.G.333 pp.174 en 180. 13) Vallentin, p.63.
14) Davitt, p.108. 15) Ibid. p. 109.
16) Preller, p.52; vgl. ook: The Times History...II p.126.
17) Kemp, pp.190 - 191.
18) Breytenbach,(II) p. 120; vgl. ook: Davitt, pp.111 - 112.

en Piet Retief-kommando's onder komdte. Piet Trichardt, Ferreira en Van Staden en onder opperbevel van die generaal self sou op Lennox Hill en suid daarvan in die vallei tussen Impati en Talana inneem; die sentrum en Talanaheuwel word beset deur die Utrecht en en Wakkerstroomse kommando's onder komdte.Hatting en J.Joubert, terwyl die Krugersdorp- en Bethalse afdelings onder komdte.F.J.Potgieter en Greyling op die linkervleuel uitgestrek was, met die opdrag om vyandelike omvleuelingsbewegings te verhoed en as agterhoede op te tree.[19)]

Dit was 'n dynserige, onvriendelike môre; diep hang die dik wit-grys miswolke om die bergtoppe. Dit ten spyt het die burgers onder Meyer in die vroeë oggend hulle posisies ingeneem. Gewillige hande het gehelp om kapt. Pretorius se kanonne op die Talanakruin te plaas wat onmiddellik neerkyk op Dundee.[20)] Stilswyend wag elkeen op die algemene sein van aanval wat van genl.Erasmus sou kom.[21)] Gespanne is almal se oë in daardie rigting gerig. "Their faces were a study. For the most part the expression worn was one of determination. No sign of fear there, nor of wavering. Whatever else may be laid to the charge of the Boer, it may never truthfully be said that he is a coward or a man unworthy of the Briton's steel.[22)] 'n Rustige Natalse dorpie en 'n onbekende berg sou in hierdie eerste botsing in Natal bekendheid verwerf in die geskiedenis.[23)] Vir die Engelse troepe was dit 'n gewone dag soos baie vorige dae en soos gewoonlik het hulle leërmag om 5.00 vm. in duisende in aanvalsformasie opgetree en hulle marstoere uitgevoer volgens aanwysing van die offisiere.[24)]

Onrustig kyk genl.Meyer deur sy verkyker in die rigting van die Impati vanwaar Erasmus met sy 2,000 man in die rug van die Engelse moet wees. Maar nòg verskyn Erasmus op sy aangewese plek, nòg gee hy enige teken.[25)] Reeds begin die Engelse tekens van agterdog toon.[26)] Genl.Meyer, aangevuur deur die opgewondenheid van sy burgers was genoodsaak om eindelik die bevel tot vuur te gee. Dit was duidelik dat die Britse aanvoerder, Genl.Sir Penn Symons, onder....

19). Nierstrasz (No.7) p.549 ; vgl. ook: Davitt, pp.111-112, Breytenbach (II) p.124 en De Volksstem 1/11/99.
20) Nierstrasz (No.7) p.549 vgl. ook: Naude, p.36; Preller, p.54-55.
21) Preller, p. 55.  22) Doyle, p.81.
23) The Times History...II p.154.  24) Ibid.
25) Breytenbach (II) p.127.  26) Ibid. p. 128.

Symons, onder dekking van sy talryke kanonne, sy kavallerie en berede infanterie wou uitstuur om die Boere se flanke te omvleuel. Slaag hy daarin om dit betyds uit te voer, sou Meyer se sentrum beslis omsingel word.[27)]

Die Boeregeneraal was op sy hoede. Kort na vyf-uur, in die groue lig van die môre begin die eerste slag op Natal se bodem. Terwyl die Engelse nog in hulle kamp rond paradeer, begroet kapt. Pretorius se Krupp vanaf Talana hulle daar onder in die dal. Die eerste twaalfponder bom wat die oorlog in Natal ontketen gons zoemend deur die lug en ontplof in die buitewyke van Dundeedorp. Die tweede was beter gemik en bars met 'n dowwe slag in die sagte grond van die kamp - slegs enkele treë vanaf genl.Symons se tent. "The British were caught napping, were so completely surprised as troops have ever been," skryf die "Times History.."[28)]

Nietemin, die Britse artilleriste het ook nie op hulle laat wag nie. Binne enkele minute was etlike batterye op die hoogtes in posisie gebring en is die Boerekanonvuur met 'n haelbui van kartetse beantwoord, terwyl die Engelse voetgangers en perderuiters flink opruk in die rigting van die helling van Talana teenoor Dundee. Met dodelike gevolg het die Boere se kanonne op die vyand gespeel, maar is kort hierna deur die getalsterker Britse artillerie tot swye gebring.[29)] Terwyl die meksimkoeëls gedurig om hulle heen fluit moes die Boere die 30,000 naderende Engelse infanterie-soldate afwag.[30)] Verskeie pogings om die Boere te omvleuel is deur die moordende lood van die Mausers afgeslaan.[31)] Teen 9-uur het Symons self die bevel oorgeneem, dog word kort daarna ernstig gewond. Nog het Genl.Erasmus niks van hom laat hoor nie, en radeloos moes genl. Meyer toesien hoedat 'n vyandelike afdeling perderuiters oor die nek tussen Talana en Impati oorgaan om posisie in te neem in die rug van die Boere.[32)] Die afgematte burgers se ammunisievoorraad het reeds uitgeput geraak.[33)] Ongewoond aan die skerpe knal van suisende en sissende kartetse oor hulle koppe heen, het die brawe (vryheidstryders ....

27) Davitt, p.113; vgl. ook: Preller, p.55.
28) The Times History...II p.155; vgl.ook:Naude, p.37 en Preller p.5
29) The Times History...II p.156 en Breytenbach (II) p.129.vgl. ook Leyds 709 p.192. 3
30) Naude, p.37; vgl. ook: De Volksstem 1/11/99.
31) Nierstrasz (No.7) p.550. 32) Ibid; vgl. ook: Naude, p.37.
33) Leyds 709 p.167.

vryheidstryders tog ietwat beangs geword. Vele het een na die ander terugwaarts gekeer, maar „Laut rief ein Deutscher aus Krügersdorp mit seiner mächtigen Basstimme: 'Zum Donnerwetter, Kerls, wohin? Bleibt doch hier! Dicht heran an die Deckung, da werdet ihr nicht getroffen.' Das half." 34)

Ten einde nie deur die Britse oormag omsingel en oorweldig te word nie, was Meyer se kommando's teen die middag verplig om hulle stellings te verlaat. Ordeloos het dit beslis nie gegaan nie. Knap gedek deur die agterhoede, nl. die Krugersdorpers en Bethallers, wat die voorste afdelings van die aanstormende troepe terugskiet kon die burgermag retireer.35) Laat die nag was Meyer se hele kommando, uitgeput en doodmoeg, weer terug oor die Buffelsrivier op Transvaalse gebied.36)

Die Britte het sowat 700 manskappe en offisiere aan gesneuweldes, gewondes en vermistes verloor, terwyl die Boere 'n totaal van 117 verloor het. Van die Krugersdorp-kommando het 2 gesneuwel: G.Hayker en G.Hinds; 5 is gewond: A.Britz, H.Wolmarans, F.Oosthuizen, C.Nell en veldkt.P.R.Fourie, terwyl Paulson, S.Peense, G.Drack, Swartz, en Van Ellewee vermis is.37) Genoemde ongevalle is voldoende om te toon dat die kommando's, waaronder ook die Krugersdorpers hulle bevind het, beslis nie verneder is nie. Moedige heldefeit straal uit die weerstand wat hulle met veragting van alle doodsgevaar gehou het teen die vyandelike stormlope, kanongebulder, en agtervolging toe hulle moes terugval.

<u>Die Slag van Elandslaagte. 21 Oktober 1899.</u> Onderwyl daar hier te Dundee hewig geveg is, het genl. Jan Kock se kommando deur Bothaspas tot aan Elandslaagte getrek.38) Sy kommando het bestaan uit 'n klein afdeling Krugersdorpers, (blykbaar hoofsaaklik Hollandse vrywilligers wat verkies het om onder genl.Kock, bekende figuur op die Rand, te veg), 'n Hollanderkorps onder komdt. Jan Lombaard en 'n Duitse korps onder kol.Schiel. Ben Viljoen was (aan die ... ...

34) Vallentin, p.66. 35) De Volksstem 1/11/99.
36) Preller, pp. 58-59; vgl. ook: The Times History... II p.166 en Breytenbach (II) p.140; Leyds 709 p.506.
37) Breytenbach (II) pp.145 en 344; vgl.ook: Kemp p.198; Davitt, p.116; De Volksstem 23/10/99; The Standard and Diggers' News 23/10/99 p.4; Leyds 709 p.192 en K.G.333 p.404.
38) Naude, p.39.

aan die hoof van die Johannesburgers wat die oorgrote meerderheid van genl.Kock se mag uitgemaak het. Onder lg. se manskappe was van die mees koene persoonlikhede uit die Boeresamelewing van die Rand en Randse distrikte. Baie van die vooraanstaande burgers, manne soos Dr. Hermanus Coster (Staatsaanklaer), Goldman (lid van die spoorwegkommissie), De Witt Hamer (die stadsklerk van Pretoria), majoor Hall ('n Brit), Spesiale Landdros en regskommissaris J.C.Bodenstein van Krugersdorp, en verskeie ander ewe prominente inwoners was vrywilligers onder genl.Kock.[39)]

Aan hierdie Boereleier is opgedra om die kommunikasie tussen Ladysmith en Dundee vir die Engelse te belet sodat die troepe uit Dundee nie kon verenig met diè van Ladysmith nie. Op pad na Elandslaagte het genl. Kock berig ontvang dat 'n sterk Engelse leërmag onder genl.French uit Ladysmith getrek het. Genl.Joubert het hom beveel om die vyand nie aan te val nie alvorens hy versterk is deur die Pretoria-kolonne onder Erasmus wat toe opweg na Newcastle was.[40)] Maar, vervoerd deur sy dapperheid en aangespoor deur die onverdraagsaamheid en moed van sy gemengde kommando, het Kock voortbeweeg - reg in die pad van die getalsterker vyand. Twee patrollies van 50 man elk onder vkt.Potgieter en vkt.Pienaar is vooruitgestuur om te verken. Potgieter en sy manskappe het daarin geslaag om twee treine by Waschbankstasie (naby Elandslaagte) aan te hou en terwyl hulle rojaal gebruik gemaak het van die buit wat op die treine was, het die stasiemeester ongemerk in telefoniese verbinding met Ladysmith getree en die Engelse aldaar in kennis gestel wat te Elandslaagte aangaan.[41)]

Versterking vanuit Ladysmith het spoedig opgedaag, waarop genl.Kock sy manskappe onmiddellik opdrag gegee het om die patrollies te gaan ondersteun.[42)] Hulle het flink aangeval en die vyand tydelik teruggedryf sodat die generaal geleentheid kon kry om sy klein mag in posisie te bring: die sentrum is gevorm deur Ben Viljoen se Randse kommando en die paar Krugersdorpers; die linkerflank is gedek deur die Hollanderkorps en Schiel se Duiters.

(terwyl die... ...

39) Davitt, p.126.
40) Naude, p.39 vgl.ook: Preller, p.54 en Davitt, pp.126-127.
41) Davitt, pp. 126-127.
42) Ibid.

terwyl die regterflank deur ander manskappe wat in diens van die kamp, voorrade, en ambulanswaens was, gevorm is. Al hierdie eenhede het egter tydens die Engelse se hoofaanval in verwarring geraak en as 'n gedisorganiseerde mag enduit geveg.[43]

Vroeg die 21ste Okt. is genl.Kock se mag deur die Engelse uit Ladysmith gepak en in 'n bloedige slag is sy volgelinge totaal uitmekaar geslaan.[44] Maar dit was nie voor 7.00 nm. nie, dat French se leërmag daarin geslaag het om sy weg oop te veg tot by Kock se linkerflank waar die paar Krugersdorpers daardie deel van die rand dapper verdedig het. Vir lewe en dood het hierdie burgers die posisie om twee kanonne gehou. Van alle kante het die vyand se kartetse en koeëls op hulle gereën, maar fluitend het hierdie handjievol manskappe se koeëls hulle dreigende boodskappe van dood aan die aanstormende Gordon Highlanders gestuur. Die Boere se twee Nordenfeldts was gou in gevaar van gebuit te raak, want twee Britse afdelings het daarop afgestorm. Op hierdie moment het daar die aangrypendste daad van heldemoed wat die dag nog geken het, plaasgevind: sewe van die vyftig man wat nog rondom genl.Kock bly veg het, het met die stormloop van die Britte op die kanonne, hulle posisie verlaat en doodsveragtend op die naderende troepe gevuur. Koel en bedaard vat hulle korrel en metsel met elke sarsie 'n aantal troepe neer. Die astrante heldhaftigheid is met 'n stortvloed van koeëls beantwoord totdat slegs een, Smit, by name, oorbly. Ook hy word gewond, maar nie voordat hy die twee kanonne vasgepen het nie. Hy was die enigste van die sewe Krugersdorpers wat nie in hierdie heroïse vertoon van lewe-offerende moed gesneuwel het nie. Aldus het hierdie toegewyde manne edelmoediglik hulle lewe gegee in 'n laaste poging om die kanonne te red en hulle generaal en sy lyfwag in staat te stel om die vyand te ontwyk.[45] Maar genl.Kock is tog nie gespaar nie. Drie dodelike koeëls het die liggaam van die gryse generaal deurboor en hy is kort daarna deur die vyand tussen die klippe gevind en as krygsgevangene na Ladysmith vervoer waar hy (oorlede is... ...

43) Davitt, p.130
44) Preller, p.54; vgl. ook K.G.333 p.426 en 517.
45) Davitt, pp.133-134.
46)

oorlede is.[46] Landdros J.C.Bodenstein van Krugersdorp wat in die geveg as kommandant opgetree het, het ook gesneuwel. 'n Vyandelike koeël het sy bors getref en sy hart deurklief.[47]

Hoewel 'n tragiese neerlaag, was die slag van Elandslaagte 'n glorievolle wapenfeit vir die Boere.[48] Aan die anderkant was hierdie terugslag (miskien as gevolg van die onbedagsaamheid van enkele leiers), plus die ongelukkige slag by Talana (as gevolg van misverstand tussen Meyer en Erasmus) nie stimulerend vir die Boere so vroeg in die stryd nie. Die feit dat leiers a b i n i t i o nie gladweg saamgewerk het nie, sou verreikende gevolge in die stryd hê. Genl.Meyer kon met sy mense, waaronder sulke keurkommando's was soos die van Vryheid en Krugersdorp, maklik die stellings voor Dundee gehandhaaf het indien die verstandhouding tussen hom en genl.Erasmus reg was.[49]

<u>Die inname van Dundee:</u> Ondersteun deur sy getroue kommando's was genl. Meyer vasbeslote om die Engelse kamp in Dundee weer aan te durf en op 21 Okt. het hy die Buffelsrivier weer oorgesteek oppad daarheen.[50] Toe die Boere teen die middag van dieselfde dag tot aanval oorgaan, moes genl.Yule (aanvoerder van Symons se troepe) vind dat hy nie bestand sou wees teen die aanvallende Boere nie want ook van die kant van die Impati het genl. Erasmus se magte hulle nou laat geld. Die vorige dag se ongevalle het Yule se mag verswak: "As a fighting force it was severely crippled," terwyl die Boere nog sterk was: "the successful assault on Talana had only temporarily brushed aside a small portion of the invading army." [51]

Van genl.White in Ladysmith kon Yule nie versterking kry nie want eg. was toe juis slaags met die Boere te Elandslaagte. Daarom het Yule besluit om suidwaarts terug te trek.[52] Genl. Erasmus en komdte.Trichardt en Weilbach het egter reeds in verbinding getree met genl.Meyer en saam sou die afdelings van hierdie vier Boereleiers 'n aanval loods op die terugtrekkende Engelse onder Yule.[53] Maar omdat die Boere Sondag, 22 Okt. oorgeslaan het (en eers ... ...

---

46) Preller p.54; vgl.ook: K.G.333 pp. 405, 425 en 426; en Doyle, p.102.
47) Kemp, p.201; vgl ook: Davitt, p.139 en The Times History ...II p.194. <u>48)</u> Rompel, p.42. <u>49)</u> Preller. p.60.
50) K.G.333 pp.356, 361 en 410. <u>51)</u> The Times History..II p.198.
52) Ibid. <u>53)</u> K.G.333 pp.395, 396 en 420.

en eers Maandagmôre sou aanval, het Yule geleentheid gekry om ongehinderd verder te beweeg en op instruksie van genl. White hom na Ladysmith te begeef. Vroeg die oggend van 23 Okt. was die onderskeie Boeremagte in hulle posisies om hulle teenstanders te ontmoet. Naby die pad na Helpmekaar, in die rande reg teenoor die dorp, het Meyerse kommando's stelling ingeneem.[54)]

Nie lank hierna nie het die Boere-artillerie hulle kanonvuur op Dundee oopgemaak. Die witvlag is gou gehys en toe die Boere in die vroeë môre op Dundee afkyk, moes hulle vind dat die Engelse kamp die dorp Sondagnag al verlaat het.[55)] Die vyand het ontvlug maar Dundee was in republikeinse hande.[56)] Vir die komende veldslae sou dit vir die Transvaalse en Vrystaatse magte veel beteken: "The fall of Dundee appears to have a most demoralising effect on the British troops engaged," was die kommentaar van die "Standard and Diggers' News."[57)]

Ladysmith omsluit: „De werk aan het zuiden van Ladysmith is nog niet gedaan. Ik ben van oordeel dat het noodzakelijk is dat uwe kommando's aftrekken en ik zal mynen laten optrekken zoodat wij eerste de macht daar kunnen verslaan en dan gezamentlijk op Ladysmith aftrekken."[58)] Aldus het Hoofkomdt. Prinsloo van die Vrystaatse magte na die val van Dundee aan genl. Joubert getelegrafeer. Om mekaar die hand te reik was dus die eerste taak wat nou deur die twee Boeremagte volbring moes word. Gekombineerd sou hulle dan trag Ladysmith tot oorgawe te dwing.[59)]

Genl. Lukas Meyer was egter vasbeslote om die voortvlugtende vyand op hulle spoor te agtervolg in die rigting van Ladysmith. Ongelukkig sou hy in sy agtervolgingspoging gerem word deur die swakheid van sy perde en muile waardeur hy verplig is om sy ammunisiewaens deur osse te laat trek.[60)]

In hulle noordwaartse opmars het die Vrystaters intussen ook met die Britse mag onder Genl. George White gebots, dog lg. was verplig om weer terug te val na Ladysmith.[61)] Dit was tydens hierdie terugmars dat White aan die vlugtende Dundee-garnisoen onder Yule opdrag gegee het om hulle te haas aangesien Ladysmith van alle kante deur die aanvallende Boere bedreig word. Yule het sy bes

(probeer, en ... ...

54) K.G.333 pp.443, 486, 488. 55) Naude. p.41; Breytenbach(II)p.238
56) SS.2427 R.477/99 57) The Standard and Diggers'News 27/10/99 p.5.
58) Leyds 709 p.265, vgl ook p.677. 59) K.G.333 p.617.
60) K.G.333.pp.606, 565, 657. 61) Breytenbach(II) p.267.

probeer, en sonder dat dit vir hom nodig was om hom te verdedig teen Meyer se agtervolgende kommando's (Krugersdorp, Bethal, Wakkerstroom, Middelburg, Vryheid en Utrecht) trek hy die 25ste veilig deur die Sondagsrivier om die volgende oggend Ladysmith te bereik alwaar hy deur generaal White ingewag word.[62]

Na die val van Dundee het die onderskeie burgermagte hulle almal op bevel van die kommandant-generaal op Ladysmith toegespits om die Vrystaters tegemoet te ry.[63] Self het genl.Joubert die 27ste vanaf Glencoe vertrek en hom twee dae later suid van Elandslaagte bevind alwaar die vereniging met die afdelings van Lukas Meyer, Trichardt en Erasmus, Genl.Schalk Burger en ook die van die suster-republiek plaasgevind het. Onmiddellik het 'n krygsraad van die offisiere van die twee republieke gevolg om samesprekinge te hou in verband met die voorgenome beleëring van Ladysmith.[64]

Met sy noukeurige krygsmansblik het genl.Joubert die heuwels rondom Ladysmith gou in oënskou geneem en, hoewel haastig gekies, was die posisies meesterlik aangewys. Die kommando's - gesamentlik ongeveer 8,000 Boere - is in 'n halwe sirkel, strekkende vanaf Lombaardskop na Nicholsonsnek gestel en elke afdeling is sy besondere posisie aangewys:- Die sterk posisie op die betreklik hoë Pepworth Hill ten noordooste van Ladysmith is aan die staatsartillerie onder lt:kol.S.P.E.Trichardt, bygestaan deur die Ermeloërs en Ierse korps toegewys. Oos en suidoos van Pepworth-Hill het genl.Joubert se linkervleuel in 'n boog gelê tot aan Lombaardskop, nl.die 400 Lydenburgers van genl.Schalk Burger en links sowat 1,000 Heidelbergers onder aanvoering van hulle kommandant, J.D.Weilbach. Hulle sou gesteun word deur die grofgeskut van maj.P.E. Erasmus en lt.Malan, en die van tweede-lte.Grothaus en Oelofse. In die lae en moeilik verdedigbare rante op die uiterste linkerpunt van die halfsirkel ten ooste van Ladysmith het genl.Meyer met die manne wat by Talana geveg het gelê. Die Krugersdorp-kommando het o.a. reg teenoor die sterk stelling, Lombaardskop, stelling ingeneem.

(Aan genl. ... ...

62) Preller, pp. 62-63; Naude, p.43; Breytenbach(II) pp.272-273.
63) Breytenbach(II) p.275 en The Times History..II pp.215-216;
64) Nierstrass(No.7) p.574; K.G.333 p.808; Naude,pp.43-44; Preller, p.63; en Davitt, p.147;

Aan genl.Meyer is 'n sterk artillerie-afdeling toegestaan onder bevel van majoors J.F.Wolmarans en J.L.Pretorius. Ten noorde van Pepworth Hill tot in Nicholsonsnek is genl.Joubert se regtervleuel, die Pretoria-kommando van ongeveer 1,100 man onder genl.D.J.E.Erasmus geplaas. Hierdie regtervleuel is verder wes-en suidweswaarts verleng deur die Vrystaatse afdelings.[66)]

Soos ooreengekom tydens die krygsraad van Sondag 29 Okt. sou Ladysmith op Donderdag 2 Nov. deur beide die republikeinse strydkragte aangeval word.[67)] Verontrus deur die dreigende omsingelingsbeweging van die Boere, het die Britse bevelvoerder egter anders gedink. Hoe eerder hy sy vyand kon aandurf hoe beter, het hy gereken, want reeds het die Transvaalse magte daarin geslaag om Ladysmith se watervoorsieningskanaal af te sny.[68)] Daarom het White besluit om die Boere sommer die volgende dag Maandag 30 Okt., aan te val. Die 29ste stuur hy derhalwe vir French uit om verkenningswerk te doen. Voorts laat hy ook 'n lugballon opstyg om die vyandelike stellings te bespied en volgens inkomende rapporte het hy sy planne opgestel en besluit om met krag op die Boere se vleuels aan te val. Hiervoor sou hy hom haastig wend op Long Hill,(suidoos van Pepworth Hill), hierdie heuwel storm en daar deurbreek, om aldus die linkervleuel van die Boere te noodsaak om terug te val ten einde nie van die hoofmag afgesny te word nie.[69)]

Die onderskeie Britse leërafdelings het onder die volgende aanvoerders gestaan: Kols.Grimwood en Ian Hamilton (infanterie), en Coxhead en Pickwood onderskeidelik om hulle met die artillerie te steun. Die kavallerie het onder generaal French gestaan, en sou in twee afdelings die bg. kolonels ondersteun. Ten slotte is lt.kol. F.R.C.Carleton beveel om in die omgewing van Nicholsonsnek stelling in te neem waardeur beide Hamilton se voetsoldate en ruiters gedek kon word.[70)]

(Die Slag van ... ...

---

66) Breytenbach (II) pp.283-285; vgl. ook: Davitt,pp.147-148; K.G.333 p.810; Kemp, p.207; Nierstrasz (no.7) p.577.
67) Leyds, 710 p.26;
68) The Times History.. (II) pp.215-216.
69) Vallentin, p.89; Breytenbach(II) pp.288-289.
70) The Times History.. II pp.216-218; Von Müller; p.61; en Breytenbach (II) 290-292; Kemp, p.207.

*Die Slag van Modderspruit (30 Oktober 1899) en die aandeel van die Krugersdorpers daarin:-* Die Engelse ballonne wat op Sondag 29 Okt. verskeie keer oor Ladysmith gesweef het ten einde die Boere se magsverspreiding te bespied, het genl.Joubert gewaarsku om die volgende môre gereed te wees vir 'n aanval.

Maandagoggend die 30ste Okt., kort na vier-uur het 'n hewige geveg tussen Boer en Brit die oggendskemerte begroet „en spoedig het die grootste artillerie-tweegeveg wat die vlaktes van Afrika nog ooit belewe het, losgebars." 71) Die burgers op die linkervleuel is nie onverhoeds deur die vyandelike vuur betrap nie. Die môre het 'n waaksame Krugersdorpse waarnemende veldkornet wie se militêre loopbaan nog veel grootsheid sou inhou, juis op wag gestaan Hy was Jan Kemp (voorlopig in die plek van Fourie) en toe hy die gebrul van die kanonne in die rigting van die hooflaer hoor, het hy die nog slapende offisiere en burgers van sy kommando gewek. Binne enkele oomblikke was die hele laer in rep en roer en elke manskap op die been - gereed om die vyand aan te val. 72)

Terwyl die kanonnegebulder tussen die twee vegtende linies onophoudelik voortraas, het ook die linkervleuel onder genls.Meyer en Schalk Burger tot aksie oorgegaan en White se aanvallende regterflank onder Grimwood so warm gemaak met 'n skerp geweervuur van oorkant Modderspruit en met Trichardt se kanonne vanaf Pepworth Hill, dat die Britse opperbevelhebber sy plan om by Joubert se sentrum deur te breek laat vaar het ten einde sy magte te red wat ongenadiglik bestook is deur hierdie Mauser- en artillerievuur. 73)

Dit was op hierdie moment dat French reguit na Lombaardskop gevyl het in 'n poging om die linkerflank van die Boere te omvleuel. 74) Ook hiervoor was hierdie Boerekommando's gereed. Hulle het nl. gestaan onder die opperbevel van Louis Botha wat as plaasvervanger opgetree het in die plek van genl.Meyer wat ondertussen ongesteld geraak het. In waarnemende genl.Botha sou die Krugersdorpers en hulle mede-kommando's 'n volwaardige offisier hê. 75)

(Dit was ... ...

71) Breytenbach (II) p.296; vgl.ook: Davitt, p.149.
72) Naude, p.44; Kemp, p.207.
73) Davitt, p.149; The Times History..(II) pp.222-223; Breytenbach(II) p.300.
74) The Times History.. (II) p.225.
75) Davitt, pp.161-164.

Dit was vir Botha maklik om te sien wat agter French se vinnige opmars in die rigting van Lombaardskop geskuil het. Die plan was naamlik om die koppie reg voor Lombaardskop te beset waardeur die Engelse in staat sou wees om die hele Boereleër vanaf die linkerkant op te rol. Dit sou egter nie gebeur nie. Op hierdie kritieke moment in die geveg van Modderspruit, 'n geveg waarvan die volledige omsluiting van Ladysmith afgehang het, - het genl.Botha die Krugersdorpers van wyk 1 onder Komdt.Potgieter en veldkt. Kemp beveel om die koppie sonder verwyl te bestorm, dit te neem en ten alle koste te hou. Die onderneming sou veel waagmoed eis want reeds het fluitende koeëls met skriklike doem in die rigting van die koppie weergalm. Potgieter se manskappe het nie teleurgestel nie. Sy besielende woorde aan die burgers van Krugersdorp het dikwels al meer gedoen as wapens en die gedruis van 'n heirleër. Sonder versuim word die bevel gehoorsaam. Reeds het die Engelse ruimskoots veld gewen en begin al die kop waarvan die uitslag van die veldslag afgehang het, te klim. Moedig storm die Krugersdorpers en toe die voorstes, onder wie ook Kemp, die koppie bereik was die vyand ook daar. Inderhaas neem elkeen posisie in in die ruwe struikbegroeide klipveld en onmiddellik word 'n dodelike Mauservuur op die 5th Lancers geopen.[76] French se ruitery was dit nie te wagte nie en ordeloos moes die Lancers retireer om skuiling te soek in die rande waar Grimwood se infanterie ook in 'n vuurwarme botsing met die burgers gewikkel is.[77] French se troepe verweer hulle dapper teen Botha se manhaftige manskappe en vir sowat 'n halfuur woed 'n knetterende kleingeweervuur tussen die twee magte voort. Eindelik moes French tou opgooi en gelas hy sy Lansiers om terug te val.[78] Die posisie is gered en hoewel genl. Botha die f o n s e t o r i g o van die sukses was, was ook die Krugersdorpers se moed en gehoorsaamheid deurslaggewend.[79]

In hulle terugval was French se manskappe nou blootgestel aan sowel kleingeweervuur as kanonbombardement en pom-pom-geskut.[80] French behou nietemin sy teenwoordigheid van gees en besef dat sy (kameraad, kol. Grimwood ... ...

76) Naude, p.44; Preller p.64; Breytenbach(II) p.302;
77) The Times History..(II) p.225.
78) The Times History..(II) p.226, Breytenbach(II)p.303.
79) Naude, p.44.
80) The Times History..(II) p.226.

*kameraad, kol.Grimwood nou in ernstige gevaar verkeer. Hy besluit onmiddellik om lg. se regtervleuel te gaan verleng en storm derhalwe die rande noord van Lombaardskop sonder perde uit. Maar ook hier geluk dit hom nie: "French soon saw that there was nothing to be done on this side which could not be done by Grimwood's infantry,... so far from being able to advance, the dismounted cavalry found it as much as they could do to hold back the Boers, now increasing in numbers and pushing up closer, and towards 8 a.m. General French reported to Sir George White that he could only hold on to this position with difficulty."* [81]

*White het tot dusver sy aandag hoofsaaklik aan die artillerie-geveg gegee. Die beste stryders van albei kante wat roekeloos uitgehou het, lê nou vermink, dood of sterwend en warm het die son gebrand oor die gramskap van die dood. Menige held wat nog staan, sak magteloos neer waar die gonsende projektiel van die dekkende kanonne werk.* [82] *Oorkant op die Engelse verste regtervleuel kon French met moeite standhou teen die onverskrokke Mauserdraers wat met bittere sekuurheid bresse gemaak het in die aanstormende groepe van die vyand.* [83]

*Nou eers het dit tot White deurgedring dat Grimwood en French se afdelings dit sonder ondersteuning nie lank teen Botha se helde sal kan uithou nie. Versterkings uit Ian Hamilton se gelederе word daarop na die Engelse regtervleuel gestuur en daarby nog gesteun deur bykomende kanonne, het Grimwood weer met moed aangeval. Vir 'n wyle het dit geskyn asof die Boere sou wyk. Genl.Joubert merk betyds die swakplek en kort daarna jaag die Heidelbergers onder komdt.Weilbach en vkt.Buys van agter in in volle galop teen die Engelse vuur in en voor die middag was die vyand in volle aftog.* [84] *Terwyl die vyand onder 'n vernielende bombardement terugval, word hulle deur die Krugersdorpers onder komdt.Potgieter agtervolg tot anderkant Lombaardskop. Hier kry Potgieter opdrag van die kommandant generaal om die agtervolging te staak en in 'n ordelose masse het die gedemoraliseerde Engelse troepe wat ontkom het, hulle kamp bereik.* [85]

*Te Nicholsonsnek, op die Boere se regtervleuel is die vyand 'n soortgelyke gedugte neerlaag toegedien. In die vroeë môre-ure (van 30 Okt. ... ...*

---

*81) Ibid.* *82) Breytenbach (II) p.305.*
*83) Ibid. p.308.* *84) Breytenbach(II) pp.309-312, vergelyk ook: Preller p.64.*
*85) Kemp, p.210; Naude, p.45; Breytenbach(II) p.317.*

van 30 Oktober het die Pretorianers onder genl. Erasmus Carleton se afdeling in die nek gewaar. Gesteun die komdt. C.R. de Wet en 300 Vrystaters en Van Dam se Johannesburgse Polisie is die Engelse van voor van links en regs so geweldig en onverwags gepeper, dat hulle hulle teen die middag moes oorgee nadat 203 gedood en gewond en 817 krygsgevange geneem is.[86)]

Vir die federale magte kenmerk die 30ste Okt. die eerste maar nietemin groot sukses op die Natalse bodem. Aan gewondes, dooie en gevangenes het die Britte 'n totaal van 1,764 offisiere en manskappe verloor, teenoor 13 dood en 73 gewond in die Boere se geleder Onder hulle het getel die Krugersdorpers Marthinus Scheepers (dood) en Stefanus Ensel, A.C. van Heerden en N. van Wyk (gewond).[87)]

Moreel het die federale magte ook geweldig gewen. Met een skoon veeg het hulle deur die skitterende oorwinnings te Modderspruit en Nicholsonsnek alle twyfel wat na die noodlottige neerlae van Talana en Elandslaagte ontstaan het, van die horison weggevee. Die tyding het dwarsdeur Suid-Afrika weergalm en die hele struktuur van die Afrikanerdom laat sidder. In die Republieke het aanvanklik versigtige burgers wat tuis gebly het, hulle geweers van die muur afgehaal en na die front gehaas om by hulle kommando's aan te sluit.[88)] Ook uit Krugersdorp ontvang die magasynmeester te Pretoria 'n aansoek om nog 60 Mausergeweers vir burgers wat oor drie dae na kommando wil gaan, waarvan omtrent 20 perderuiters sal wees. Gelukkig kon aan die versoek voldoen word, en die burgers het na die front vertrek.[89)]

Met die welslae van die Boere se wapens te Modderspruitt en Nicholsonsnek het genl. Joubert in sy ideaal geslaag nl. om die Engelse in Ladysmith vas te pen. Die veelbesproke s i e g e van Ladysmith sou nou begin en hiermee het die vryheidstryd op die Natal se front 'n nuwe fase betree.

(Die deelname van ... ...

86) The Times History.(II) pp. 249-250; K.G. 333. p. 942.

87) Breytenbach (II) p. 339; Vallentin, p. 91; K.G. 346 pp. 245 en 247; Leyds 710 p. 32.

88) The Times History..(II) p. 259.

89) K.G. 167 CR. 8139; K.G. 173 CR. 344 en K.G. 335 p. 458.

*Die Deelname van die Krugersdorpse kommando aan die opmars teen Estcourt:-*

Genl.Lukas Meyer het nog nie volkome herstel van sy ongesteldheid nie en voorlopig sou genl.Botha sy plek in tydelike hoedanigheid volstaan.[1)]

Enige dae na die vir die Boere roemryke slae van Modderspruit en Nicholsonsnek het 'n tyd van stillê rondom Ladysmith aangebreek, sonder dat enige noemenswaardige insident voorgeval het. Dit was beslis nadelig want die burgers het hulle offisiere uiters baie lastig geval vir verlofbriefies om huis toe te gaan.[2)] Botha kon ook nie die nut insien van hierdie passiwiteit om Ladysmith nie en het in hierdie opsig heeltemal van genl.Joubert verskil. Dit was dan ook hoofsaaklik op sy voorstel dat 'n vlugge Boere-afdeling toe gerus is om op te trek teen die naderende Britse leërmagte by en be nede Colenso[3)] en ook om die vyandelike gebied suid van Tugela in di rigting van Pietermaritzburg te verken. Genl.Joubert sou ook hierdi r e c o n n a i s s a n c e  e n  f o r c e  na die suide van Natal vergesel.[4)]

Op 13 en 14 Nov. het Botha vir hom 'n uitgesoekte en goed berede mag van 3,000 tot 3,500 man sterk saamgestel wat bestaan het uit afdelings van die Krugersdorp-, Boksburg-, Heidelberg-, Stander ton-, Ermelo-, Carolina-, Middelburg-, Vryheid en Utrecht-kommando's en ook die Johannesburgse polisie en die Vrystaatse kommando's van Senekal, Vrede en Frankfort, met vier kanonne.[5)] Die kommando is so lig moontlik toegerus vir die gewaagde onderneming waar beweeglikheid vereis sou word en alle losse bykomstighede is agtergelaat.

Soos reeds gesien, is vkt.Piet Fourie van wyk 1. Krugersdorp, tydens die sla_g van Talana gewond.(vide p.32). De Villiers, die assistent-veldkornet, het nou Fourie se plek ingeneem. Jan Kemp wie se dapperheid reeds vroeër die oog gevang het, was nie onopgemerk deur die Boere nie en met 'n groot meerderheid is hy gekies as assistent-veldkornet in die plek van De Villiers.[6)]

( Op 14 Nov. ... ...

---

1) Davitt, p.241.
2) Naude, p.48; Preller, p.66.
3) Davitt, p.241.
4) Preller, p.66; Hofmeyer, p.153.
5) The Times History..(II) p.303; Naude, p.50.
6) Naude, p.50; Kemp, p.214.

Op 14 Nov. het die invallende Boeremag reeds suid van Colenso gemarsjeer. Tussen die kake van die vyand deur ruk Botha en Joubert Natal dieper in. Aan die eenkant was die 12,000 man sterke Britse mag te Ladysmith en aan die anderkant die versterking -mag van 20,000 man wat vanaf Durban na Estcourt opgetrek het. Ongetwyfeld was dit 'n waaghalsige onderneming in elke sin van die woord om aldus reëlreg in die hart van vyandsland in te trek. Maar die Boere-generaal het volle vertroue gehad in die onderskeie kommando's wat hy vir hom uitgekies het. In hulle saals was hierdie burgers net so 'n koel en brawe afdeling van berede manskappe as enige een wat ooit 'n naderende vyand tegemoetgery het.[7)]

Die nag van die 14de slaap die ruitermag nie ver van Chieveley nie, vanwaar hulle die volgende oggend vroeg wegtrek. Hulle het nie baie ver getrek nie, toe daar teen ses-uur 'n gepantserde trein op 'n verkenningstog vanaf Estcourt na Chieveley opgemerk is.[8)] Onmiddellik het genl.Botha planne beraam om hierdie mobile fort te oorrompel. Hy beveel die burgers van Ermelo, Middelburg, Krugersdorp en 100 Wakkerstromers om so posisie in te neem dat hulle nie opgemerk word voordat die trein naby is nie. 'n Gedeelte van die burgers het intussen omgetrek en die spoor op 'n sekere plek opgebreek, terwyl die res die kanonne reggeplaas het.[9)]

Kort daarna het die trein opgedaag op sy terugtog noordwaarts. Dit het bestaan uit drie gepantserde trokke, twee gewone waens en 'n aantal goederewaens. Die lokomotief het die trein gestoot sodat dit in geval van gevaar, makliker kon wegkom na Estcourt.[10)] Die eerste groep Boere langs die spoor het die trein laat verbystoom tot by die koppie waar daar meteens 'n Mauservuur op hom geopen is. Dit bring die trein tot stilstand en spoedig ratel die Lee Metfordkoeëls en Meksimbommetjies op die aanvallers. Die skermutseling het 'n paar minute geduur, toe die bevelvoerende offisier die masjinis beveel het om terug te stoom na Estcourt.

(So ligtelik ... ...

7)Davitt, pp.242-243; Kemp, p.214.
8)Naude, p.54; Davitt p.243.
9)K.G.335 p.90; Leyds 710 p.524; De Volksstem 18/11/99 en 16/11/99; Naude, pp.54 -56.
10)Davitt, p.243; K.G.335 p.90.

So ligtelik sou die 'gepantserde fort' egter nie ontkom nie. Toe dit die ontwrigte spoor bereik, het die voorste waens ontspoor en die trein tot stilstand gebring. Onmiddellik het 'n geveg ontstaan tussen die Engelse (met hul Armstrong en 'n meksim) en die Krugersdorpers, bygestaan deur die Heidelbergers en die Wakkerstroomers. Terwyl sommige van die troepe hulle geesdriftig verdedig het, het andere, onder wie ook Winston Churchill[11)] probeer om die ontspoorde waens op die spoor terug te plaas. Hulle slaag ook daarin, want na 'n uur ontkom die lokomotief en twee waens. Die res van die trein met 'n aantal van die passasiers is agtergelaat en na weinig weerstand waarin twee gedood en tien gewond is, is 56 gevange geneem Churchill wou nie dadelik gehoor gee toe vkt.Sarel Oosthuizen van Krugersdorp hom versoek om hom oor te gee nie. Eers toe lg. sy geweer op hom gerig het, het hy hom oorgegee en is gevange geneem deur die Krugersdorpers Frans Changuion, Dolf de la Rey en sy broer, die twee broers Kok, Du Plessis en Van der Nest.[12a)] Dit was veral in hierdie skermutseling waarin vkt.Oosthuizen hom besonder onderskei het in aktiewe diens asook in gehoorsaamheid en moed, het genl. Joubert verklaar.[12b-)]

Volgens berig van komdt.Potgieter van die Krugersdorpse kommando aan die Landdros van Krugersdorp is slegs 3 burgers, Potgieter, Alberts en De la Rey lig gewond in hierdie skermutseling van die 15de.

Dit het die Boere nie geluk om met hierdie beweging na Estcourt die Engelse uit hulle skanse uit te lok nie. Die twee volgende dae na die avontuur met die gepantserde trein in die omgewing van Blaauwkrantz, is stil deurgebring. Op Maandag 20 Nov. is die ylmars om Estcourt hervat.[14)] Die burgers onder genls.Joubert en Botha het, weswaarts deur die berge voortbeweeg tot aan die spoor, en beskadig dit sowel as die telegraafdraad.[15)] Hierop het die manskappe twee koppe in besit geneem, een waarvan deur die Vrystaters gehou moes word, (saam met ... ...

11) SS.2436 R.1681 (Danie Theron aan Staatsekretaris) en De Volksstem 16/11/99.
12a) SS. 2436 R,1681; Kemp,pp.216-217; vgl.ook: K.G.335 p.90; Naude,pp.54-56; Davitt, pp.243-244.
12b) SS.2427 R.498 (16/11/99).
13) Leyds 710 p.524 en p.541.
14) Naude p.60; Kemp,p.217.
15) K.G.335 p. 531; Davitt, p.245.

saam met 100 Johannesburgse polisie.[16] Regoor Beacon Hill (Hoerakop, waarop die Vrystaters stelling ingeneem het, het die Krugersdorpers gelê.[17]

Juis die nag van die 22ste, onder beskutting van dik mistigheid en swaar donderweer, het ongeveer 2,000 Engelse voetgangers die Vrystaatse posisie regoor die Krugersdorpers bestorm. Toe die Vrystaatse wagte die vyand gewaar, was hulle al byna omsingel deur die oormag.[18] Sowel die Vrystaters as die polisie het teruggeval in die rigting van die sterk posisie van komdt.Potgieter se Krugersdorpers, waarop die Engelse Beacon Hill onder luide Hoera-geroep ingeneem het.[19]

Vroeg die oggend van die 23ste was Botha gereed om 'n kontra-aanval te loods. Versterk deur die steeds offerwillige Krugersdorpse kommando onder aanvoering van Komdt.Potgieter en vkt.Sarel Oosthuizen het hy die kop weer laat bestorm.[20] Die Krugersdorpers se Mausers was gereed en onder besielende leiding van hulle kommandant en veldkornet het hulle stormenderhand die kop bestyg.[21] Op dieselfde oomblik verskyn komdt.David Joubert van Carolina se manne aan die anderkant.[22] Knetterende geweervuur het gevolg maar onder dekking van hulle kanonne het Botha se manne moedig standgehou. Gedruk deur komdt.Dawid Joubert se burgers aan die anderkant en die van Potgieter en Oosthuizen aan die duskant, moes die vyand wyk en toe die burgers teen nege-uur bo kom was die Engelse al halfpad anderkant af, waarop die Krugersdorpers onmiddellik ook hulle stelling ingeneem het. Dit was 'n besonder venynige skermutseling waarin die vyand 120 man aan dooie en gewondes verloor het. Van die Boere het 1 burger gesneuwel en 4 is lig gewond - almal Krugersdorpers.[23]

Vrydagnag, die 24ste Nov. het die Krugersdorpers en Heidelbergers die kop bewaak, terwyl die reën onophoudelik vlaag na vlaag neerkletter. Klam het die nat bries in hulle gesigte geswiep en almal was dankbaar toe die bevel kom dat hulle die kop moet verlaat.[24] Ook het die Engelse dit nie die moeite werd geag om die posisie langer te verdedig nie en het hulle teruggeval, deels in die rigting van

(Beacon Hill ... ...

16) K.G.335 p.531. 17) Kemp, p.217. 18) Ibid.
19) K.G.335 p.531; Davitt,pp.247-248; Kemp, p.217;
20) The Times History..(II) p.313; K.G.335 p.531.
21) Nierstrasz (No.7) p.605. 22) Preller p.71;
23) K.G.335 p.531; Naude, p.63-64; Davitt pp.247-248; Preller, p.71; Kemp, pp.217 -218.
24) Naude, p.66; Kemp, p.218.

Beacon Hill en deels na 'n klein plantasie in die Willow Grange vallei.[25)]

In gesamentlike oorleg met die offisiere het Joubert en Botha besluit om terug te gaan tot aan die rand van Colenso.[26)] Die 25ste is die terugtog aanvaar en die volgende dag het hulle Weenen bereik.[27)] Die trekdiere en perde was reeds uitgeput en Joubert was bevrees dat hulle in hulle verdere terugtog afgesny sou word deur die Britte, maar dit het nie gebeur nie, en Colenso is veilig bereik.[28)]

In soverre dit verkenning van die vyandelike terrein en -mag betref, was die "dash on Estcourt" 'n volkome sukses vir die Boere. Aan die anderkant weer was die Britse aanvoerder in die war gebring wat betref die verspreiding en getalsterkte van die Boeremagte in Natal, sodat hy verplig was om sy teenstanders nou op hul eie gekose terrein te ontmoet.[29)] Elke kommando wat aan hierdie verkenningstog deelgeneem het - en die van Krugersdorp in besonder - het hulle onmiskenbare positiewe aandeel daaraan gehad en het bygedra tot die geslaagde verloop daarvan.

Voorbereidings vir die Slag van Colenso. Die opmars van 'n deel van die Boere op die Natalse front teen Estcourt, en die beleëring van Ladysmith deur die res, het 'n ernstige gevoel van onrus onder die Britse geledere veroorsaak en die noodsaaklikheid van die ontsetting van die dorp het 'n groot afdeling troepe vanaf die Kaapkolonie genoodsaak.[1)] Die Boere, aan die anderkant, was deeglik onder die indruk van die belangrikheid van die komende slag en dit selfs beskou as "die slag van welk alles sal afhangen."[2)] Die speurdiens van die Republiek het die regering en kommandant-generaal steeds op hoogte gehou van versterkings wat uit verskillende rigtings op die oorlogsfront afgestuur het. So berig hulle op 28 Nov. dat die Britse genl., Buller, met enige regimente reeds te vore in Durban gearriveer het en dat sy hele mag tesame met die vrywilligers op 14,000 man gereken word. Sy mikpunt is om Ladysmith te ontset. Daagliks het daar ook troepe in Kaapstad en Oos-Londen geland.[3)] (Genl. Joubert, ... ...

25) The Times History..(II) p.313. 26) Leyds 711(b) 25/11/99.
27) Naude,p.67; Kemp,p.218, 28) Leyds 711(c) 27/11/99, en Davitt,p.249. Naude, pp.66-67. 29) Naude, p.68.

1) Britse Blouboeke Cd.458 p.13.
2) K.G.335 p.465.
3) K.G.335 p.500.

Genl.Joubert, wat tydens die tog na Estcourt deur sy perd beseer is, het die uiters belangrike taak, naamlik om Buller se opmars na die Tugela ten einde Ladysmith te kom ontset, die hoof te bied, in die bekwame hande van die ses-en-dertigjarige genl.Louis Botha oorgelaat.[4] Hyself sou hom bepaal by sy liefling- dog fatale ideaal deur 6,000 tot 7,000 burgers besig te hou met die enigsins vrugtelose beleg van Ladysmith waartydens veel ammunisie, voedsel en tyd verkwis sou word.[5] Dié feit kan nie weggeredeneer word nie, want George White was bereid om in die beleërde dorp uit te hou solank as wat dit nodig is. Hy het duidelik gesien dat solank as hy homself aldaar kon handhaaf, hy die oorgrote mag van die Boereleër kon besighou en hulle aldus verhinder om meer as slegs klein vlugkommando's ten suide van die Tugela uit te stuur. En teen hiérdie kommando's kon die Britse en koloniale magte agter hom bygestaan deur die versterkings wat verwag word, sonder moeite optree. Omrede hiervan het White al sy aandag gewy aan voorbereidings ten einde gereèd te wees vir 'n lang beleg in Ladysmith.[6]

Die stelling Ladysmith lê gerieflik aan die noordwestelike sy van 'n groot kom aan die voet van en gedeeltelik teen 'n kliprandjie waardeur nekke gaan waaroor die paaie loop en waaronder ten suide van die dorp ook die Kliprivier vloei.[7]

Vervolgens was dit nodig dat die federale magte hulle gevegslinie bepaal en die stellinge aanstip. Tesame het die Vrystaatse en Transvaalse offisiere (ongeveer 45 in getal) op 2 Des.1899 'n Krygsraad te Kliprivier gehou om die posisies te kies ten einde Genl.Buller in sy planne om Ladysmith te ontset, te stuit. Die keuse het gelê tussen die hoër heuwels by Pieterssstasie of die laeres by Colenso. Nadat die saak ryplik van alle kante oorweeg is, het die meerderheid genl.Botha gesteun in sy voorstel dat die posisies te Colenso verdedig moet word.[8] Aan elke offisier is opgedra om sy kommando se plek aan te toon en dit te versterk deur (skanse en loopgrawe.[9] ... ...

4) K.G.335 p.507. 5) Davitt, p.249.
6) Britse Blouboeke,Cd.458,p15.
7) De Volksstem 27/11/1899.
8) Leyds 712(b)No.51; Naude, p.69.
9) ~~Ibid.~~ Naude, p.69

*Om goeie dissipline te handhaaf, het genl.Joubert aan Botha laat weet om tog sorg te dra dat die juiste offisiere gekies word. „Ik weet dat mannen zooals veldkornet Oosthuizen van Krugersdorp... op gereken kan worden en zij in zulke gevallen hun orders en plicht zullen uitvoeren."* 10)

*Dit was genl.Botha se uitdruklike begeerte dat die Britse magte toegelaat moes word om so na as moontlik aan die rivier te kom, en dit selfs oor te gaan voordat die Boere op hulle sou vuur.* 11) *Die gevegsterrein het gestrek vanaf die Boere linker- of oostelike flank by die Boschrand tot aan hulle regter- of westelike flank by die wa-brug, 7 myl verder.* 12) *Om nie vanaf sy linkervleuel, deur 'n moontlike inbesitname van die Boschkop deur die Engelse, teruggedruk te word nie, het Botha hierdie gevaarlike stelling eers deur die Zoutpansbergers maar later deur 800 Wakkerstromers onder komdt. Jozua Joubert as uiterste linkervleuel laat beset. Op die verste westelike punt was die 1,800 tot 2,000 man sterke Vrystaters onder A.P.Cronje, gesterk deur Ben Viljoen se Johannesburgers, wie se plig dit was om te verhinder dat die Boerelinie vanaf Vaalkrantz se kant aangeval word. Ten ooste van en aansluitende by hierdie posisies was ± 2,000 tot 2,500 Transvalers nl. eers die Zoutpansbergers, dan die burgers van Ermelo en Swazieland onder genl.Louis Botha se broer, Christiaan Botha; die sentrum van die posisie waarop die hoofmag van die Boeremag saamgetrek is, word gevorm deur die Colenso-koppies wat deeglik van loopgrawe voorsien is. Wes van die spoorweg is die koppies beset deur die Middelburg-, Heidelberg-, Boksburg-, Germiston- en Standerton-kommando's onder komdt.Muller, terwyl die burgers van Vryheid en 'n deel van Krugersdorp onder kommandantskap van Emmett van Vryheid ingenestel was in Fort Wylie aan die Frère-Colenso-Ladysmith spoorweg. Net langs die Heidelbergers was die res van die Krugersdorpers - 'n uitgesoekte afdeling van skerpskutters - onder waarnemende Komdt.Sarel Oosthuizen en vkt.Kemp.** * *(Vier of vyf ... ... ...*

10) *Leyds 712(b) 2/12/99 No.36.* 11) *The Times History..(II) p.429.*
12) *Naude, p.69; Davitt, p.254.*
* *Komdt.Potgieter van Krugersdorp was nl. ernstig siek en in sy plek het genl.Botha nou oor vkt.Oosthuizen as waarnemende kommandant oor die Krugersdorpers aangestel - vgl. K.G.337(5) p.66.*

Vier of vyf veldkanonne en pom-poms is op die Colenso-koppies gekonsentreer. Drie ander kanonne moes die groot uitgestrekte westelike vlakte dek terwyl die groot 6-duims Creusot op 'n koppie naby die spoorweg geplaas is. Aldus het die Colenso-posisie teen 'n frontale aanval bykans onneembaar voorgekom.[13)]

Nadat alle voorbereidings vir die komende slag gereed was, het genl. Botha bevel gegee dat geen antwoord gegee mag word op die vyand se artillerievuur nie totdat die werklike aanval deur lg. se infanterie uitgevoer sou word. Geen skoot moes gevuur word deur kanon of Mauser, geen lig in die nag gebrand word, of beweging van manne gedurende die dag gewys word wat die stellinge van die Boere in die sewe myl lange verdedigingslinie aan die Engelse sou openbaar nie. Oortuig van die sterkte van sy posisie en die vasberadenheid en vermoë van sy klein mag om die naderende Engelse ontsettingsleër by Colenso te stuit en selfs terug te skiet, het genl. Botha gewag op die aanval van sy antagonis.[14)] Sterk wagte is op 2 Des. in die rigting van Frèrestasie uitgestuur om die houding van die vyand wat hom baie stil en geheimsinnig gehou het te spioeneer. Daar is gevind dat die Engelse steeds besig was om forte te pak op die koppies. Op 4 Des. kon Botha komdt.-genl. Joubert laat weet dat die vyand aan die oorkant van Tugelarivier op 'n vreeslike berg lê; byna ongenaakbaar sterk verskans met vier kanonne. Maar die posisies van die Boere self sou ook vir hulle moeilik wees om by te kom.[15)] Tot 11 Des. was „alles stil en rustig" op die Natalse front,[16)] hoewel die Boere aan die bewegings van die Engelse agtergekom het dat hulle van plan was om met 'n groot mag deur die Bo-Tugela te gaan en vandaar na Ladysmith.[17)] Botha kon egter verklaar dat die gees onder sy burgers en offisiere uitstekend is en die moed nog beter.[18)] Hulle verwag almal 'n groot slag maar die kommando is gehoorsaam en gereed om die vyand „een prachtige receptie te geven."[19)] Eers teen sonsopgang op 12 Des. het afwisselende kanonvuur van die Engelse in aanvang geneem en met tussenposes voortgeduur tot die 14de maar nog het die Boere nie geantwoord nie en het aldus hulle stellings geheim gehou.[20)] (Op die ......

13) The Times History..(II)pp.429 -430; Nierstrasz(No.8) p.678; Davitt, pp.254-257. en Naude, p.72.
14) Davitt, p. 258.
15) Leyds 712(b) 21/12/99 Nos.54 en 56; en 712(c) 4/12/99.No.63.
16) Leyds 712(e) 7/12/99 no.3; 712(f) 9/12/99 No.1; 712(g) 11/12/99. No.5.
17) K.G.336 p.101.
18) Leyds 712(e) 7/12/99 no.25; en 712(h) 12/12/99.No.64.
19) K.G. 336 p.392. 20) Leyds 712(h) 12/12/99 Nos.1,18,64. en 713(a) .../99 Nos. 1, 6, 16, 31.

*Op die 14de was die vyand so naby aan die Boere dat hulle maklik 'n kanongeveg kon begin, maar nog het die Boere stilgelê. Die Engelse het oor groot en baie skeepskanonne beskik.*[21] *Botha se bevele is stiptelik uitgevoer en al die ofisiere het vir hom die hoogste respek getoon. Besield deur sy stralende gelaat van onverskrokkenheid en moed, het die manne sy bysyn gevoel as 'n waarborg vir oorwinning en die flouste hart het inspirasie gedrink.*[22]

## *Die Slag van Colenso. 15 Desember 1899.*

*Die Krugersdorpers en die buit van die kanonne:*

*Rondom Colenso het kapt. Danie Theron van Krugersdorp nog steeds sy wakkere verkenningswerk verrig*[23] *en om een-uur die môre van die 15de Des. het sy spioene die berig in Botha se tent gebring dat die vyand aanstaltes maak om op te ruk.*[24] *Grysagtige newels het oor die Tugela gehang en uitgesprei oor die dal van die landskap. 'n Ligte bries waai oor die kaal vlakte, oor die naakte klippe en doufrisse grashalms. Heen en weer beweeg die newelwand oor die ruisende Tugelawaters en toe enkele sonstrale deurskiet, lê die uitgestrekte vlakte duidelik en klaar voor die vryheidstryders uitgestrek. 'n Heerlike môre was dit, met 'n wolkelose Suid-Afrikaanse lug, toe die manskappe van Botha se laer met gevulde bandolier en gelaaide Mauser hulle aangewese posisies agter die rivier inneem.*[25]

*Ooreenkomstig Buller se bevele het die Britse kolonne, afdeling op afdeling in geoefende aanvalsformasie op die Boerestellings afgestuur,*[26] *en teen vyf-uur die môre was die vlakte voor die burgers bedek met duisende voetgangers en perderuiters. Sedert dagbreek het 'n hewige bombardement gewoed teen die koppies waarop die Boere se kanonne staan en die burgers posisie het en hoewel Botha die aanstormende magte op 3,000 perderuiters en 14,000 voetgangers geskat het, het die burgers nog hulle vuur teruggehou.*[27] *Briesend tier die afgryslike kanonvuur rondom hulle, rook en stofdamp styg ten hemel sodat die klein heuwels waarop die burgers skuil, bedek was (met 'n newel ... ...*

---

*21) Leyds 713(b) 14/12/99 No.7.*
*22) Leyds 713(b) 14/12/99 No.43.*
*23) Leyds 713(b) 14/12/99 No.4.*
*24) Davitt, p.258; Vallentin, p.136.*
*25) Ibid.*
*26) Von Müller, p.107.*
*27) K.G.337 pp.88, 91, 93.*

met 'n newel en die geluid verenig hoog in die lug met 'n reuse gedreun soos die van die voorspelde oordeelsdag. Maar ongeag die gefluit van die koeëls, die gesis en gebulder van oor hulle vlieënde en op hulle barstende bomme, staan die Boere-leër rotsvas.[28)]

Die Engelse regtervleuel mik reg op die Boschrand (Wakkerstromers) af, die linkervleuel op die voetpaddrif waarteenoor die Swazielanders en Zoutpansbergers lê, en hulle sentrum op die wabrug waar die Krugersdorpers en Heidelbergers stelling het en waaroor die weg na Ladysmith lei.[29)] Daarby kom daar nog twee batterye kanonne reg op die Krugersdorpse posisie waar vkt.Kemp die bevel voer, aangejaag. Dis die 14de en 66ste batterye onder aanvoering van kol.Long, wat net haastig is om die oortog van 'n brigade onder Hildyard oor die wabrug te dek. Aangesien hulle tot nog toe geen teken van 'n Boer bespeur het nie, beveel Long dat die kanonne nog nader aan die oewer van die rivier gebring moet word. Tot groot verbasing van die burgers word die 12 kanonne geen 900 treë voor die Krugersdorpse kommando afgehaak nie en netjies voor hulle oë opgestel.[30)] "The scouts in the bushes near the bank of the river had reported that nothing was to be seen, and Long seems to have imagined that where nothing was to be seen nothing was to be feared, ... the lesson of the unseen enemy was a lesson yet unlearnt by the majority of the British commanders."[31)]

Op sommige punte het die Britse regtervleuel die Boere se posisies selfs tot op sestig treë genader, nog met die geweer oor die skouers en in niksvermoedende orde.[32)] Toe die burgers hulle geweervuur open, was die slagting skrikwekkend en die neerlaag kompleet. Geen mag kon daardie loodstorm weerstaan nie. Dappere stormlope word deur die verskillende afdelings probeer - almal tevergeefs. En te grusaam om te aanskou blik die volle môrelig 'n oorwinnende groet aan die Boere wat met grimmige aanslag hulle man gestaan het. „Onze burgers vechten prachtig," kon genl.Botha teen 10 uur aan die staatsekretaris laat weet. „Zoover gaat het goed. Vyand vecht ook dapper en stormt keer op keer."[33)]

Op die Britse linkerflank was kol.Long net reg om die doodspuende 12 kanonlope op die Krugersdorpers te rig, toe die sein om te (vuur oor hulle .. ...

28) De Volksstem 23/12/99; 29) Naude, p.71.
30) Kemp, pp.256-257. 31) Vulliamy, p.305.
32) The Standard and Diggers' News 3/2/1900 p.3.(Botha se verslag van die slag van Colenso.)
33) K.G.337 p.93; Vgl. ook: The Standard and Diggers'News' 3/2/1900 p.3; Davitt, p.264.

oor hulle heen weergalm.[34] Honderde Mausermonde brand los met dodelike presiesheid op die rampspoedige batterye en hulle lot was beseël. Die effek was verskriklik. Uit die staanspoor word met tergende akkuraatheid aangelê op die bediening van die 12 kanonne hier reg voor vnde. komdt. Oosthuizen en vkt.Kemp se posisies. Ook word die Britse infanterie op hierdie punt onderwerp aan die mees genadelose fusillade. Verder by die spoorwegbrug waar die Vryheiders en ander Krugersdorpers stelling het onder Emmett fluit die koeëls ook moordadig deur die aanstormende Britse linies wat vyf keer tevergeefs probeer om deur die haelstorm van lood te beur.[35]

Onafgebroke skiet Oosthuizen en Kemp se manne nog maar een Britse afdeling na die ander probeer om, gedek deur Long se kanonne, teen die Boerestellings uit te kom. Maar die bleke dood het plotseling vir die Engelse hier oor die veld getree en hulle met 'n vreesagtige slag van sy bloeddorstige sens weggevee. Soos geknakte koringhalms na 'n kletterende haelstorm lê die verminkte en koeëldeurboorde mense en perde in die omgewing van hulle twee batterye.[36] Eindelik slaag die Engelse daarin om terug te wyk met agterlating van die 12 kanonne en 10 ammunisiewaens. Maar teen die bult kom 'n ander afdeling alweer in georganiseerde formasie aan en storm toe in massas te voet en te perd om die 2 Armstrong-batterye te red, en so gou soos een groep neergeskiet word deur die pronkseuns van die Republiek, storm daar alweer 'n ander vorentoe, maar alles tot geen nut nie. Die brawe Krugersdorpers vuur so hewig dat hulle vyand se voorhoede soos gras afgemaai word en dood ook die trekdiere wat die geskut moes ontvoer. Dit was meer as wat menslike vlees en bloed kon staan en ook hierdie stormloop moes gestaak word.[37]

Sonder pouse het die geveg voortgeduur tot die middag. In groot getalle het die vyand reeds begin retireer.[38] Die kanonne moet egter ten alle koste behou word, het Buller besluit, en op hierdie stadium het hyself die bevel oorgeneem met die voorneme dat die 12 Armstrongs onmiddellik gehaal moes word.[39] „Will any of you volunteer to save the guns?" het Buller uitgeroep. Korporaal Nurse, (kanonnier Young ... ...

34) Kemp, p.257.
35) The Standard and Diggers'News 3/2/1900 p.3; Leyds 713 (C) 15/12/99 No.3. (Botha aan Regering te Pretoria).
36) Vallentin, p.138.
37) The Standard and Diggers'News 3/2/1900 p.3; De Volksstem 23/12/99; en Von Müller, p.108. 38) Naude, p.73.
39) The Times History..(II) p.451.

kanonnier Young en 'n paar ander het ingewillig. Die desperate waagstuk word gelei deur die drie a i d e s - d e - c a m p van die generaals, nl. Congreve, Shofield en Roberts, die enigste seun van die faneuse Lord Roberts.[40)]

Twee kanonspanne is afgestuur en wild galop die perde deur 'n helse kleingeweervuur. Elke span slaag daarin om onder 'n hewige koeëlreën een kanon aan te haak en rammelend weg te jaag. Hulle verlies was verskriklik. Roberts is dodelik gewond, Congreve is lig deur die linkerarm en regterbeen gewond maar sy perd is onder hom doodgeskiet. Shofield het heelhuids daarvan afgekom. Hulle doel is weer nie bereik nie en die Britte was gedwing om na 'n hardnekkige poging tou op te gooi.[41)]

Die Boeregeneraal het dadelik opgemerk dat die Britse offisiere radeloos was en het onmiddellik van hierdie geleentheid gebruik gemaak. Botha beveel vir lt.Pohlmann van Johannesburg om met sy manskappe die Krugersdorpers te versterk en alle pogings van die vyand om die orige 10 kanonne te neem, te stuit.[42)] Hierop is 'n gekonsentreerde vuur op die Britse batterye gerig en die aandag van beide die twee opponerende leërmagte was nou geabsorbeer in die geveg om die in-die-gevaar-gestelde kanonne.[43)]

Intussen het kapt.Reed van die 7de Battery opgedaag met twee spanne perde om nog 'n gedetermineerde poging aan te wend om, al was dit maar sommige, van die kanonne te red. Die waagstuk was doodsveragtend. Byna almal wat deelgeneem het aan die uiters gevaarlike taak is reeds genadeloos neergepiets. Tweederdes van Reed se perde en die helfte van sy soldate, insluitende hyself, is weer neergevel. Niks kon bestaan naby die kanonne nie. Die plek was 'n skyf vir 'n onophoudelike haelbui van Mauser- en pom-pom-vuur. Talryke troepe wat vorentoe beveel is om Long se fatale flater van die môre te herstel, is deur die een geweersalvo na die ander van die flinke skerpskutters platgeskiet voordat hulle die plek bereik het waar dooie en gewonde manne en perde opgehoop gelê het rondom die ongelukkige batterye.[44)]

( Teen 2.30 nm. was ... ...

40) Doyle, p.188.
41) Ibid; vgl.ook: De Volksstem 23/12/99; Kemp,p.258. Naude, p.73.
42) The Standard and Diggers'News 3/2/1900; Davitt, p.267.
43) Davitt, p.267;
44) Doyle, p.189; vgl.ook, Davitt, p.270.

Teen 2.30nm. was alles oor en teen die glooiing van die namiddag het die laaste Engelse troepe en die swaar seebatterye die slagveld verlaat, agter die uitgeputte kolonne aan, terug na die vorige dag se kampplek waar die afgematte manne weer hulle tente opgeslaan het. Die Boere het geen poging aangewend om die Engelse in hulle terugtog aan te val of te agtervolg nie.[45)]

Noudat die vyand teruggeskiet is, het Botha 100 man onder Emmett en Pohlmann beveel om die rivier deur te steek en die kanonne te gaan haal. Enige vrywilligers spring daarop op hulle perde en gaan op onverskrokke wyse die water op 'n gevaarlike plek deur terwyl ander onberede deurswem. In 'n donga bots hulle teen ongeveer 50 Britse manskappe en offisiere wat egter gou oorgee en ontwapen word. Naby die kanonne was nog 'n aantal troepe van die Devonshire-regiment onder Kol.Bullock verskuil in 'n ander donga. Emmett en Pohlmann is egter op hierdie moment versterk deur 'n afdeling Krugersdorpers onder komdt.Sarel Oosthuizen en vkt.Jan Kemp. Op bevel van Emmett het die Britte, uitgeput en swak vanweë dors en siende dat hulle hulpeloos sou wees teen die aanstormende Boere, sonder weerstand begin oorgee. Bullock self wou nog skote vuur met sy rewolwer maar hy is deur J.J.Scholtz en P.Scholtz van Vryheid oorweldig en ontwapen. Hierop het ook die res oorgegee en het die laaste weerstand aldus tot 'n end gekom.[46)]

Onderwyl die Engelse gevange geneem en oor die rivier gestuur is, het Emmett met die Krugersdorpers, onder wie ook Kemp, Kapt. Danie Theron en ook Grey en Ackerman van wyk 2, die prys van die dag gegryp en die 10 Britse Armstrongs in triomf deur die Tugela geneem na genl.Botha waar hy die finale bewys van die algehele oorwinning vir die republikeinse onafhanklikheid, ingewag het.[47)]

Inderdaad was dit Louis Botha se dag, 'n dag verewig gedenkwaardig in die annale van ware militêre roem. Danksy ook dat komdt.-genl. Joubert gewillig was om aan genl.Botha offisiere en manne af te staan soos dié van Krugersdorp, Wakkerstroom, Vryheid en Swaziland[48]

(Die verliese ...

45) The Times History..(II) p.455.
46) Ibid. pp.455-456; vgl.ook: Davitt,p.270; De Volkstem 23/12/99 en The Standard and Diggers' News 2/1/1900.
47) Amery: The Times History:(II) p.456; Davitt,pp.270-271 en 281-28[illegible] The Standard and Diggers' News 2/1/1900; Kemp,p.259. Naude,p.73; en K.G.377 p.111.
48) Preller, p.78.

*Die verliese wat die Engelse gely het was skrikwekkend: 1,127 aan gesneuweldes, gewondes, vermistes en gevangenes, volgens die Times History..*[49] *(827 aan gesneuweldes en gewondes alleen, volgens Ogden),*[50] *hoewel sommige historici die verliese op amper 2,000 man vasstel.*[51] *Aan die kant van die Boere het 30 man gesneuwel en sewentig is gewond.*[52] *Uit die Krugersdorpse geledere het J.Schoeman en D.L.Marais van wyk 2 gesneuwel terwyl B.Erasmus, H.Ackerman, D.Booyens, R.van Vuuren en D.van der Merwe uit genoemde wyk en N.Gey van Pittius R.G.Deyzen, H.Nagel, S.de Kock en A.Vlotman van wyk 1 gewond is.*[53]

*Maar hulle het geveg vir 'n ideaal: "Mijne vriendinnen laat het uw troost wezen dat zij hebben gestreden voor hun van God geschonken goed recht," het Genl.Joubert die familielede van die gesneuweldes getroos. "Hun streven was edel, hun doel heilig en in belang van ons volk en onze onafhanklikheid, alsook in belang van het nakroost van het Afrikaansche volk. Zij hebben hun plicht gedaan en hun hoop was voleindigd. Hun stof ruste in vrede en hunne werken volgen hun na.*[54]

*Die slag van Colenso was vir die Engelse 'n bittere ervaring: "The nation was more deeply stirred, more profoundly alarmed, than perhaps at any period since the eve of Trafalgar."*[55] *Vir die Afrikanervolk weer was dit 'n groot eer want dit was nie die enigste oorwinning wat hulle in hierdie tyd behaal het nie: "Zij waren een dapper volk, de Boeren! Lang en hardnekkig hielden zij het tegen de overmacht van het Britsche Rijk vol. In eene week versloegen zij drie Britsche legers: te Stormberg, Magersfontein en Colenso! Nooit werden de Britsche wapenen zoo vernederd als door die eenvoudige veeboeren."*[56]

*Aan koningin Victoria het Buller geskryf dat hy met 'n oormag van 20,000 Boere te doen gehad het, en om die kroon te span: "my men have not seen a dead Boer, which dispirits them." Hy beweer verder dat hy nie kans sien om Ladysmith met die mag tot sy beskikking te ontset nie.*[57]

*Versterkings van oorsee was derhalwe noodsaaklik.*[58] *"So trains full of soldiers rumbled away from the London stations, while the crowd shouted: 'Remember Majuba!' And this was precisely what the military intelligence appeared incapable of remembering, for a more fatal hill was presently to be the scene of a more shameful defeat."*[59]

*<u>Aktiwiteite na die Slag van Colenso.</u>* *Na die ontnugtering te Colenso op die 15de Des. het die Engelse hulle posisies verlaat en teruggetrek in die rigting van Estcourt.*[1] *Hulle bombardement het hulle egter nog gedurig, veral in die oggend vroeg, teen die Boere*

*(volgehou ... ...*

---

*49) The Times Hist.(II)p.456; 50) Ogden: p.102.*
*51) Von Müller, p.109; Kemp,p.260.*
*52) Von Müller, p.109.*
*53) K.G.337 p.225 en Leyds 713(c) No.21.*
*54) De Volksstem (Veldtocht-Editie) 18/12/99.*
*55) The Times Hist. III p.3.*
*56) Hofmeyr: p.200 Vgl.ook The Times Hist.III p.2.*
*57) Kemp; p.262 (Voetnoot: The Letters of Queen Victoria.3rd Series p.435.*
*58) The Times Hist.III p.4.*
*59) Vullia_my: p.311.*

Boere volgehou.[2] Die 21ste het hulle tot by Chieveleystasie teruggetrek alwaar parade-diens gedoen is.[3] Twee dae later was die gewone bombardement wat daagliks plaasgevind het, weer aan die gang.[4] Eers teen die 25ste kon die telegraafdepartement berig „dat alles stil en rustig is" in die verskillende laers.[5] Tog het die vyand daarin geslaag om deur middel van hulle swaar kanonne die wabrug oor die rivier stukkend te skiet, waarop Botha die Regering versoek het om twee groot skuite met die nodige kabels en toue na die Natalse front te stuur ten einde die kommunikasie met die burgers oorkant die rivier op die kop te onderhou.[6] Aan sy versoek is voldoen en die skuite (30 by 25 vt.) het die front op 31 Des. bereik.[7]

Na die 15de Desember het bykans 'n hele maand gevolg sonder dat enige betekenisvolle gevegsbedrywigheid voorgeval het, behalwe die kanonnegeskiet.[8] Genl.Botha het die posisies van al die kommando's persoonlik besoek en alles in orde gevind. Maar sy burgers het bitter swaar gehad: dag en nag moes hulle in hulle posisies en slote lê en die kos snags van hulle laers aandra daar hulle oordag aan 'n hewige kanonvuur blootgestel was. Nietemin was almal nog vol moed.[9]

Die passiewe stilê rondom Ladysmith het 'n nadelige invloed op die burgers gehad en veral het hulle die offisiere baie lastig geval met die aanvraag vir verlof. Botha was later daardeur verplig om net aan klein aantalle burgers per kommando verlof toe te staan, sodat hulle mekaar groepsgewyse kon aflos, waardeur daar gedurig vars manskappe gereed was vir diens.[10]

Die vyand het blykbaar nie aan 'n doelgerigte aanval op hierdie moment gedink nie en met die oog op die op handesynde Kersfees het dit die federale mag te gunstig getref. Sondae en ook Kersfeesdag sou hulle ongraag al vegtende in die loopgrawe wou deurbring. Kersfees op kommando, en hoewel die 25ste Des. met kanonnegedonder (en nie met ... ...

2) Leyds 713(c) 16/12/99 No.1; 18/12/99 No.18; 713(d) 19/12/99 No.6; en No.13.
3) Leyds 713(d) 21/12/99 No.23.
4) Leyds 713(d) 23/12/99 No.4. 5) Leyds 713(d) 25/12/99 No.1.
6) Leyds 713(d) 19/12/99 No.13.
7) Leyds 713(e) 31/12/99 No.2 en K.G.337(4) p.89.
8) Von Müller, p.123. 9) Leyds 713(d) 19/12/99 No.6.
10) Leyds 713(c) 18/12/99 No.19; Kemp, p.264.

en nie met Kersfeesliedere begroet is nie,[11] vind ons die Krugersdorpse laer in vrolike luim. Die "Standard and Diggers' News" gee die volgende aanskoulike skets wat sekerlik die ruimte sal loon om volledig aan te haal:"Krugersdorp Laager, Colenso: A few days before Christmas we were notified that the ladies of Krugersdorp were preparing a hamper for us. Guessing ran rife as to what would be included. One Irish friend quessed that the 'darlints' would not forget to put in a bottle of whisky and a pack of cards. They knew that every mother's son, toasting his heels in the sun on the banks of the Tugela, was a good boy, but the 'darlints' also knew that with every crowd there is an exception, and he did'nt acknowledging himself the exception.

When the hamper arrived, loaded on four wagons, great excitement prevailed. Pat received, instead of whisky with his cake, something to read and smoke, and pretended to be satisfied. Button-holes, a little faded, were handed round. These were seized, and as we had no pins, they were fixed on to the shirt and waistcoat fronts (jackets being out of fashion there) with large thorns taken from a convenient bush.

Our pastor, the Rev.Kriel, has service in laager, morning and evening. A large brass cannon-cartridge case, picked up on the battle field near Colenso, after the great fight, is used as a bell to summon the sinners.

By way of amusement a small cannon is made of an empty guncartridge case. This is tied on to a piece of plank and loaded with a charge of fine sand. A little sugar or golden syrup is then thrown in a line before it, and when a thousand flies have settled on on the bait, the cannon is fired. I can asure you the carnage is awful.

Yoke skeys are used in the same way as quoits. It requires considerable practice to make these unwieldly toys drop and remain near the pegs.

There is good fishing in the Tugela River, though only a few seem to have hooks, The fish are the same as those found in the Vaal River.

In conclusion I have to thank all the ladies who so kindly prepared our Christmas feast, and, on behalf of the Krugersdorp burghers, to wish them the compliments of the season." [12]

Slegs 'n paar myl vanaf die Boerelaers het Buller rustig gewag op versterkings. So is weke aan hom vergun vir die voorbereiding op 'n tweede ontmoeting met die Boere. Om die Engelse verskansinge met onderbreking te bombardeer en die belegging deur uithongering tot oorgawe te probeer dwing, sou die Boere niks baat nie. Eersgenoemde het voldoende hoeveelhede voorrade gehad en die aanwesigheid van Buller se ontsettingsleër het ook sy invloed gehad, nl. om besielend en aanmoedigend op die beleërdes te werk.[13]

Die nuwe jaar het ingetree en selfs gedurende die eerste vier dae van 1900 is niks op die Natalse gevegsfront uitgerig nie.[14] Wel is daar op die 3de Jan. deur die Boere-offisiere besluit, en die volgende dag bekendgemaak dat die federale magte 'n poging gaan aanwend (om 'n aanval ... ...

11) Scheibert, p.159. 12) The Standard and Diggers'News 19/1/1900 p.4; en 15/1/1900:(Kemp se brief van bedanking aan die Krugersdorpse vroue).
13) Von Müller, p.123.
14) Leyds: 714(a) 2/1/'00 No.1; 3/1/'00 No.1; 4/1/'00 No.1.

om 'n aanval teen die Platrand te maak en dit te neem.[15)]

Die Platrand, wat geleidelik deur die Engelse beset is, kon besko word as die sleutel tot Ladysmith en indien dit deur die Boere geneem kon word, sou die dorp noodwendig moet val aangesien dit vanaf genoemde rand op 'n afstand van 2 myl feitlik in die rug bestook kon word.[16)] Die Platrand is suidwes van Ladysmith geleë en goed verskans deur die Engelse. Die oostelike gedeelte daarvan is deur die Engelse Caesar's Camp, die westelike gedeelte Wagon Hill en die uiterste einde Wagon Point genoem.[17)]

Die oggend van die 5de Jan. was alles nog stil[18)] maar teen sononder het die bevel uitgegaan dat die Platrand die volgende oggend bestorm moet word.[19)] Die oostelike en suidoostelike kante van Caesar's Camp sou bestorm word deur 900 man gekies uit die kommando's van Heidelberg, Wakkerstroom, Standerton, Krugersdorp en Utrecht. Komdt.Sarel Oosthuizen en vkt.Kemp met 100 Krugersdorpers is beveel om posisie lang die Kliprivier in te neem om 'n moontlike vyandelike versterking uit Ladysmith te verhinder om die aanvallende burgers van agter te beskiet. Die Vryheid-kommando en die Duitsers onder opperbevel van genl.Schalk Burger sou die suidelike kant van die Platrand bestorm. Die Winburgers sou die suidelike hang bestorm terwyl 400 man van die Harrismith-, Heilbron- en Kroonstad-kommando's Wagon Point en die suidwestelike punt van Wagon Hill moes neem.[20)]

Die Engelse was die aanval te wagte. In die vroeë ure van die 6de Jan. is die Boere deur geweervuur begroet.[21)] Sterk Britse versterkings het hulle ook verhinder om Wagon Hill te neem.[22)] Die onderskeie kommando's het dapper geveg en na 'n desperate poging wat 16 uur geduur het, moes die Boere die aanval op die Platrand staak.[23)] (6 nm). Te veel aanvoerders en te min samewerking onder die afsonderlike kommando's was die oorsaak dat die aanval misluk het.[24)] Die Boere se verliese was groot ... ...

15) Leyds 714(a) 3/1/'00.No.14 en 4/1/'00. No.3. en The Times History.. (III) p.176. 16) Kemp, p.264. 17) Ibid. p.265.
18) Leyds 714(a) 5/1/'00 No.1.
19) Kemp, p.265 en The Times History..(III) p.182.
20) The Times History(III) p.177; Naude, p.83;Nierstrasz(No.9)p.705. Kemp, p.265 en Scheibert, p.203.
21) The Times History.(III) p.183; Leyds 714(b) 6/1/'00 Nos.5,21,31,55.
22) The Times History.(III) p.185;
23) Ibid. p. 199 en 201; Leyds 714(b) 6/1/'00 No.66; Von Müller, pp.124-125
24) Preller, p.80; Naude p. 83.

verliese was groot, o.a. ook uit Krugersdorp, hoewel die Engelse ook baie lewens moes boet.[25] Aan beide kante is uitmuntend geveg: "Briton and Boer alike can recount with pride the long unyielding struggle on the main crest, or those desperate seconds of almost Homeric encounter round the gun-pits on Wagon Point." 26)

<u>DIE SLAG VAN SPIOENKOP: Bedrywighede vooraf:-</u>

Teen die 8ste Jan.1900 was dit weer stil rondom Colenso.[1] Tog het President Kruge die kommandant-generaal aangespoor om nie te versuim en op twee gedagtes te bly hink nie, want hy vrees dat die beleg van Ladysmith nie meer lank sou kon staan nie aangesien die vyand met verenigde kragte gaan optree. Geen verlof mag meer aan burgers toegestaan word nie en die president het onmiddellik orders gegee dat diegene wat by die huis is, dadelik moet terugkeer na hulle kommando's.[2] O.a. was daar veral onder die Krugersdorpers 'n groot aantal afwesig of andere wat met verlof van hulle waarnemende kommandant en veldkornet huis toe wil gaan. Omstandighede was te ongunstig om toe te stem. Uit Lourenco Marques het die Transvaalse Regering weer berig ontvang dat 30,000 troepe, 1,500 perde en 3,000 muile in Durban geland het. Alle skeepskanonne is ook aan wal geneem en die doel van dit alles was om Ladysmith uit die staalgreep van genl.Joubert se besettingsmagte te verlos.[4]

Die ongewone voorbereidings in die laer van die Engelse te Chieveley en die ongewone verkenningsbedrywighede van hulle kavallerie, nl. om die Boere se vleuels te bespied, het by die Boere die besef laat posvat dat 'n groot aksie in sig was wat veral hulle regtervleuel sou geld, want die vyand het steeds in die rigting van die Bo-Tugela beweeg.[5] Met sowat 23,000 man was Buller gereed om die Bo-Tugela by Potgietersdrif oor te steek en 'n tweede poging aan te wend om Ladysmith te ontset.[6]

Genl.Botha het self uitgegaan om die posisies wat die Boere teen die aanrukkende Engelse magte moes inneem, te ondersoek. Vanselfsprekend sou dit vir hom nodig wees om sy magte aan die Bo-Tugela te konsentreer en te versterk. Hy het daarom genl.Meyer, wat nou by Colenso aan die hoof was, versoek om nog sowat 50 Germistonners onder

(wnd.vkt.H.Alberts en ... ..

25) Leyds 714(b) 6/1/'00 No.66; The Times History..(III) p.202.
26) The Times History..(III)pp.202-203; vergl.ook: Doyle, p.223.
1) Leyds 714(b) 8/1/00 No.1; 2) Ibid No.6. 3) Ibid No. 15.
4) Leyds 714(b) 10/1/00.No.20.
5) Von Müller, pp.127-128 en Leyds 714(b)11/1/00 No.33.
6) The Times History(III) pp.208 en 210.

wnd.vkt.H.Alberts en 250 Krugersdorpse burgers onder Komdt. Oosthuizen en vkt.Kemp, vandaar na Spioenkop te stuur. 500 Johannesburgers 250 Standertonners en 100 Ermeloërs is ook daarheen gestuur, waardeur die Colenso-stelling aansienlik verswak is, veral omdat sommige van hierdie vyf kommandantskappe onder Botha se beste offisiere gestaan het.[7] By Spioenkop sou hierdie magte ewe nodig wees en reeds het genl.Botha sy posisie aldaar so verbeter „dat het eigenlijk een plesier(is) om met mijn burgers en officieren samen te werken."[8]

Spioenkop is die hoogste verhef op 'n bergrif van die Drakensberge en het sy naam van die Voortrekkers gekry omdat hulle in 1835 vanaf die kruin daarvan neergestaar het op die beloofde land van Natal.[9] Regoor Potgietersdrif is die rif laag en hieroor loop 'n pad na Ladysmith. Hoër op in die Tugela is Trichardtsdrif (of Wadrif) waaroor 'n ander weg na Ladysmith voer. Al op die bergrif langs, regoor hierdie twee driwwe en daartussen lê die posisies wat uit die hande van 'n besliste 5,000 tal Boere geneem moes word eerdat Sir Redvers Buller toegang sou vind na Ladysmith.[10]

Die vyand het intussen langs die Groot-Tugela opgetrek en die Klein-Tugela by Pont- en Molendrift deurgetrek.[11] Die grootste gedeelte van die Britse troepe onder sir Charles Warren kampeer op die noordelike oewer van die rivier regoor Trichardtsdrif en die linkerflank lê uitgestrek tot by Acton Holmes waar lord Dundonald met sy berede Brigade is.[12] Die Brigade van Lyttleton en die Warren-divisie het gou daarin geslaag om die verraderlike rivier by Trichardsdrift deur te gaan[13] en steeds het hulle, aangevul deur vars troepe van agter, hoër en verder weswaarts getrek sodat die Boeremagte geweldig yl geplaas is deurdat hulle steeds verplig is om hulle punte te versterk.[14] 'n Hewige kanonvuur is reeds op 17 Jan., 'n mistige en reënerige dag, op die Boere geopen.[15] Die volgende dag was die posisies nog onveranderd en die Engelse druk besig om hulle mag oor die rivier te bring en te verskans. Die bombardement het voortgeduur en 'n ballon (is opgestuur... ...

---

7) SS.2427 R.498 (13/1/00); Leyds 714(b) 13/1/00 No.44; Nierstrasz(No.9, p.723 en Naude, p.84.
8) SS.2427 R.498. 9) Naude, p.84; Vulliamy p.319 en Doyle p.255.
10) Naude, p.84; Kemp, p.274.
11) SS.2427 R.498(16/1/00 en Leyds 715(a) 16/1/00 Nos.49 en 53.
12) The Times History..(III) pp.218 en 222. Kemp, p.274.
13) Von Müller p.132; Leyds 715(a) 17/1/00 No.26.
14) Leyds 715(a) 17/1/00 No.49. 15) Ibid.Nos.5 en 10.

is opgestuur om die gevegsterrein te verken.[16] Alle tekens was duidelik dat 'n geweldige slag op hande is waarin die stryd aan die Bo-Tugela sy hoogtepunt sou bereik.[17]

Die Boere se sterkste posisie was op die Thaba Myama-berg, tussen Drieboomkop en Bastionkop en dit was al die 19dé toe ook die kommando van Krugersdorp die posisie regs (wes) van Spioenkop op bevel van genl.Burger inneem. Daar-en-dan het hulle te staan gekom teen 'n hardnekkige aanval waarby hulle swaar verliese gely het.[18] Die geveg het aanhoudend voortgeduur en eers teen die aand het Warren besluit om liewer die flankaanval te staak en die volgende môre 'n frontaanval te probeer om in besit te kom van die pad wat onder aan die voet van Spioenkop verbyloop. Dundonald se kavallierie het by hom aangesluit en vroeg die 20ste is die stryd weer aangeknoop deur 'n geweldige bombardement van 36 kanonne en skeepskanonne, sodat wnd. komdt.Sarel Oosthuizen verplig was om met 150 Krugersdorpers die Pretorianers onder vkt.Danie Opperman te gaan help.[19] Sondag, 21 Jan. is die geveg voortgesit met kleingeweervuur en grofgeskut. Wyk 2 van Krugersdorp was 'n doelwit vir die vyand se bomaanvalle waarby een burger gedood en vyf lig gewond is. Die lug was betrokke sodat geen heliograaf van òf genl.Burger òf genl.Botha se kant wou werk nie.[20] Die Britse generaal, Hildyard, het drie bataljons uitgestuur om 'n wig in die Krugersdorpse stellings in te dryf. Maar by Kemp en sy manne sou hulle nie verbykom nie. Groepe van aanstormende skimme, nouliks herkenbaar nog in die mistige oggendskemer, storm op die Krugersdorpse stellings af maar sak weg waar die ongesiene koeël hulle tref en nouliks die helfte keer terug ná hierdie geknetter van die Mausers. So is die voorste punt van die vyand afgeslaan en Krugersdorp het hulle posisie behou.[21] Uit Ladysmith is die volgende berig aan Reuter gestuur: "This morning after sunrise the grim game recommenced, but English infantry assaults were shattered time after time and at eleven o'clock soldiers were in full retreat, leaving long grass of veld weighted down with dead and dying... ... Our loss (insignificent in ... ...

---

16) Leyds 715(a) 18/1/00 No.16 en SS.2427,R.498 (18/1/00).
17) Von Muller, pp.135-136. 18) Naude, p.84; Kemp, p.276.
19) Kemp,p.277; Leyds 715(b)(19/1/00)No.2.
20) Leyds 715 (c) 21/1/00 Nos.13 en 14: The Standard and Diggers'News 24/1/00 p.3.
21) Kemp, p.278; Leyds 715(c) 21/1/00 Nos.15, en20; Scheibert; p.261.

*insignificent in numbers, was grave enough for the burghers: six killed, 28 wounded. Amongst killed fieldcornet Ernst of Ermelo, one of the bravest where all are brave.*[22)]

*Gedurende die 22ste het die geweervuur kwaai voortgeduur onderwyl die vyand hulle skeepskanonne nog nader aan die Boerestellings geskuif en lg. se kanon en groot meksim buite werking gestel het.*[23)] *Die nag hou Buller 'n krygsraad en besluit om Spioenkop onmiddellik te storm, te beset, en te hou ten alle koste.*[24)] *"One fiery rush and the masterkey of all these locked doors might be in our keeping. That evening there came a telegram to London which left the whole Empire in a hush of anticipation. Spion Kop was to be attacked that night.*[25)]

*Ongelukkig het 'n gedeelte van die Johannesburgse en Heidelbergse kommando's hulle posisies die nag verlaat en weer moes 100 Krugersdorpers en Heidelbergers vanaf Colenso na die Spioenkop-stelling gestuur word.om die gaping te vul.*[26)] *Gedurende die nag van die 23ste en die vroeë môre-ure van die 24ste het enige duisende van die Engelse onder beskutting van die duisternis die kop stadig en ongemerk beklim... "their eyes peering through the mirk for the first sign of the enemy - that enemy whose first sign has usually been a shattering volley."* [27)] *Die wag van 16 Vryheiders wat die nag op Spioenkop gestasioneer was, is onverwags deur die vyand oormeester en onder luide gejuig het die Engelse die kop beset.*[28)]

*Vir die ganse Boeresaak was die situasie op hierdie oomblik uiters kritiek. Met 'n groot mag en kanonne was die Engelse nou op die hoogste kop. Die Boeregeneraals het gevrees vir 'n groot slagting onder hulle burgers want onophoudelik en verskriklik het die kanongebulder voortgedonder. En nog was die mis so toe dat niks bespeur kon word nie.*[29)]

*Spoedig was dit rugbaar dat die wag op die kop oormeester is. Genl.Burger sou egter met onverbeterlike beslistheid voor die dag kom en buitendien het die Engelse hulleself nou blootgestel aan die kruisvuur van die Boere: noord van Spioenkop was genl.Schalk Burger se burgers wat die kop vandaar beskiet het. Op die Thaba Nyamma-reeks se voorpunt lê Groenpunt noordwes van Spioenkop waar die Krugerdorpers onder ... ...*

---

*22) Leyds 715(d) 21/1/00. No.17.*
*23) Leyds 715(d) 22/1/00. No. 8.*
*24) Kemp, p.249 (Knox: Buller's Campaign, pp.52-53.)*
*25) Doyle, p.255 .* *26) Leyds 715(d) 22/1/00 Nos.36 en 39.*
*27) Doyle, p.256. vgl.ook: Davitt, p.340; Naude, p.85.*
*28) Leyds 715(e) 24/1/00 No.2; vgl.ook: Naude, p.85; Von Müller (pp.138-139.*
*29) Leyds 715(e) 24/1/00 Nos 5,10,11,12,13,en 14.*

Krugersdorpers onder Oosthuizen en Kemp lê met 'n Krupp en een Pom-pom en genl.Botha in die sentrum. Intussen is die Krugersdorpers hier op Groenpunt ook besiggehou deur die vyand se linkervleuel. Dog komdt.Oosthuizen en vkt.Kemp het van hier af die diggedronge Engelse aan die regterkant van die kop so flink laat bestook en met so'n verpletterende uitwerking dat die Britse aanvoerder, Woodgate, spoedig moes laat weet dat hulle nie sou kon stand hou nie: ook vergaan hulle van die dors.[30]

Dit was nog vroeg die môre van die 24ste toe genl.Burger aan 90 Caroline-burgers die opdrag gee om die kop aan die linkerkant (oos) weer te storm en te beset voor dit lig word. Hulle sou onmiddellik gevolg word deur 50 Heidelbergers.[31] 'n Digte misbank het toegelaat dat hierdie gevaarlike onderneming, sonder bespeur te word, uitgevoer kon word. En toe die son die dynserige gordyn deurstraal moes die Engelse op 300 treë stuit teen die goedgemikte vuur van die ongeveer 150 man. 'n Moordende meksim- en geweervuur volg, waaraan die Brigadier-genl., Woodgate, self ten offer val. 'n Buitengewoon taaie geveg om besit van die plato het gevolg en die duel met die gewere wat vroeg daardie môre begin het, het spoedig die oormeestering van die Boerewag wat die nag aan die bajonette gerug is, gewreek. Dit sou 'n stryd wees tot die bitter einde waar Boer en Brit sou bepaal wie die kop sou behou.[32]

Genl.Botha wat die geveg op Spioenkop noukeurig kon volg vanaf 'n kop ten noorde daarvan, het spoedig ingesien dat die manne wat deur genl.Burger opgestuur is grootliks in getalle deur die Engelse oorheers is. Hy gee daarop onmiddellik opdrag dat nog 400 burgers die Carolina- en Heidelberg-afdelings moet gaan bystaan. Vrywilligers uit verskeie kommando's het gehoor gegee en het die kop in afsonderlike afdelings begin klim. Hieronder was 30 burgers van die Pretoria-dorp, Viljoen se Rand-brigade, die Duitse korps en 'n

(Krugersdorpse afdeling ... ..

---

30) Kemp, pp.283-285 (Voetnoot: Knox: Buller's Campaign, p.69). Naude, p.85.
31) Nierstrasz (No.9) p.734.
32) Von Müller, pp.138-139; vgl. ook: Davitt, pp.340-342; Leyds 715(e) 24/1/00 No.25.

Krugersdorpse afdeling onder vkt.Kemp. Veggenl.Tobias Smuts was die senior-offisier van hierdie verenigde burgermag.[33)]

Met groot moed en dapperheid het hierdie afdelings die kop stadig beklim en toe hulle teen agt-uur bo kom, het die Engelse onmiddellik met skigtende bajonet op hulle afgestorm maar die vyandelike infanterie het neergeval soos voor 'n sens. Nog het die Boere stap vir stap vorentoe gebeur tot twee-uur nm. toe die witvlag gehys word en die troepe in die eerste loopgrawe oorgee. Uit die agterste loopgrawe het die Engelse egter nog aangestorm. Oorverdowend was die geweldige kanonnade vermengd met die gefluit en gekraak van Lee Metford en Mauser. Weer het vars Britse troepe met hernude kragte teen vier-uur die middag teen die republikeinse vryheidstryders op die kop opgeruk. Woes is die aanlope waar die bodem reeds bedek is met koeëldeurskote en bomverminkte liggame, maar die burgers van die republiek hou hulle terrein. In vier linies storm Thorneycroft (opvolger van Woodgate) se soldate waansinniglik teen die Boere aan maar ook hy en 40 persent van sy dapperes word genadeloos neergevel. Enorm is die slagting onder offisiere en manskappe sodat ook hierdie stormloop vrugteloos was.[34)]

Die Engelse verliese was geweldig en grusaam: "Thirteen hundred dead and dying are a grim sight upon a wide-spread battle-field, but when this number is heaped upon a confined space, where from a single high rock the whole litter of broken and shattered bodies can be seen, and the groans of the stricken rise in a long droning chorus to the ear, then it is an iron mind indeed which can resist such evidence of disaster."[35)]

Dit was reeds laat toe komdt.Oosthuizen opdrag ontvang om met nog 50 Krugersdorpers na die kop te gaan en die nag daar oor te bly.[36] Kemp sou hom ter syde staan.

Toe die son ondergaan en die nag sy dubbele swart mantel van rus en rou oor die kruin van Spioenkop trek, is die harte van die ongeveer 600 burgers op die kop met vrees vervul. Die magtige vyand was nog in die nabyheid en die meerderheid van die manskappe het daarom hulle posisies verlaat. Maar Oosthuizen en Kemp was betyds (terug in die ... ...

---

33) Davitt, pp.340-342; vgl. ook: Leyds 715(e) 24/1/00 No.25; en Nierstrasz (No.9) p.734; Vulliamy, p.322.
34) Leyds 715(e) 24/1/00 No.25; vgl. ook: The Standard and Diggers' News 25/1/00 p.4; Doyle, p.262; Vulliamy p.323. Nierstrasz (No.9) pp.734-735.
35) Doyle, p.262.
36) Naude, p.85 vgl.ook: Leyds 715(f) 25/1/00 No.46.

*terug in die verlate posisies waar nog net komdt.Alberts met 30 vertrouelinge aangetref word. Saam het hulle nog kleinere skermutselinge teen die oorblywende Engelse gehad wat tot nege-uur die aand voortduur. Die stellings is nietemin oormeester en saam het hierdie handjievol moedige Boere trou op hulle pos gebly. Hulle slaag daarin om later die nag nog 'n sewetal Britte tot oorgawe te bring en van hulle is verneem dat hulle oorgeblewe makkers die kop reeds verlaat het.*

*So bevind die jong Krugersdorpse offisier en 'n klompie burgers hulle in die vroeë môre van 25 Jan. meester van Spioenkop, terwyl die hele Engelse leër oor die Tugela teruguval. "Vir ons Boere was dit nie vir eie roem nie," sê Kemp. "Ons het geveg vir ons volk en ons vaderland en ons vryheid."* [37)]

*Teenoor die 1,375 manskappe wat Brittanje hier moes prysgee,*[38)] *het die Boere 55 aan gesneuweldes (2 uit Krugersdorp) en 110 aan gewondes (12 uit Krugersdorp) verloor,*[39)] *Hoewel duur gekoop, was Spioenkop weer in die hande van die federale magte: "In the morning the blood-spattered hill-top, with its piles of dead and of wounded were in the hands of Botha and his men, whose valour and perseverance deserved the victory which they had won."* [40)]

*In 'n latere beskrywing van die slag van Spioenkop berig "The Standard and Diggers' News" onder meer: "The Krugersdorpers stood well up to it, in fact every commando there was reason to be proud of their men."* [41)]

*En in nog 'n ander berig lees ons: "It would only be just and fair that the public should know who behaved bravely for the cause.... The men were under the Fieldcornetship of the plucky Mr.Kemp, who... behaved dauntlessly with his gallant band of followers, of which the following deserve special mention: C.Grimbeek, Paul du Plooy, P.Hartogh, W.Hartogh, P.du Toit, S.de Swardt and poor young Bester, who was killed in action. With the exception of P.Hartogh, all the others are Krugersdorp men.*

*Special praise is due to them for their bravery in facing the enemy in the open, whilst lyddite, shrapnel and Lee Metford bullets were poured on to them from all sides. They never moved an inch, but stood their ground until called away as a re-inforcement from some other position. There they behaved just as well, and it was on this last occasion, whilst crossing a flat piece of country that one of them, young Bester, was shot....*

*I am ... etc. T.M.Kuif. Upper Tugela. 8/2/1900.*[42)]

*Generaal Buller se derde Poging. (Vaalkrantz) 6 Februarie 1900.*

*Onmiddellik na die slag van Spioenkop was die Boeregeneraals en vegoffisiere twyfelagtig wat om presies te doen ten einde hulle (saak te ... ... ...*

---

*37) Kemp, pp.290-291; Naude, pp.85-86; Von Müller, pp.138-140; Standard and Diggers' News 27/1/00 en ook 3/2/1900 p.3.(Botha se verslag oor die geveg van Spioenkop.*
*38) Ogden, p.102.*
*39) Naude, p.87; Kemp, p.292 en The Standard and Diggers' News (24/1/00 p.4)*
*40) Doyle, p.263; vgl.ook: Leyds 715(f)25/1/00 No.46.(Botha se woorde oor die dapperheid van die burgers.)*
*41) The Standard and Diggers' News 6/2/00 p.3.*
*42) Ibid. 13/2/00 p.3.*

*saak te bevorder. Om passief te wag om te sien wat die vyand gaan doen, sou skadelik wees want lg. het hom steeds oorkant die rivier vasgegrawe, versterkings aangekry en sy linie uitgebrei.[1] Op 28 Jan. het daar in die hooflaer aan die Bo-Tugela 'n krygsraad gevolg om oor verdere maatreëls te beraadslaag. Botha se voorstel om die regtervleuel van die Boeremag oor die Tugela te skuif, het nie byval gevind nie en daarop is toe besluit om voorlopig eers 'n sterk patrollie deur Trichardtsdrif te stuur om die planne van die vyand te verken.[2]*

*Sir Redvers Buller wou sy eer red en op 29 Jan. het hy 'n telegram aan die War Office gestuur waarin hy sy plan uiteensit vir 'n derde desperate aanval teen die Boere ten einde George White se beleërde mag in Ladysmith te ontset. Op 27 Jan. is reeds begin met die voorbereidings vir die komende operasie en ook is 'n pontbrug 'n paar myl onderkant Potgietersdrif oor die rivier geslaan om oorgang te verleen.[3] Met sy sterk mag het Buller groot bewegings lang. die rivier uitgevoer en die Boere het gevrees vir 'n aanval op verskillende punte. Lg. se posisies was dan ook volgens genls. Burger en Meyer nie van die beste nie. Genl. Meyer het veral daarop aangedring dat die Krugersdorpers weer na Colenso moet terugkeer.[4] Aan genl. Meyer se versoek is voldoen, waarop die Krugersdorpers vanaf die Bo-Tugela weer na hulle Colenso-posisie verskuif is, terwyl die Heidelbergers na die Bo-Tugela verplaas is.[5] Hierop het ook komdt. Oosthuizen, vkt. Kemp. en lg. se twee adjudante, Roelf du Plooy en Pieter du Toit, aansoek gedoen om verlof.[6a]*

*Tot dusver het sake stil en rustig verloop[6b] maar op Maandag môre 5 Feb. 1900 het die Engelse die Boere se regterflank op die Vaalkrantz aangedurf waar die Johannesburgers onder komdt. Ben Viljoen en die Standertonse kommando onder komdt. Muller gestasioneer was.[7] 'n Geweldige geveg met kanon en geweer het gevolg en laat die*

*(middag het die ... ...*

*1) Leyds 715(g) 27/1/00 No.8.*
*2) Nierstrasz (No.9) p.747. 3) Ibid. (No.10) p.749.*
*4) Leyds 715 (g) 27/1/00 No.16.*
*5) Leyds 715 (g) 29/1/00 Nos.2 en 3.*
*6a) Ibid. 6b) Leyds 715(g) 30/1/00 No.1 en 31/1/00 No.1.*
*7). Preller, pp.92-93.*

middag het die Engelse oormag daarin geslaag om Viljoen en sy Johannesburgers uit hulle posisie te dryf en Vaalkrantz te verower.[8] Genl.Botha, wat in verband met staatsake in Pretoria was, het by die aanhoor hiervan inderhaas na die slagveld teruggekeer. Toe hy op Dinsdag 6 Feb. daar aankom, het hy onmiddellik bevel oorgeneem en hom gou bekend gemaak met die stand van sake.[9] 'n Dappere poging om die posisie dieselfde dag uit die hande van die vyand te neem, misluk[10] maar, onderwerp aan die kwaai geweervuur en geskut van die Boere, was Buller verplig om Vaalkrantz op 7 Feb. te ontruim en met sy ganse mag weer oor die rivier terug te val op Chieveley.[11] „Sir Buller musste daher zur Ueberzeugung kommen dass auch dieser Weg zum Entsatz von Ladysmith nicht zum Ziele führen konnte,..." [12]

'n Derde poging van die Engelse generaal om die beleg op te hef het wel misluk, maar die vrug van hierdie dure ondervinding was dat Buller die goue sleutel tot die ontsluiting van die Boeregreep om Ladysmith gevind het - die Boschrand! (Hlangwane) en daaragter, Pietershoogte![13]

<u>Helde van Pietershoogte.</u> "... we may refresh our souls and and strengthen our hearts by looking once more upon the Heroes who have compelled a wondering world to recognize that the Heroic Age is not yet closed and that Nature's teeming womb is still producing sons whose deeds of high emprise are worthy to rank with the most famous exploits recorded in the annals of classic Greece and Rome."(Heroes of the Boer War: (Preface pp. vii-viii) by Frederik Rompel).

Na genl. Buller se derde fiasko teen die federale magte aan die Tugelarivier, het die Boere-offisiere op 10 Feb.'n krygsraad gehou onder voorsitterskap van komdt.-genl.Joubert. Na urelange oorweginge is finaal besluit om die Tugelafront sterker te fortifiseer en sou genl.Botha, bygestaan deur 'n kommandant en kapt.Pretorius van die Transvaalse artillerie, die onderskeie kommando's aanwys watter stellinge om in te neem en doeltreffend te versterk met skanse en loopgrawe.[1]

Die burgermagte sou gou agterkom waar die Engelse bevelhebber sy vierde poging sou aanwend om deur hulle vestinglyn te breek.

(Hierdie keer ... ...

---

8) Davitt, pp.367-368; vgl. ook: Preller, pp.93-94.
9) Davitt, p.368. 10) Preller, pp.94-96; Davitt p.369.
11) The Times History..(III) pp.327-328; Naude, p.87.
12) Von Müller, p.142. 13) Naude, pp.87-88.
1) Von Müller, pp.180-181.

*Hierdie keer sou dit aan hulle linker-vleuel wees, etlike myle suidoos van Colenso.*[2] *Dit was duideliker toe 'n vyandelike mag van 1500 perderuiters op 14 Feb. op 'n verkenningsrit die Tugela deurgery en die Boschrand (Hlangwane) teenoor die Boere se verste linkerflank beset het.*[3] *Die Boere sou dit nie sonder meer toelaat nie want die Boschrand was lewensbelangrik vir hulle hele gevegsfront. Met 'n kommando bestaande uit burgers van Johannesburg, Krugersdorp en Edwards se verkenners, plus 'n aantal uit die vreemdeling-korpse het genl. Botha 'n kontra-aanval geloods en na 'n kort skermutseling het die Engelse die Boschrand weer ontruim. Hulle het tog genoeg tyd gehad om die Boere se uiterste linkerflank hier aan die suid-oostekant van Colenso te verken wat betref die terrein en moontlikhede vir sukses in die komende aanvalle.*[4]

*Die Boeregeneraals het na Buller se verkenningstog gou gehandel. Op versoek van genl. Meyer wat in bevel was van die linkervleuel, is sy 2,000 man hier aan die Colensofront versterk deur nog 1,000 man uit verskeie kommando's wat nog aan die Bo-Tugela onder genl. Botha gestaan het.*[5] *Genl. Meyer se magte: die Wakkerstromers, Heidelbergers, Bethallers, Middelburgers, Ermeloërs, Standertonners en Krugersdorpers het in die bergreekse suidoos van Colenso stelling geneem, t.w. die Boschrand- Green-Hill-Monte-Christo reeks. 'n Afdeling van die Swazieland-kommando onder Chris Botha is op Monte Cingolo geplaas terwyl 80 Middelburgers die na die suide vooruitgeskowe Hussar Hill voor Chieveley beset het.*[6] *Aldus is die Boerestelling ver suidooswaarts uitgestrek oor 'n baie lang gevegsterrein wat gestrek het tot aan die Blaauwkrantzrivier*[7] *- 'n terrein geheiligd in die federale geskiedenis as die arena van die Zoeloe-Atilla se moorde.*

*Tereg het Buller ingesien dat 'n uitdrywing van die Boere uit hulle hoofstelling - die Boschrand-Monte Christoreeks, noodwendig sou lei tot 'n ontruiming van die Colenso-posisies, daar lg. dan* (vanaf die .. ..

*2) Nierstrasz (No.10) p.778. 3) Leyds 716 (b) 14/2/00 Nos.25,50en53.*
*4) Leyds 716(b) 14/2/00 Nos.78en71. vgl.ook: Preller, pp.98-99.*
*5) Nierstrasz(No.10) p.778; vgl.ook: Davitt, pp.371-372.*
*6) Nierstrasz(No.10) p.778; vgl.ook: Von Müller, pp.182-184.*
*7) Leyds 716(b) 15/2/00 No.27.*

vanaf die Boschrand omvleuel kon word.[8] Ervaring het hom by Colenso geleer om nie weer 'n frontaanval te waag nie dog die Boere se vleuels aan te durf. Daarom word 'n toespitsing op Monte Christo beoog en as inleiding is Lord Dundonald die 14de Feb. opgedra om eers die Boere hier voor hulle uit Hussar Hill uit te skiet. Na 'n kort geveg het Dundonald sy opdrag met sukses volvoer en is 6 Engelse batterye, asook die 61ste veldhowitzer battery (snelvuur- en skeepskanonne en twee vestingstukke) die 15de op Hussar Hill geplaas.[9] Vroeg die môre van die 17de toe die eerste purper die ooste kleur het hierdie bykans 50 kanonne in aksie getree teen die Boeremagte op Green Hill, die Boschrand, Monte Cingolo en Monte Christo, sodat die valleie tussen 'n doolhof van koppies weergalmend geantwoord het met 'n magtige dreuning.[10] Gedek deur hierdie moordende oorlogstuig, was 20,000 Britse troepe gereed om te konsentreer op die Boere se linkervleuel.[11] Cingolo het eerste geval en teen die end van die dag was nog net die steil en klipperige Green Hill en Monte Christo voor die oprukkende Britse leër.[12] Met die eerste môregrus van die 18de Februarie is die uiters heftige batteryvuur vanaf Hussar Hill teen genoemde twee koppe heropen.[13] Ontsettend was die oormag waarteen die enkele kommando's nou te staan kom en noodgedwonge moes die Heidelbergers hulle posisie verlaat waardeur 'n deur vir die vyand geopen is om agter die Ermeloërs om te trek, sodat ook lg. verplig is om 'n weinig te retireer. Die vegterrein was ruig en die vyand moeilik sigbaar in die bosklowe. Reeds begin die Middelburgers ook te wyk[14] en ook hierheen word die onmisbare Krugersdorpers onder Sarel Oosthuizen en Kemp as versterking gestuur.[15] Verdere weerstand was nouliks moontlik:- links van Monte-Christo het Lyttleton en regs het Hildyard aangeval terwyl Dundonald die Boere se vleuel bedreig het.[16] Kragtig help die 75 Krugersdorpers om die Boschrandreeks te verdedig, manhaftige Britte word afgemaai en lê asof gestrooi oor die heuwelhange sodat dit lyk asof die blom van

(Buller se .. ..

8) Nierstrasz(No.10)p.778 en Von Müller, pp.182-184.
9) Nierstrasz(No.10)p.779 en Von Müller, p.184.
10) The Times History..(III) p.500; vgl.ook: Leyds 717(a) 17/2/00 No.20
11) Doyle, p.279. 12)The Times History..(III)p.501; Von Müller,p.184.
13)Nierstrasz(No.10)p.792.
14)Leyds 717(b) 18/2/00 No.22. 15) Naude, p.88.
16. Von Müller, p.185.

Buller se heirleër verlep onder 'n dodelike verderf van lood. Maar die Boere probeer tevergeefs.[17] Dundonald het gedreig om hulle flank op te rol sodat die klein burgermag verplig was om oor die Tugela terugte val en die Middelburgers ter nouer nood uit hulle Boschrandse posisies ontwyk met agterlating van al hulle perde, reserwe-ammunisie en laer.[18]

Hiermee was sake uiters kritiek vir die Boere. Die Boschrandreeks, waarvan die suidelike gedeelte tans geheel deur die vyand beset is, was 'n sterk sleutelposisie tot die federale magte se stellings rondom Colenso en Fort Wylie (ten ooste van Colenso).[19] Algehele paniek het die Boere se harte vervul[20] en boonop het hulle geen bemoedigende berigte van die westelike front rondom Kimberley ontvang nie.[21] Nog steeds is die vyand se monsteragtige projektiele vanaf die besette koppe teen Colenso en Fort Wylie geslinger sodat dit ook hier vir die Boere gou onuithoubaar geword het en beide stellinge die 20ste ontruim moes word.[22] Vir genl. Botha was dit 'n bittere lot om aan pres. Kruger te berig dat die posisies wat hy so sorgvuldig uitgedink, opgebou en bewaar het, nou in besit van die vyand is. Veral Colenso is duur gekoop. Ook kla hy en genl. Meyer dat daar 'n verkeerde en wankelmoedige gees onder die burgers heers en baie offisiere kon met die beste wil ter wêreld nie al hulle burgers in die stellings hou nie.[23] Gedurende hierdie dae was komdt.-genl. Joubert self ook op die gevegsterrein. Ongeag die hewige en onophoudelike bombardement, nag en dag, en die moedeloosheid van die burgers, was sy vertroue in genl. Botha nog groot: „Ik wensch dat elke offisier zoo deed, zoo werkte en zoo dacht," het hy aan die president laat weet.[24]

Die berigte vanaf Modderrivier in die Vrystaat waar Veldmaarskalk Lord Roberts se greep om genl. Cronje nouer getrek het, was wel onrusbarend,[25] maar pres. Kruger het opdrag gegee dat die posisies aan die Tugela ten alle koste gehou moet word, want soos sake op die ander gevegsfronte staan sal dit noodlottig wees om van die Tugela te retireer.[26] Sy aanmoediging was nie vrugteloos nie, .." .the Boer is (a tenacious .. .. .. ..

17 ) Na ude, p.89; The Standard and Diggers'News 21/2/00 p.3.
18 ) Von Müller, p.185, en Preller, p.102.
19 ) Leyds 717(b) 18/2/00 No.27. en Von Müller, p.185.
20) The Times History..(III)p.511.
21) Leyds 717(c) 20/2/00 No.19. 22) Von Müller, p.185.
23) Leyds 717(c) 20/2/00 Nos.66,67,68. 24) Ibid. No.73.
25) Leyds 717(d) 21/2/00 No.27. 26 Ibid. No.40.

a tenacious fighter, and many a brave man was still to fall before Buller and White should shake hands in the High street of Ladysmith".[27]

Nadat al die burgers op die 20ste teruggetrek het tot aan die noordelike oewer van die Tugela het iedereen hom klaargemaak vir 'n hardnekkige teenstand. Sowat drie myl agter die posies te Colenso, op hoëre maar minder voordelige rande, word die nuwe stellings ingeneem in die vorm van 'n halwemaan van die suidweste na die noordooste Genl.Meyer het bevel gevoer oor die linker- of suidoostelike vleuel waar die kommando's van Lydenburg, Boksburg, Johannesburg, Krugersdorp, Rustenburg en 'n deel van Standerton geplaas is, met die Piet Retief-kommando op hulle uiterste linkervleuel. Die Krugersdorpers en Rustenburgers was veral op die westelike hang van Pietershoogte (later bekend as Railway -en Inneskilling Hills) geplaas onder twee manne so dapper as enigeen wat ooit vir vryheid geveg het:- komdt. F.J.Potgieter wat die oorgawe van Jameson en sy Raiders in 1896 bewerkstellig het, en Sarel Oosthuizen 'n held van vyftig gevegte, die onverskrokke veldkornet van Krugersdorp. Genl. Botha was in bevel op die regtervleuel waar die Ermelo-, Middelburg-, Heidelberg- en Germiston-burgers die weg na Ladysmith aan die spoorweg bewaak naby die Wynne Hills, en verder aan was die Carolina-, Swazieland-, Bethal-, 'n deel van Standerton - en Zoutpansbergse kommando's.[28] Die kanonne is verder na agter opgestel: 'n Krupp en 'n pom-pom aansienlik ver aan die westelike flank, twee Creusots en 'n howitzer op die laer plato van Groblerskloof en twee pom-poms, 'n howitzer en twee veldkanonne op verskeie punte agter Meyer se posisies.[29]

Op die Boschrand of Hlangwane suid van die rivier, direk teenoor Pietersheuwel, ('n afstand van 7,000 treë tussen die twee heuwels) was Buller se artillerie geplaas. Die hele Boerestelling was oop van daar voor die kanonvuur - veral vir die skeepskanonne wat elke deel van die gebied wat deur die Boere beset is, kon beskiet. Maar geen beter vertoning van uithoudingsvermoë, durf en virile moed is ooit (in oorlogvoering .. ..

---

27) Doyle , p.282.
28) Niestrasz(No.10)p.802; vgl.ook: The Times History..(III) p.513; Naude, p.89; Preller,pp.103-104; Davitt p.373;
29) The Times History.(III) p.513; vgl.ook: Preller, p.104.

in oorlogvoering bewys as dié van daardie afdeling burgers wat Pietershoogte gehou het teen 50 kanonne en die herhaaldelike aanvalle van Maj.-genl. Hart se 5de Brigade nie.[30]

Op 21 Feb. het genl. Buller sy troepe opdrag gegee om die rivier die een afdeling na die ander oor te gaan, ten einde die geveg die volgende dag aan te knoop en die weg te baan vir die groter troepemagte nog oorkant die rivier.[31] Onder dekking van 'n rasende kanon- en meksimbombardement het die troepe oorgetrek en die aand van die 21ste het die voorposte reeds op mekaar begin vuur met die kleingewere.[32] Dit word onophoudelik deur die Boere - veral die Middelburgers - voortgesit sodat die vyand oor die rivier moes terugval met 'n verlies van meer as 100 man. Die Somerset Light Infantry onder Coke alleen het 90 man verloor en 4 offisiere.[33] Op die Boere, onder wie neerslagtigheid buite mate kenbaar geword het, het hierdie sukses 'n bykans betowerende positiewe uitwerking gehad en met groter vasberadenheid sou hulle die komende slae tegemoet gaan.[34]

Dit het Buller nie van stryk gebring nie. Die hele nag deur het infanterie, kanonne, en goedere oor die pontbrug gestroom en teen daglig die 22ste het hy 11 bataljons en ongeveer 40 kanonne met die nodige versperringsmateriaal agter die Colenso-koppies versamel.[35] Vroeg die oggend is die onophoudelike kanonnade hervat, maar hierdie keer het die Boere se geskut meegedoen in die spel en verwoesting gesaai onder die vyandelike geledere. Ook het die Boere se Mausers hul doel gevind en teen die aand moes die vyand weer alle hoop opgee om deur te breek.[36]

Dit was egter duidelik dat die groot stryd nog moes kom, en dit het gekom. Sir Buller se oogmerk was nou om die Boere-linkervleuel te oorweldig en hulle dan van oos na wes op te rol. Hiervoor was dit nodig om die drie heuwels (later bekend as Inniskilling Hills) om Pietershoogte waar die Krugersdorpers in genestel is, onder dekking van Wynne Hills te beset.[37] Hierdie belangrike aanval het

(Buller aan .. .. ..

30) Davitt, p.376.
31) The Times History..(III) p.513; vgl.ook: Weeber: p.184.
32) Leyds 717(d) 21/2/00 No.65; The Standard and Diggers' News 22/2/00 p.3.Preller,p.104
33) The Times History..(III)p.514; Naude,p.89; Preller p.104.
34) The Times History..(III)p.515:
35) Ibid. p.515; vgl.ook: Leyds 717(d) 22/2/00 No.1.
36) The Standard and Diggers'News 28/2/00 p.3; Preller p.104; Naude,p.89;en Von Müller, p.186.
37) The Times History..(III) [illegible] Preller p.105; Naude p.89.

Buller aan maj.genl. Hart met sy drie Ierse afdelings, die Dublin Fusiliers, die Inniskillings en die Connaughts toevertrou.[38]

Die Engelse het hulle hele kamp aan die Klein-Tugela opgebreek en na die meer oostelike posisies verplaas. Uit al die vyandelike bedrywighede het genl.Botha afgelei dat die slag eventueel hewig sal wees maar hy het tog 'n meer gedetermineerde gees onder die burgers bespeur. Vroeg die môre van 23 Feb. was hulle gereed om die Iere, wat onder dekking van 'n weergalose artillerievuur die rivier deur middel van 'n temporêre brug oorgegaan het, te ontmoet.[39]

In die grys môreskemering het die infanterie gestorm - eers reg op die posisies van die Middelburgers en Ermeloërs af. Herhaaldemale val hulle aan met die grootste doodsveragting tot op 400 treë maar slegs om deur die Mauservuur van die Boereskerpskutters genoodsaak te word om met aansienlik uitgedunde geledere terug te val.[40] Met wonderlike waagmoed ruk hulle nou weer nader, nou ook in die rigting van die Krugersdorpse posisies en mars geleidelik die heuwel op in stormpas, dog hulle geledere word sigbaar gedun deur die Middelburgers en Krugersdorpers wat daarop uit was om te vergoed vir die vorige Sondag se vernedering. Moedig kruip die vyand nog nader - tot op 200 treë van sy teenstanders, maar meer kon menslike natuur nie staan nie. Die Iere weifel eers, breek dan op in groepe en vlug vir hulle lewe om slegs voor die voet neergemaai te word deur die dodelike vuur vanuit die Boereloopgrawe. 'n Sug van verligting gaan op van die byna uitgeputte manne agter die stellings toe die verligting intree. Vir sewe dae agtereenvolgens veg hulle nou reeds, maar die mildelike onderbreking was kort van duur.[41]

Die finale en grootste poging om deur die Boerelinies te bars moes nog volg en dit was byna 5 uur nm. toe Hart die bevel gee om nogmaals aan te val. Met nog 'n groter driftigheid as ooit te vore bars die Britse bombardement weer los en woedend land die barstende projektiele met 'n helleveeg op Pietershoogte.[42] Direk op die Krugersdorpse- en Rustenburgse posisies storm Hart se Iere hierdie keer (Die Inniskillings was .. ..

38) The Times History..(III) pp.523-525.

39) Leyds 717(e) 23/2/00 Nos.9, 47 en 58.

40) Davitt, p.376; vgl.ook: Leyds 717(e) 23/2/00 Nos.7 en 10; en Die Volksstem 1/3/00.

41) The Standard and Diggers' News 28/2/00 p.3; vgl.ook: Preller, p.105 The Times History..(III) p.526.

42) The Standard and Diggers' News 28/2/00 p.3;

Die Inniskillings was die eerste aan die voet van die heuwel en storm die steil hoogte op met 'n aanloop wat deur niks gestuit kon word nie.[43] Elke kanon wat Buller kon spaar word in aksie gestel en nog nooit in die oorlog was so 'n helse vuur gesien as op daardie namiddag nie. Veral moet die Krugersdorpse en Rustenburgse linies dit ontgeld en die lydsaamheid en moed van hierdie kommandantskappe se burgers sou boekdele spreek dat hulle ooit uitgehou het onder so 'n reënbui van projektiele. Vir geen deel van 'n sekonde was daar onderbreking nie. Granaat- en enorme liddietbomme skiet die veld aan die brand en bars in alle rigtings. Agter die Boere se posisies skreeu die staalskerwe op die klippe en gons die holtes in onder 'n pandemonium van ontploffings en kanonknalle soos 'n sware onweersdreuning. Sterwendes en gewondes kreun en kerm rondom maar nog staan Krugersdorp en Rustenburg se manne.[45]

Gedek deur hierdie vreesaanjaende kanonnegebulder, beveel Hart sy Iere om nog verder op te ruk. Die heuwels van Pietershoogte is hierdie keer hul doelwit en onder die verskriklike bombardement bestorm hulle die stellings van die Krugersdorpers waar die dappere komdt.Potgieter met sy nie minder dappere veldkornette, Sarel Oosthuizen en Jan Kemp hulle inwag.[46] Hoog daar bo teen die koppe waar die skrapnel bars en spat en die groot liddietbomme raas, kon die Iere dofweg die lyn van bebaarde gesigte en die swart stippels van groot-randhoede bespeur. Met 'n luide kreet spring die Inniskillings agter hulle skanse uit, met die Connaughts aan hulle regter- en die Dublin Fusiliers aan hulle linkersy.[47] Desperaat en met gefikseerde bajonet storm die Ierse afdelings om hul taak uit te voer. Dit was 'n hoogs voortvarende aanval teen 'n hoogs standvastige teenstand en ongeag al hulle fiere dade het die Boere nooit beter geveg as op daardie Vrydagaand nie. In die tanende aandlig het die Ierse regimente die laaste parapet oorgegaan en roekeloos die skuinste uitgebeur. Maar die Krugersdorpers was gereed. Vanuit elke skeur

( en sloot langs ... ... ...

43) The Times History..(III) p.526 en Preller,p.105.
44) The Standard and Diggers' News,28/2/00 p.3.
45) The Standard and Diggers' News,28/2/00 p.3. en Preller p.105.
46) Naude, p. 89.
47) The Times History..(III) p.526; Doyle, p.285.

*en sloot langs die kante van die heuwel en vanaf die goedgevormde skans daarvoor het die koeëls geknetter en gefluit. Tussen 'n vernielende bomvuur wat nie voorheen deur lewende wesens ondervind is nie, het hierdie geharde manne van die veld onbeweeglik vas gestaan en met spoed en akkuraatheid in die tierende geledere van die Iere ingeskiet. Nader en nader golf die infanterie, vallende, stygende, stormende op die krakende linie vanwaar die Mausers meedoënloos antwoord. Hier val 'n kolonel gewond neer, daar 'n majoor, maar steeds kom hulle aan in onversaagde ywer. Oor die loopgraafrand gluur bebaarde gesigte hulle nog aan en nog steeds suis die koeëlreën deur hulle geledere. Die regimente wankel, kom weer aan, wankel weer, word dan ondersteun deur bykomende afdelings van die Dublins en Connaughts, en ruk nogmaals sterker aan tot binne 10 treë van die Boere se loopgrawe, terwyl die artillerie-geskut vir 'n paar minute uitgroei tot één saamhorige brulgeluid soos donderweer in die voorsomer.*[48)]

*„Edog, - die dag sou hulle niks maak nie; Colenso se son was nog nie ondergegaan nie. Wat hul wou doen was bokant die krag van enige menslike wese. Sodra hul oor die spoorweguitgrawing kom was hul blootgestel aan 'n moordende kruisvuur uit verskeie posisies op geringe afstand en nog voordat die artillerie ophou, om hulle eie mense nie af te maai nie, staan die Boere met een akkoord penregop in hul posisie voor die aanstormende Engelse, sodat iedereen duidelik die bruin bestowe, van liddiet geel soos goudgekleurde, en met rooibloedbevlekte mannegestaltes kon uitken van tersyde in hulle posisies, en van voor teen die luglyn swaar gesilhoeëtteer, moeg en gedaan, maar gereed vir die aanval.*

*'n Besielende aanblik was dit, 'n toneel vir die gode, 'n beeld van onverwinlikheid so skoon en so vol heldemoed as ooit gewees het. In die posisies neffens aan, wat die infanterie onder kruisvuur bring, hou mense die vinger effens aan die sneller stil en hulle asem op, om dit te aanskou, - en... om die Krugersdorpers van Potgieter, Sarel Oosthuizen en Jan Kemp, waar dit eintlik op gemunt was, met 'n luide hoera te begroet."*[49)]

*Hoewel die een bom na die ander op hulle skanse bars, kon niks standhou teen die ontsettende vuur van die heroïse burgers nie. Kemp se adjudant, Pieter du Toit, word gewond en hy self ontkom ter nouernood. Sommige burgers, vreesbevange vir die vyandelike, skigtende bajonette enkele treë voor hulle, neem reeds die wyk dog met sy durwende stem hou Kemp sy meeste manne terug. Die voorste Iere reik reeds aan die Krugersdorpse stellings en met gefikseerde bajonnette slaag hulle deels in hulle begriplose vertering van die*
(beste wat ooit 'n ... ..

*48) The Times History..(III) p.526, vgl. ook: Doyle, p.285; The Standard and Diggers'News 28/2/00 p.3. Preller, p.106, en Naude, p.91.*
*49) Preller, p.106.*

*beste wat ooit 'n skoot gevuur het. Nie eers dít laat die helde deins nie: met die Mausers oor die skanse gelig, kies elkeen vir hom sy teikens uit onder die aanstormende seuns van Ierland en maai hulle neer dat hulle soos graan voor 'n seis val. Die Britse kanonniers oorkant die rivier het hulle oë tevergeefs oorspan. Dit was reeds te donker om te onderskei tussen vriend en vyand en nogtans durf hulle nie die artillerievuur staak nie. Toe hulle merk dat die voorste geledere van Hart se brigades weereens afgemaai word, open hulle met hewiger vuur die bombardement op vriend en vyand, op dooies en gewondes dat rook en damp die koppe omhul. Onafgebroke, soos vingers in hollende vaart heen en weer ren oor 'n klavierbord, ratel die bomme en koeëls op die skanse van Pietershoogte. Om verder te gaan was bokant menslike uithoudingsvermoë. Dié wat kon, het omgedraai en gewyk in die rigting van skuilbiedende kop, waarop die Boere hulle magasyne op die vlugtende vyand leeggemaak het. Diegene wat tot by die Boere gestorm het, het neergeval om te wag dat die vriendelike en genadige nag oor hulle gedaal het.*[50)]

*"Never on this earth was there a retreat of which the survivors had less reason to be ashamed. They had held on to the utmost capacity of human endurence. There colonel, ten officers, and more than half of the regiment were lying on the fatal hill. Honour to them, and honour also to the gallant Dutchmen who, rooted in the trenches, had faced the rush and fury of such an onslaught!*

*To-day to them, to-morrow to us, - but it is for a soldier to thank the God of battles for worthy foes."* 51)

*Die slagting onder Hart se Ierse brigade was skrikwekkend. Twee uitmuntende regimente is verneder en uitgedun tot een luitenant (Best) en 23 soldate wat gevange geneem is. Van al die afdelings wat aan die algemene aanval deelgeneem het, het 30 persent gesneuwel of is gewond of gevange geneem. (ongeveer 1,300 offisiere en manskappe)*

*Die Krugersdorpers het ongetwyfeld swaar gely onder die geweldige geskut van die swaar kanonne. Nie minder as 11 Krugersdorper is gedood en 38 gewond nie. Onder die swaar gewondes was ook die dappere krygsheld van Krugersdorp, komdt.F.J.Potgieter, genl.Botha se "goeden vriend en rechterhand."..52)*

---

*50) Naude, p.91: The Times History...(II)p.526; Preller, pp.106-107: Davitt pp.376-377. en The Standard and Diggers' News.28/10/00 p.3 (Lt.Best v/d Inniskillings se verslag oor die geveg) enDoyle,p.28*

*51) Doyle, pp.285-286.*

*52) Leyds 717(f) 24/2/00 Nos.7,10,20,en31; Nierstrasz (No.10) p.811. Naude, p.91; Preller,p.107 en The Standard and Diggers' News, 28/2/00 p.3.*

"goeden vriend en rechterhand." Ook genl. Meyer het hierdie verlies swaar gevoel.[52]

Was die burgers nie so uitgeput vanweë die langdurige en onophoudelike geveg nie, sou die aanvallende magte hoogswaardkynlik algeheel oorrompel en gevange geneem gewees het. "The memory of the glorious victory will be told by many a fireside in South Africa long after the present generation have passed into another existence, and the heart of every true South African must swell of pride when he thinks, hears or reads of the glorious deeds of the Krugersdorpers on the afternoon of Friday, the 23rd February, 1900. All honour to the brave men who turned a possible defeat into a g l o r i o u s v i c t o r y ... The memory of their brave deed will never fade, and surely yet some South African poet will arise to commemorate their brave deeds and hand them down as a lasting rememberance to posterity in a United South Africa, for which they so bravely fought."[53]

Gedurende die hele oggend en voormiddag van die 24ste het 'n onderbroke kanon- en geweervuur langs die hele gevegslinie voortgeduur en het die Boere nog twee of drie kanonne vanaf die Bo-Tugela na die meer oostelik geleë posisies verskuif.[54] Die vyand het intussen gebruik gemaak van die tussengeleë klofies om daarmee trapsgewyse nader te kom en het daarby nog 4 groot skeepskanonne duskant die rivier geplaas.[55]

Genl. Buller se operasies het egter gou tot 'n stilstand gekom. Dit was onmoontlik om dit voort te sit op die huidige linies sonder ernstige ramp. Sedert die 21ste is sy mag in 'n reeks ongeslaagde aanvalle versnipper wat meer as 1,300 man gekos het met bykans geen resultate nie.[56] Hy het nou tot die oortuiging gekom dat hy sy omvleuelingsbeweging nog wyer moes uitvoer en hiervoor was nodig elke beskikbare man, insluitende die troepe te Chieveley, sodat hy sowel Pietershoogte oos van die spoorweg as Inniskilling- en Railway Hills kon omarm.[57]

Op Sondag 25 Feb. was die kanonne stil en is slegs enkele geweerskote gewissel.[58] Later die dag is wedersyds toegestem op 'n wapenstilstand ten einde die dooies te begrawe en die gewondes te verpleeg. Die Engelse generaal het hiervan gunstig gebruik gemaak deur sy hele mag weer oor die rivier terug te trek en hom voor te berei vir 'n volgende aanslag.[59]

(Die volgende dag ... ...

52) Leyds 717(f) 24/2/00 Nos.7,10,20, en 31; Nierstrasz(No.10)p.811.
53) Naude, p.91: Preller, p.107 en The Standard and Diggers'News 28/2/00 p.3.
The Standard and Diggers'News 28/2/00 p.3: vgl. ook: Weeber, p.190.
54) The Times History..(III)p.528 en De Volksstem 26/2/00.
55) Leyds 717(f) 24/2/00 No.31. 56) The Times History..(III)p.529.
57) Ibid.p.533 en Von Müller, p.188.
58) Leyds 717(g)25/2/00 Nos.46 en 58.
59) Davitt, p.379; Naude p.92: Von Müller, p.188 en Preller, pp.107-108.

Die volgende dag het Buller, Warren en sommige van die militêre staf die hele lengte van die rivier se regteroewer verken tot so ver as Monte Christo. Dit was gedurende hierdie verkenningstog dat die Britse aanvalsplan sy finale vorm gekry het. Gedek deur die artillerie moes 'n tweede pontbrug so gou as moontlik geslaan word. Die aanval self sou uitgevoer word deur drie brigades: die van Barton, Kitchener en Norcott, wat Pietershoogte, Railway - en Inniskillings Hill respektiewelik moes aanval.[60] Dit was 'n taktvolle besluit en trouens die enigste weg wat oop was na die herhaaldelike en vrugtelose frontale aanvalle van die vorige dae. "Buller had at last inserted the key in the lock which was to open the door to White and his imprisoned army."[61]

Hoewel dit duidelik was dat die Engelse hulle hierdie keer op die Boere se linkervleuel gaan konsentreer en die Krugersdorpse offisiere aldaar aangedring het om versterking, is niks aan die saak gedoen nie. Ongelukkig ook het 'n nare gees van onverskilligheid en moedeloosheid plotseling onder die burgers posgevat. Die gewilliges was nog in hulle stellings maar baie onwilliges het in die laers gaan skuil. Sarel Oosthuizen wat nou tot veggeneraal bevorder is, het vir Kemp en wnd vkt. Alberts teruggestuur om die manskappe uit die laers uit te kry en na die gevegslinies te stuur.[62]

Dinsdag, 27 Feb. 1900 het aangebreek. Almal was onder die indruk van die belangrikheid van die dag en het 'n groot botsing verwag.[63] Tog het die waters van benoudheid hoog gestyg onder die burgers. In suidwes-Vrystaat aan die Modderrivier te Paardeberg lê genl Cronje met sy bykans 4,000 burgers vasgekeer deur veldmaarskalk Lord Roberts. „Elkeen wist dat er iets groots gebeurd was, maar niemand wist dat d e s e dag het g r o o t s t e k e e r p u n t in den ganschen oorlog mag heeten. De stilte ging aan ontzaggelijke veranderingen over het gansche oorlogsterrein zwanger."[64]

Met dagbreek is die pontbrûe oor die Tugela in gereedheid gebring en was die vyand in 'n groot menigte aan die oorkant van die rivier gelaer. Vir die federale magte op al die gevegsfronte het 27 Feb. onheilspellend begin, want toe die son op hierdie groot Republikeinse Feesdag ... ...

---

60) The Times History..(III)p.534 en Nierstrasz (No.10)p.819.
61) Davitt, p.379.
62) Naude, p.9 2; Leyds 717(g)26/2/00 No.44; Mouton:p.547.
63) Leyds 717(g) 26/2/00. No.73.
64) Hofmeyr, p.308.

Republikeinse Feesdag opgaan, hys Cronje die vlag.[65] Terwyl Barton se twee battaljons die Tugelarivier oorgaan, het die berig van die Paardebergse oorgawe hulle ook ter ore gekom,..."and in the true British spirit of emulation Buller's men resolved that Roberts should not be alone in enjoying the credit of making the day a decisive one in British history..."[66]

Kort na twaalf-uur was Barton se brigades reeds suidoos van Pietershoogte, waarop hulle links swenk en opgestel word vir die aanval: Die Scots Fusiliers was aan die regterkant, die Irish Fusiliers links, elk met drie afdelings in vuurlinie; die Dublin Fusiliers sou albei steun.[67]

Barton se plan was om so gou moontlik aan te val. Die voorste afdelings van die Irish Fusiliers moes direk teen die heuwel opgaan en die naaste koppies aan die kant van die plato teenoor Railway Hill bestorm. Die res sou hulle verder uitsprei rondom die hele reeks van koppies noord van Pietershoogte.[68]

Die Britse swaar geskut was hoofsaaklik op Monte Christo, teenoor Aasvoëlkrans, gevestig, en onder dekking van 'n ontsettende kanonvuur wat direk gerig is op die koppe deur die Krugersdorpers beset, het Barton se troepe die klipperige Pietershoogte bestyg. Hulle het die kruin genader maar teen hierdie tyd was hulle binne maklike bereik van die Krugersdorp-kommando se Mausers en hoewel hulle stellings byna voortdurend gehul bly in 'n stof- en rookwolk vanweë die brekende bomme en barstende granate, staan die Krugersdorpers meer regop in hulle loopgrawe en skiet die vyandelike flanke terug so vinnig as moontlik.[69] Barton verslap tog nie sy stormloop nie en binne 'n oomblik jaag die Inniskillings oor die plato en beset die naaste koppies sonder noemenswaardige verliese. Die Scots- en Dublin Fusiliers moes verder aanval. Toe hulle die plato oorgaan, word 'n skerp geweervuur op hulle regterfront en -flank geopen: hulle verloor aansienlike hoeveelhede manskappe, insluitende hulle aanvoerder, kol. Carr, maar slaag tog daarin om die middelste deel van die rand te

(oormeester, waardeur ....

65) Hofmeyr; p.340.
66) The Times History..(III)p.537 en Nierstrasz(No.10)p.820.
67) The Times History..(III)p.538 en Nierstrasz(No.10)p.820.
68) The Times History..(III)p.538.
69) Preller,p.111; Nierstrasz(No.10) p.821; The Times History..(III) p.538 en Leyds,718(a) 27/2/00 Nos.29 en 33.

oormeester, waardeur hulle die linie van die Irish Fusiliers met ongeveer 600 treë verleng. 'n Moedige poging van drie Dublin-afdelings en een afdeling Scots Fusiliers onder kapt.McBean, om ook die mees noordelik geleë koppie van die Krugersdorpers af te neem, geluk nie want verskriklike mauservuur hou hulle terug. Nadat elke Britse offisier behalwe een, neergeskiet is, het die aanloop tot 'n end gekom.[70]

Dit was reeds laat in die namiddag en die posisie vir die Engelse was geensins gunstig nie. Die druk wat Barton se troepe daar in die rigting van Pietershoogte ondervind het, sou egter gou verlig word. In die sentrum het Kitchener intussen ook vordering gemaak en vanaf 'n kloof tussen Railway Hill en Pietershoogte het hy vier afdelings van die West Yorks gelas om hulle weg so geheimsinnig moontlik na die oostelike end van Railway Hill te baan. Aldus sou die West Yorks die uiterste regterflank van Kitchener se linie vorm met die South Lancashires in die middel en die Royal Lancasters links. Die afdeling burgers op Railway Hill was grotendeels besiggehou deur Barton se verskyning op Pietersheuwel, sodat die West Yorks ongemerk hulle bestemming bereik en toe die Boere die vyand hier in hulle oostelike flank gewaar, was hulle totaal verras.[71] Die Engelse het onmiddellik en vasberade gestorm want "Spion Kop and a thousand comrades were calling for vengeance."[72]

Tegelykertyd het die bevel gekom dat Inniskilling Hill gestorm moet word. Die twee gedeeltelike bataljons (Rifle Brigade aan die linker en East Surreys aan die regterkant) het die berghang vinnig bestyg. Eg.brigade het onder 'n swaar frontale- en flankvuur gekom en moes selfs versterkings inroep. Maar intussen het die East Surreys daarin geslaag om tot so na as 100 treë vanaf die Royal Lancasters, op die ander heuwel te nader. Na kort maar moedige weerstand het die Boere nou die oostelike deel van die heuwelkruin ontruim maar nog hewige geweervuur volgehou vanaf die westelike deel, totdat die Rifle Brigade ook stormenderhand aanruk en hulle dwing om terug te val. Selfs toe het hulle slegs tot by die noordwestelike koppe en in die (Langverwachtbedding ... ...

70) The Times History..(III)p.538; Doyle,p.289.
71) Nierstrasz(No.10)p.822; en The Times History(III)p.539.
72) Doyle, p.291.

*Langverwachtbedding teruggeval, en, gesteun deur verskeie pompons, 'n uiters manhaftige kleingeweervuur teen die kim van Inniskilling Hill volgehou.*[73)]

*In die sentrum was Kitchener se aanval ook nou in volle swang. Toe die West Yorks reeds die hang ver op was, het Kitchener ook die South Lancashires beveel om te storm en met 'n ononderbroke stormloop het hulle op die groot Boereskanse gepyl- en voordat die burgers kon wyk was die vyand in die eerste loopgraaf. Sommige ontwyk tog aan die vyand se wapens, terwyl enkeles, koesterend agter klip en krans 'n grillerige steek met gevelde bajonet toegedien word. Etlike gewondes word gevange geneem. Nou sluit die West Yourks by sommige van die South Lancashires aan en met bajonnette, bevlek deur die bloed van manne aan die diens van die Republiek gewy, verskyn hulle op die bergtop alwaar hulle begroet word deur 'n knetterende geweervuur vanaf die anderkant. Hulle word egter nie van stryk gebring nie en storm reg oor die bergrug waar 'n meksim gebuit en 'n paar burgers gevange geneem word. Die Boere se loopgrawe word oormeester en van hieruit reën 'n swaar koeëlstorm op die terugvallende Krugersdorpers. Hiermee is ook Railway Hill beset,*[74)] *en moes genl.Meyer aan die kommandant-generaal laat weet dat die vyand teen 5.15 nm. deels in besit gekom het van die Krugersdorpse posisies*[75)] *- die spil waarom die hele stryd voor Ladysmith gewoed het.*

*Op die regterflank te Pietershoogte het Barton se magte nog 'n verbete stryd te voer teen die Krugersdorpers aldaar. Ongeag hulle neerlaag op die ander koppe rondom Pietershoogte, het die Krugersdorpse Boere hier nog soos leeus geveg om hulle dappere veggeneraal. Sarel Oosthuizen.*[76)] *Genadeloos was die werk van kanon en geweer in hulle geledere maar ook die laaste koppie van Pietershoogte sou gedrenk word deur die bloed van talle van hierdie offerwillige seuns alvorens hulle dit sou oorlewer aan die vyand.*

*Uit die magte aan sy linkerkant neem Barton drie afdelings van*

*(die Irish .. .. ..*

---

*73) The Times History..(III) p.541.*

*74) Ibid. pp.539-541; Nierstrasz (No.10) p.822, en Preller, p.111.*

*75) Leyds 718(a) 27/2/00 No.49.*

*76) The Times History..(III)p.541 en Naude,p.92.*

die Irish Fusiliers onder maj.Hill. Die sinkende somerson was reeds laag aan die westerkim toe hierdie afdelings, gedek deur 'n hewige vuur van die Dublin kompanjië die kop bestorm.[77)]

Ontsettend was die stormmagte, dreigend in hul oorma_g, wat nou op die klompie Krugersdorpers afstorm. 72 Britse kanonne konsentreer nou 'n verwoestende kruisvuur op die bittereinders en dit bluk asof die krag van die Republiek gaan wegkwyn voor die gerammel van die oormagtige kanon en geweer. Die indruk was oormeesterend:

„Die Krugersdorp-koppie werd van drie kante tegelijk bestorm onder 'n beskieting uit 'n grof- en klein geskut, wat die spits daarvan herskep het in 'n siedende fornuis van barstende potyster. Maar, teen die invallende skemerte, af en toe in bomvuur hel belig, deur stof en damp staan die handjievol verdedigers daar, halfluf bokant hul verskansing uit, 'n lewende toonbeeld van die ganse oorlog: onverganklike moed teen brute oormag fier oorend.

Bom na bom breek briesend op hul klipskanse uitmekaar, en bars met brullende giering bokant hul toegewude hoofde in nydige moment-blitse oop, om hulle inhoud oor die Boere uit te giet; soms vyf, ses tegelyk, wat die kante van die kop omkarn in kokende kraters en 'n onweer van skerme, en rotse opjaag. Maar hulle staan soos 'n wag so pal, so onversetlik, so fier, so groots en trots daar op die Tugela-wal.

G'n mens het ooit getrotseer wat daardie klompie Krugersdorpers onder Oosthuizen en Jan Kemp oor hul heen laat gaan het. Hulle wis dat die slag teen hul uitloop hierdie skoot, dat die randjies skuins voor en links gevat was, maar hulle staan. - O, dit was 'n skouspel, afgryslik in sy oorsake van hebsug en afguns, maar skoon en onverganklik in sy beloftes. Want 'n nasie wat so sy haardstee en vryheid verdedig, sal leef, - al was dit ook deur die dood."[78)]

Ten spyte van die venynige mauservuur van die Krugersdorpers het die Irish Fusiliers nogtans bly voortstorm. Nadat hulle 'n derde van hulle getalle verloor en al hulle offisiere gesneuwel het of gewond was, het hulle die suidelike kant van die koppie bereik. Selfs nou kon hulle nog nie die verskanste Boere uit die noordelike kant van die kop verdruf nie, want, hoewel uitgedun en gedaan van die veertiendaagse worsteling, laai en skiet Oosthuizen en Kemp se manne nog werktuiglik. Weer swerm die Ierse infanterie die helling op tot vlak teen die skansmure. 'n Paar van die burgers spring egter nog in woedende waansin van 'n weergalose oorlogsbegeestering bo-op hulle skanse en staan regop voor die vyand om nog vir laas hulle mausermagasyne op hulle teenstanders te ledig. Maar dan word hierdie blom van die Republikeinse mag verpletter tot verminkte wesens en veeg die draers van die skigtende bajonet die oorlewendes in dolle

(vaart die heuwel .. ..

77) The Times History..(III) p.542.
78) Preller, p.112; vgl.ook: Weeber, p.199.

vaart die heuwel uit en anderkant oor, waar die dapper helde minsaam beskerming sou ontvang in die komende donkerte van die voornag, - verslaan maar nie oorwin nie: daarom het hulle nooit 'n witvlag daar laat sien nie.[79)]

"The sun is setting in glory over the great Drakensberg mountains, and so also that night set for ever the hopes of the Boer invaders of Natal." [80)]

Die ramp wat hierdie sleutelposisie van genl.Meyer se stellings getref het en die daaropvolgende terugval van sy kommando's, het nou veroorsaak dat die posisies van genl.Botha se kommando's op die regtervleuel onhoubaar geword het.[81)] Om die posisies te herneem was onmoontlik want teen een-uur die nag was die vyand reeds ver by genl.Meyer se linkervleuel verby en skiet hulle Botha se burgers van agter, waarby die toestand dubbelernstig word vir die Boere. Moedeloosheid en wanhopigheid was onder die burgers te bespeur en genl. Botha moes tot sy spyt opmerk dat hulle nie veg soos verlang word nie.[82)] Die enigste uitweg, het genl.Schalk Burger om 6.45 vm. die 28ste voorgestel, was om in orde te probeer retireer en aldus die waens en voorrade te behou.[83)]

In die vroeë môre-ure van die 28ste het die algemene terugval begin. In 'n groot massa het honderde waens en duisende burgers oor die vlakte in die rigting van Bulwana getrek. Genl.Botha was hoofsaaklik by die burgers wat die agterhoede gedek het teen 'n moontlike agtervolging van die vyand. Op baie burgers het die skielike wending van hulle lot 'n onmiskenbare invloed van ontredderdheid gehad en het hulle, kragberoofd en wankel, die voortou geneem in die terugtrekkende laerketting.[84)] Op die agterhoede, egter, was die manskappe meer selfversekerd. Hier was genl.Louis Botha se aanwesigheid en persoonlikheid 'n toonbeeld van moed en vasberadenheid en almal het met wonderlike ontsag na hom opgesien. Oor die hele linie heen het hy beweeg en probeer om die manne te besiel en was steeds gereed om sy 2,000 burgers en die artillerie teen die Engelse in te werp en hulle te wys dat die manne wat nou terugval nog dié was van Colenso en (Spioenkop. 85)

---

79) Leyds 718(a) 27/2/00 Nos.56,63,65; Preller, pp.112-113: The Times History..(III) p.542; Naude,pp.92-93: Nierstrasz(No.10) p.822.
80) Doyle, p.291.
81) Nierstrasz (No.10) p.823:
82) Leyds 718(a) 27/2/00 No.77 en 28/2/00 No.8.
83) Leyds 718(a) 28/2/00 No.12.
84) The Times History..(III)p.543.

van Colenso en Spioenkop.[85]

Die terugtog het meesterlik geskied. Alle lewensmiddele en voorrade sowel as die ammunisie en geskut en ook die gewondes is óf per ossewa oor Van Reenenspas gestuur óf per spoor na die noorde. Alles is veilig verby Ladysmith vervoer na die Biggarsberge waar 'n nuwe lyn van verdediging opgestel sou word.[86]

Sake het vinnig verloop. Reeds die 28ste het Dundonald se kavallerie-brigade by Botha se linkerflank verbygejaag om sonder weerstand Ladysmith binne te ruk alwaar hy jubelend begroet is deur die beleërdes en die 118-daagse beleg oor die dorp opgehef het.[87]

Eers drie dae later sou Sir Redvers Buller volg. "On March 3 Buller's army made its formal entry into Ladysmith, and the bronzed and service-begrimed battalions of the relieving force marched proudly through the streets lined by the haggard and emaciated garrison. It was a stirring moment, full of the pomp and circumstance of war; full also of its pathos, as men recognized old friends and comrades-in-arms, or looked vainly down the ranks for those whom they expected but whom they were destined not to see again.[88]

Die Britse totaalverlies in hulle vierde poging tot ontsetting van die dorp (15-27 Feb.) was inderdaad swaar: nie minder as 126 offisiere en 2,025 manskappe is gedood, gewond en vermis nie.[89] In hierdie selfde tyd het die Boere (volgens Alfred von Müller) 31 aan gesneuweldes en 130 aan gewondes verloor.[90] Hoeveel die Republieke daardeur gebaat het om vir 4 maande met hul sterkste mag hier om en in die omgewing van Ladysmith te lê, is 'n saak wat nie hier ter sake is nie. Hoe dit ook al sy, een ding is seker, en dit is dat daar nouliks getwyfel kan word oor watter kommando een van die dapperstes was en wat steeds gewillig was om dan hier en dan daar die een of ander lekplek in die gevegslinie te vul. Oral het die Krugersdorpers hulle onderskei. Nie alleen kon elke Transvaler nie, maar iedere Afrikaner trots wees op hierdie burgers wat die naam van hulle gryse president hooggehou het. Aan die Tugela was hulle 'n lewende borswering waarteen die vyand keer op keer die kop gestamp het, waarop (hy voortdurend... ...

85) Davitt, pp.380-381 en Leyds 718(b) 1/3/00 Nos.4,16 en 39.
86) Von Müller, p.188; Davitt pp.380-381, The Standard and Diggers' News 15/3/00 p.4 en Leyds 718(b) 1/3/00 No.39.
87) Von Müller p.189; Davitt, p.380.
88) The Times History..(III) p.548.vgl.ook: Sunday Times.26Feb.1950 p.20:"50 Years ago the 119 day Siege of Ladysmith was raised."
89) Nierstrasz (No.10) p.823.
90) Von Müller, p.190.

hy voortdurend sy heftige aanvalle gerig het en wie se Mausers sy geledere gedesimeer het. „Doch vele tenten zijn ledig, vele paarden loopen rond zonder eigenaar, vele van deze dappere mannen zijn in de strijd voor onafhanklikheid en recht gebleven. Mogen alle burgers het voorbeeld volgen van deze helden, dan zal geen Engels soldaat ooit een voet op Transvaalse bodem zetten," het 'De Volksstem' geskryf.[91] Die verlies van die bereidwillige Krugersdorpse kommando vanaf 14-27 Feb. was ontsettend. Op 7 Maart 1900 het veggenl.Sarel Oosthuizen aan die Krugersdorpse distrikslanddros 'n lys van die ongevalle gestuur waarin die name van die gesneuwelde, vermiste, gewonde en gevange burgers van elke wyk van Krugersdorp voorkom: Tesame het daar 22 gesneuwel, 18 is vermis, 44 gewond, terwyl 35 gevange geneem is. Vir baie was die slag ontmoedigend want nie minder as 28 nie, het van die front gedeserteer.[92]

Hoe dapper hulle ookal geveg het, het die Krugersdorpers hulle nie self bewierook nie: „...zij (vragen) niet lof en ere hiervoor, zij doen zulks in het belang van hun Land en Volk en nageslacht," het vkt.Kemp geskryf, „en het zou mij aangenaam wezen als wij allen lof en dank moeten brengen aan Hem die het lot aller volken en natien bestuurt en dat wij alleen door het geloof en vaste vertrouwen op Hem dapper kunnen strijden."[93]

As hulle offisier betoon hy sy erkentlikheid teenoor die dapperheid van sy burgers, en meegevoel met diegene wat bloedverwante verloor het: „Hoewel ons verlies groot en zwaar was de laatste dagen, vertrouwen wij toch dat de uitkomst nabu is en dat de vele opofferingen onzer dierbare burgers toch niet vergeefs zijn, maar tot heil van ons vaderland en voor ons gesclacht: Ene verzekering kan ik u geven, dat allen dapper streden tot hun laatste snik of tot ze gewond werden en het slagveld moesten verlaten. Onze posities werden voor een week zo gebombardeerd, dat het onmogelijk scheen die te houden, maar toch werd die door ons behouden tot de overmacht ons op die onvergetelike 27e dag van Februarie 1900 noodzaakte die te verlaten, alwaar 122 onzer buiten gevecht werden gesteld aan doden, gewonden en ook krijgsgevangenen, wier namen reeds ter informatie zijn opgezonden.

Ik kan u verder de verzekering geven dat al de burgers deelnemen in uwe verliezen; maar hoewel het hun die nog leven zwaar valt zo velen onder ons te missen, zijn zij nog vol moed de vijand te verslaan en leven nog allen in een vast vertrouwen op Hem die het lot aller volken en natien beslist.

Vertrouwende dat de Hemelse Vader u zal bijstaan, troosten en sterken,

heb ik de eer te zijn
U Ed's dw. dn.,
Jan Kemp.[94]

(Hoofstuk IV... ... ...

91) De Volksstem 20/3/00.
92) The Standard and Diggers'News 9/3/00 p.4 en ook 8/3/00 p.3: vgl.ook: K.G.361 (Krugersdorpse Minute)
93) De Volksstem 28/2/00.
94) De Volksstem 17/3/00.(Kemp se brief aan die families van gesneuwelde en gewonde burgers van Krugersdorp.)

# HOOFSTUK IV.

## DIE GROOT TERUGTOG.

Die lotgevalle van die Krugersdorp-kommando tydens die groot terugtog na die ontset van Kimberley, Ladysmith en Mafeking, en die opmars van die Engelse tot met die val van Pretoria (Junie 1900).

Op die Biggarsberge. Die Engelse het nie van die geleentheid gebruik gemaak om die terugtrekkende Boere na die opheffing van die beleg van Ladysmith te agtervolg en te verpletter nie. Sir Buller was blykbaar te haastig om reguit na Ladysmith te pyl en genl. George White te besig om 'n grootse militêre ontvangs vir sy verlosser te reël.[1)]

Ongehinderd is die federale magte op die Natalse front toegelaat om die Biggarsberg as vegslinie in te neem en te verskans.[2)] Al op genoemde berg langs, vanaf Sondagsrivierpoort tot aan Helpmekaar is stelling ingeneem. Gesien vanaf die hoogste kop van Biggarsberg, het die talryke laers onder aan die voet van die berg gelê - die Krugersdorpse laer o.a. aan die regterkant, met die kommando's van Germiston, Heidelberg en Boksburg ook op die regtervleuel, terwyl die ander kommando's verder af tot om Helpmekaar gelê het.[3)]

Sommige van die Boereleiers was tans oortuig daarvan dat die vyand nie gou weer met krag op die Natalse front sal aanval nie aangesien daar geen onmiddellike noodsaaklikheid voor bestaan het nie omdat Ladysmith ontset is. In die tweede plek was dit moontlik dat die vyand van sy troepe uit Natal sal onttrek om dan via die Kaapkolonie oor die suidelike gevegsfront na Bloemfontein deur te breek. In die laaste plek was die Engelse se kanse in Natal op die oomblik beslis nie so goed nadat die Boere hulle nuwe en beter posisies te Biggarsberg ingeneem het nie.

Bogenoemde redes het reeds vroeg in Maart ernstige oorweging by die Republieke se hoofkwartiere laat ontstaan of dit nie beter sou wees dat die magte by Bloemfontein en Veertienstrome versterk kon word deur burgers vanaf die Natalse front nie.[4)]

(As gevolg .. ..

1) Kemp, p.305. 2) Leyds 718 (c) 4/3/00 No.14
3) De Volksstem 20/3/99 & Naude p.95.
4) Leyds 718(c) 3/3/00 No.18 en 718(d) 5/3/00 No.55.

As gevolg van die koppigheid en weifelende houding van sommige offisiere sou die saak vir byna twee maande hangende bly sonder dat iets positiefs daaraan gedoen is. Teen hierdie tyd het die burgers wel weer kalmeer na die ontsettende slae aan die Tugela die vorige maand. Maar tog was hulle bewus van 'n gegronde vrees dat die vyand hulle nou-, na die oorgawe van Genl.Piet Cronje waardeur die Vrystaatse magte verswak is, - vanaf die Vrystaatse kant sal insluit.[5] Uit die staanspoor word egter niks gedoen om óf die Republikeinse magte voor Bloemfontein óf die by Veertienstrome teen die oprukkende vyand te versterk nie. Inteendeel, etlik kommando's van beide die Republieke lê rustig op die Biggarsberg want gedurende die twee maande wat die ontset van Ladysmith gevolg het, het daar 'n atmosfeer van algehele onaktiwiteit op die Natalse front gevolg: in Ladysmith het Buller geen beweging getoon nie; ook het die federale magte passief gebly.[6]

Die posisies wat die Boere op Biggarsberg ingeneem het, was oneindig veel sterker as dié wat hulle ooit voorheen gehad het. Dit was naamlik 'n natuurlike vesting wat met behulp van kanonne, meksims en Mausers 'n geweldige weerstand kon bied teen die hewigste aanval. Die verposing wat die vyand hulle gebied het, het die Boere dan ook benut om verskansinge vir burger en kanon te maak ten einde gereed te wees vir 'n moontlike komende stryd wat deels sou beslis oor die toekoms van Suid-Afrika. Bygestaan deur sy offisiere, genls.Lukas Meyer, Daniel Erasmus, Oosthuizen, e.a. het genl.Botha so ver moontlik die stellings sterker en geduchter gemaak.[7]

Intussen het die Presidente van beide die Republieke komdt.-genl.Joubert te Glencoe genader "omtrent het zenden van een flinke Transvaalse commando en een Vrystaats commando om hulp te verleenen en wel het Transvaals commando naar Veertienstromen en het Vrystaats commando naar het zuiden." [8] Nóg genl.Joubert nóg Hoofkomdt. Marthinus Prinsloo, hoof van die Vrystaatse magte in Natal, was te vind vir die voorstel. Eg. het aangevoer dat dit moeilik sou wees om 'n perdekommando op die been te bring vir die wesgrens te Veertienstrome, aangesien die perde te swak was. Lg. het beweer dat die

(Vrystaters.....

5) Leyds 718(c) 4/3/00 No.17.
6) The Times History(IV)pp.168-169; Naude, p.97; Kemp, p.319.
7) De Volksstem 20/3/00.
8) Leyds 718(d) 5/3/00 No.72 en 718(e) 7/3/00 No.2.

Vrystaters vyf passe moes bewaak en boonop was De Beerspas nog oop en as die Transvalers nie lg. pas kom verdedig nie, sou dit beteken dat die Vrystaters dit ook moet doen.[9]

Maar dit was te laat. Rondom Bloemfontein was sake uiters kritiek, die burgers het reeds hulle posisies opgegee en drie dae later (13 Maart) het Veldmaarskalk Lord Roberts die Vrystaatse hoofstad ingeneem.[10] Hierdie gebeurtenis was vir pres.Kruger ontsettend. Met sy geweldige oormag van voetsoldate en perderuiters sou die vyand dit nie moeilik vind om met geweld deur die Boerelinies te bars en binne betreklike kort tyd die Witwatersrand en miskien ook Pretoria in besit te neem nie. Nogeens het die president daarom 'n beroep op genl.Botha by Glencoe gemaak om inderhaas minstens 2,000 van sy beste burgers met goeie perde na Modderrivier te stuur om die vyand daar te help voorkeer.[11] Genl.Botha het ingewillig en daar is besluit dat die kommando's van Ermelo en Wakkerstroom na die Vrystaat sou gaan.[12]

Dit was egter nie daardie deel van die gevegsfront alleen wat om hulp en versterking geroep het nie. Vanaf die verre westergrens by Veertienstrome het asst.-genl.Sarel du Toit aan die staatspresident laat weet dat die Engelse deur die dorpie Boshof optrek na Rietvlei, twee-en-'n-halfuur te perd vanaf Veertienstrome. Met sy betreklik geringe mag het hy kans gesien om die Vaalrivier van lg. plek af te bewaak tot by Christiana, maar vandaar tot by Klerksdorp sou dit so te sê oop wees vir die vyand om enige plek deur te breek.[13] Te Veertienstrome self het die Britse bombardement steeds voortgeduur en daagliks moes genl.du Toit en sy burgers vyandelike aanvalle verduur.[14] Daar was selfs tekens dat die Engelse met 'n mag van 10,000 man deur die Vrystaat in die rigting van Christiana beweeg het om daar deur die rivier te gaan.[15] Terselfdertyd het die berig die Republikeinse outoriteite ter ore gekom dat Sir Charles Warren met sy hele divisie Natal verlaat het om na die westelike (front te gaan ... ...

9) Leyds 718(d) 6/3/00 Nos.15 en 47 en 718(f) 8/3/00 Nos.15,en 36; e 718(f) 9/3/00 Nos.54; 719(a) 10/3/00 Nos.48,61.
10) Leyds 719(b) 13/3/00 No.16.
11) Leyds 719(b) 13/3/00 No.44.
12) Leyds 719(b) 13/3/00 No.46, en 14/3/00 Nos.3 en 23.
13) Leyds 719(b) 14/3/00 No.22.
14) Leyds 719(d) 18/3/00 Nos.26,36: 19/3/00 No.74 en 719(e) 21/3/00, No.62.
15) Leyds 719(e) 21/3/00 No.61.

front te gaan om vandaar te opereer. Daar bestaan 'n gegronde vrees, het pres.Kruger aan genl.Botha te Glencoe laat weet dat die Engelse beoog om oor Boshoff en Hoopstad na Klerksdorp te trek en die Witwatersrand dan van die weste aan te val. Vanselfsprekend sou dit die federale operasies in die Oranje Vrystaat grootliks in die war bring en om dit te verhinder het die Regering dit menslik oeag dat 'n kommando oorgeplaas moet word na Klerksdorp of omgewing. Genl.Botha is derhalwe versoek om die saak noukeurig te oorweeg en dan 'n kommando uit Natal daarheen oor te stuur.[16 a.]

Onderwyl die seëpraal van die Britse wapens teen die federale magte voortduur, is lg. se teenspoed nog boonop bekroon deur 'n nasionale verlies: Kort na elf-uur die nag van 27 Maart het die gelui van die kerkklok op die Pretoriase plein die dood van komdt.-genl.Piet Joubert aangekondig.[16b] Die ontroerende mare is gou oorgedra na die verskillende gevegsfronte. Hoewel sy ongesteldheid (wat in Nov.1899 begin het) 'n nadelige uitwerking op die militêre bedrywighede - veral in Natal - gehad het, ("Kränkelnde und leidende Menschen sind eben mangelhafte Soldaten und noch mangelhaftere Führer!") [17] het sy heengaan die ganse nasionale lewe van die Republieke tot in die fondamente geroer en het dit 'n volk roubedrywend nagelaat.

Die onaktiwiteit van die kommando's op die Natalse front het die staatspresident nie alleen gehinder nie, maar ook het hy besef dat dit vir die saak waarvoor geveg word besonder nadelig is - te meer daar die vyand hom uitrus, versterk en nuwe troepe aanvoer. Hy het daarom die offisiere by Glencoe opgedra om 'n plan te beraam om die vyand aan te val en terug te dryf. Daardeur sou die Engelse verplig wees om meer troepe na Natal te voer en nie hulle magte so erg versamel in die Vrystaat en te Veertienstrome nie. Doen hulle dit nie, sou hy verplig wees om nog kommandantskappe uit Natal weg te roep en te stasioneer op terreine waar die gevaar dreig.[18] Ook het genl.J.H.De la Rey, wat intussen aangestel is as hoofaanvoerder van die Boere op die westergrens,[19] genl.Botha versoek om minstens (2,000 man ... ...

16a) Leyds 719(e) 21/3/00 No.30.
16b) De Volksstem 28/3/00; Naude, p.99. 17) Von Müller, p.221.
18) Leyds 721(a) 7/4/00 No.23.
19) Leyds 7??(c) 26/3/00 No.68.

2,000 man van Natal na Veertienstrome te stuur aangesien genl. Sarel du Toit se mag aldaar slegs 2,000 man sterk is.[20] Genl. Botha het egter nie kans gesien om van sy ses - tot sewe-duisend man aan De la Rey af te staan nie,[21] en ook het genl. Lukas Meyer gereken dat dit onverstandig sou wees aangesien die vyand in Natal nog sterk is.[22a]

Pres. Kruger se versoek dat die militêre owerhede in Natal handelend moet optree, het 'n gunstige uitwerking gehad. Die aand van die 9de April het genl. Meyer met die kommandantskappe van Krugersdorp, Middelburg, Utrecht en Swaziland vanaf Glencoe na die Sondagsrivier vertrek en die volgende dag daar aangekom. Hier die kommando's het die linkervleuel gevorm, genl. Erasmus die sentrum en veggenl. Fourie die regtervleuel. Dit het dadelik geblyk dat die vyandelike kampe so geleë en so gefortifiseer is dat daar nie die minste kans was om dit te nader en die Mausers daarteen te gebruik nie. Derhalwe is besluit om die vyand te bombardeer,- wat dan ook die hele dag voortgeduur het tot na sononder en wat goed deur die vyand beantwoord is - egter sonder enige ongevalle aan die Boere se kant.

Op voorstel van genls. Botha en Erasmus het Lukas Meyer met sy kommando's effens teruggetrek en is die Utrecht- en Swazilandkommando's verder langs die Sondagsrivier afgestuur om vyandelike bedrywighede aldaar te bespied. Niks is gevind nie. Die oggend van die 11de het hy verkenningspatrollies uitgestuur en kort daarna is rapport ontvang dat die vyand die posisies op die vlakte van Elandslaagte verlaat het. Dadelik het hy met die kommandantskappe Krugersdorp en Middelburg daarheen opgeruk maar gevind dat die vyand reeds enige myle van die vorige posisies teruggetrek het. Vanaf 'n koppie wat die vorige dag in besit van die vyand was, het hy daarop die ou kamp en fortifikasies waar nog enkele vyandelike groepe hulle verskuil het, met die Franse kanon laat beskiet. Sonder enige weerstand het die Engelse gevlug. Dieselfde nag het die kommando's weer na Glencoe teruggekeer.[22b] (Van die ... ...

20) Leyds 721(b) 8/4/00 No.11.
21) Ibid No. 36.
22a) Leyds 721(a) 7/4/00 No.38.
22b) SS.2427 R.498 (12/4/00): Leyds 721(d) 12/4/00 No.21: The Standard and Diggers' News 12 en 13 April 1900. p.3, en Scheibert, p.353.

<u>Van die Oosfront na die Wesfront.</u> Die aandeel van die Krugersdorpse kommando aan die stryd op die Natalse front het hiermee afgeloop. Die Krugersdorpers se onmisbare teenwoordigheid sou weereens vereis word op plekke waar die bedreigde Republiek beter diens van hulle kon ontvang, waar die gevaar op die oomblik groter gedreig en heviger gevegte gewoed het.

Toestande het daagliks ernstiger geword te Veertienstrome. Die vyand het groter en groter leërafdelings aldaar gekonsentreer waarteen die Republieke se magte op die wesgrens nie kon standhou nie. Onder hierdie omstandighede was Sy Hoogedele die President en die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaansche Republiek genoodsaak om komdt genl.Botha op te dra om die Krugersdorpse kommando onmiddellik na Veertienstrome te stuur. Hulle besef terdeë dat die kommandantskap in Natal nouliks ontbeer kan word maar sien geen ander uitweg om die vyand te belet om oor die Republiek se grense te kom nie.[23] Genl. Lukas Meyer, onder wie die Krugersdorpers van die begin van die oorlog getrou gedien het, kon „niet begrypen dat wij steeds van hier versterkingen moeten zenden en dat nogal een van de beste en gehoorzaamste commando's. Indien de Krugersdorp commando moet opgaan, die alreeds zoolang aan mij gewoond is en ik aan hen, dan is een aanval buiten de kwestie."[24]

'n Paar dae vroeër het daar in die Krugersdorpse laer 'n verkiesing plaasgevind. Komdt.F.J.Potgieter was nog in die hospitaal weens wonde opgedoen te Pietershoogte, terwyl wnd.komdt.Sarel Oosthuizen tot veggeneraal bevorder is en toe juis met verlof in Krugersdorp was. 'n Waarnemende kommandant moes dus gekies word en die keuse het gelê tussen vkte. J.M.van Wyk en J.C.G.Kemp. Die uitslag was ten gunste van eersgenoemde: „ De heer Johannes van Wijk is nu waarnemende kommandant der Krugersdorpers. Hij spreekt veel over de flinke houding en onverschrokkenheid zijner manschappen en ziet er kapitaal flink en zeer opgeruimd uit. De geachte kommandant heeft het benijdenwaardige voorrecht van zijn geachte vrouw op een kuier te hebben."[25]

Aan Oosthuizen wat toe met 'n aantal burgers in Krugersdorp met verlof was, is opdrag gegee om almal onmiddellik op te roep en (op Donderdag ... ...

23) Leyds 721(e) 14/4/00 No.31.
24) Ibid No.55.
25) De Volksstem 10/4/00.

op Donderdag 19 April per spesiale trein na Klerksdorp te reis en vandaar te perd na Veertienstrome om hom daar aan te meld by asst.-genl.Sarel du Toit. Die burgers wat van Glencoe(Natal) kom, sou dan sodra hulle in Krugersdorp kom, 'n paar dae verlof kry om huis toe te gaan alvorens hulle die volgende Maandag (23 April) sou afreis na die wesfront.[26)]

Dit het moeilik gegaan om genl.Meyer te oorreed om die Krugersdorpers van die Natalse front weg te stuur. Dit was die kommando met die betroubaarste offisiere, het hy verklaar, „en wanneer Krugersdorp hier moet weggaan, waardoor dan ons uitgestrekte posisies zeer verzwakt worden," sal hy gedwing word om posisies op te gee en sal dan daarvoor geblameer word. Dit is nie dat hy hulp weier nie, maar aan die anderkant is dit net so onverstandig „ons voordeur voor de vyand goed te bewaken en de achterdeur open doen."[27)] Eindelik het hy ingestem nadat genl.Botha hom daarop gewys het dat dit vir die Krugersdorpers self beter sou wees om na die wesgrens te gaan aangesien dit nader aan hulle eie distrik is en hulle hulle families en besitting makliker kan beskerm indien die vyand oor die grens deurbreek. Hulle is in elk geval die geskikste kommando en hoe moeilik dit ookal is om sonder hulle klaar te kom is dit dringend en in die hoogste belang dat hulle sonder versuim na die wesgrens moet gaan.[28)] Ook moes die president genl.Meyer finaal opdrag gee om onmiddellik gehoor te gee aan sy dringende bevel.[29)]

Op 15 April het genl.Meyer die staatsekretaris asook veggenl. Oosthuizen te Krugersdorp in kennis gestel dat die gevraagde kommando die volgende môre om tien-uur van Glencoe na Krugersdorp vertrek. Hy vestig die staatsekretaris se aandag daarop dat baie burgers sonder perd of saal is en versoek dat die Proviandkommissie dit te Krugersdorp aan hulle sal lewer.[30)]

Die 16de April het 900 Krugersdorpse burgers Natal verlaat.[31] Dit was 'n pragtige landskap wat hulle nou moes vaarwel toeroep[32)] om hulle onafhanklikheid te gaan verdedig in die eentoniger vlaktes van suidwes-Transvaal. Aangesien ook wnd.komdt.J.M.van Wyk toe met (verlof in ... ...

---

26) Argief Krugersdorp: Landdrost Briewe- en Telegramboek No.3,p.93; Leyds 721(e) 14/4/00 No.15 en 16/4/00 No.36.

27) Leyds 721(e) 15/4/00 No.21. 28) Ibid.Nos.26 en 33.

29) Ibid. No.32. 30) Ibid.Nos.38,39,41.

31) Leyds 721(e) 16/4/00 Nos.3,5.

32) The Standard and Diggers' News 9/5/1900 p.4 (Beskrywing van die Natalse landskap.

verlof in Krugersdorp was, het Kemp sy plek in waarnemende hoedanigheid as kommandant gevul.[33] Van pres.Kruger het Kemp berig ontvang dat hierdie 900 burgers tot Maandag 23 April verlof het, maar dat hulle daardie môre vroeg om vyf-uur die spesiale trein na Klerksdorp moet haal om nog dieselfde dag vandaar na Veertienstrome te gaan.[34]

Te Krugersdorp aangekom, het die offisiere en die landdros alles in hulle vermoë gedoen om die burgers van die nodige te voorsie Daar was o.a. 30 trolliewaens en 400 perde met saals en tooms nodig. Dit was veral nodig daar die kommando net tot op Klerksdorp per trein en daarvandaan te perd moes reis.[35] Ter bewapening van die burgers het die landdros aansoek gedoen om 'n hoeveelheid Mauserpatrone, terwyl die veldkornet moes toesien dat daar voldoende waens, perde en tente vir die burgers was. Daarbenewens is 'n voorskot van £854 gegee vir die aankoop van perde vir die Krugersdorpse kommando.[36]

Intussen het veggenl.Sarel Oosthuizen alle burgers wie se verloftyd verstreke was opgekommandeer.[37] Maar die feit dat die groot kommando vanuit Natal eers die 23ste na Veertienstrome sou vertrek, het blykbaar veroorsaak dat Oosthuizen baie burgers wat reeds in die distrik was, nie kon opspoor om op Donderdag die 19de al (volgens die President se instruksies) te vertrek nie. Uit die 150 burgers wat in die distrik met verlof was het hy slegs met 20 die 20ste April in Klerksdorp aangekom.[38] In opdrag van die president het wnd.landdros onder D.J.Naude die saak gou ondersoek en daar is gevind dat die misverstand gekom het met 'n verkeerde interpretasie van sommige burgers se verlofbriewe. Die probleem is gou opgelos, alle verlof is teruggetrek en die landdros het die president in kennis gestel dat alle burgers sonder onderskeid op Maandag 23 April soos volg sal

vertrek: Wyk No.3 5 vm.
Wyk No.1 10 vm. en
Wyk No.2 2 nm.[39]

In Veertienstrome het genl.Du Toit nog steeds die hewigste bombardement ondervind en het hy verlangend uitgesien na die koms van die Krugersdorpers.... ..

33) Naude, p.101.
34) Leyds 721(e) 16/4/1900 No.41.
35) Leyds 721(f) 18/4/00 No.17.
36) Argief Krugersdorp: Landdros Briewe- en Telegramboek No.3.pp.105 (106 en 109.
37) Leyds 721(e) 16/4/00 No.30 en 35.
38) Leyds 721(f) 19/4/00 No.20 en 20/4/00 No.3.
39) Argief Krugersdorp: Landdros Briewe en Telegramboek No.3 pp.124-126; en Leyds 722(a) 21/4/00 No.29.

die Krugersdorpers. Daarom het pres.Kruger bevel gegee dat veral die perderuiters en 'n paar waens met die eerste trein na Klerksdorp moet gaan en vandaar dag en nag opruk na genl.Du Toit. Die erns van die saak het dit genoodsaak.[40]

Om 11.15 die volgende môre (23 April) het die landdros aan die staatspresident getelegrafeer dat die eerste trein met burgers reeds vertrek het; die ander sou nog dieselfde dag volg.[41] Die 24ste het die burgers in hulle verskeie afdelings Klerksdorp bereik en kon die landdros aldaar die regering berig dat die meeste Krugersdorpers dieselfde aand daar aangekom het. Komdt. Van Wyk sou die volgende môre met die perdekommando na Veertienstrome vertrek. Veggenl.Oosthuizen is die vorige dag reeds met die voorste burgers deur Wolmaransstad,[42] en het op Saterdag 28 April om 2.30 in Veertienstrome aangekom.[43] Onder gedurige aansporing van hulle president het die Krugersdorpse hoofkommando onder Van Wyk en Kemp die 27ste April deur Wolmaransstad[44] en drie dae later deur Bloemhof getrek[45] om die 2de Mei om 10.15 in Christiana te arriveer.[46] Kort hierna het hulle Veertienstrome bereik.[47]

Dit was gedurende hierdie selfde tyd dat Veldmaarskalk Lord Roberts gereed gestaan het om sy beroemde mars vanaf Bloemfontein noordwaarts deur die Vrystaat te begin.[48] Met 'n geweldige sterk mag van tussen 40- en 50 duisend man wat uitgestrek het vanaf Kimberley in die weste tot Natal in die ooste sou hy noordwaarts oor die Vrystaatse vlaktes beweeg. Die sentrum was sterk en solied, terwyl die mobile flanke aan die linker- en regterkant kon rondbeweeg en die vyand vasopen soos met genl.Cronje gebeur het te Paardeberg. Pretoria was die eindbestemming en geleidelik sou die horings op die punte nouer sluit na gelang die Z.A.R.se hoofstad genader word.[49] Die Britse veldmaarskalk het sukses gehad. Tevergeefs het genls. De la Rey en Botha en pres. Steyn die burgers probeer bemoedig om (die Engelse vloed.....

40) Leyds 722(a)22/4/00 Nos.35 en 39.
41) Leyds 722(b)23/4/00 No.19: Naude, p.102.
42) Leyds 722(b) 24/4/00 Nos.31 en 81.
43) Leyds 722(d) 28/4/00 No.23.
44) Leyds 722(d) 27/4/00 No.103.
45) Leyds 722(e) 30/4/00 No.55.
46) Leyds 722(f) 2/5/00 No.18.
47) Naude, p.102.
48) The Times History..(IV)p.169.
49) The Times History(IV) p.86; en Doyle, pp.424-425.

die Engelse vloed oor die Oranje Vrystaat terug te hou. "In vain. That haunting spectre of Paardeberg was ever present to the yes of the hitherto resolute men who had so frequently fought and beaten England's best troops. Their only thought seemed to be to retire behind the broad and deep shelter of the Vaal River." 50) Op 12 Mei was die Engelse reeds in Kroonstad - halfpad op hulle weg na Pretoria, 51) terwyl genl. Buller nou op die oosfront ook beweging getoon het deur die Boere terug te dryf en te vorder tot by Glencoe en Dundee. (2-16 Mei) 52)

Op die wesfront rondom Veertienstrome het dit beslis nie beter gegaan met die federale magte nie. Roberts se groot begeerte was dat Mafeking nou ontset moet word en dit sou outomaties makliker gemaak word deur dreigende bewegings uit te voer teen Veertienstrome en Hoopstad. 53) Die gevegslinie aan die Vaalrivier rondom en in die omgewing van Veertienstrome is vanaf Christiana tot suid van Windsorten verdedig deur kommando's wat onder opperbevel van asst.-genl. Sarel du Toit gestaan het en hy is bygestaan deur asst.-genl. Liebenberg (Grikwaland-Wes- en Betsjoeanaland-kommando's), asst.-genl. Andries Cronjé en komdte. Celliers en Potgieter, lg. twee van Lichtenburg en Wolmaransstad onderskeidelik. Tesame was hier ongeveer 2,000 Boere wat nou deur die Krugersdorpers van meer as 900 burgers onder veggenl. Sarel Oosthuizen versterk is. 54) Tot voor die aankoms van lg. kommando moes die wes-Transvaalse burgers nog voortdurend die swaar bombardement van die Engelse onder aanvoering van genl. Paget hier te Veertienstrome beleef, maar die Grikwalanders onder hulle komdt., Van Aswegen, het tog daarin geslaag om die vyand teru te hou.

Die 4de Mei is die Krugersdorpers onder veggenl. Oosthuizen na Kalmberg, tussen die Harts-en die Vaalrivier, gestuur. Dit is ongeveer drie-en-'n-half myl vanaf Veertienstrome en is die eintlike plek waar die slag plaasvind. 56) Die volgende paar dae sou die botsing hoofsaaklik wees teen dié Britse troepe wat ter ontsetting van Mafeking vanaf Kimberley via Veertienstrome sou marsjeer.

Lt. genl. Hunter het reeds op die 21ste April in Kimberley (aangekom en ... ...

50) Davitt, p.434. 51) Ibid. en Doyle, p.428.
52) The Times History..(IV)pp.169-177.
53) Ibid. p.215.
54) Nierstrasz (No.11) p.897, en The Times History(IV)p.216.
55) Nierstrasz (No.11) p.902.
56) Leyds 723(a) 4/5/00 Nos.78 en 102; Naude, p.102.

aangekom en in opdrag van Lord Roberts het hy 'n ontsettingsleër onder kol. B.T.Mahon georganiseer en op 4 Mei was lg.gereed om vanaf Barkly-Wes te vertrek.[57] Verder moes die Boere rekening hou met die magte van Lord Methuen noord van Boshoff, met dié van Sir Charles Warren wat hier aan die Oranjerivier teen die westelike rebelle sou opereer en Sir Charles Parsons aan wie die verdediging van die spoorweg noord van die Oranjerivier opgedra is.[58]

Op 4 Mei het lt-genl.Hunter die Vaalrivierstellinge van die Boere te Windsorten met krag aangegrwp met die doel om Griekwaland-Wes se magte onder komdt.Van Aswegen, bygestaan deur 'n klein Krugersdorpse afdeling wat te Roodam op die regter-oewer van die rivier posisie ingeneem het, terug te dryf.[59] Die geveg het nie lank geduur nie, en na dappere weerstand moes die Boere terugwyk, waarop die drif teenoor Windsorten deur die Engelse beset is. 'n Bataljon van Barton se 6de brigade het dadelik oorgegaan na die regteroewer van die Vaal en is later gevolg deur die orige afdelings van die Britse linkerflank. Die regtervleuel onder genl.Paget het die Veertienstroomse stellinge heftig gebombardeer en 'n onophoudelike geveg volgehou. Terwyl Hunter die Boere aldus besiggehou het, het die vir die ontset van Mafeking voorbeskikte vlugkolonne onder lt.-kol.Mahon in sy opmars vanaf Barkly-Wes ook hier verskyn. Mahon se leër-afdeling het 900 uitmuntende berede man getel, geneem uit verskeie korpse (die Imperial Light Horse, Kimberley Light Horse, Diamond Field Horse, Cape Police en Imperial Yeomanry), 100 uitgesoekte Fusiliere van Barton se 6de Brigade as konvooi-geleide, verder 4 geskut van die "M"Battery Royal Horse Artillery, 2 Vickermeksimkanonne en enige masjiengewere. Die konvooi het bestaan uit 52 ligte waens, elk met 10 muile bespan en het rantsoene vir 16 dae asook medisyne, ens. vir Mafeking meegevoer.

Op die berig dat Hunter te Windsorten by komdt. Van Aswegen deurgebreek het, het genl.Liebenberg nog dieselfde aand met nog 200 (Krugersdorpers ... ...

57) The Times History(IV) p.216.
58) Ibid. p.217.
59) Ibid. en Nierstrasz (No.11) p.903.

Krugersdorpers onder veggnl. Oosthuizen en 175 Lichtenburgers onder komdt. Vermaas vanaf die Veertienstroomse-stellinge na Windsorten afgetrek.[60]

Genls. Liebenberg en Oosthuizen het hulle met komdt. Van Aswegen verenig en by Rooidam noord van Windsorten in 'n reeks koppies en aaneengeskakelde rande wat van noord-wes na suid-oos vir ongeveer twee-en-'n-half myl loop, posisie ingeneem. Op die regtervleuel het Oosthuizen met die Krugersdorpers gestaan, Liebenberg met die Grikwalanders in die sentrum, en links komdt. Vermaas met die Lichtenburgers Hier het die ongeveer 600 Boere oor slegs een Krupp-veldkanon en 'n Vicker-meksimkanon beskik.[61]

Weereens het 'n hewige kanonvuur die geveg ingelui en dit was duidelik dat dit die vyand se doel was om by Veertienstrome deur te breek ten einde daarvandaan na Mafeking te kan opruk.[62] In die eerste voormiddagure het Hunter teen die stellings opgeruk. Die aanval is onderneem deur Barton se Fusilier Brigade ondersteun deur die Imperial Yeomanry. Die Boere het onmiddellik 'n fluitende kruisvuur op die voorste Fusiliere geopen en het ook die Vickermeksim in aksie gebring sodat die Britte na verskeie vergeefse pogings om die Boere uit hulle posisies uit te dryf, weer moes terugtrek. Enkele oomblikke later loods Hunter egter 'n volgende en wyer uitgestrekte aanval. Onder doeltreffende dekking van die kanonvuur het die Engelse infanterie nou in vinniger pas teen die taaie verdediging van hulle teenstanders voortgeruk en die heuwels tussen Kalmberg en die sentrum van die Boerestellings met betreklik geringe verliese oormeester. 'n Veldbattery en enige Vicker-meksims word hierop geplaas asook 'n tweede veldbattery suid van die posisies van die Krugersdorpers.[63] Nou dat die burgers etlike stellings verlaat het, het sake baie ernstig geword. Veertienstrome is daardeur in groot gevaar gestel - veral daar die getalsterker vyand uit verskillende rigtings kon aanval.[64]

(Onder die ... ...

---

60) Nierstrasz (No.11) p.903: The Times History..(IV) p.217; Von Müller, pp.250-251.
61) Nierstrasz (No.11) p.904; The Times History..(IV) p.217:
62) Leyds 723(c) 5/5/00 Nos.42,46,53.
63) Nierstrasz (No.11) p.904; The Times History..(IV) p.218.
64) Leyds 723(c) 5/5/00 No.60.

Onder die gebulder van die kanonne op die heuwels het twee bataljons van die 6de Brigade 'n frontale aanval teen die Boere hernu terwyl ± 1,800 man van die Yeomanry en berede infanterie 'n omvleuelingsbeweging teen die regtervleuel van genl. Liebenberg uitvoer. Herhaalde male is die Mounted Infantry en Yeomanry teruggeskiet maar spoedig het die hewig ontbrande frontale geveg die Boere se volle aandag vereis en kon die troepe aan wie die omvleuelingsbeweging opgedra is, geleidelik om die Boere se regterflank voortbeweeg. Intussen is die geskiet van die Krupp deur die skerp vuur van die vyandelike batterye tot swye gebring. Die vicker-meksim het nog af en toe geantwoord sodat die burgers tans hoofsaaklik op hulle Mausers staatgemaak het. Tot om drie-uur namiddag het Hunter in sy frontale aanval weinig vordering gemaak. Op hierdie oomblik egter, verskyn sy berede troepe op die flank in die rug van die Boere en het Barton se Fusiliere onmiddellik tot 'n stormaanval laat oorgaan. Die burgermagte is genoodsaak om te wyk en teen vier-uur het die vyand die stellings beset.

Onderwyl die geveg voortgeduur het, het Kol. Mahon met sy vlugkolonne by Spitskop aangekom en kon vandaar of die botsing gadeslaan. Toe die Boere retireer, stuur hy dadelik sy Imperial Light Horse en artillerie uit om die Imperial Yeomanry te steun in hulle poging om eersgenoemde die terugtog af te sny, maar dit was sonder sukses. Die Boere het in die rigting van Veertienstrome teruggeval, vir 'n paar myl nog steeds agtervolg deur die Imperial Yeomanry wat egter nie kontak kon maak met die retirerende burgers nie. Die Engelse het met hierdie geveg 52 man aan gesneuweldes en gewondes verloor en die Boere 31, waaronder ook komdt. Van Aswegen en twee van sy seuns. Ook het enige Krugersdorpers die lewe hier ingeskiet.[65]

Die volgende dag het die Engelse onder Paget reg op Veertienstrome afgetrek en genl. Du Toit se stelling aldaar onder 'n verskriklike bombardement gesteek.[66] Met sterk afdelings het Hunter aan die regteroewer van die Vaalrivier stroomop beweeg en het nog hier en daar skermutselinge gehad met die agterhoede van (die retirerende ... ...

65) Nierstrasz (No.11) p.904; The Times History..(IV) p.218 en Naude, p.102.
66) Leyds 723(c) 6/5/00 No.46.

die retirerende Boerekommando. Siende dat hulle nie sou kon weerstand bied teen die aanbruisende oormag van die vyand nie, is daar gou 'n krygsraad gehou onder voorsitterskap van genl. Du Toit waartydens besluit is om Veertienstrome te ontruim. Om 5.30 die namiddag was die vyand in besit daarvan. Nou was die verskillende kommando's baie uitmekaar en oral rond versprei, maar het tog later in verskeie afdelings in 'n oostelike rigting op Christiana en Bloemhof teruggeval, terwyl Paget se Brigade die Vaalrivier oorgaan en met Hunter verenig.[67]

Vir Mahon se ontsettingsleër was die weg na Mafeking nou oop en kon hy voorlopig onbelemmerd noordwaarts langs die Hartsrivier op beweeg.[68]

Die verskillende kommando's was nou soos volg versprei: genl. Andries Cronje was met 'n gedeelte van sy kommando op Biesieslaagte terwyl die ander deel nog aan die oorkant van die Vaal was. Veggenl. Sarel Oosthuizen was met die Krugersdorpers op die plaas van 'n sekere Marais - halfweg tussen die spoorweg na die noorde en die Vaalrivier en die kommando's van Lichtenburg en Wolmaransstad onder komdt. Potgieter 'n endjie nader aan die spoor.[69]

Veggenl. Sarel Oosthuizen was 'n wakker krygsman wat die belange van sowel sy burgers as die van die Republiek op sy hart gedra het. Dit was vir hom voor die handliggend dat dit onnodige ammunisieverspilling asook kosbare menselewens sou eis om die getalsterker Engelse op hierdie, vir hulle gunstige en vir die burgers ongunstiger terrein aan te durf. Vanaf Biesieslaagte (waar die Krugersdorpers hulle ook nou teen 13 Mei bevind) deel hy die staatspresident die volgende mee: „Zooals wij gelegen zijn hier met de Krugersdorp-commando strekt zich voor ons uit een onafzienbare golvende vlakte- bedekt hier en daar met het welbekende vaal boschje dat verberging maar geen beschutting bied. Sloten zooals door de natuur uitgewasschen die een natuurlijken bescherming voor onze voetgangers zouden kunnen aanbieden zijn hier niet, even min als klinkopjes of verhevenheden waar men een kanon zou kunnen plaatsen om den indringenden vijand terug te stooten zonder de plaats vanwaar het projectiel wordt uitgeworpen, te verraden. Ik vraag U Hoog Ed. een directe vraag en ik voel mij onder omstandigheden gedwongen om zulks te doen, want is het niet, dat wij hier zijn een nutteloos verwijlen op een plek, maar wij zelfs met den volsten bijstand onzer voetgangers in sloten en schansen toch (niet met den meesten ... ..

67). Leyds 723(c) 6/5/00 os.64 en 68: Nierstrasz (No.11) p.905: The Times History..(IV) p.218 en Von Müller, pp.250-251.
68) The Times History..(IV) p.218.
69) Leyds 723(d) 7/5/00 No.84.

niet met den meesten mannenmoed zouden in staat zijn om onze stellingen te handhaven en boven den gevaar loopen afgesneden te worden in gemeenschap met andere commandos. God weet dat het klompje menschen dat hier vergaderd is van wyk 1, 2 en 3 klaar was en nog is om voor de dierbare vryheid van ons land goed en bloed op te offeren. Zij hebben zulks bewezen in Natal, zij zullen het weer toonen hier in Transvaal, maar H.Ed.heer geef onze strydmacht een kans, laat ons niet langer als het punteer-wigge in het midden der vijand in steken, maar een positie bekleden waar paardenruiter en voetganger gelyke kans hebben en op gelyken voet met een en hetzelfde commando schouder aan schouder staan voor des lands onkrenkbaar onafhankelijkheid.... Met het oog op de bezitting van Kroonstad en het terugtrekken onzer burgers op Vredefort waardoor de vyand te eniger tyd Vaalrivier kan doortrekken en ons afsnyden, verzoeken wy U ook met de oog op de bewegingen in Britsche Betsjoeanaland, zoodanige positie in te nemen die met overleg myner officieren ons het best toeschynen om den indringenden vyand te keeren." 70)

Oosthuizen het ook die landdros van Krugersdorp opgedra om alle burgers wat enigsins vir kommandodiens geskik is, voor die voet op te kommandeer, asook alle orige kommissielede wat onnodig is, en hulle na kommando te stuur. 71) Hierop is flink gereageer: die landdros het onmiddellik 'n kommissie benoem, bestaande uit drie lede: J.A.Burger (mynkommissaris), S.S.Kock (Pasuitdeler) en J.J. van Zyl (Luitenant) om burgers op te kommandeer en perde en saals aan te koop. 72) Van die regering het die landdros £3,000 ontvang vir die aankoop van proviand vir die kommando. 73)

Op sy skrywe aan die staatspresident het lg. Oosthuizen geantwoord dat hy besig is om met genl. De la Rey te onderhandel om te sien watter lyn op die wesgrens die beste sal wees waar die Boeremag bymekaar kan kom. Oosthuizen self moet intussen spioene uitstuur, sodat wanneer die vyand opruk, hy hom in sy trek kan aanval. Verder moet die voetgangers van die kommando voorlopig in die rigting van Maquassi beweeg. Die perdekommando moet voorsenog agtergehou word om die voetgangers en families te beskerm. 74)

In die ver-weste het die operasies rondom Mafeking teen die middel van Meimaand alle aandag getrek. Mahon het sy opmars na die beleërde dorp vinnig voortgesit. Die 13de Mei het hy 'n afdeling Boere by Koedoesrand verslaan en hulle poging om sy weg na Mafeking te stuit aldus verydel, waarop hy verder noordwaarts beweeg het. 75) Die volgende dag het genl. De la Rey wat aangestel is as opperbevelhebber oor die Boeremagte aan die westergrens 76) (in die plek van (Sarel du Toit ... ...

70) Leyds 724(b) 13/5/00 No.44.
71) Argief Krugersdorp: Landdros- Briewe-en Telegramboek No.3.p.223
72) Ibid. p.235. 73) Ibid. p.238.
74) Leyds 724(b) 13/5/00 no.64.
75) The Times History.(IV) p.218: Leyds 724(c) 14/5/00 No.56.
76) Leyds 723(e) 9/5/00 No. 93

Sarel du Toit) voor Mafeking aangekom en die bevel oor die daarstaande kommando's van ongeveer 2,000 burgers oorgeneem. Origens was daar ook vyf kanonne en twee pom-poms. Genl. De la Rey het sy mag aan weerskante van die Molopo-rivier, sowat 8 myl wes van Mafeking, laat posisie inneem met sy sentrum te Israel's Farm.[77]

Van die oostekant het komdt. Eloff ('n kleinseun van die president) met ongeveer 100 man 'n desperate poging aangewend om Mafeking te verower. Hy vorder tot by die Polisie-kwartiere maar is daar helaas met al sy volgelinge gevange geneem.[78] Vanaf die Molopo het genls. De la Rey en Liebenberg oor Rietfontein teen Mafeking opgeruk om hulle finaal te weer teen die Engelse se poging om die dorp in te kom. Die oorgrote meerderheid van die Britse magte in die weste het egter saamgesoan onder Plumer en Mahon en in 'n gesamentlike opmars teen De la Rey moes lg. se burgermag terugval. Aldus is Mafeking die 17de Mei ontset en dieselfde dag het Plumer en Mahon die dorp ingery.[79]

Aan lg. bedrywighede rondom Mafeking het die Krugersdorpse kommando nie deelgeneem nie. Teen hierdie tyd het die Britse Veldmaarskalk naamlik sy finale skema om Pretoria uiteindelik te verower, gereed gehad en al die troepe wat aan die onderneming moes deelneem, het feitlik in 'n lyn gelê vanaf Ladysmith tot by Kimberley. Vanaf Kimberley moes Hunter se linkerflank van 10,000 man en 18 kanonne deur Veertienstrome marsjeer en die Z.A.R. vanuit die weste inval. Lord Methuen sou met 10,000 man en 26 kanonne reguit deur Boshoff en Hoopstad beweeg en gereed wees om óf die Vaalrivier teenoor Klerksdorp of Potchefstroom deur te trek om Hunter te steun óf naderskuif na Roberts op die hooflyn. Op die uiterste regtervleuel in Natal was genl. Buller met 'n leër wat die grootste was onder een bevel in Suid-Afrika: 45,000 man en 119 kanonne. In die middel het Roberts se mag op die spoorweg langs beweeg. Die groot Engelse opmars teen die hoofstad sou buitengewoon voorspoedig blyk te wees.[80]

(Dit was ... ...

77) The Times History..(IV) p.220; Nierstrasz (No.11) p.911.
78) The Times History..(IV)pp.594-596; Nierstrasz (No.11) p. 910.
79) The Times History..(IV) p.221; Nierstrasz (No.11) p.912.
80) The Times History..(IV) p.86.

Dit was juis ongeveer teen die 13de Mei dat Metheun se troepemag sterk bewegings in die rigting van Klerksdorp en Venterskroon getoon het, en indien hulle daarin sou slaag om die Vaalrivier daar oor te steek, sou die Transvaalse Republiek in twee gesny word. Om dit te verhinder het pres.Kruger en genl.De la Rey in 'n draadgesprek met mekaar ooreengekom om 'n kommando in daardie rigting te stuur. Die keuse het weereens op die getroue Krugersdorpse kommando geval en hulle sou deur die Johannesburgse Polisie vergesel word. Die staatspresident het veggenl.Sarel Oosthuizen persoonlik in kennis gestel om dag en nag op te ruk na die ou drif waardeur die pad van Potchefstroom na Kroonstad gaan ten einde die vyand daar voor te keer. Die kommando moet so trek dat die perde nie uitgeput raak nie en oppad moet daar osse gehuur word om die waens tot verligting van die muile te trek.[81)]

Om 2 uur nm. die 14de Mei het die Krugersdorpers Biesieslaagte verlaat en het nog dieselfde dag in Christiana aangekom.[82)] Die volgende dag is die reis voortgesit na Bloemhof alwaar Oosthuizen van die president berig ontvang dat hulle na Wolmaransstad moet gaan om die driwwe in die rivier in daardie omgewing te beset. Hy moet steeds patrollies uitstuur in alle rigtings en die vyand aanval waar hulle in groot getalle byeenkom.[83)] Laat die aand van 17 Mei was die Krugersdorpse perdekommando naby Wolmaransstad waar hulle twee dae oorgebly het en nog een en ander opdrag van die president ontvang het. Uit al hierdie belangrike bevele aan Oosthuizen het dit gebluk dat die president volle vertroue in hierdie offisier gehad het.[84)] Nadat hy 'n patrollie van 20 man onder waarnemende komdt.Kemp in die rigting van Bothaville uitgestuur het,[85)] het Oosthuizen op 19 Mei op instruksie van genl. Du Toit. met sy perdekommando vanaf Wolmaransstad na Kommandodrift vertrek.[86)]

Sarel Oosthuizen het steeds die belange van sy land voor eiebelang gestel. Hy rig juis in hierdie tyd byvoorbeeld die volgende (versoek aan ... ...

81) Leyds 724(b) 13/5/00 Nos.97, 102,104,107.
82) Leyds 724(c) 14/5/00 Nos.41,70 en Kemp, p.322.
83) Leyds 724(d) 15/5/00 Nos.62 en 80.
84) Leyds 724(f) 17/5/00 Nos.14,58, 61,64.
85) Naude, p.104; Leyds 725(a) 18/5/00 No.24.
86) Leyds 725(b) 19/5/00 No.40.

versoek aan komdt.genl. Botha:„Daar ik verzekerd ben het land meer dienst te kunnen doen als commandant, heb ik de eer te bedanken als vechtgeneraal, des te meer omdat ik het hoogst nadelig acht dat er zooveel hoofden zijn. Gelieve mijn eervol ontslag als vechtgeneraal per telegram te zenden."[87] Die burgers sou dit egter nie sommer sonder meer laat deurgaan nie: ook hulle vertroue in Oosthuizen was rotsvas en spoedig het hulle byeengekom en hulle groothartige leier opnuut as hulle veggeneraal verkies.[88]

Dit was nie die Krugersdorpse kommando alleen wat na die ontset van Mafeking op die wesfront van gevegsterrein verander het nie. Al die Boeremagte, van oos na wes oor die Vrystaat, het op die Vaalrivier teruggeval want Roberts se leërs het soos 'n wolk oor die suidelike Republiek getrek.[89] Johannesburg en Pretoria was daardeur in onmiddellike gevaar gestel en dit was onder hierdie omstandighede dat pres.Kruger genl. De la Rey beveel het om met al sy wes-Transvaalse kommando's nader na die ooste te beweeg ten einde komdt-genl. Botha (wat toe te Vereeniging gestaan het) teen Roberts by te staan. Genl.De la Rey het gehoorsaam, ruk vanaf die Malopo in 'n suid-oostelike rigting op na Potchefstroom en bereik die spoorweg te Frederickstad op 27 Mei en sou kort daarna na Krugersdorp beweeg.[90]

Onder druk van die groot en snelle Britse aantog, was dit moeilik vir beide die Republikeinse owerhede en die burgers om kalm te bly. Bevele van die president, van die kommandant-generaal, van offisiere en onder-offisiere het heen en weer oor die land gevlieg - soms teenstrydig met mekaar - sodat die algemene toestand maklik in verwarring kon oorslaan. Veral het Sarel Oosthuizen en sy Krugersdorpers dit ondervind. 120 Krugersdorpse burgers onder vkt. Du Toit het De Wetsdrif naby Wolmaransstad beset,[91] terwyl Oosthuizen met die orige perderuiters na Kommandodrif gegaan het. Daar was egter 'n groot gebrek aan perde, saals en tooms, met die gevolg dat byna die helfte van die burgers steeds in die laer gebly het en nie kon deelneem aan die gevegte nie. Daar was ten minste nog 200 perde vir sy kommando nodig.[92] By kommandodrif aangekom, het Oosthuizen die staatspresident onmiddellik in kennis gestel dat hy tot sy spyt nie

(kans sien om ... ...

87) Leyds 724(f) 17/5/00 No.15.
88) Leyds 725(b) 19/5/00 No.27.
89) Davitt, p.434.
90) Nierstrasz (No.11)p.913.vgl.ook: Herinneringe van Genl.De la Rey, pp.48-49.
91) Leyds 725(b) 19/5/00 No.64.
92) Ibid No.78.

kans sien om daar te bly en Wolmaransstad, met sy kommando wat nou nog net uit 200 perderuiters bestaan, te verdedig nie, - te meer omdat byna alle Wolmaransstadters by die huis lê, en, sover hy met hulle gepraat het, nie meer verder wil veg nie. Die Krugersdorpers, het hy verklaar, kon nie terwille van Wolmaransstad in 'n soortgelyke posisie raak as genl.Cronjé nie en daarom het hy besluit om onmiddellik op Klerksdorp terug te val - veral omdat hy hierdie rondtrekkery as nodeloos beskou en net die burgers van hulle kommando afvallig maak. Hy erken dat die toestand aldaar kritiek en allergevaarliks is, want hulle bevind hulle feitlik tussen die vyand terwyl hulle laer en die voetgangers te Klipspruit staan.[93] Die president het Oosthuize beveel dat hy nie durf terugval alvorens genl.De la Rey hom nie daartoe order gegee het nie.[94] Maar nog dieselfde dag het die Krugersdorpse spioene rapport gebring dat 'n groot vyandelike mag van ongeveer 5- of 6.000 troepe met die Hoopstad-pad optrek na waar dit oor die Vaalrivier gaan. Teen hierdie mag sou die handjievol perderuiters nie kon weerstand bied nie en ten einde ook nie die kanonne wat in sy besit is in gevaar te stel nie, het veggenl.Oosthuizen geen ander weg oopgesien as om na Klerksdorp te retireer nie. Buitendien was die onwilligheid van die Wolmaransstadters vir die meeste burgers ontmoedigend, terwyl ander weer meer behep was met die veiligheid van hulle families wat hulle nie alleen wou agterlaat nie.[95]

Die afdeling burgers onder vkt.Du Toit het voorlopig nog by De Wetsdrif agtergebly. Die laer en voetgangers is verder ooswaarts gestuur terwyl die perderuiters onder Oosthuizen na Wolwespruit vertrek het waar hulle op 22 Mei aangekom het.[96] Pres.Kruger was teleurgesteld dat Sarel Oosthuizen nog geen poging aangewend het om die vyand aan te pak nie.[97] Lg. het dit seker as 'n onbegonne taak beskou en op 24 Mei die oggend het die Krugersdorpse kommando Klerksdorp bereik[98] waarheen hulle op instruksie van komdt.-genl.Botha verskuif het.[99] Dit was naamlik Botha se uitdruklike opdrag dat die Krugersdorpers na Klerksdorp moet gaan sodat hulle daarvandaan kan

(oorruk na .....   ...

93) Leyds 725(d) 21/5/00 No.51. 94) Ibid. No.77.
95) Ibid.Nos.94,102,107,108.
96) Leyds 725(e) 22/5/00 Nos.52,53.
97) Leyds 725(f) 23/5/00 No.73.
98) Leyds 725(g) 24/5/00 No.25, vgl.ook: Naude,p.104.
99) Leyds 725(g) 24/5/00 No.62.

opruk na Gatsrand. Terselfdertyd is Oosthuizen deur genl. De la Rey beveel om in oorleg met die ander wes-Transvaalse kommando's saam te werk en die vyand op 'n afstand te hou. Die veggeneraal moes daarom eers duidelikheid kry oor wie se instruksies hy in die vervolg moet gehoorsaam, aangesien die republikeinse saak maklik as gevolg van verwarring skipbreuk kon lei.[100] Genl. Botha het geantwoord dat Oosthuizen dan maar liefs ooreenkomstig die instruksies van De la Rey moet handel maar hy het tog by lg. aanbeveel dat dit goed sal wees as 'n sterk kommando vooruit sal trek om die rande by Gatsrand te beset voordat die vyand kom, want die moontlikheid was sterk dat die Engelse in die rigting van Krugersdorp sal trek, waar hulle dan deur die Burgers in die rande gestuit kan word.[101] Die vyand was in elk geval al vyf-en-'n-halfuur vanaf Klerksdorp waar Klipspruit by die Vaalrivier inloop en daar is gevrees dat ingeval die Krugersdorpers na Gatsrand moet gaan soos genl. Botha voorgestel het, dit moeilik sal wees om Klerksdorp te verdedig.[102] en genl. De la Rey was van opinie dat dit van groot belang is dat die dorp nie in die hande van die vyand val nie. Oosthuizen en sy burgers was daarom nodig om te verhoed dat die Britse troepe in daardie omgewing die Vaalrivier kruis.[103]

Op 25 Mei laat Botha aan De la Rey weet dat die voorpunt van'n groot Engelse mag by Groblersdrif, net bokant Parys deur die Vaalrivier getrek het. Die kommando's onder genl. Lemmer aldaar was nie in staat om die vyandelike vloed te keer nie en nou word niemand anders nie as S. Oosthuizen en sy Krugersdorpse burgers opgedra om hulle daarheen te snel en maatreëls te tref om die vyand te keer. Omdat die Engelse vinnig opruk moet De la Rey self onmiddellik met al sy kommando's nader kom na Pretoria.[104] Hoewel sy perde baie swak was, het De la Rey aan die opdrag gehoor gegee en ook Oosthuizen beveel om die gevaar die hoof te bied waar dit die Republiek se grens bedreig.[105]

Die wes-Transvaalse offisiere het die wegroeping van die Krugersdorpse kommando terdeë gevoel want daardeur is hulle weerstand (op daardie ... ...

100) Ibid. 101) Leyds 725(a) 24/5/00 Nos. 82 en 83.
102) Ibid. No. 64 . 103) Leyds 726(a) 25/5/00 No. 4.
104) Ibid. Nos. 5 en 82. vgl. ook: Naude, p.104. en Von Müller, p. 258.
105) Leyds 726(a) 25/5/00 No. 6.

op daardie gevegsterrein aansienlik verswak.[106] Nietemin, op 26 Mei het Sarel Oosthuizen en sy klompie getroue perderuiters Klerksdorp op bevel van komdt.-genl. Botha per trein verlaat.[107] Die volgende dag het hulle Frederickstad bereik en is daarvandaan na Gatsrand - slegs 'n klein endjie verder - waar hulle op die plaas Doornkloof van Theunis Steyn verdere bevele van Botha afgewag het. Die paar uur rus was welkom, want die perde was vanweë al die rondtrekkery swak en uitgeput en die burgers moedeloos. En indien daar in die vervolg nie beter planne gemaak word nie, het Sarel Oosthuizen gesê, vrees hy sou hulle die staat sonder slag of stoot verloor.[108]

Dieselfde dag het veldmaarskalk Roberts self die Vaalrivier met die 7de en 11de divisies en die 3de kavallerie-brigade oorgegaan en te Vereeniging gekamp terwyl sy linkerflank onder genls. French, Hutton en Hamilton na Rietfontein en Rietkuil gegaan het.[109] Al skietende op French en Hamilton se spioene het die burgers onder genl. Lemmer geretireer in die rigting van Kliprivierberg en posisie ingeneem in die randjies. Toe die Britse kavallerie-brigade probeer om die Boere se regterflank te omvleuel, was lg. genoodsaak om terug te trek oor die Kliprivier, naby Vanwyksrust.[110]

Dit was juis op aanhoor hiervan dat die staatspresident en genl. Botha aan veggenl. Oosthuizen en genl. De la Rey te Frederickstad laat weet het om onmiddellik na Vanwyksrust op te ruk, want hulle vrees dat as daar geen teenstand van hierdie twee offisiere kom nie, die vyand die volgende dag in Johannesburg sou wees.[111] In Krugersdorp self is alle beskikbare burgers wat nog verkrygbaar is opgeroep en aangesê om nog dieselfde nag na Vanwyksrust (Krugersdorp Wyk 2) aan die Kliprivier te gaan.[112]

De la Rey se grootste kommando's was nog nie almal by Frederickstad nie en daarom was hy verplig om slegs met 'n paar honderd man van Lichtenburg en Rustenburg op te trek. Gelukkig sluit die (Krugersdorpkommando..

106) Leyds 726(a) 25/5/00 No.15. 107) Ibid. Nos.11, 22, 73.
108) Leyds 726(b) 27/5/00 No.19.
109) Blouboeke Cd.457 p.45. 110) Maude, p.105.
111) Leyds 726(b) 27/5/00 Nos.79 en 88.
112) Ibid. No.93; vgl. ook: Krugersdorp Argief: Landdros Briewe- en Telegramboek No.3 p.345.

Krugersdorp-kommando onder Oosthuizen by hom aan - "'n commando dat zooeer geleden had en dapper gevochten had."[113] Hierdie Boere was gereed om die Engelse te ontmoet. Lt.-genl. French het opdrag ontvang om die Johannesburg-Krugersdorp spoorweg ongeveer by Florida oor te gaan en dan by Driefontein aan die Jukskeirivier, 9 myl noord van Johannesburg te vertoef. In sy opmars stuit French met sy sterk ruitemag op De la Rey en Oosthuizen se stelling te Doornkop en elke poging om deur te breek is verydel. Teen twee-uur die middag op 29 Mei het Ian Hamilton se infanterie-kolonne ook opgedaag, waarop besluit is dat French met sy kavallerie en Mounted infantery verder weswaarts om die Boere se regtervleuel sou gaan, terwyl Hamilton se Infanterie 'n frontale aanval sou maak.

Onder beskutting van die verenigde batterye van albei kolonne het die Engelse aangeval. Hamilton se afdelings is deur die Boere met 'n knetterende geweervuur ontmoet en uitmuntend teëgehou. Weer keer hulle terug om maar weer die dood tegemoet te gaan, sonder egter hulle doel te bereik, totdat French eindelik die middag te Doornkop op die Boere se regtervleuel deurbreek, en la.verplig is om hulle Klipriivierbergposisies te ontruim. Die Engelse klim daarop die hang van die rand uit, verdryf nog 'n deel van die dapper weerstandbiedende Rustenburgse en Krugersdorpse kommando's met die bajonet en rol dan die stelling van die Transvalers van links af op. Dieselfde nag het De la Rey se kommando's asook die Krugersdorpers onder Oosthuizen op Roodepoort teruggeval. La. kommando het tydens hierdie skermutseling weer 'n verlies gely van drie burgers dood, en etlikes gewond. Van kapt. Danie Theron en sy korps het genl.De la Rey gedurende die slag waardevolle diens ontvang.[114]

Die volgende oggend vroeg het die vyand Roodepoort ook binnegetrek en het die Krugersdorpers ternouernood ontvlug.[115] Saam met genl.De la Rey het hulle in die rigting van Pretoria beweeg want van Botha het hulle berig ontvang dat die Engelse alreeds Elandsfontein (Germiston) in besit het. De la Rey het net tot buite Johannesburg (gevorder maar.. ... ....

113) Herinneringe van Genl.De la Rey pp.48-49.
114) Nierstrasz (No.11) pp.922-923; vgl.ook: Naude, p.105-106; Herinneringe van Genl.De la Rey pp.48-49, en Kemp, p.323.

gevorder maar die burgers toe, as gevolg van vermoeidheid, toegelaat is om af te saal. Daarvandaan het hulle op 31 Mei verder gegaan en te Zesmulspruit aangekom. Dieselfde dag het Lord Roberts sy deftige intog in Johannesburg gemaak.[116)] "The English at last planted their flag over the goldreefed city of evil omen..." [117)]

Op 29 Mei reeds het pres.Kruger en staatsekretaris Reitz Pretoria verlaat en hulle in 'n deur polisie geleide spesiale trein na Middelburg begewe.[118)]

Lord Roberts was haastig om na die inname van Johannesburg so gou moontlik na Pretoria op te ruk voordat die gedemoraliseerde Boere deur genl.Botha se onversaagde ywer gereorganiseer sou word vir verdere weerstand voor hulle hoofstad.[119)] Op 3 Junie het Roberts sy opmars na Pretoria voortgesit. Dit was veral die kommando's wes van die spoorweg, waaronder ook die Krugersdorpers was, wat dit moes ontgeld. Dit is naamlik besluit om die hoofstad deur die gekombineerde operasies van verskeie kolonne geheel-en-al in te sluit en daardeur die ontruiming van die nog aanwesige voorrade en Engelse krygsgevangenes te verhinder. Lt.-genl.French sou met die kavallerie-divisie en die Mounted Infantry-brigade van Hutton met 'n weswaartse omvleuelingsbeweging deur die dal van die Krokodilrivier gaan, die Witwatersrand en Magaliesberg oorgaan en aldus in 'n wye boog wes van Pretoria verbytrek om die Pietersburg spoorweg ongeveer by Waterval te bereik. Ian Hamilton het na 'n punt ongeveer 10 myl wes van Pretoria gemarsjeer en die weswaarts strekkende dale tussen die Witwatersrand en Skurweberg wat na die Magaliesberg lei, afgesny. Roberts self het met die hoofkolonne teen die hoogtes van Hennopsrivier geopereer terwyl Gordon se 3de kavallerie-brigade, eventueel ondersteun deur 'n deel van die berede infanterie van die hoofkolonne 'n oostelike omvleuelingsbeweging sou uitvoer om die Delagoabaai-spoorweg ongeveer by Derdepoort af te sny.[120)]

Eers op 4 Junie het die Britse hoofmag die Hennopsrivier bereik. Maar die altyd beweeglike French het vinniger gevorder.

(Ooreenkomstig... ...

---

116) Herinneringe van Genl.De la Rey pp.48-49; vgl.ook Naude pp.106-108 en The Times History (IV) p.152.
117) Davitt, p.435.
118) Von Müller, p.263; Nierstrasz (No.11) p.923.
119) The Times Hist.IV. p.153; vgl.ook: Nierstrasz(No.11) p.927.
120) Nierstrasz (No.12) pp.933-934 en Naude,pp.109-110.

Ooreenkomstig instruksies het hy met sy perderuiters en berede infanterie, (na kleinere skermutselinge), in die dal van die Krokodilrivier af marsjeer, die verlate Daspoortfort deur 'n afdeling berede voetgangers laat beset, dan die Magaliesberg by Moselikaatsnek oorgegaan en noordwes van Pretoria verskyn.[121] Dit was direk in die rug van De la Rey se magte, waardeur hulle maklik afgesny kon word indien 'n terugtog onvermydelik word. Toe die liddietbomme dan ook op die forte bars en daar geen antwoord uitkom nie, het die Boere se regtervleuel gewyk. Ten einde te verhoed dat French hom van agter aanpak, was ook De la Rey genoodsaak om sy kommando's terug te order.[122]

Die terugtog van die Boere is in volkome orde voltrek en tot middernag het die orige geskut en artillerie saam met alle kommando's uit die omgewing van die stad weggetrek. Nog dieselfde nag het Lord Roberts 'n verteenwoordiger in die stad gestuur om die oorgawe daarvan te eis. Die nag om 1 uur het die 3 hoogste agtergeblewe staatsamptenare in die laer van die Engelse opperbevelhebber aangekom en hulle gewilligheid om die stad oor te gee, aan hom meegedeel.

Op 5 Junie 1900 het 'n groot Engelse mag met die veldmaarskalk aan die spits die hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek plegtiglik binnegery en aldus het Roberts sy beroemde mars vanaf Bloemfontein afgesluit.[123]

Dronk van oorwinningsvreugde het die Engelse die end van die oorlog nou nog net as 'n kwessie van tyd beskou.[124] Maar net buitekant hulle hoofstad het die burgers alweer nuwe posisies ingeneem:

"The remnant of the brave little army of the South African Republic has kept the British forces fighting up to the very threshold of Pretoria. Constantly outnumbered and surrounded, the Boers have nevertheless put up a marvellously gallant defence, and at the last have slipped away from their capital, leaving Lord Roberts to enter a deserted town, while they, with their guns and ammunition, have taken up a new position in the mountains..."[125]

**********************

121) Nierstrasz (No.12) p.226: Von Müller: p.264.
122). Naude, pp.109-110: Herinneringe van Genl.De la Rey pp.50-51 en Von Müller, p.264.
123). Von Müller, pp.264-265: The Times History..(IV) p.159.
124). Von Müller, p.265.
125). Ogden: p.183.

# HOOFSTUK. V.

## DIE SOGENAAMDE GUERILLA-STRYD.

### Die lotgevalle van die Krugersdorp - kommando na die val van Pretoria tot aan die end van die stryd.

Binne enkele dae na die oorgawe van Pretoria sou die Britse owerhede in Suid-Afrika tot die ontnugtering kom dat dit makliker is om 'n republikeinse leër te verslaan as te verower. Uit verskeie dorpe het berig gekom van opstande teen die nuut-ingevoerde Britse outoriteit. "The concealed mauser and the bandolier were dug up once more from the trampled corner of the cattle kraal, and the farmer was a warrior once again."
Nuus van genl. De Wet se prestasies het die vetende burgers besiel en die wat hulle aan die vyand onderwerp het, beskaam.[1]

*Die Slag by Donkerhoek (of Diamond Hill) 11 Junie 1900.*

Terwyl die Engelse die hoofstad nog van die suidekant instroom, het die Boerekommando's in verskillende rigtings noord van Pretoria versprei, o.a. Wonderboom, en Pienaarsrivier. Die wes-Transvaalse kommando's - Lichtenburg, Potchefstroom, Marico, Wolmaransstad, Bloemhof, Rustenburg en ook Krugersdorp het onder leiding van genl. De la Rey na Derdepoort gegaan.[2] Te Hatherly het genl. Botha intussen 'n groep Boereleiers saamgeroep waar alle praatjies omtrent oorgawe die nek ingeslaan is en besluit is om weerstand te bied teen die Britse troepe.[3]

Onmiddellik het die kommandant-generaal sy kommando's laat stelling inneem 16 myl oos van Pretoria oor 'n dertigmyl-front vanaf Boekenhoutkloof in die noorde tot by Horskop in die suide. Uit die paar weke ondervinding teen Roberts het Botha geleer dat hierdie veldmaarskalk sy sterkste magte op die flanke plaas. Daarom het hy sy swakste kommando's bestaande uit die Middelburg- en Lydenburg-kommando's en 'n deel van die Carolina-kommando met die Polisie, onder genls. Lemmer en Tobias Smuts in die middel geplaas - d.i. reguit voor (Pienaarspoort, ... ... ...

1) Doyle, p.473. vgl. ook: Viljoen, p.99.)
2) Herinneringe van Genl. De la Rey, pp.50-51: vgl. ook: Kemp, p.325.
3) The Times History(IV) p.274; vgl. ook: Kemp, p.325.

Pienaarspoort, Donkerhoek en Diamond Hill. Op die vleuels - aan die noordekant teenoor French en in die suide teenoor Hamilton was genl. Botha se sterker magte: Op die regter vleuel(noord) was De la Rey met sterk burgerafdelings geneem uit die westelike kommando's, Krugersdorp (onder Kemp), Rustenburg, Lichtenburg, Marico en Potchefstroom. Hierdie burgers was hoofsaaklik gestasioneer op die Kameelfonteinrande wat beheer gehad het oor die Middelburgpad tot so ver noord as Boekenhoutskloof en suidwaarts tot by Edendale. Die linkerflank het gestrek vanaf Donkerpoort al op die Diamond Hill plato langs tot so ver as Morskop. Genl. Fourie het hier bevel gevoer, terwyl genl.Botha self ook besondere aandag aan die operasies aan hierdie kant sou gee. Viljoen is met sy Johannesburgers te Donkerpoort geplaas; die Ermeloërs, Bethallers en Boksburgers het die Diamond Hill plato, Kleinfontein en Morskop beset. Komdt.Buys (opvolger van Weilbach) met 500 Heidelbergers en 'n groep Duitsers onder Knutze sou Tierpoort bewaak asook die rand wat hierdie poort met Morskop verbind. Die beskikbare veldgeskut is oor die hele stelling verdeel. Die Boere se sentrum was dus relatief swak beskerm, die flanke daarenteen bewaak deur die gedugste en sterkste kommando's.[4]

Teenoor hierdie skrale Boereleër van ongeveer 6,000 man kon Lord Roberts 'n sterk troepemag van 18,000 manskappe plaas. - as volg versprei: Op die Britse linkerflank was French met 14,000 perderuiters en 12 kanonne; in die sentrum Pole-Carew en Henry met 6,000 voetsoldate, 400 berede manskappe, 22 veld-, 4 swaar- en 2 skeepskanonne. Op die regterflank het Hamilton met 2,200 voetsoldat 3,000 berede manne, 28 veld- en 2 swaar kanonne geopereer.[5]

Die geveg het op 11 Junie losgebars en was van die staanspoo af besonder lewendig en skerp. Op die Boere se regterflank was dit weer die rustelose en altyd mobile Britse aanvoerder, lt.-genl. French, wat getrag het om om hulle posisies te kom. Genl. De la Rey se manskappe het iedere poging egter flink teruggeskiet.[6] Aanvanklik het dit met die Engelse aan die suidelike gevegsfront ook nie (te voor die wind ... ...

---

4) The Times History (IV) pp.277-279: vgl.ook:Nierstrasz No.12p.948 Herinneringe van Genl.De la Rey pp.50-51; Naude,p.111.
5) The Times History..(IV)p.281.
6) Nierstrasz (No.12) p.949. vgl.ook: Herinneringe van Genl. De la Rey,pp.50-51.

té voor die wind gegaan nie. Tevergeefs is probeer om die Boereflanke te omvleuel: "...the wings of their army were so strong that French and Hutton on our left and Broadwood and Gordon on our right informed me (Roberts) by signal that they were only just able to hold their own." [7] Laat die dag het Ian Hamilton daarin geslaag om 'n swak plek in die Boere se linie te ontdek en het hy hom met krag daarop toegespits nl. op die Heidelbergse- en Bethalse posisies wat nie behoorlik deur die ander kommando's ondersteun is nie. Die volgende dag - 12 Junie - is die geveg nog vuriger voortgesit, veral by Donkerhoek en het French opdrag gekry om sy posisie ten alle koste te hou sodat die Boere verhinder sou word om van die noordelike vleuel versterkings na die suidelike aan te stuur. [8] Hamilton, nou versterk deur Pole-Carew het sy hoofaanval nou veral gerig teen die Diamond Hill-stellinge, gehou deur Tobias Smuts se burgers. Bestook deur 'n swaar kanonvuur was lg. verplig om genl. Botha om versterking te vra. Die kommandant-generaal het taktvol gehandel en sonder dat French dit gewaar, het die Krugersdorpse en Johannesburgse afdelings hulle noordelike posisies ontruim en hulle na die terrein gehaas waar die Engelse gedreig het om deur te breek. Hard gedruk deur die aanstormende infanterie, het Smuts sy stelling net laat ontruim toe Kemp en Ben Viljoen met hulle Krugersdorpers en Johannesburgers daar opdaag en hulle teen die aanrukkende voetsoldate werp. Hulle word dapper bygestaan deur vkt. Koen Brits van Standerton en slaag daarin om die Engelse wee terug te druk tot in die posisies wat deur Smuts afgegee is. "... en zij gedroegen zich, zooals altoos, flink; ook hier telden de Krugersdorpers eenige gewonden." [9] Kemp en Viljoen se mense het nog verder aangestoot sodat Hamilton gevaar geloop het om weer uit die so duurgekoopte stelling uitgedruk te word. Die moment was kritiek. Maar op hierdie oomblik storm die 82ste battery vorentoe en gryp met 'n krakende granaatvuur in die aksie in hoewel byna al die perde en 'n groot deel van die brawe kanonniere deur die moedige burgers platgeskiet word. Die Engelse slaag nietemin daarin om die besliste aanval van die Transvalers te stuit. Nog later beveel Hamilton twee ander batterye en al die beskikbare infanterie na die gewonne posisies

(waarop daar ... ...

7) Blouboeke: Cd.457 p.49.
8) Nierstrasz (No.12) pp.949-950 en p.952.
9) Naude, pp.112-113; vgl. ook: The Times History..(IV) pp.287-290; Nierstrasz (No.12) pp.952-953.

waarop daar 'n skerp vuur teen die Boere se hoofstelling geopen is, egter sonder veel nadelige uitwerking vir laasgenoemde.[10] Genl. De la Rey het voorgestel dat 'n gesamentlike aanval teen Roberts se sentrum geloods moet word, maar Britse versterkings het steeds aangekom en posisie ten suide van Diamond Hill ingeneem, sodat die onwys sou wees om op hierdie oomblik enige kommando's uit hulle plekke te skuif. 'n Lewendige kanonvuur is nog steeds wedersyds volgehou en wat voortgeduur het tot die nag; toestande het vir baie kommando's kritiek geword. Onder beskutting van die duisternis het die Boerekommando's op bevel van komdt.-genl.Botha die posisies die nag verlaat. Alles het in orde geskied sodat die Engelse onbewus was van die algemene terugval waarin kanonne, laers en voorrade in veiligheid gebring is in die rigting van Bronkhorstspruit en Balmoral.[11] Hiervandaan het die grootste gedeelte van genl.Botha se leër, o.a. ook die Krugersdorpers, op Middelburg teruggeval.[12] French het tevergeefs probeer om genl. De la Rey en sy orige wes-Transvaalse kommando's agterna te haal en la. het ongehinderd verbygetrek om die stryd opnuut in Wes-Transvaal te gaan aanblaas.[13]

Onder die geledere van die Boere was toestande glad nie rooskleurig nie. Die demoralisasie onder die burgers na die val van Johannesburg en Pretoria was groot. Baie het hulle offisiere in die steek gelaat en honderde het hulle aan die vyand oorgegee.[14] Vanaf Bronkhorstspruit skryf genl. Louis Botha op 13 Junie ook aan die President in Machadodorp dat toestande beroerd is. Nou dat die Boeremagte eenmaal aan die terugtrek is, skryf hy, is dit feitlik onmoontlik om die mense te keer en onder kontrole te hou en die vyand agtervolg hulle so vinnig dat die klein groepies-groepies mense geheel-en-al verpletter kan word. Die burgers weier om sonder perde te veg. Die perde wat wel beskikbaar is, is siek of swak en daarby is die burgers heeltemal versprei in hierdie t e r r a i n c o g n i t a.[15]

Dit was onder hierdie ongunstige omstandighede dat genl.Botha (hom verplig gevoel ... ..

---

10) Kierstrasz (No.12) p.952.
11) The Times History..(IV) pp.292-293; Kierstrasz (No.12)pp.952-953.
12) Kierstrasz(No.12)p.954; vgl.ook: Kemp, p.328.
13) Kierstrasz(No.12)p.954; en The Times History..(IV) p.296.
14) Kierstrasz(No.12)p.963;
15) Leyds 727(a) 13/6/00 No.42.

hom verplig gevoel het om sekere van sy onder-offisiere aan te sê om in die distrikte uit te gaan om die kommando's te herorganiseer. Veggenls. Sarel Oosthuizen en H.L.Lemmer en staatsprokureur J.C.Smuts is opgedra om na die westelike distrikte te gaan om die kommando's aldaar te herorganiseer. Hulle pogings was uiters geslaagd: 25 persent van die burgers het weer by hulle aangesluit en hulle onder opperbevel van genl. De la Rey geplaas.[16] 'n Aansienlike deel van die voorheen groot Krugersdorpse kommando is o.a. deur Oosthuizen aangespoor en weer op die been gebring.[17]

Al hulle uwerige voorbereidings gedurende Juniemaand hier in die weste, het die Boere geheim gehou.[18] Eers op 11 Julie sou die storm losbars. Terwyl genl. Grobler die Engelse uit Onderstepoort druf tot by Wonderboom het genl. De la Rey 'n skitterende slag gelewer by Silkaatsnek waar hy die Engelse tot oorgawe gedwing het nadat hy ongeveer 200 gevange geneem, en 2 kanonne gebuit het. Daarenbowe het die vyand ook swaar verliese in dooies en gewondes nagelaat.[19]

<u>Die Skermutseling by Dwarsvlei en die dood van Veggeneraal Sarel Oosthuizen. (11 Julie 1900.</u>

Nog 'n derde aanval is dieselfde dag (11 Julie) deur die Boere in Wes-Transvaal geloods. Maj-genl. Smith-Dorrien wat tot dusver die spoorweg tussen Pretoria en die Vaalrivier bewaak het, het op 10 Julie na Krugersdorp afgereis.[20] Die volgende môre het hy met die Gordon Highlanders, die Shropshire Light Infantery, die Imperial Yeomanry en die 78ste Battery Royal Field Artillery 'n ekspedisie-veldtog gemaak in die Hekpoortvallei. By Dwarsvlei, sowat tien myl wes van Krugersdorp, loop hy hom vas teen Sarel Oosthuizen wat met 'n klompie Krugersdorpers die rand wat die Hekpoortvallei aan die suidekant beheers, beset het. Die Boere en Britse magte was gou in 'n warm geveg gewikkel. Die Engelse het hulle kanonne [illegible] na vore geskuif na twee heuwels teenoor die rand; gou was die kanonniers blootgestel

(aan 'n dodelike ... ...

16) Nierstrasz (No.12) p.963; vgl. ook: The Times History..(IV)p.346: Leyds 727(a) 14/6/00 No.50; en Naude, p.117.
17) The Times History (IV)p.347.
18) Ibid p.348.
19) Ibid p.349; vgl. ook: Kemp, p.229.
20) Nierstrasz (No.12) p.985.

aan 'n dodelike vuur van 'n afdeling Boere wat tot 800 tree van die heuwel genader het. Die Engelse grofgeskut vuur wild en moedig onder die Krugersdorpers in, maar spoedig is al die kanonniers buite aksie gestel en reeds het die Boere Smith-Dorrien se mag op die regterflank van agter en van voor aangeval. Die hele dag duur die geveg voort en alleen teen die aand het Smith-Dorrien dit reggekry om op Krugersdorp terug te val. Met leeuemoed het veggenl. Sarel Oosthuizen gehelp om die vyandelike kanonne te stil en dit was reeds donker toe hy 'n laaste onverskrokke poging aanwend om dit van die Engelse te buit. Die moedige daad was helaas tevergeefs. Oosthuizen en sy getroue makkers is deur die Gordon Highlanders met 'n swaar verlies teruggedruk; die dappere veggeneraal is dodelik gewond en moes deur die Krugersdorpers van die slagveld afgedra word. 'n Paar weke later het hy aan sy wonde gesterf.[21]

Vir die Krugersdorpers was die dood van Sarel Oosthuizen 'n bykans onherstelbare verlies. Onder hom het baie van hulle die stryd om vryheid begin toe hy nog maar veldkornet was. Deur sy dapperheid, leiding en onbaatsugtige opoffering vir land en volk het hy van rang tot rang gestyg om binne 'n enkele jaar as veggeneraal aangestel te word. Van die afgestorwe komdt.-genl. Piet Joubert was hy 'n groot vertroueling, hy was die regterhand van genl. Lukas Meyer op die Natalse front; vir komdt.-genl. Louis Botha was hy 'n betroubare vriend en militêre steunpilaar. Hier op sy eie plaas, Dwarsvlei, bygestaan deur 'n handjievol Krugersdorpers, trotseer hy dan verlaas die vyandelike mag en grofgeskut om, getref in 'n doodsveragtende stormaanval, die dood van 'n held te sterf.

Onder opperbevel van genl. J. H. De la Rey sou hierdie afdeling Krugersdorpers, wat deur hulle ~~oorlede~~ veggeneraal weer tot die wapen opgeroep is, nou in Wes-Transvaal opereer tot in Des. 1900, wanneer hulle by die groot Krugersdorp-kommando wat nog te Balmoral gestaan het, sou aansluit. Groot en benoemenswaardige gevegte het gedurende hierdie tyd nie in die westelike Transvaal plaasgevind nie. In die weke wat op die geveg by Dwarsvlei gevolg het, het die Krugers(dorpse burgers wat nou ....

21) The Times History..(IV) p.354, vgl. ook: Nierstrasz(No.12) p.987; Kemp, p.329; Viljoen p.109; Naude, p.117.

waking van die Potchefstroomse spoorweg.[22] Gedurende die laaste deel van Augustus (en die hele Septembermaand) is die ganse westelike Transvaal vanaf Krugersdorp tot Mafeking en vanaf die Vaalrivier tot by Zeerust deur genls. Lord Methuen, Hart, Douglas, Cunningham, Clements en Broadwood se kolonne deurgevee en is plase en wonings grootliks in puin gelê. Dit was onmoontlik vir De la Rey se skrale mag om enige geslaagde teenstand te bied teen dergelike groot leërmagte en hy het daarom ook alle botsings sover moontlik vermy. Al wat hy kon doen was om sy kommando in 'n hoeveelheid kleiner sektors te verdeel en lg. het, wanneer die geleentheid hom voordoen, die flanke van die Britse kolonnes aangeval en aansienlik geteister.[23]

**<u>Danie Theron.</u>** Ons mag nie nalaat om hier eers vir 'n ruk stil te staan by die roemwaardige loopbaan van 'n briljante jong Krugersdorper nie - naamlik dié van Danie Theron.

Soos reeds opgemerk is, was Danie Theron prokureur te Krugersdorp, waar hy ook sy jeugjare deurgebring het. "He was short and slender, youthful, almost boyish in appearrence, a little ackward in his movements, but proud and daring in his manner... On active service and in the field he was the leader who was able to make his followers do anything by his example and a single word of encouragement. In peace he was an attorney at Krugersdorp; and in the late war was promoted to captain of a corps of scouts.".[24] Toe die oorlog teen die end van Sept. 1899 onvermydelik word, het Theron 'n vrywillige rywielkorps ingestel vir die berigs- en verkenningsdiens van die Boere. Hieruit het later die sg. Kaptein Danie Theronse Verkennerskorps ontstaan, 'n afdeling burgers van buitengewone dapperheid en bekwaamheid vir wie geen weg te sleg, geen water te diep, geen berg te hoog was om die vyand te mislei, te bespied en vir die Mauser bloot te stel nie. Gedurende die eerste fase van die oorlog het die korps nie meer as 50 man getal nie, maar toe Theron gedurende die tweede fase deur pres. Steyn vanaf die Transvaal na die Vrystaat geroep is, het hy sy korps na noukeurige en versigtige keuring uitgebrei en is die rywiele vervang deur twee perde vir elke spioen. Met 'n "Elitekorps" van Transvalers, Vrystaters en Uitlanders, waarvan die sterkte met tye tussen 200 en 400 man was, het hy Middelburg op 6 Junie 1900 verlaat en na die Vrystaat vertrek alwaar hy onder genl. De Wet aan alle belangrike slae teen talryke kolonne deelgeneem het.[25]

(Teen die end ... ...

23) Davitt, p.459: vgl. ook: Blouboeke Cd.457 p.69.
24) Rompel, p.155; vgl. ook: Scheibert p.84.
25) Mierstrasz (No.12) p.1000: vgl. ook Scheibert pp.84-87.
22) The Times History IV p. 354; vgl. ook: Blouboeke Cd. 457. p.59

Teen die end van Julie was Danie Theron en sy verkenners weer terug in Wes-Transvaal,[26] alwaar hulle waardevolle werk gedurende Augustusmaand uitgevoer het.[27] Vroeg in September het hy hom in die omgewing van Krugersdorp bevind alwaar hy rapport van genl.Liebenberg wat by Welverdiendstasie was, ontvang dat lg. 'n Britse mag in die Gatsrand vasgekeer het en dat hy die hulp van die Theronse verkenners korps nodig het om hulle tot oorgawe te dwing. Slegs een van sy manskappe, 'n sekere Nel, het hom vergesel en op weg na Liebenberg het hulle 'n naderende Engelse kolon by Gatsrand in die oog gekry. Theron is die rand uit om te verken maar kort daarna is skote gevuur, gevolg deur 'n bombardement.[28] By nadere ondersoek sou gevind word dat Danie Theron, die man wat so baie konvooie in die Boere se hande gelok het, wat so baie treine vertraag en met groot sukses vir De Wet gespioenneer het, op 7 Sept.1900 die dood van 'n krygsman ontmoet het.

"H e l i e s b u r i e d n e a r t h e t o w n (Krugersdorp w h i c h/h a s p r o b a b l y c o n t r i b u t e d m o r e h e r o e s t o t h e w a r t h a n a n y o t h e r i n t h e t w o R e e p u b l i c s." [29]

Sy graf is 'n baken waarop Krugersdorp trots is. Sy roem sal nooit vervaag solank Boereherinneringe die triomf, gevare en avonture van die grootste oorlog wat ooit deur hulle volk geveg is, in herdenking roep nie. "What fact will not furnish from his wonderfully daring exploits and consummate ruses against the English, legend and the pen of romance will weave round the name and genial character, the boyish heroism, and manly deeds of Danie Theron." [30]

„Vir die Republieke was dit (die dood van Danie Theron) 'n onherstelbare verlies," skryf Dr.J.H.Breytenbach. „Hy het in hom verenig al die hoedanighede van 'n uitmuntende krygsman, 'n opregte vaderlander en 'n edel mens en sal in ons geskiedenis tot in lengte van dae voortlewe as een van die mooiste figure wat ooit aan die Afrikanervolk gegun is."[31]

***** * * * *****

Na die val van Pretoria was dit genl.Botha se beleid om elke kommando so ver moontlik in die distrik waartoe dit behoort, te hou, sodat dit kon veg in die gebied wat vir elk die bekendste is en waar (vars burgers... ...

26) Preller, p.137; 27) Ibid.pp.141-147.
28) Ibid. p.147 en Die Huisgenoot, 1 Sept.1950 („Dapperste onder die Dapperes," deur Dr.J.H. Breytenbach.)
29) Davitt, p.459 (Ek kursiveer) vgl. ook: Nierstrasz (No.12) p.1000 en „Die Huisgenoot" 1 Sept.1950.
30) Davitt, p.459 .
31) „Die Huisgenoot." 1 Sept. 1950.

vars burgers weer gewilliglik by hulle eie kommandantskap kon aansluit.[32] Daarom het die een deel Krugersdorpers hulle nog onder De la Rey in Wes-Transvaal bevind. Teen die end van September het verskillende Engelse laers na Rustenburg getrek - een o.a. vanaf Krugersdorp in die rigting van die Moot.(d.i. die lang uitgestrekte terrein tussen Magaliesberg en die Witwatersrand). Die Krugersdorpers het 5 dae agtereenvolgens met hierdie vyandelike troepe te doen gehad, maar het tog uiteindelik daarin geslaag om hulle terug te dryf tot by Welverdiendstasie. Die twee vegtende partye was vir 'n groot deel van die kragmeting betreklik na aan mekaar, met gevolglike swaar verliese - minstens 500 gewonde en gesneuwelde Britte skryf genl. De la Rey.[33] Enkele weke later het die Engelse weer kamp opgeslaan te Scheerpoort in die Moot en met die Rustenburgers voor en die Krugersdorpers om sy agterhoede te dek, het De la Rey hulle weer onverwags aangeval. 'n Geweldige slag met kleingewere en kanonne het plaasgevind maar in die Moot by Kommandonek het die Krugersdorpse burgers met sukses daarin geslaag om die vyand terug te hou.[34]

Genl. De la Rey het gou besef dat hy nie altyd sou kon volhou met sy enkele honderde manskappe (waaronder ook die deel Krugersdorpers) teen die Britse aanvoerder, Clements, se groot oormag nie, sodat hy met sy manne teruggeval het na Elandsrivier terwyl Clements na Krugersdorp gegaan het.[35] Na hierdie terugtrek was daar vir 'n tydlank geen vyandelike beweging suid van die Magaliesberg nie en het die burgers wes van Pretoria rus geniet tot teen die einde van Novembermaand 1900.[36]

Op 27 November het genl. De la Rey vanaf Vlakhoek na Hekpoort gegaan waar die Krugersdorpers toe verkeer het. Daar aangekom, ontvang hy berig dat 'n groot Engelse konvooi vanaf Pretoria via Kommandonek na Rustenburg gaan. Die Boereleier was onmiddellik gereed om die konvooi aan te val en „lekkernye" te buit vir Kersfees. By

(Buffelspoort in die ... ...

32) The Times History..(IV)p.383.
33) Herinneringe van Genl.De la Rey p.74.
34) Ibid. p.71
35) Ibid.pp.79-80.
36) Ibid.p.80.

By Buffelspoort in die nabyheid van die plaas Vanwykspruit het die botsing dan ook op 3 Des. plaasgevind. Reeds ervare in hierdie soort van aanvalle, het De la Rey, bygestaan deur J.C.Smuts en die burgers daarin geslaag om die konvooi te oorrompel, die bespanning van waens dood te skiet, 138 waens en 1,832 osse in beslag te neem en 75 troepe te vang.[37] Die buit sou handig van pas kom aangesien 'n groot slag voorgelê het. Te Nooitgedacht - 25 myl vanaf Rustenburg, 35 myl ten weste van Pretoria en 20 myl noordwes van Krugersdorp- maak die Magaliesberg 'n bog en hier het Clements weer gekampeer. Teen hierdie selfde tyd - 12 Des. - het genl.Beyers met die noordelike kommando's en komdt. Kemp met die ander deel Krugersdorpers by Genl.De la Rey aangesluit en eenpariglik is besluit om Clements se laer die volgende dag aan te val.[38]

Hier moet ons egter eers nagaan wat die lotgevalle van die Krugersdorpers onder Kemp was sedert veggenl. Sarel Oosthuizen hulle in Julie 1900 by Balmoral verlaat het. (Vide p.115).

***** * * * *****

Na Sarel Oosthuizen se vertrek na die Wes-Transvaal moes daar 'n ander kommandant vir die Krugersdorpers gekies word. 'n Waarnemende kommandant was daar nie meer nie want J.M.van Wyk wat die rang tot dusver beklee het, het na die val van Pretoria die wyk geneem en hom skuilgehou in die Bosveld.[39] Daar is slegs een kandidaat in sy plek voorgestel. Die naam van J.G.C.Kemp was nie onbekend nie en sy dade het reeds van inisiatief gespreek. Met algemene stemming is hy derhalwe tot kommandant van die Krugersdorpse kommando gekies. In sy plek is H.J.Claassen tot veldkornet gekies.[40] Oosthuizen moes hulle verlaat, Van Wyk het tou opgegooi en in Krugersdorp self het 'n kennisgewing verskyn wat bedoel was om die burgers van die kommandantskap te ontmoedig nl. dat: ,Tensy die manne wat teenwoordig is op kommando en te Krugersdorp woonagtig is, hulle oorgee en hulle wapens oorhandig aan die Imperiale outoriteite op of voor 20 Julie 1900, al hulle eiendom gekonfiskeer sal word en hulle familie sou uit hulle huise gedryf en sonder beskerming en dakloos aan hulle eie lot oorgelaat word.'[41a] Die Krugersdorpers het hulle nie hierdeur

(van stryk ... ...

37) The Times History-(V) p.95; vgl.ook: Herinneringe Genl.De la Rey pp.80-82.

38) Herinneringe van Genl.De la Rey p.85 en The Times History..(V) pp.99 en 100.

39) Leyds 727(i) 29/6/00 No.58: vgl.ook: Naude, p.117.

40) Naude, p.117.

41a) Naude,pp.131-132 en Nierstrasz No.12. p.984.

van stryk laat bring nie, nog minder deur die feit dat hulle dorp en distrik reeds in Junie deur die Engelse troepe in besit geneem is. 41(b) Saam met die ander kommando's was hulle bereid om die vryheidstryd voort te sit. In hierdie selfde tyd is die verskeie kommando's te Balmoral ook onder 'n nuwe veggeneraal gestel. Persone soos Snyman, Liebenberg en Du Toit het hulle range as veggeneraals verloor en hulle burgers is saam met die van Krugersdorp, Johannesburg, Germiston, Boksburg en die berede polisie onder bevel van B.J.Viljoen (die Krugersdorpse oud-veldkornet) geplaas wat nou tot veggeneraal bevorder is. Tesame was daar nou ongeveer 1,200 man onder veggenl. Viljoen. 42)

Op 13 Julie was hierdie kommando's naby Babsfontein. 43) Op Maandag 16 Julie het hulle daarvandaan vertrek om die Engelse stellinge suidoos van Pretoria aan te val. Viljoen het sy mag in drie afdelings verdeel: die Johannesburgse- en Germiston-kommando's onder Pienaar en Gravitt onderskeidelik moes Witpoort van die noordekant aanval. Kemp met die Krugersdorp-kommando, die Duitsers en Johannesburgse polisie moes die sentrum vorm en die Britse skanse by Koffiespruit aanval. Die Middelburg- en Boksburg afdelings onder Griffiths op die linkervleuel moes oor Bronkhorstspruit beweeg teen die Britse kavallerie aan die suidekant van die rande. Die aanvalle is gelyktydig gelewer; op die sentrum het Kemp daarin geslaag om die vyandelike voorposte terug te dryf maar sy verdere voortgang is gestuit deur die geweldige artillerievuur en boonop het daar vir die Engelse versterking opgedaag wat die Boere gedwing het om weer pad te gee, egter nie voordat die vyand 100 man aan dooies en gewondes verloor het nie en 79 gevang is. Van die Boere is 5 dood, 13 gewond en 2 gevang, asook 'n paar perde. 44)

Teen 21 Julie het die vyand daarin geslaag om deur die Boere se geledere deur te breek, waarop lg. verplig is om na Middelburg terug te trek. Van links en regs het die Engelse op die Boere se vleuels gedruk en probeer om om te trek sodat die terugtog vinnig moes geskied. ... ...

41b) Argief Krugersdorp: Landdros Briewe- en Telegramboek No.3. pp.364 - 366 en p.368.
42) Viljoen, p.109; vgl.ook: The Times History (IV)p.383.
43) Viljoen, p.113.
44) The Times History (IV)pp.396-397; Nierstrasz (No.12)pp.992-993; vgl.ook: Naude, pp.124-126, en Viljoen, pp.113-114.

moes geskied. Tog het die burgers al vegtende geretireer, en op 26 Julie is ook Middelburg deur die Engelse beset. Belfast was nou die volgende punt waarheen die Boere kon terugval.[45)]

Om steeds verder ooswaarts terug te trek sou genl.Botha se kommando's ook nie baat nie. Vanaf die Natalse front het die Britse leër onder genl.Buller intussen gevorder tot in Standerton om vandaar oor Ermelo na Carolina deur die Hoëveld te marsjeer en dan later aan die beplande opmars van Lord Roberts langs die Delagoabaai-spoorweg deel te neem.[46)] Teen 14 Aug. was Carolina, Twyfelaar en Chrissiesmeer in die hande van Buller se troepe.[47)] Genl.Louis Botha sou met ander woorde nou te doen kry met sowel die magte van Roberts as dié van Buller.

Op 21 Aug. was Buller se leër reeds 15 myl suidoos van Belfast en het Botha se stelling aan die Komatirivier, Berg-en-Dal en Dalmanutha-koppies begin bombardeer. Die Boere het soos volg posisie ingeneem Suikerbosrand noordwes van Belfast is deur die Boksburgers gehou. Die hoof-verdediging op die sentrum was verder oos, naby die plaas Berg-en-Dal waar genl.Botha sy beste manskappe geplaas het nl. die Johannesburgers onder Viljoen en die Krugersdorpers onder komdt.Kemp noord van die spoorweg, en ten suide daarvan die Johannesburgse polisie onder hulle kommandant, Philip Oosthuizen, en lt.Pohlmann. Die linkervleuel is deur die Germistonners gevorm, met die kommando's van Bethal Heidelberg, Carolina en Standerton onder veggenls.Fourie, Tobias Smuts en Spruyt verder na die punt.[48)]

Sedert 21 Aug. moes die Boerestelling die vuur van die Engelse artillerie deurstaan. Verskeie aanvalle op Viljoen se stellinge is glansryk die hoof gebied. Op 26 Aug. het French probeer om van Geluk se kant, suidoos van Belfast, aan te val, maar hy is teruggeskiet. Ondertussen het Buller en Roberts se artillerie die heftige bombardement volgehou teen Botha se hoofstelling; meer pogins om deur te breek is met sukses afgeslaan.[49)] Maar teen 27 Aug.die môre het Buller so (gevorder dat hy 'n ... ...

45) Naude, p. 127; en Nierstrasz(No.12)p.1002.
46) Nierstrasz (No.12) p.1010.
47) Nierstrasz (No.13) p.1022.
48) The Times History..(IV)pp.440-441 en Nierstrasz(No.13)p.1033.
49) Nierstrasz(13) pp.1040 en 1041.

gevorder dat hy 'n goeie gesig van die Boere se eintlike sentrum en hoofstelling gehad het nl. Berg-en-Dal en teen hieride deel van Botha se linie kan Buller sowat 8,000 man inwerp met 38 kanonne.[50]

Kort voor 11 vm. het die kanonvuur begin. Die 38 kanonlope is hoofsaaklik op Berg-en-Dal gerig en vir drie uur het die beskieting voortgeduur sonder onderbreking: - "no such severe and concentrated fire having been witnissed during the war since the days of Vaalkrantz and Pieter's Hill. The top and all sides of the platform were swept by a hail of shrapnell, while the rocks themselves were torn and rent by the explosion of the lyddrite shells.[51] Vir die ander kommando's was dit onmoontlik om die Berg-en-Dal stelling te nader en hulp te verleen aan hulle kamerade. Weliswaar het genl.Botha die Krugersdorpers beveel om die polisie te versterk, maar daarop is nie gehoor gegee nie; buitendien sou 'n poging om dit uit te voer op niks uitgeloop het nie.[52] Weens 'n tekort aan ammunisie was die Boere se kanonne reeds stil, behalwe 'n paar Krupps in die Krugersdorpse en Germistonse posisies wat nog enkele skote gelos het.[53] Nou het 'n oormagtige vloed van Britse infanteriste op die Boere-skanse aangestorm en hoewel hulle begroet is deur 'n vlaag van koeëls het hulle steeds voorentoe gebeur. Die een stelling na die ander wat deur die Polisie gehou is, is oormeester en ook word komdt.Philip Oosthuizen wat swaar gewond is, gevange geneem. Die son was reeds onder. Toe die Polisie wyk het die ander Boere-kommando's ook teruggeval en die vyand het die laaste deur die Krugersdorpse posisie gegaan.[54] So is die sleutelposisie na 'n heldemoedige weerstand geneem. Die kommando's het in 'n betreklike wanorde teruggeval, nl. dié ten noorde van die spoor onder genl.Botha in die rigting van Lydenburg, terwyl dié ten suide van die spoor onder Fourie en Smuts agtergebly het om die bergagtige streke in die omgewing van Barberton te verdedig.[55] Hierop was die gryse president verplig om met sy regeringsamptenare per trein na Nelspruit te vertrek, terwyl die spoorweg deur die Krugersdorp- en Johannesburg-kommando's verdedig is.[56] Dit was nou duidelik dat die spoor op een of ander tyd in die hande van die Engelse sou val en

( daarom is ... ... ...

50) The Times History..(IV) p.450.
51) Ibid. p.452. 52) Ibid. 53) Ibid. p.453.
54) Ibid. pp. 453-456 en Viljoen,pp.121-122.
55) Nierstrasz (No.13) pp.1043 - 1044.
56) The Times History.(IV)p.456.

daarom is die besluit dat die president na Europa moet gaan, alom goedgekeur en toegejuig.[57)]

Op weg na die Bosveld: Teen die middel van Sept. 1900 het genl. Louis Botha met die hulp van veggenl. Ben Viljoen uit al die kommando's en oorblywende burgerafdelings hier in Oos-Transvaal 2,000 van die betroubaarste manne uit die Boere-geledere geneem en, vergesel van waarnemende staatspresident staatspresident Schalk Burger en lede van die Transvaalse regering, het hulle hulleself van die spoor losgeskeur en 'n grootskaalse trek noordwaart in die rigting van Pietersburg onderneem.[58)] Daarby wou die leiers ook Roberts se voorneme om die Boere teen die Portugese grens vas te keer, verydel.[59)]

Op 28 Sept. het hierdie 2,000 Boere waaronder ook die Krugersdorpers onder Kemp getel het, Hectorspruit verlaat en noordwaarts getrek. Met 'n ou, jarelange ongebruikte pad het die trek van waens, karre, kanonne, ruiters en voetgangers voortbeweeg. Die voetgangers was 150 burgers wat geen perde gehad het nie. Onder die 1,500 ruiters was 500 met uiters swak perde; ook die trekdiere was maer en tot min in staat sodat die proviand- en ammunisiewaens met die grootste gesukkel vorentoe gegaan het. Die Bosveld was droog, water was skaars, die veld verbrand en die klimaat so warm dat hulle snags moes trek.[60)] Die burgers was egter in 'n goeie stemming, hoewel hulle deur 'n 300 myl lange, woeste, onbekende en ongesonde koorsstreek moes trek.[61)] Die sewende dag van die trek het die reuse geselskap Blyderivier bereik.[62)] Die ontberings was groot: as gevolg van voedselgebrek vir die reeds uitgeputte trekdiere was die burgers verplig om ses waens agter te laat. Daarby het die gevreesde koors etlike persone, veral die voetgangers, gepak. Die trek het nietemin aangegaan oor Olifantsrivier, oor Letabaspruit en daarvandaan na Leydsdorp.[63)] Die perdesiekte het so toegeneem dat die getal van die voetgangers tot enige (honderde gestyg het ... ...

57) Naude, p.146. 58) The Times History..(V) p.44.
59) Kemp, p.333.
60) Viljoen, pp.142-143.
61) Ibid pp.146 - 147, vgl. ook: The Times History..(V) p.45.
62) Viljoen, p.149.
63) Ibid. pp.152-155.

honderde gestyg het. Eindelik, egter, word die hooglandse plato bereik waar dit gou weer beter gegaan het. Van 'n kommissariaat was daar lankal nie meer sprake nie.[64] Gelukkig vir die geteisterde geselskap was Pietersburg nog in besit van die Boere sodat hulle weg daarheen oop was, en op 19 Okt. het hulle die dorp bereik.[65]

Pietersburg en die omliggende distrikte was veilige basisse. Verskillende ander groot leiers was ook hier teenwoordig: Pres.Steyn en die Vrystaatse regering, die belowende jong Beyers met die Waterberg- en Zoutpansberg kommando's; Kemp, "another and yet more ardint spirit" was ook hier teenwoordig met die Krugersdorp-kommando. En so het beide die regerings en die invloedrykste leiers tyd gevind om 'n wyle te rus na liggaam en gees en om planne te beraam vir 'n herlewing van die krygsverrigtinge.[66]

Hier te Pietersburg het die vryheidstryd in Transvaal sy tweede fase binnegegaan, nl. die sogenaamde Guerilla-oorlog (Der kleine Krieg). Die Boer is tot die verste hoek van sy land agtervolg, maar nou het hy hom omgedraai en sy optrede in klein sowel as altoos georganiseerde kommando's oor die ganse land sou toon dat hy nog met dieselfde gees besiel was as met die aanvang van die oorlog en nog in staat is om soos 'n man teen sy teenparty op te tree om hom meer as een verpletterende neerlaag toe te dien.[67] Maar dit was nie voor die end van November dat die nuwe planne in daad oorgesit is nie.[68]

Die eerste simptome van 'n lewenskragtige offensiewe hernuwing onder die Transvaalse Boere het juis van hierdie leiers gekom, veral van Pres.Steyn wie se vurige raadgewinge die beweegkrag was agter die hele herlewing. Die nuwe krygsoperasies waarvan die hoofdoel was om die Rand aan te val en die myne te verniel is soos volg beplan:- Komdt.Genl.Louis Botha moes na die Hoëveld tussen Natal en die Delagoabaai-spoorweg gaan en met daardie kommando's, in samewerking met genl.C.R.de Wet uit die Vrystaat, teen Johannesburg opruk. Beyers met die noordelike kommando's, en Kemp met die

(Krugersdorpers is... ...

64) Ibid.pp.157-158, vgl.ook: Naude, pp.173-174.
65) Ibid.p.160. vgl.ook: Kemp.p.349 en The Times History..(V)p.45.
66) The Times History..(V) p.46.
67) Naude, p.175.
68 )The Times History..(V) p.45.

Krugersdorpers is opgedra om met genl.De la Rey te gaan saamwerk om die Rand van die westekant aan te val. In die laaste plek is aan genl.Ben Viljoen oppergesag toegeken in die noord-oos Transvaal, met die opdrag om swak offisiere af te dank ,die gees van die kommando's op te beur en offensiewe ondernemings aan te pak.69)

Die Krugersorpers wat nou al reeds vir 'n geruime tyd saam en onder leiding van hulle eertydse veldkornet, Ben Viljoen, geveg het, word nou finaal van hom geskei omdat hulle na Wes-Transvaal moet gaan. Tog beweer Mnr.D.S.van Warmelo dat daar ook onenigheid tussen Kemp en Viljoen ontstaan het: „Kemp had sich van Generaal Ben Viljoen gescheiden omdat deze o.a. op een Zondagmiddag te Marabastad, terwijl er dienst gehouden werd, ter stichting van een paar lichtsinnige vrouwen eenige kanonschoten had laten lossen."70) *
In C.F. Beyers sou die Krugersdorpers in elk geval net so 'n onverbeterlike leier vind. Beyers is naamlik deur komdt.-genl.Louis Botha tot assistent-kommandant-generaal bevorder 71) en in hierdie kapasiteit sou hy gesag voer oor die Krugersdorpers onder komdt.Kemp, en die Germiston-, Pretoria - en Rustenburg-kommando's en 'n deel van die Johannesburgse Polisie en Staatsartillerie.72) Vanaf Pietersburg waar Ben Viljoen nou agtergebly het, het hierdie burger-afdelings onder asst.-komdt.-genl.Beyers na Warmbad gegaan waar hulle op 24 Okt. aangekom het om vandaar na De la Rey in die Wes-Transvaal te gaan.73)

Die Krugersdorpse kommandant self was nie sommer 'n ordinêre man nie: „Evenals genl. Beyers heeft hij (komdt.Kemp) gitzwart haar, een zwarten knevelbaard; zijne oogen zijn enigszins grooter doch niet minder zwart. Zijn wakkere scherpe blik spreekt van leven en doorzicht; zijn sterke kaken en ferme mond getuigen van beslistheid, kracht en volharding. Van zijn persoon zal men hem niet voor den man nemen, die hij is. Hij is klein, staat ongeveer 5 voet 9 duim en loopt een weinig gebukt. Men zou hem te tenger en zwak beschouwen voor een krijgsman, veel minder in staat voor een officier om te gebieden en zijne bevelen gehoorzaamd te zien. Zijne gelaatstrekken spreken echter krachtig genoeg van het tegengestelde. Hij is wakker, precies, en beslist: dit ziet men dadelijk in zijn persoon en aan zijne bewegingen." 74)

(By Warmbad ... ... ...

69) The Times History..(V) p.60. vgl. ook: Naude, p.185.
70) Van Warmelo, p.119.
* In 'n onderhoud wat skrywer met Mnr. Van Warmelo gehad het, het lg. bogenoemde rede weer mondelings gestaaf as synde o.a. een van die redes waarom Kemp van Viljoen geskei het.
71) Van Warmelo, p.121.
72) Naude, p.179.
73) Nierstrasz (No.13) p.1082.
74) Naude, p.180.

By Warmbad het Beyers en Kemp al hulle organisasieplanne agter mekaar gekry en op 4 Des. met 1,200 ruiters, 5 kanonne en 70 waens en karre met 200 man as geleide na Magaliesberg vertrek om by genl. De la Rey aan te sluit. Die trek het oor Slypsteenkoppie gegaan en daarvandaan suidwaarts na Pienaarsrivier waar hulle op 7 Des. aankom. Vroeg op 10 Des. verlaat hulle Pienaarsrivier, gaan oor Elandsfontein Seinkop, Veekoppe en kom teen middernag by die Krokodilrivier aan wat hulle nog dieselfde nag oorgaan. Teen dagbreek die volgende môre was die Boerelaer by Swartkoppe naby Bethanie. Die aand het Beyers se perdekommando verder getrek na Sterkstroom om die Magaliesberg by Boschfonteinnek (ook genoem Grobelaarsnek) oor te gaan. Ongeveer 'n uur van hierdie nek het die Engelse laer van Maj.-genl.Clements in die Moot gestaan.(vide p.120) Juis met sy oorgang oor die Magaliesberg, is Beyers deur genl.J.H.de la Rey ontmoet en teen die middag van 12 Des. was eg. se hele kommando aan die suidekant van die berg in die Moot in die distrik Krugersdorp. (Die Moot is een van die vrugbaarste en mooiste valleie in die Transvaal met Naauwpoort as die hoogste punt in die Witwatersrand en wat tegelykertyd as sleutel van die Moot beskou is).[75]

Die slag van Nooitgedacht, 13 Desember 1900.) Soos reeds gesien (vide p.120) was die besluit om Clements se laer met dagbreek die volgende dag aan te val.[76] Die aanvalsplan was soos volg:- Beyers moes die berg, die sleutel tot die kamp, aangryp en dan die kamp bestorm, terwyl De la Rey en veggenl.J.C.Smuts met die Rustenburgers en dié deel Krugersdorpers onder hulle bevel aan die voet van die berg langs die Magaliesrivier stelling sou inneem om met die vlugtende Engelse af te reken.

Teen middernag het Beyers sy kommando's na die volgende plekke laat trek: die Waterbergers onder homself en Van Staden en die Verkenners onder Kraus sou die berg se westelike kruin aan die regterkant bestorm, terwyl Kemp met sy Krugersdorpers en Marais met die Zoutpansbergers die kruin links (oos) moes beskerm. Komdt. (Badenhorst met die... ...

75) Nierstrasz (No.13) pp. 1096,1097, 1098 en 1099, vgl. ook: Kemp pp. 354-355.

76) Naude, p.189.

Komdt.Badenhorst met die Pretoriane moes langs die voet van die berg in die Moot aftrek en teen 2.30 vm. die vuur op die Engelse kamp open om lg. se aandag van die berg af te trek, wat Beyers dan met die voorgenoemde kommando's sou bestorm.[77] Teenoor hierdie 3,000 Boere met hulle 5 kanonne onder De la Rey en Beyers[78] het Clements oor 1,500 man, 9 kanonne en 'n pom-pom beskik.[79]

Ooreenkomstig die besluit het komdt.Badenhorst vroeg die môre die vuur teen die Engelse geopen. Ondertussen het Beyers ook tot aanval oorgegaan: Kemp en Marais met die Krugersdorpers en die Zoutpansbergers aan die oostekant het die bergtop van die linkerkant bestorm; aan die westekant het Beyers, Van Staden en Kraus die kruin aangeval. Ongeag verliese het hierdie Boere tussen die klippe en rotse deur hul weg taktvol en met beslistheid gevind, die meeste van die Britse offisiere neergeskiet, die wagte agtereenvolgens van die westekant oorrompel en ontwapen en gebruik gemaak van die Britte se gewere om die vyandelike posisies verder te bemeester. Aan die oostekant het die Engelse reeds swaar verliese gely onder die geweldige bestorming van Kemp en Marais. Clements het 'n deel van sy artillerie na Vaalkop verskuif om die berg wat deur Beyers beset is, te bombardeer ten einde ten minste 'n deel van sy in heillose verwarring geraakte laer geleentheid te gee om te ontvlug. Beyers en Kemp se kommando's storm nou van die berg af op die laer, wat met alles wat nog daarin was, geneem word. Ongelukkig was genls.De la Rey en Smuts te stadig om 'n stormaanval te maak, anders het Clements se hele strydmag, waarvan 'n deel nou in die rigting van Hekpoort teruggetrek het, in die hande van die Boere geval. Teen 11 vm. was Beyers meester van die slagveld.

Clements het 9 offisiere en 91 man aan gesneuweldes, 11 offisiere en 203 man aan gewondes en 18 offisiere en 555 man aan krygsgevangenes verloor. Die Boere se verlies het 16 dooies en 45 gewondes getel en hulle het enige duisende kiste patrone, 200 perde en 2,000 horingvee gebuit.[80] Die terugtrekkende vyand kon nog maklik

(agtervolg en ... ...

---

77) Nierstrasz(No.13) pp.1099 - 1100; en Naude, p.189; vgl.ook Kemp p.356 en Herinneringe van Genl.De la Rey.pp.85 - 86.
78) The Times History..(V) p.97 en Kemp, p.356.
79) The Times History..(V) p.9 6
80) Nierstrasz (No.13) p.1099 - 1101. The Times History..(V) pp.102-103; vgl. ook: Naude,pp.190-192, Scheibert: pp.199-200.

agtervolg en gevoeliger verslaan word maar 'n aantal burgers onder wie geen behoorlike dissipline geheers het nie, het hulleself benodigdhede begin toeëien uit die kamp totdat die perde oorlaai was, en aan vervolging van die vyand nie gedink word nie.[81] Die Krugersdorpers het hulle nie hieraan skuldig gemaak nie: „de Krugersdorpers, die zich overal zoo dapper gedragen hebben, beproefd en gewogen, voorheen berucht om hun ruw optreden, thans zich in degelijkheid onderscheidend, gingen niet naar benede voordat de manschappen bij elkander waren."[82] 'n Aantal van „de dappere Krugersdorpers" onder vkt. Alberts het Clements agtervolg tot aan die Krokodilrivier alwaar hulle op die Engelse kamp gestuit het.[83]

Die Engelse sou 'n uiterste poging aanwend om die Boere te straf vir die stel wat Clements moes aftrap. Lg. is dan ook met hierdie doel voor oë deur French versterk.[84] Toe die Boere die Britse bewegings in die Moot gewaar, het hulle onmiddellik voorbereidings getref om die vyand te ontmoet. Op 18 Des. het die verenigde kommando's van De la Rey en Beyers vanaf Boschfontein in die Moot afgetrek teen Clements en dieselfde aand nog in die randjies tussen Hekpoort (in die Witwatersrand) en Nooitgedacht (in die Magaliesberg) oornag. Die lae randjies in die middel van die Moot is deur die Krugersdorper beset. Te Hartleyspoort is ook 'n sterk mag geplaas om die nek te verdedig indien versterking vir die Engelse vanaf Krugersdorp kom en die Boere in die rug wil aanval.

Met dagbreek die volgende môre het Clements die randjies waarin die Krugersdorpers lê, laat bombardeer. Om die Engelse aanvoerder in die Moot in te lei, het Beyers sowel die Krugersdorpers as sy kanonne laat terugval. Beyers slaag ook in sy doel,[85] dog net toe die Boere van hulle kans teen die Engelse wou gebruik maak, het 'n rapportryer Beyers bereik met die berig dat hulle inderhaas op Hartleyspoort moet terugval, daar French met 'n sterk kavallerie-mag aan die kom is. Onder 'n ontsettende kleingeweer-vuur het die burgers voortgejaag en net daarin geslaag om veilig deur Hekpoort te ontkom.[86] Hierop het genl. De la Rey met die Rustenburgers na Naauwpoort getrek

(maar hy die ... ... ...

81) Van Warmeloo, pp.133, en 134. 82) Ibid. p.133.
83) Herinneringe van Genl.de la Rey p.87,
84) Kemp, p.359.
85) Naude, pp.197 - 199; Nierstrasz (No.13) p. 1103.
86) Naude, p.200, Nierstrasz (No.13) p.1103.

maar hy die 20ste weer met Clements bots maar lg. tog verplig om na 'n hewige geweerwuur terug te val.[87] Die Krugersdorpers onder komdt.Kemp het met die ander kommando's onder Beyers na Suferfontein gegaan om daarvandaan na Modderfontein, - 'n paar myl van Potchefstromm te gaan en Kersfees aldaar in rus deur te bring.[88]

Langsamerhand het die burgers in die veld hulle Mausers uitgeruil vir Lee Metfords. Ver verwyderd van die Regering en die kommissariaat, het die militêre leiers dit aanvanklik moeilik gehad om hulle manskappe van ammunisie te voorsien. Later, egter, (soos na die slag van Nooitgedacht) het dit duidelik geword dat elke kommando, selfs elke burger, vir sy eie ammunisie moes sorg, het generaal De la Rey beweer.[89]

By Modderfontein, die dag na Kersfees, het genl.Beyers besluit dat in die toekoms elke 75 burgers net 1 wa of 2 karre in die veld kon hou sodat sy laer nie onnodig groot en swaar is vir die rondtrekkery nie. Die res het hy met al die voetgangers na Tafelkop gestuur.[90] Hierdie verandering sou beslis in die Boere se guns tel, want 'n groot tog van Wes- na Oos-Transvaal het voorgelê om komdt.-genl. Louis Botha teen die Engelse se nuwe offensief te rugsteun.

Met Beyers en Kemp in Oos-Transvaal. (Jan. - Feb. 1901.

Gedurende die dae tussen Kersfees en Nuwejaar het Beyers se groot kommando vanaf Modderfontein met die Jamesonweg na Krugersdorp gereis en op 2 Jan. by Hartleyspoort aangekom.[1] Die volgende dag was hy en Kemp weer met Clements en French in 'n skermutseling betrokke. 'n Skerp geweervuur is gewissel waarin 36 Engelse sneuwel, en waarop die ganse Britse linie teruqval. Van die Boere is slegs 2 gewond.[2] Op 4 Januarie was die kommando by Dwarsvlei waar die manskappe hulle perde en trekdiere goed laat uitrus want 'n lang en gevaarlike tog het voorgelê. Die besluit is naamlik geneem om noord van Krugersdorp en Johannesburg verby en tussen Elandsfontein en Pretoria die spoorweg oor te gaan.[3]

Die ooswaartse trek word die aand van die 8ste aanvaar maar hulle bots by Rietfontein-Scheerpoort met 'n Britse kolonne wat (uit Krugersdorp ... ...

87) Nierstrasz (No.13) pp.1103 en 1104. 88) Naude, pp.201-202; en (Kemp p.361.
89) Herinneringe van De la Rey.p.88.
90) Nierstrasz (No.13) p.1105.
1) Naude, p.204. 2) Nierstrasz(No.14) p.1110. 3) Ibid. p.111.

uit Krugersdorp trek en die Boere moes vanweë die oormag van die ~~oormag van die~~ vyand afsien van 'n direkte geveg. Hulle kampeer die aand toe vir 'n wyle by Hartebeestpoort, om dieselfde nag weer voort te gaan na Zwartkop en op 10 Jan. slegs 10 myl van die garnisoen in Johannesburg te staan.[4] Dieselfde nag is die trek voortgesit en teen dagbreek die die 11de Jan. was die voorste kommando, nl. die Krugersdorpers onder Komdt.Kemp by Kaalfontein en Suurfontein. Hulle neem drie spoorwegwagte gevange en vernietig met die swaar geskut die pompstasie van die Kleinfonteinmyn waardeur Johannesburg van elektriese lig beroof is. Buite verwagting van die Engelse het die Boere aldus geslaag om die spoorweg tussen Kaalfontein en Suurfontein oor te gaan. Kemp het hom weer na Suurfontein gewend en die skanse aldaar besterm. Die verdediging was egter te goed, waarop hy met sy kommando en een kanon 'n aanval loods teen Kaalfontein. Die stasie word flink gebombardeer maar ook dit was sterk gefortifiseer en puik verdedig deur kapt.Williams Freeman en sy manne, sodat die Krugersdorpers die aanval moes staak. 2 Boere is gedood en 3 gewond - o.a. Kemps se adjudant, F.de Wet. In alle yl het die Engelse nou vanaf Elandsfontein, Pretoria en Benoni op die Boere aangestorm. Lg.slaag nietemin daarin om hulle laer in te span en na Babsfontein te stuur terwyl die perderuiters die agterhoede dek totdat die laer in veiligheid was. Ongelukkig het Van den Heever, wat intussen as veldkornet oor die Krugersdorpers aangestel is, hier gesneuwel. Vanaf Babsfontein het die hele laer en kommando die volgende dag na Olifantsfontein getrek.[5] Nadat hulle hier 'n paar dae rustig deurgebring het, het Beyers en Kemp hulle groot opmars in die rigting van Bethal voortgesit.[6]

Die hele Oos-Transvaalse area was nog ryk in gesaaides en vee. Maar dit was veral uit militêre oogpunt dat die Hoëveld met Ermelo, Bethal en Carolina as die hoof dorp-sentrums, baie belangrik was en hier het genl.Botha sy beste krysmanne vandaan gekry.[7] Maj.-genl. Lord Horatio Herbert Kitchener, wat in die plek van veldmaarskalk Roberts as opperbevelhebber van die Engelse leër in Suid-Afrika (aangestel is,... ...

---

4) Ibid.pp.1114, en 1115. vgl ook: Kemp, p.362.
5) Nierstrasz (No.14) p.1115; vgl.ook: Naude,pp.208-209 en Kemp,p.362
6) Nierstrasz (No.14) p.1118;
7) The Times History (V) pp.158-159.

aangestel is, [8] se plan was om sy troepe-afdeling oor hierdie hele gebied te versprei in die vooruitsig om óf die Boere te omsluit en in die omgewing van Ermelo te vernietig óf om hulle teen die Zoeloe- en Swazilandse grens vas te keer en daar te dwing om oor te gee. In die tweede week van Januarie is die voorbereidings vir hierdie grootskaalse beweging getref en met French aan die hoof het 5 Britse kolonne in 'n lyn gelê wat noord en suid vanaf die Delagoabaai-spoorweg deur Springs tot aan die Natalse spoorweg gestrek het. [9] 'n Ontsaglike leër van 35,000 troepe met 58 kanonne en pompoms, 11,500 perde en 9,000 muile was oor die hele Hoëveld versprei. [10]

Op 27 Jan. was die 5 kolonne gereed om hulle operasies teen die Boere uit te voer. [11] In 'n groot halfsirkel het hulle nadergekom en alles voor hulle uitgedryf, kommando's vroue- en kinderlaers, groot- en kleinvee. [12] French se groot moeilikheid was egter om steeds kontak tussen sy kolonne te behou, veral in die nag, want die front was wyd uitgestrek. Sonder veel moeite slaag die waaghalsige en mobile Beyers en Kemp daarin om met die Zoutpansberg-, Waterberg- en Krugersdorp- kommando's deur die Britse kordon terug te breek en op 29 Jan. 1901 die spoorweg tussen Springs en Brakpan te verniel, twee myne te verbrand en by Benoni die veldtelegraafkabel te sny. So het hulle weer agter die vyand gekom wat intussen sy kring al nouer getrek het. [13] Bethal en Ermelo was die middelpunt waarheen die vyand gedring het en binne hulle halfsirkel het 1,300 rytuie, 50,000 beeste en 100,000 skape van die Boerefamilies voortbeweeg.. [14]

Met 'n omweg slaag komdt.Kemp daarin om met sy kommando by genl.Botha aan te sluit en al vegtende trek hulle voor die vyand uit na Ermelo. [15] Genl.Beyers was kort op die hiele van die vyand en slaag daarin om 'n rapport deur te stuur na Kemp waarin hy hom opdra om êrens deur die linie van die vyand trag deur te breek. Kemp moet laat weet waar hy van plan is om dit te doen sodat Beyers op daardie punt kan aanval om hom te help. [16]

(Die Geveg by... ...

8) Nierstrasz(No.13) p.1095, vgl.ook: Blouboeke Cd.457 p.26.
9) The Times History(V) p.159. 10) Ibid. p.161. 11) Ibid. p.163.
12) Naude,p.210.
13) The Times History(V) p.163.vgl.ook: Naude,p.210.
14) Naude, p.211. 15) Kemp, p.365.

16) Naude,p.211, vgl.ook: Kemp, p.265.

Die Geveg by Chrissiesmeer: In hierdie selfde tyd - dit was die 6de Feb. 1901 - het genl. Botha besluit om met die Carolina-kommando onder veggenl. David Joubert, die Swaziland- en Wakkerstroom-kommando's onder veggenl. Chris Botha, die Krugersdorpers onder komdt. Kemp, die Heidelbergers onder veggenl. Alberts en die Bethallers en Middelburgers, die troepe van French en Smith-Dorrien van drie kante aan te val in die omgewing van Chrissiesmeer. Daar het 'n groot verwarring geheers in die verdediging van Smith-Dorrien. Sy kamp is maklik oorwin en verskeie kommando's het sy laer binnegedring. Ongelukkig het 'n buitgees die burgers meer oorval en hoe die Ermeloërs onder Tobias Smuts ookal verdedig, het Smith-Dorrien daarin geslaag om weer nader te kom en 'n kanonvuur op die Boere te open, waardeur 30 gedood word - o.a. ook die koene jong vkt. Pieter du Toit van Krugersdorp wat nouliks 'n maand gelede in die plek van Van den Heever gekies is.[17]

Die gevaar dat die Engelse die verskillende kommando's kon omsingel was nog nie verby nie. Maar die strateeg, genl. Botha sou toesien dat sy kommando's nie vasgekeer word nie. Aan elke offisier het hy opdrag gegee hoe om te handel, ook aan Kemp. By Klipstapel is 'n diep, nou vallei, slegs enkele honderde treë breed, wat afloop na Balmoral en wat deur die Engelse oopgelaat is. Die Boere was gou om dit raak te sien en met hulle spioene aan weerskante op die bulte om die bewegings van die vyand dop te hou, het Kemp met sy kommando, en Alberts met die Heidelbergers, die kanonne, en die ganse laer ongemerk en veilig deur die Engelse linies geglip.[18]

Genl. Botha, wat van voorneme was om met 2,000-3,000 man Natal binne te ruk,[19] moes nou hierdie plan laat vaar. Maar ook is Kitchener se groot doel nl. om die Boereleër iewers in Oos-Transvaal te verneder, aldus verydel: "Strategically the British movement had failed. Beyers and Kemp had disappeared. Botha, it is true, had failed in a brilliant tactical effort, but he himself and the best of his troops had broken through or round the British lines and were soon to be back in their own country, reoccupying towns and villages, gathering scattered stock, drawing out hidden food-stores, and, in short, rendering the work of the columns almost useless." [20] (Komdt. Genl. ..

---

17) Nierstrasz(No.14) p.1127 vgl. ook: Naude, pp.211-212.
18) Nierstrasz(No.14) p.1127 vgl. ook: Naude, pp.212-213 en Kemp pp.265-266.
19) Nierstrasz(No.14) p.1120.
20) The Times History (V) p.170.

Komdt.-genl. Botha het alweer 'n nuwe idee gehad. Hy bevind hom op 10 Feb. in Bethal en beplan 'n inval in die Kaapkolonie. Hiervoor was 3,000 man uit Transvaal nodig en onder genl. C.F. Beyers moes hulle in samewerking met genl. De Wet die beraamde inval uitvoer. Beyers moes vooraf egter eers na die Waterberg gaan om daar 1,000 man van noordelike kommando's op die been te bring. Kemp moes met die Krugersdorpers en Pretorianers teruggaan na Wes-Transvaal om daar 1,000 man van genl. De la Rey te kry. Die orige kommando's in die Hoëveld sou die ander 1,000 burgers verskaf.[21]

Aan hierdie groots opgesette plan sou daar nie onmiddellik uitvoering aan gegee kon word nie. Die regering het berig ontvang dat die Engelse van plan was om die distrikte Waterberg en Zoutpansberg in te val, waarop Beyers opgedra is om voorlopig met sy kommando's daar te bly. Buitendien het Botha ook ongunstige rapporte van De Wet ontvang oor die ondervindinge wat lg. moes deurstaan tydens sy jongste intrek in die Kolonie.[22]

Genl. Beyers het gehoorsaam. Gebind deur die verpligtinge in Noord-Transvaal en Kemp deur sy aktiwiteite in Wes-Transvaal, sou hierdie twee makkers se militêre bedrywighede van nou af nie meer so nou verbonde wees nie.

Terug na Wes-Transvaal. In sy hervorming van die Transvaalse weermag, het komdt.-genl. Botha die wes-Transvaalse distrikte Krugersdorp, Rustenburg, Marico, Lichtenburg, Potchefstroom, Wolmaransstad en Bloemhof, asook Grikwaland-wes en die westelike distrikte van die Kaapkolonie in Jan. 1901 onder opperbevel van asst.-genl. J.H. de la Rey, wat nou tot assistent-kommandant-generaal bevorder is, geplaas. De la Rey het daarna die volgende veggeneraals benoem om hom in daardie gewese te steun: oor Krugersdorp Rustenburg en Pretoria (distrik) Veggenl. J.C.G. Kemp; oor Marico en Lichtenburg Veggenl. J.B. Celliers; oor Potchefstroom veggenl. P.J. Liebenberg. Bloemhof en Wolmaransstad het nog onder hulle kommandante gestaan en lg. direk onder genl. De la Rey. Grikwaland-wes en die gebied tot aan die Oranjerivier is onder (veggenl. de Villiers...

21) Nierstrasz (No. 14) p. 1135. 22) Naude, p. 228.

veggenl. De Villiers geplaas.[23a)] Kemp se rang as kommandant oor die Krugersdorpers het nou op Claassen geval en in die plek van la. as veldkornet het die heer Liebenberg veldkornet geword.[23b)]

Die nag van 14 Feb. het veggenl.Kemp su tog vanaf Oos- na Wes-Transvaal met die Krugersdorpse, en Pretoriase kommando's begin. Ongeag die soekligte oral in die omgewing van die Rand trek hy met byna dieselfde pad terug as wat hy en Beyers 'n maand tevore mee gekom het en slaag daarin om ongehinderd tussen Irene en Kaalfontein stasie oor die Pretoria-Johannesburgspoor te kom. Die 16de Feb. bereik hulle Roodewal aan die Krokodilrivier, vanwaar enige burgers toegelaat is om hulle plase te besoek.[24)] Op 19 Feb. het die burgers by Dwarsvlei aangekom waar hulle agt dae vertoef het en van die tyd gebruik gemaak het om hulle van die nodigste noodsaaklikhede te voorsien vanuit Krugersdorp, Johannesburg en Pretoria. Hulle grootste teenvoeter hier was die perdesiekte wat ontsaglike skade veroorsaak het.[25)]

Die 28ste het Kemp se kommando's Dwarsvlei verlaat met die oog om hulle so gou moontlik met De la Rey te verenig. Dit sou nie so maklik gaan nie. Die vyandelike magte van Clements was oral, bv. by Naauwpoort, Bankstasie en Hekpoort.[26)] Ook was Babington met 2.000 man by Naauwpoort om Clements te versterk. Cunningham was met 2.300 man by Roodepoort en Lord Methuen in die ver Wes-Transvaal by Mafeking.[27)] Teen hierdie magte kon De la Rey nie aktief optree nie want hy het dit moeilik gevind om die burgers te oorreed om die omgewing van hulle eie plase te verlaat en te kom veg. Ook was die tekort aan perde weens die hewige perdesiekte 'n struikelblok in sy weg. Maar hierdie onaktiwiteit van De la Rey sou nie meer baie lank duur nie, want, "Kemp, his ablest and most daring lieutenant, having ended a long partnership with Beyers in the first days of French's big movement had just brought back the Krugersdorp commando to its own district and was endeavouring to supply his men with fresh horses and equipment."[28)]

Lord Kitchener het sy planne vir die weste ook gereed gehad.

(Twee nuwe afdelings ... ...

---

23a) Nierstrasz (No.14) pp.1116-1117. vgl.ook: Herinneringe van Genl. De la Rey pp.90 en 99, en Kemp p.367 en 369.
23b) Van Warmelo, p.189.
24) Nierstrasz(No.14) pp.1138 en 1140: vgl.ook: Naude, p.215.
25) Naude, pp.216-217, vgl. ook v.Warmelo,pp.190-191.
26) Nierstrasz(No.14) p.1146.
27) The Times History (V)p.217.
28) The Times History (V)p.218.

Twee nuwe afdelings is as versterking na Wes-Transvaal gestuur nl. 1,200 man met 6 kanonne onder lt.-kol.Shekleton en 1,400 man en 6 kanonne onder lt.-kol.Benson. Kitchener se hoofdoel was om die Boere uit die omgewing van Johannesburg en Pretoria te dryf - J.C.Smuts o.a. uit Gatsrand en Kemp uit die Krugersdorpse distrik.[29] Genl. Smuts het sy aanvallers maklik ontduik en verdwyn na die noord-weste[30]

Babington het opdrag gekry om in samewerking met Cunningham en Shekleton die kommando van Kemp en ander lokale afdelings uit die Krugersdorpse distrik te dryf. Cunningham en Shekleton het op 1 Maar vanaf Krugersdorp met die Witwatersrandberg na Babington se posisie te Naauwpoort getrek. Maar veggenl.Kemp het gou lont geruik en op 2 Maart sy tog voortgesit om by De la Rey in die weste aan te sluit.

"Characteristically, he chose the most dangerous exit, namely, the valley, barely three miles broad, between Magaliesberg en Naauwpoort though he knew that 2,000 men overlooked his line of march. Babingto having been there for a month, and having chosen the position himsel as the key to the whole district, might reasonably have been expecte to keep a better watch: but Kemp passed the point of danger during the same night and disappeared. He had moved in the nick of time, for on the 3rd Cunningham and Shekleton crossed his trial, and Babington's mounted men scoured the valley he had traversed a few hours before."[31]

Intussen het genl. De la Rey probeer om Lichtenburg te beleër maar dit was sonder sukses.[32] Hierna het die Engelse onder Babington en Shekleton besluit om die Boere-generaal te vind en met hom af te reken. Op 20 Maart het hierdie twee Britse kolonne by Hartebeestfontein aangekom.[33] Toe genl. De la Rey hiervan hoor, het hy veggenl. Kemp onmiddellik laat weet dat hierdie Engelse kamp aangeval moet word. Die veggenraal het net met 180 ruiters uit sy verskillende kommando's gegaan,[34] want teen hierdie tyd het die perdesiekte so gewoed dat die Krugersorpse kommando o.a. i.p.v. 400 slegs 25 perderuiters gehad het. Die res was voetgangers. (Hier kan net bygevoeg word dat dit dan ook die rede was waarom Kemp nie kon deelneem aan die inval in die Kaapkolonie nie.)[35] Op 18 Maart het Kemp na Kruidfontein vertrek alwaar hy die waloer en voetgangers agtergelaat het en het self met sy 180 ruiters na Hartebeestfontein opgeruk. By hom het (hy 2 Armstrongs..

29) Ibid.pp 218-219. 30) Ibid p.220 vgl.ook: Kemp, p.371
31) The Times History..(V) pp.221-222. vgl.ookK Naude, p.218.
32) The Times History..(V) pp.222-223.
33) Ibid. p.224. vgl.ook: Blouboeke Cd.605 p.9.
34) Kemp, p.374.
35) Herinneringe van Genl. De la Rey p.100.

Twee nuwe afdelings is as versterking na Wes-Transvaal gestuur nl. 1,200 man met 6 kanonne onder lt.-kol.Shekleton en 1,400 man en 6 kanonne onder lt.-kol.Benson. Kitchener se hoofdoel was om die Boere uit die omgewing van Johannesburg en Pretoria te dryf - J.C.Smuts o.a. uit Gatsrand en Kemp uit die Krugersdorpse distrik.[29] Genl. Smuts het sy aanvallers maklik ontduik en verdwyn na die noord-weste[30]

Babington het opdrag gekry om in samewerking met Cunningham en Shekleton die kommando van Kemp en ander lokale afdelings uit die Krugersdorpse distrik te dryf. Cunningham en Shekleton het op 1 Maar vanaf Krugersdorp met die Witwatersrandberg na Babington se posisie te Naauwpoort getrek. Maar veggenl.Kemp het gou lont geruik en op 2 Maart sy tog voortgesit om by De la Rey in die weste aan te sluit.

"Characteristically, he chose the most dangerous exit, namely, the valley, barely three miles broad, between Magaliesberg en Naauwpoort though he knew that 2,000 men overlooked his line of march. Babingto having been there for a month, and having chosen the position himsel as the key to the whole district, might reasonably have been expecte to keep a better watch; but Kemp passed the point of danger during the same night and disappeared. He had moved in the nick of time, for on the 3rd Cunningham and Shekleton crossed his trial, and Babington's mounted men scoured the valley he had traversed a few hours befora."[31]

Intussen het genl. De la Rey probeer om Lichtenburg te beleër maar dit was sonder sukses.[32] Hierna het die Engelse onder Babington en Shekleton besluit om die Boere-generaal te vind en met hom af te reken. Op 20 Maart het hierdie twee Britse kolonne by Hartebeestfontein aangekom.[33] Toe genl. De la Rey hiervan hoor, het hy veggenl. Kemp onmiddellik laat weet dat hierdie Engelse kamp aangeval moet word. Die veggenraal het net met 180 ruiters uit sy verskillende kommando's gegaan,[34] want teen hierdie tyd het die perdesiekte so gewoed dat die Krugersorpse kommando o.a. i.p.v. 400 slegs 25 perderuiters gehad het. Die res was voetgangers. (Hier kan net bygevoeg word dat dit dan ook die rede was waarom Kemp nie kon deelneem aan die inval in die Kaapkolonie nie.)[35] Op 18 Maart het Kemp na Kruidfontein vertrek alwaar hy die walaer en voetgangers agtergelaat het en het self met sy 180 ruiters na Hartebeestfontein opgeruk. By hom het (hy 2 Armstrongs..

29) Ibid.pp 218-219. 30) Ibid p.220 vgl.ook: Kemp, p.371
31) The Times History..(V) pp.221-222. vgl.ookK Naude, p.218.
32) The Times History..(V) pp.222-223.
33) Ibid. p.224. vgl.ook: Blouboeke Cd.605 p.9.
34) Kemp, p.374.
35) Herinneringe van Genl. De la Rey p.100.

hy 2 Armstrongs, 1 pom-pom en 2 handmeksims gehad wat deur die dappere lte. Van Deventer en Odendaal bedien is.[36]

Op 21 Maart, op weg na Hartebeestfontein het Kemp sy opperbevelhebber, asst.-komdt-genl. J.H. de la Rey ontmoet.[37]

***** ****** *****

Vir die Krugersdorpers was genl. De la Rey geen vreemdeling nie. Reeds die vorige jaar toe die wesgrens teen die aanrukkende vyandelike magte verdedig moes word, is hulle onder die bevel van genl. Meyer uitgeneem om onder De la Rey te staan in Wes-Transvaal (vide p.9. Na die val van Pretoria was hulle agtereenvolgens onder komdt.-genl. Botha, veggenl. Viljoen, en genl. Beyers. Na verloop van byna 'n jaar het hulle hulle nou weer onder opperbevel van J.H. de la Rey bevind,

"...the man who next to Louis Botha, deserves to rank highest among the Boer leaders.".."Dark, with shaggy eyebrows, great aquiline nose - mark of old aristocratic Huguenot or Spanish blood - deeply lined face and a vast bushy beard fast turning grey, he would have made a striking model for some warrior prophet of the Old Testament." Hy

was impulsief en passievol en lief vir pronte aksie. De la Rey was 'n gebore soldaat en genl. Botha se regterhand gedurende die laaste maande van die stryd.[38] Die Krugersdorpers kon trots wees dat so'n man hulle hoofleier was; genl. De la Rey kon trots wees dat hy die leier was, ook van die Krugersdorpers: "The backbone of his troops were the Rustenburgers, the softer influences of whose luxuriant country were tempered by their stern Dopper religion and their attachment to the conservative system of their countryman Paul Kruger. and the Krugersdorp commando, whose bleak plateau seem well fitted to nurture the untiring fighters in whose guardianship was the Paardekraal memorial of the Transvaal's independence."[39]

***** *** *****

<u>Die Slag van Geduld: 22 Maart 1901.</u> Die aand van die 21ste Maart was genl. De la Rey en Kemp in die omgewing van Geduld, sowat sewe myl ten noorde van Hartebeestfontein.[40] Vroeg die volgende môre het die Boere in aanraking gekom met 'n verkennersafdeling van Babington. Met Kemp op sy linker- en J.C. Smuts op sy regtervleuel het De la Rey die Engelse onmiddellik gestorm waarop hulle op die nabyliggende kop teruggeval het en die Boere onder pom-pom en kleingeweervuur gestel het. Kemp en sy burgers het 'n dapper stormloop

(aangewend om ... ...

---

36) Naude, p.220. 37) Nierstrasz(No.14) p.1168.
38) The Times History (II) p.341.
39) The Times History(IV) p.348.
40) The Times History(V) p.224.

aangewend om die pom-pom te buit, maar het nie daarin geslaag nie.[41] Intussen het Babington self genader en die rande om Hartebeesfontein beset. Genl.De la Rey het onmiddellik die koppies by Paardeplaats en Lemoenfontein in besit laat neem deur 400 man en 5 kanonne. Op die regterkant en in die sentrum was veggenls. Liebenberg en Smuts vanaf Paardeplaats tot by Lemoenfontein en daarvandaan tot by Geduld het Kemp posisie ingeneem. Eers toe die Engelse onder bereik van die Mausers was, het Kemp se beide Armstrongs en pom-pom onder lte. Van Deventer en Odendaal die vuur geopen, waarop Babington sy batterye in aksie bring. Hoe ongelyk die duel ookal was, het Kemp se artilleriste moedig volgehou. Maar ondertussen was die Boere se linkervleuel onder Liebenberg in gevaar om opgerol te word, waarop Kemp verplig is om sy artillerie terug te trek en onder dekking van die mauservuur het hulle na Kafferskraal verskuif.[42] Op bevel van genl.De la Rey was Kemp vroeg die volgende môre met die perdekommando by Kafferskraal om die vyand aan te val. Terwyl die kommando's in die geveg betrokke was, is die waaer in die rug aangeval en is deel daarvan gebuit. Nou was ook die kanonne in groot gevaar. Terwyl Kemp probeer om sy verspreide burgers te versamel om die kanonne en die waens te beskerm, het die Engelse tot op enkele honderde treë genader. Toe die artilleriste merk dat hulle alles sal moet oorgee, het hulle die 2 by Colenso gebuite Armstrongs, die pom-pom en ses meksims onbruikbaar gemaak. Babington slaag nietemin daarin om 70 man gevange te neem en buit behalwe die geskut en ammunisie, 56 waens en karre wat feitlik alles aan Kemp behoort het. Die kommando's van Kemp is nog verder agtervolg tot by Boschkop en eindelik het die Engelse, nadat hulle perde té uitgeput was, die agtervolging gestaak waarop Kemp na Tafelkop teruggeval het.[43]

Geen noemenswaardige operasies het gedurende April 1901 in Wes-Transvaal plaasgevind nie. Alleen teen die middel van die maand het 'n Engelse mag uit Ventersdorp 'n aanval op genl.Smuts by Rietpan gemaak. Kemp se laer wat toe rustig by Kruidfontein gelê het, het, uit vrees dat hulle ook aangeval sou (word, onder ... ...

41) Nierstrasz (No.14) p.1168; vgl.ook: The Times History..(V) pp.224-225 en Blouboeke Cd.605 pp.9 - 10.
42) Nierstrasz (No.14) p.1169.
43) Nierstrasz (No.14)pp.1169 -1170 en The Times History(V)pp.226-227

word, onder dekking van die perdekommando na Donkerpoort vertrek. Dit het die ruiters geluk om die vyand terug te hou totdat die laer veilig was. Onderwyl die vyand nader, het die burgers posisie ingeneem op Tafelkop en in die rande by Mabaalstad. Toe 'n dik miswolk oor die Boerestellinge toesak, het die vyand weer teruggetrek. 44a)

Die Engelse het ook nie 'n onmiddellike aanvalsplan gereed gehad nie. Reeds vroeg in Maart was Lord Methuen opweg om Hoopstadd te gaan ontset, maar die rivier was te vol om deur te gaan, waarop die plan uitgestel moes word. Die res van die maand en April is deurgebring deur herorganisasie. Teen die einde van April is al die beskikbare troepe per spoor na Mafeking vervoer wat die nuwe beginpunt sou wees vir die Engelse se mars in Transvaal in. 44b) Van hierdie geleentheid het die Boere ook gunstig gebruik gemaak. Sover moontlik het die krygskommissarisse perde en slagvee in die Vrystaat opgekoop en na Wolmaransstad gestuur waar die heer Du Toit die vee ontvang en na die kommando's gestuur het. O.a. is 70 - 80 perde juis in hierdie tyd meer aangestuur en dit is veral onder veggenl. Kemp se kommando's uitgedeel wat nie in hulle eie distrikte was nie, maar moes rondtrek waarheen dit nodig was. 45) Kleinere skermutselinge het daagliks plaasgevind met Engelse verkennerspatrollies, maar verder het niks besonders voorgeval nie. 46)

Op 1 Mei het Lord Methuen eindelik sy veldtog begin en bevind hom twee dae later in Lichtenburg. Nou was die hele Britse mag in Wes-Transvaal gereed vir gekombineerde operasies in die driehoek Lichtenburg-Ventersdorp-Klerksdorp. Babington was by Syferkuil; Rawlinson te Brakspruit om moontlike ontvlugting ooswaarts te verhoed. By Tafelkop het Dixon die noordelike uitgange dopgehou. 'n Vyfde kolon onder lt.-kol. Ingouville-Williams was by Klerksdorp. 47)

Die Engelse se groot moeilikheid was dat hulle nie geweet het waar die Boere onder De la Rey en sy ~~veggenls~~ veggeneraal's presies was nie. Slegs 'n vae idee het bestaan dat lg. se sterkste mag om Hartebeest(fontein gekonsentreer ..

44a) Naude, p.236. 44b) The Times History(V) pp.230-231.
45) Naude, p.237. 46) Ibid. p.238.
47) The Times History(V) p.231.

Hartebeestfontein gekonsentreer was. Sonder om direkte kontak met die Britse troepe te maak wat vanaf Lichtenburg, Ventersdorp en Tafelkop gekom het, het die Boere se linkervleuel teruggeval, met die gevolg dat die ander kommando's met moeite kon ontwyk. Maar teen die aand van die 6de Mei, toe hierdie eerste operasie voltooi is, was daar nie 'n enkele vegtende Boer in die sirkel van Britse kordons nie. Die hoogtes om Hartebeestfontein was verlate, die kommando's het in alle rigtings versprei: Liebenberg het Schoonspruit oorgesteek, die Lichtenburg-kommando onder veggenl.Celliers en komdt. Vermaas het eers teen Babington en toe teen Methuen gebots, maar tog ontkom; van De la Rey en Kemp was niks definitiefs bekend nie.[48)]

Lord Methuen was vas onder die indruk dat De la Rey noordwaarts beweeg het.[49)] In werklikheid het die Boereleier en sy kommando's nie sonder meer teruggetrek nie. Dit was altyd sy gewoonte om die vyand weg te lok van die vrouelaers en vee. En om die distrikte Potchefstroom en Klerksdorp nie aan verwoesting bloot te stel nie, het De la Rey veggenls.Kemp, De Villiers en Celliers beveel om weswaarts te trek sodat die vyand hulle daarheen kan agtervolg. Hulle moes die spoor tussen Mafeking en Vryburg opbreek en dan weer tussen die vyand deur terugkeer.[50)] Vir die ander kommando's was daar ook werk. Dit was Meimaand en die winter het die Wes-Transvaal reeds in 'n gedugte knelgreep vasgevat. Daarom het De la Rey die kommando's onder hulle kommandante en veldkornette na hulle eie distrikte gestuur om die oeste in te samel en wintergraan in te ploeg. Gedurig was daar egter so 'n 100 man gereed om die vyand aan te durf indien 'n onverwagse aanval van stapel gestuur word. Die burgers het die graan in sakke van beesvel gesit en oral in die veld weggebêre.[51)]

Veggenl.Kemp het sy opperbevelhebber se bevel gehoorsaam want hy "was niet de man om terug te deinzen of de hem gegeven order niet uit te voeren; evenals hij zijne bevelen wilde zien gehoorzamen door zijne officieren en burgers, gehoorzaamde hij die van anderen over (hem gesteld.... ...

48) The Times History..(V) pp.231-232; vgl.ook: Naude, p.241, Kemp, pp.378-380 en Blouboeke Cd.605 p.10.
49) The Times History..(V) p.232.
50) Herinneringe van Genl.De la Rey p.106 vgl.ook: Naude, p.242.
51) Herinneringe van Genl.De la Rey.pp.107-108.

over him gesteld. Generaal de la Rey had in hem een officier op wien hij zich kon verlaten en aan wien hij met gerustheid eene zaak kon toevertrouwen, en dat wist de generaal ook." 52)

'n Groot Engelse mag het Kemp, De Villiers en Celliers dan ook agternagesit in die rigting van Kraaipan op die ver-westelike grens. Weens onbekendheid met die terrein het die Boere nie daarin geslaag om die spoor op te breek nie. In die snydende koue trek hulle weer veilig terug tot by Leeuwpan waar hulle op 10 Mei aansluit by genl. De la Rey. Om nie tussen die Engelse onder Methuen en Rawlinson wat na die weste toe gelok is, te geraak nie, het die Boere daarvandaan noordwaarts oor Barberspan na Leeuwkuil (aan die Harts-rivier) getrek. 53)

Die Britse militêre operasies in Wes-Transvaal het aldus tot 'n vrugtelose eindresultaat gekom en hoe weinig vrees dit onder die Boere van daardie geweste ingeboesem het, sou veertien dae later bewys word.

## DIE WINTER-KAMPANJE. (1901)

**Die Slag van Vlakfontein. 29 Mei 1901.**

Die verskillende Britse leërafdelings het na die voorgenoemde operasies teruggetrek: Methuen en Rawlinson na die Kimberley-Mafeking spoorweg; Babington en Ingouville-Williams na Klerksdorp en Dixon na sy verskanste kamp by Naauwpoort. 1) Waarheen die Boere verdwyn het, het hulle nie geweet nie, maar laat in Meimaand het omstandighede getoon dat die eintlike gevaar meer ten noorde was waar die jong veggenl. Kemp 'n aansienlike mag byeengebring het. 2) Op 27 Mei het Kemp en sy kommando Kwaggashoek verlaat en oor Donkerpoort na Kleinfontein getrek. 3) Dieselfde dag het hy berig ontvang dat 'n vyandelike mag onder maj-genl.Dixon vanaf Naauwpoort gekom en by Vlakhoek gekampeer het. 4) Die volgende dag het hierdie kamp met kanonne en al na Vlakfontein verskuif. 5)

Dixon se mag was soos volg versprei: a) Die linkerflank onder maj.Chance met twee kanonne van die 28ste Battery en 1 pom-pom; (die Imperial Yeomanry .. ..

52) Naude, p.242.

53) Ibid pp.243-244. vgl.ook: Nierstrasz (No.14)pp.1188 en 1189.

1) The Times History..(V) p.279.

2) Ibid. p.280.

3) Kemp, p.291.

4) Naude, p.246.

5) Ibid. p.249.

die Imperial Yeomanry en 'n afdeling van die Derbyshire regiment.

(b) die sentrum onder Dixon met 2 kanonne van die 8ste battery, en 1 howitzer: twee afdelings van die King's Own Scottish Borderers en 1 afdeling van die Derbyshire regiment.

(c) die regterflank onder lt.-kol.Duff met 2 kanonne van die 8ste battery en 200 ruiters van die Scottish Horse en twee afdelings van die King's Own Scottish Borderers. 6)

In hierdie selfde orde het Dixon sy mag die 29ste Mei vorentoe laat beweeg, een afdeling in die rigting van Waterval, 'n tweede na Vlakhoek en 'n derde na Roodewal. 7) Kemp het sy burgers onmiddellik laat stelling inneem tussen Waterval en Spitskop. 8)

Geweervuur is vroeër die oggend al oor die hele front gehoor, maar toe daar teen 1.30 nm. nog niks buitengewoons plaasgevind het nie, het Dixon bevel gegee dat die hele mag moet terugkeer na die kamp. Die afdeling links onder Chance sou as agterhoede dien. 9) Die geweerskote het egter juis in die rigting van die agterhoede begin toeneem en teen die hoogte het die Engelse 'n groot veldbrand gemaak. Om 2.30 nm. het 'n boodskapper vanaf maj.Chance Dixon bereik met die berig dat eg. swaar aangeval word deur die Boere. Dixon het onmiddellik 'n boodskap aan lt.-kol.Duff gestuur waarin hy hom opdra om met al sy troepe Chance te gaan ondersteun. 10)

Onder beskutting van die dik rookwolk het die Boere hulle geweervuur hoofsaaklik op die Britse agterhoede gekonsentreer en die Yeomanry teruggedryf. Terselfdertyd het Kemp ook die hoogte waar Duff hom bevind het, bedreig, waarop lg. onmiddellik om versterking vanaf Chance se agterhoede gevra het. Hieraan kon nie voldoen word nie want dit was juis hier (by Chance) waar die Boere die kwaaiste aangeval het. 11) Voordat enige versterking iewers kon opdaag sou die Boere storm.

Kemp waarsku sy burgers vooraf om tog nie toe te laat dat die buitgees hulle oorheers nie dog aan te hou veg totdat die oorwinning verseker is.... ...

---

6) Blouboeke Cd.693 p.2.
7) Naude, p.249; vgl.ook: Blouboeke Cd.693 p.2 en The Times History (V) p.281.
8) Nierstrasz(No.14) p.1198.
9) The Times History..(V) p.282.
10) Blouboeke Cd.693 p.3.
11) The Times History..(V) pp.282-283.

oorwinning verseker is. Gemasker deur die rookwolk ruk 300 moedige burgers nou op en storm in 'n lang geboë linie die uitgebrande, rookbedekte bult uit teen die stelling van die vyand. Op die linkervleuel was komdt. Joop Van Deventer, die artilleris, met sy verkenners en verskeie artilleriste; aansluitend in die sentrum was vkte. Van Tonder en Van Heerden met die Rustenburgers; langs hulle die Krugersdorpers onder komdt.Claassen en op die uiterste regtervleuel komdt. Oosthuizen met die Pretorianers. Veggenl.Kemp self was met sy staf tussen die Krugersdorpers en die Rustenburgers.12)

Een druk met die spore en 'n golf van Boere bars oor die vlamme en skiet tussen die vyandelike geledere in, sommige sommer vanuit die saal, andere op grond met die teuels om die arm. Die storm het alle teenstand gesmoor. Genadeloos word die Britse bedieningsmanskappe na heldemoedige weerstand by hulle kanonne platgeskiet. Die Yeomanry word in talle afgemaai. Nege van hulle offisiere uit 'n getal van sestien sneuwel of is gewond terwyl die verslaande oorblyfsel by die kanonne verbyvlug en agtertoe terugval. Die Derbyshire regiment is feitlik totaal vernietig nadat hulle tot die laaste moment geveg het, en binne enkele oomblikke was Kemp meester van die rand.

Met 'n paar van sy artilleriste het komdt.Van Deventer nou op die geskut afgestorm, neem dit in besit en bestook die vlugtende vyandelike perderuiters met hulle eie kononne. Middelerwyl het baie burgers hulle Mausers omgeruil vir Lee Metfords van die reeds gevalle Engelse. 'n Gedeelte van Kemp se mense dring nou op sy bevel regs op die Engelse kamp in waaruit die vyand ook reeds begin vlug terwyl ander die perderuiters wat met 'n pom-pom op vlug geslaan het, agternasit.

Die klinkende oorwinning kon nog glansryker vir Kemp gewees het. Ongelukkig het daar op hierdie tydstip misverstand gekom toe die burgers van wyk III (Krugersdorp) onder vkt.Du Toit hulle eie mense wat die vyand agternagesit het, vir Engelse aansien en hulle vanaf die rande in die sykant bestook. Hierdie verwarring het nie alleen die agtervolging tot stilstand gebring nie, maar ook twyfel laat posvat in die Boere se hoofgevegslinie wat nou onder die indruk was ( dat hulle deur .. ..

12) Nierstrasz (No.14) p.1198; vgl.ook: Kemp, p.393.

dat hulle deur die Engelse in die rug bedreig word. Van hierdie verposing het Dixon gunstig gebruik gemaak deur sy in-alle-rigtings-vlugtende manskappe tot stilstand te bring en tussen twee- en drie-uur nm. 'n kontra-aanval te loods. Die verskillende infanterie-afdelings het saamgespan en onder hierdie desperate teenaanval, gesteun deur 'n swaar artillerievuur het Kemp se manne moed verloor. Die Engelse storm op hulle kamp af en slaag ook daarin om hulle kanonne weer te neem, maar nie voordat Van Deventer en sy artilleriste al die ammunissie weggeskiet het nie. Tog het die Boere daarin geslaag om met 90 perde terug te keer en elke burger met twee gewere en net soveel ammunisie as wat elkeen kon meevoer. 13) Hulle verlies was sewe burgers dood (waarvan vier Krugersdorpers was) en twee swaar gewond. 14) "Our casualties were very heavy" skryf Dixon, "and mostly occured among the gunners of the captured guns, the Derbyshire company and the Imperial Yeomanry." 15) Daar is nl. 6 offisiere en 43 manskappe dood en 7 offisiere en 123 manskappe gewond, die swaarste verlies sedert die slag van Nooitgedacht. 16)

Op 31 Mei het Dixon weer veilig in Naauwpoort aangekom. 'n Georganiseerde aanval teen Kemp en sy kommando's was egter noodsaaklik. Elke leërafdeling in Wes-Transvaal is derhalwe na die toneel gestuur: Rawlinson, Williams en Hickie vanaf die suide, terwyl Methuen vanaf die ver-weste nadergeskuif het, en 'n nuwe afdeling onder Brig. Genl. Gilbert Hamilton wat inderhaas na Krugersdorp gestuur is, vanaf die ooste aangeruk het. Ten laaste het ook Dixon, nadat hy sy mag herstel het, Magatonek geblokkeer. Maar die Britse militêre bewegings teen die held van Vlakfontein was weereens 'n fiasko: "The combination came to nothing, for Kemp, threatened with envelopment, dispersed his men to every point of the compass." 17)

Die herhaaldelike vrugtelose pogings om die kommando's van genl. De la Rey en sy onderoffisiere hier in Wes-Transvaal iewers vas te keer en finaal met hulle af te reken het Kitchener daartoe genoop om sy nuwe stelsel, naamlik die aanlê van 'n netwerk van blokhuislinies in hierdie geweste te bespoedig. Die hooflyn al op (die Johannesburg- ... ...

13) The Times History..(V) pp.282-283. vgl. ook Nierstrasz (No.14) pp.1198-1199, en Blouboeke Cd.693 pp.2-4.
14) Nierstrasz(No.14) p.1199.
15) Blouboeke Cd.693 p.3.
16) The Times History..(V) p.284, vgl.ook: Davitt,p.502.
17) The Times History..(V)pp.284-285, vgl.ook Blouboeke Cd.695 pp.8-9

die Johannesburg- Krugersdorp-Potchefstroom-Klerksdorp-spoorweg was reeds voltooi. Gedurende Julie-Augustus 1901 is 'n volgende blokhuisketting vanaf Frederickstad in die rigting van Rustenburg tot by Breedtsnek gebou en daarvandaan ooswaarts na Kommandonek en verder na Pretoria. In Augustus is 'n lyn vanaf die Vaalrivier by Potchefstroom na Venterskroon aangelê, en tot September is kleinere linies vanaf Krugersdorp oor Hekpoort en van Naauwpoort na Olifantsnek aangelê. Nog later sou 'n sterker lyn vanaf Klerksdorp na Ventersdorp en daarvandaan verder na Lichtenburg en Mafeking voltooi word. Later in 1901 en vroeg in 1902 het nog ander minder belangrike versperrings gevolg soos vanaf Zeerust na Loodmyn en van Ventersdorp na Tafelkop. Aldus is die suidwestelike punt van Transvaal geïsoleer; deur die grotere kordons meer ten noorde is verhinder dat De la Rey se kommando's kon aansluit by die van genl.Beyers in die noorde van die Republiek.[18]

Buitekant hierdie grense, egter, was die Boere nog steeds meesters van die situasie.[19] Gedurende Junie, Julie en Augustus 1901 sou Kemp die vyand wys dat hy nog sonder veel moeite van die een oord na die ander met sy kommando's kon beweeg. Sy belangrikste bedrywighede sou veral geskied in sy bekende omgewing van aktiwiteit wes van die Magaliesbergreeks en op die noordelike oewer van die Vaalrivier tot so ver as Wolmaransstad.[20]

So bevind hy hom vroeg in Junie by Steenbokfontein waar hy sy kommando in drie dele verdeel want die Engelse was nog steeds op sy spoor na sy sukses by Vlakfontein: Van Tonder is met een deel na Tolan gestuur, terwyl Oosthuizen en Claassen met die Pretorianers en Krugersdorpers die rande by Steenbokfontein ingeneem het. Kemp self sou trag om met vkt.Van Heerden, komdt.Van Deventer en die ander burgers deur die vyandelike kolonne te dring, wat oor 'n afstand van 35 myl vanaf Tafelkop tot aan Magaliesberg gestrek het.

Toe die 14 Britse afdelings onder Babington, Dixon, Rawlinson, Williams en Fetherstonehaugh naderkom, was komdte.Oosthuizen en Claassen gereed om hulle besig te hou. Daarop kon Kemp vanaf

(Steenbokfontein ... ...

---

18) Nierstrasz(No.6)pp.480-481.
19) The Times History..(V) p.326.
20) Davitt, p.509.

Steenbokfontein al langs die suidelike helling van die Witwatersrand verby die kronkelende laers van die vyand beweeg. Kort hierna volg 'n tweede vyandelike laer. Op bevel van Kemp het die Boeremag doodstil gaan staan, sodat die vyand niks gewaar het nie en ongehinderd he eg. op 10 Junie by Otterfontein aangekom, waar hy berig ontvang het dat ook komdte.Oosthuizen en Claassen met die Pretoriæners en Krugersdorpers sonder 'n enkele skoot deur die kordon van die Engelse kolonne gekom het.[21)]

Op 15 Junie het veggenl.Kemp besluit om na die Moot te gaan ten einde die Krugersdorpers wat nog daar in die distrik met Sarel Alberts is, te besoek en die kommando's behoorlik te organiseer.[22)] Hy wou graag al die burgers bymekaar hou waardeur hy dan tot meer in staat sou wees. Aanvanklik het Alberts dit moeilik gevind om die manskappe wat wel nog in die Moot en Skurweberge was daaruit te kry, maar toe die Engelse die Magaliesbergreeks in die nabyheid in besit neem, het dit makliker gegaan.[23)] Om die vyand van sy kommando weg te lok, laat Kemp 'n rapport in die hande van die Engelse kom wat te Roodewal gedateer is met die berig dat hy in Krugersdorp is.[24)] Sy kommando self het teen die end van Junie met die spioene voor, gevolg deur die berede manskappe en die walaer agteraan in die rigting van Vlakfontein beweeg en hier het Kemp weer buite alle verwagtings sy kamp bereik sonder enige verhindering deur die vyand.[25] Op die 28ste Junie het die Engelse kolonne weereens uit verskeie rigtings nouer saamgetrek maar hulle was nie doeltreffend verspreid nie sodat hulle prooi hulle maklik om die bos lei en ongemerk deurglip en verdwyn. Dit was duidelik dat die vyand die kommando's geen rus wou gun nie en daarom het veggenl.Kemp sy burgers veertien dae verlo gegee.[26)] Met 'n kleiner burgerafdeling en sy staf het Kemp op 2 Julie na die Wesrand gegaan om vandaar 'n aanval op die Rand te maak en die batterye op die myne te vernietig. 70 Burgers het na Florida en 200 onder hul veggeneraal na Roodepoort getrek. Die Engelse was hulle egter te wagte en voordat iets op die myne gedoen kon word (het die skote ... ... ...

21) Nierstrasz(No.15) pp.1207 en 1208 en Naude, pp.272-273.
22) Nierstrasz(No.15) p.1210 vgl.ook:Naude,p.273.
23) Naude, p.275. 24) Nierstrasz (No.15) p.1210.
25) Ibid. p.1218.
26) Naude, p.276 en Nierstrasz(No.15) p.1220.

het die skote uit die forte en verskillende huise geklap, waarop die waaghalse moes terugval. Sommige burgers het tog daarin geslaag om klere en ander benodigdhede in die hande te kry en hulle daarmee uit die voete te maak. 2 Burgers het gesneuwel en 11 is gewond tydens die skermutseling - waaronder ook kommandant Claassen. 27) Enkele dae later was hierdie geselskap weer terug by genl. De la Rey in Zwartruggens, waar hulle 'n tydjie van welverdiende rus gekry het. 28

Vroeg in Aug. het die rustelose jong Krugersdorper al weer begin roer. Ongeag die aanwesigheid van sterk vyandelike magte by Nooitgedacht en Boschfontein het hy tussen hierdie gevaarplekke en Magaliesberg deurgegaan na Panhoek. 29 ) Op 8 Aug. was 'n Engelse troepemag uit Rustenburg weer kort op Kemp se hakke en was sy kommando verplig om aan die Kromrivier hewige weerstand te bied. As gevolg van die kwaai geskutvuur was hy en sy mense verplig om die wyk te neem. Rondom hulle het die bomme en koeëls in swerme gedans, maar daar sneuwel slegs drie burgers en vyf is lig gewond. Die res het veilig ontkom en oornag die nag teenoor Nooitgedacht. 30) Twee dae later was Kemp met sy kommando weer terug in Swartruggens. 31) Hier was die weiveld nie van die beste nie en daarom het sy mense nader aan die Magaliesberg geskuif aan Selonsrivier. In hierdie omgewing het nog twee meulens gestaan en van vroue wat nog daar in die omtrek verskuil was het die burgers darem nog brood ontvang. 32)

In hierdie selfde tyd - Aug. 1900 - het Genl. Smuts na die Kaapkolonie vertrek en o.a. ook komdt. Van Deventer met 'n aantal van die dapperstes onder die dapperes uit Kemp se verskillende kommando's met hom meegeneem. Tobias Boshoff is daarop aangestel as kommandant oor Kemp se verkenners in die plek van Van Deventer. 33)

In die laaste week van Augustus het vyf sterk Britse troepemagte in elf dele onder lt.-genl. Lord Methuen en maj.-genls. Fetherstonhaugh, Gilbert Hamilton en kols. Allenby, Kekewich, Hickie en Williams na noukeurige beraadslaging 'n desperate poging aangewend (om Kemp en sy ... ...

---

27) Naude, pp.277 - 278. 28). Ibid. p.280. vgl. ook: Kemp, (pp.399-400.

29) Nierstrasz (No.15) p.1239.

30) Ibid. p.1240. 31) Ibid. p.1242.

32) Naude, p.286.

33) Ibid. p.286. vgl. ook: Kemp, p.409.

om Kemp en sy beweeglike kommando wat nog aan die Selonsrivier gestaan het, gevange te neem.[34] Aan die noorde- en oostekant is al die passe van die Magaliesberg geblokkeer en aan die suidekant was 'n oopvlakte wat onwaarskynlik deur Kemp genader sou word. Methuen en Hickie was aan die westekant, maar met te min troepe om doeltreffend wag te hou. Vir die soveelste keer het veggenl.Kemp met sy beste vegtende burgers tussen hulle deur ontsnap. Ongelukkig moes hy 180 voetgangers en ander swerwers agterlaat wat deur die Britse troepe krygsgevange geneem is.

Vier dae later het Kemp, nou versterk deur sy opperbevelhebber genl.De la Rey, hom teen Methuen gewend deur lg. in sy tog na Zeerust in 'n bosryke vallei by die Maricorivier aan te val. Die Boere skerpskutters was nouliks sigbaar tussen die digte bome; daarby was die Engelse se ossewaens 'n remmende faktor in hulle beweeglikheid en om alles te kroon het een van hulle kanonne in 'n spruit vasgeval. Methuen en sy Yeomanry was wel opgewasse teen die Boere, maar na 'n vinnige kragmeting het eg. 40 man verloor - die swaarste verlies vir die Engelse sedert die geveg by Vlakfontein.[35] Met hierdie ongelukkige operasie in die eerste dae van September het die Engelse se winterkampanje teen hulle aktiewe teenstanders in Wes-Transvaal tot 'n end gekom. Ten spyte van blokhuis-linies en die herhaaldelike maneuvers van uitgestrekte leërkordons was genl.De la Rey, die leeu van Wes-Transvaal, en sy mobiele veggeneraal, die held van Vlakfontein, met die keur van die Republiek se manskappe nog op vrye voet.

<u>Die laaste bedrywighede gedurende 1901.</u>

Na die groot gekombineerde beweging teen veggenl. Kemp se burgers, het die res van September min of meer stilweg verloop. Teen die middel van die maand het hierdie kommando's hulle te Otterfontein bevind[1] en 'n dag of tien later weer saam met De la Rey by Doornkom, 30 myl wes van Rustenburg. Hulle kom slegs in voeling met die verbytrekkende troepe van Fetherstonhaugh, waarop die Boere self terugtrek na die (Marico-distrik. ... ...

34). The Times History.(V)p.327; vgl. ook: Nierstrasz (No.15) p.1271.
35). The Times History.(V) p.327. vgl.ook: Davitt,pp.523-524.
1). Nierstrasz (No.15) p.1281.

na die Marico-distrik.[2] Hier het genl. De la Rey en sy offisiere besluit om 'n naderende Britse konvooi onder kol.Kekewich aan te val. Omstandighede was in die voordeel van die Boere.

Komdt-genl. Louis Botha se bedreigings teen Natal in die lente van 1901 het naamlik veroorsaak dat die Britse magte in Wes-Transvaal aansienlik uitgedun is. Gilbert Hamilton, Allenby en Garratt is na Natal afgestuur. Hickie en Ingouville-Williams het na Ventersdorp teruggetrek en Lord Methuen na Mafeking. Alleen komdt.Kekewich , wat Dixon opgevolg het oor die mag te Naauwpoort, het in die omgewing van die Magaliesberg agtergebly.[3]

Intussen het Lord Kitchener 'n proklamsie uitgevaardig waarin hy die republikeinse offisiere en amptenare met lewenslange verbanning dreig, en die burgers met verbeuring van hulle eiendom indien hulle hulle nie voor 15 Sept.1901 oorgee nie.[4]

Die Geveg by Moedwil. 30 September 1901.

Deels met die doel om hulle minagting teenoor hierdie uitvaardiging te toon en deels uit begeerte om hulle minder-wordendende ammunisie-voorrade aan te vul, het genl. De la Rey en Kemp besluit om iewers 'n kragdadige aanval van stapel te stuur. 'n Gunstige geleentheid daartoe het hom gou voorgedoen.[5]

Op 13 Sept. het kol.Kekewich met 800 voetgangers onder Wylly, 560 berede manskappe onder Duff en drie kanonne onder bevel van Wheeler Naauwpoort verlaat en na tien dae via Magatonek Swartruggens genader,..."and the Boers who haunted here were mysterious and elusive, their concentrations sudden and startling."[6] Op 29 Sept. was die Engelse kolonne op die plaas Moedwil, op die regteroewer van Selonsrivier.[7] Teen middernag was De la Rey en Kemp gereed om die vyand aan te val en het met 300 man teen die kamp te Moedwil opgetrek.[8] Die verkenners onder Tobias Boshoff het die kolonne alreeds vir 'n week bespied sodat die Boereleiers presies geweet het waar om aan te val.

Die hoofmag onder Van Tonder en Tobias Boshoff moes reg op die kamp aanval, terwyl die flanke, die een onder Steenkamp (van Rustenburg) en Oosthuizen (van die Polisie) en die ander onder Kemp en Van (Heerden o/m ... ...

2) Ibid. p.1286.
3) The Times History..(V) p.376.
4) Naude, pp.286-287.
5) The Times History..(V) p.376.
6) Ibid. p.377.
7) Ibid. p.378.
8) Nierstrasz (No.15) p.1291.

Van Heerden óm die vyand sou beweeg. Die plan het goed verloop. Met dagbreek die 30ste Sept. het die geveg losgebars met 'n hewige kleingeweervuur, terwyl kanonne, pom-poms en meksims ook hulle deel bydra. Die Britse mag was uitgestrek, sodat Kemp verplig was om ook sy linie na die kant toe uit te rek en die sentrum aldus verswak is. Die Boere slaag nietemin daarin om deur middel van 'n gekonsentreerde geweervuur verskeie vyandelike brandwag-afdelings uitmekaar te skiet en af te maai. Skrikvervulde perde en muile het vreesagtig deur die kamp begin jaag en is in honderde platgeskiet terwyl 'n hoeveelheid in die rigting van Magatonek gevlug het. Kol. Duff, kapteins Field, Keller en Baldwin, lt. Loring en Kekewich self was reeds gewond. 'n Hele kanon-afdeling is vernietig en 'n pom-pom buite aksie gestel. Hoe vinniger dit lig geword het, hoe swaarder was die verliese. Nogtans het die Boere nie veld gewen nie en self aansienlike verliese gely. Van Kemp se flankbeweging het niks gekom nie. Eers teen ses-uur het die Engelse 'n dappere stormaanval met gefikseerde bajonette teen die Boere uitgevoer en gedreig om hulle linie op te rol. Lg. was verplig om te retireer, wat hulle dan ook in veiligheid kon doen, want agtervolging was onmoontlik aangesien daar in die Engelse kamp nouliks 'n enkele perd was wat nie gewond is nie.

Kekewich het 'n verlies van 214 offisiere en manskappe in gewondes en dooies gehad, - byna 'n kwart van sy mag. Hierdie verliese, sowel as enige honderde trekdiere het hom vir 'n tydlank onskadelik gemaak. Van die Boere het 4 gesneuwel en 37 is gewond, o.a. ook komdt. Tobias Boshoff.

"Like Vlakfontein, Moedwil is a fight upon which both sides may look back with pride. De la Rey's stealthy concentration, his audacious plan of attack, his vehement assault and orderly retreat, stamped him anew as a daring and resourceful guerilla leader, possessing the unbounded confidence of his men. In the British leader he met his match. Self-reliant himself, Kekewich had inspired his officers and men with self-reliance." 9)

Net so skielik as wat dit verskyn het so skielik het genl. De la Rey se mag weer verdwyn. 10) In werklikheid het hy en Kemp met die kommando's teruggetrek na Kwaggashoek. 11) In die tussentyd het (Kekewich van ... ...

9) The Times History..(V) pp.379-382; vgl. ook: Nierstrasz(No.15) pp.1291-1292, en Davitt, pp.529-530.
10) The Times History..(V) p.383.
11) Nierstrasz(No.16)p.1310.

Kekewich van sy wonde herstel en op 13 Okt. van Rustenburg na Swartruggens getrek met die bedoeling om met Methuen te koöpereer wat met twee kolonnes vanaf Mafeking na Zeerust marsjeer het. Die samewerking het nie geluk nie want De la Rey was nêrens te vind nie. Iewers het hy hom vir die Engelse verskuil gehou, om, wanneer een van die magte geïsoleerd is, dié aan te val en hom van die voorrade te voorsien wat hy by Moedwil nie kon kry nie.[12]

<u>Die Geveg by Driefontein. 24 Oktober 1901.</u>

Methuen se troepe het weer teruggegaan na Zeerust en op 20 Oktober het een van sy afdelings van 1,000 man, 7 kanonne en 100 waens onder kol. Von Donop vanaf Rietfontein in die rigting van die Maricorivier getrek. Die Boereleier het daar-en-dan besluit om voor die Engelse by die Marico te wees en hulle die dag daarna in hulle trek aan te val. Hyself sou met die Krugersdorpers onder komdt.Claassen en die Johannesburgers onder Van Zyl by die rivier agterbly om die vyand van agter aan te val terwyl Kemp met die Rustenburgers, Pretorianers en sy verkenners deur die rivier sou trek om by Driefontein te wees as die Engelse verbytrek na Zeerust.[13]

Die son was reeds op toe Von Donop deur die rivier trek en sy reis voortsit na Zeerust. Sonder aarseling het Kemp se 500 burgers gestorm: komdt.Lemmer van voor om die vyand te lok, genl.Celliers op die linkervleuel, in die sentrum Kemp se offisiere, nl.komdt. Marnewick (opvolger van Boshoff oor die verkenners), Oosthuizen, Van Heerden, Van Tonder, Els en Fourie. In gelid ry die lang Boerelinie reëlreg op die naderende kolonne af en bring dit deur 'n kragtige snelvuur in groot verwarring. Spoedig is die vyandelike geskut tot swye gebring, die bediening oorweldig, die Yeomanry tussen die waens deurgedryf en die Fusiliere 'gehensop'. 'n Aantal van die naturelle drywers by die muilwaens word doodgeskiet en terwyl sommige Boere die waens wegdryf, val die res die Britse agterhoede aan. Die Fusiliere en artilleriste by die waens is ongelukkig nie ontwapen nie en nou word die Boere van agter bestook. Dit het Van Donop weer in (staat gestel om die ... ...

[12] The Times History..(V) pp.383-385.

[13] Naude pp.299-300 vgl. ook: The Times History..(V)p.384.

staat gestel om die agterhoede aktief te steun en omdat genl.De la Rey met die burgers by hom te lank gedraal het om van agter aan te val, is Kemp se kommando's teruggedryf met agterlating van 20 gesneuwelde en 31 gewonde manskappe. Hulle buit in elk geval 15 belaaide waens, 150 muile en 160 perde. Von Donop se verlies was 84 man.[14)]

Afgesien van kleinere bewegings en bedrywighede waaraan die Krugersdorpers ook deelgeneem het en waarby ons aanstons kom, het dinge teen die end van 1901 en trouens ook vroeg die volgende jaar buitengewoon passief verloop in Wes-Transvaal. Vir 'n lang tyd het die vyandelikhede verflou. Sedert De la Rey se nagtelike aanval op Kekewich by Moedwil het vyf stil maande verbygegaan, en vier sedert sy aanval op Von Donop by Driefontein. Kitchener het sy hande vol gehad met Botha, De Wet en die Kaapkolonie en was té bly om De la Rey alleen te laat so lank as daardie stoere veteraan hom met rus laat. Gedurende die vyf maande Okt.1901 tot Feb.1902 het slegs drie kolonne onder Methuen, Kekewich en Hickie in Wes-Transvaal geopereer en twee hiervan, nl. dié van Kekewich en Hickie is periodiek teruggetrek van aktiewe diens ten einde 'n waaksame oog te hou oor die verdere aanlê van blokhuislinies. Hierdie werk is met energie voortgesit, maar self teen die end van Feb.1902 was daar nog 'n uitgestrekte gebied vanaf die Maricorivier en Swartruggens in die noorde tot aan die Vaalrivier in die suide waarin genl.De la Rey bykans onbetwiste gesag gevoer het.[15]

Hoewel hierdie vyf maande geen aktiewe militêre kragmeting in Wes-Transvaal geken het nie, het De la Rey se burgers, en veral Kemp, nie stilgesit nie.

Op 6 Nov. het die manskappe van Kemp en Celliers in aanraking gekom met Methuen se kolonne wat uit Zeerust trek. Hulle slaag nie daarin om Methuen te stuit nie en lg. het voortgetrek na Mabaalstad. Hoewel Kemp sy walaer beveel het om nader na die Maricorivier te trek het hulle te lank versuim met die gevolg dat enige karre en perde in die hande van die vyand geval het.[16)] Twee dae later het Methuen se kolonne te Rietvlei gekampeer. Kemp was steeds bereid vir aksie. Hy (laat sy burgers... ... ..

14) Nierstrasz (No.16) pp.1313-1314; vgl.ook: The Times History..(V) pp.384-385; Davitt,pp.532-533 en Blouboeke Cd.823 p.8.
15) The Times History (V) p.495.
16) Nierstrasz (No.16) pp.1327 en 1328.

laat sy burgers stelling inneem aan die Maricorivier om, ingeval die Engelse terugkeer na Zeerust of op hom aftrek, hy gereed sou wees om hulle aan te val. Die Engelse het geen van beide gedoen nie, maar teruggetrek oor Mabaalstad na Ventersdorp en Klerksdorp, waar hulle perde hier op die Hoëveld nie so blootgestel was aan die gevreesde perdesiekte nie.[17]

Die Boere wis dat hulle nou vir 'n geruime tyd deur die vyand met rus gelaat sou word. Van hierdie milde tussenpose het die burger soos tevore voordelig gebruik van gemaak deur sover moontlik die ryp koring te oes en te dors en in huide of houers van sinkplaat in die klowe en onder kranse te verberg. Aldus is baie van die graan behou en na die vrede sou Kemp en sy staf selfs nog van hierdie graan met hulle kon meeneem huis toe. Terwyl sommige koring geoes het, het die burgers wat op die Hoëveld woonagtig was weer geploeg en mielies gesaai. 'n Maand het so verbygegaan waarin geoes, gesaai en weggebêre is. Hierna was die burgers weer gereed om te veg.[18]

Weer terug op kommando het veggenl.Kemp die burgers opgedra om teen 10 Des. gereed te wees vir 'n strafekspedisie teen die naturelle-hoof, Linchwe, in die noordwestelike distrikte aangesien hy hom skuldig gemaak het aan onwettige grondtoeëiening en die kaffers te Holfontein 'n vrouelaer aangeval het. Die Rustenburgers sou langs die Maricorivier aftrek terwyl die Krugersdorpers en die kommando's van Pretoria en Johannesburg en die artillerie ten ooste van Pilandsberg sou beweeg. In die bosse tussen Pilandsberg en Bierspruit het die kommando's al die vee wat daar te vinde was voor hulle uitgedryf asook dié by Saulspoort. Sonder veel teenstand het hulle die aand met byna 8,000 stuks groot- en kleinvee oor Kameeldoorns na Bierspruit getrek waar hulle weer by die ander geselskap aangesluit het wat langs die Marico ook 'n ryk buit gemaak het. Terwyl sommige burgers die kaffers teruggehou het, het die ander die vee aangedryf en spoedig was die kommando's veilig terug by Doornkom. Op 16 Des. was die kommando's aan die Elandsrivier. Die dag daarop is die vee onder die burgers verdeel. Aan slagvee en melk sou daar die volgende

(maande geen ... ...

17) Nierstrasz (No.16)p.1328 en Naude, p.305.
18) Naude, pp.306-308.

maande geen tekort wees nie.

Kersfees, Oujaarsdag en Nuwejaar is deur die kommando's by Bokkraal deurgebring.[19]

Brittanje het sekerlik nie verwag dat die stryd in Suid-Afrika nog teen hierdie tyd sou voortwoed nie. Van vrede was daar nog nie sprake nie, in elk geval nie by genl. De la Rey en sy getroue burgers in die weste nie, soos duidelik gebluk het uit sy treffende rapport aan pres.Kruger op 31 Des.1901. Hulle was nog bereid om te veg tot die bitterste einde en geen vredesverdrag aan te gaan waardeur die onafhanklikheid van beide die Republieke sowel as die van hulle vriende uit die Kaapkolonie verbeur sou word nie. Hy erken dat omstandighede betreurenswaardig is: die huise, plase, dorpe en oeste lê in puin, hulle vee is hulle ontneem en die vroue en kinders is in kampe waar toestande veel te wense oorlaat. Die burgers se klerédrag is skamel: wat wapens betref, beskik hulle nog slegs oor 'n paar kanonne en het hoofsaaklik hulle Mausers al vir Lee Metfords omgeruil. Hulle perde is uitgedun weens die perdesiekte. Baie inboorlinge is deur die vyand gewapen om teen die Boere te veg. Voedsel, egter, is nog verkrygbaar. Die generaal is geensins swaarmoedig nie. Die enigste gebied, beweer hy ten slotte, wat deur die vyand beheers word is die dorpe en die spoorweglyne. Die platteland beheer hulle slegs sover as wat hulle kanonne kan skiet. Die Boere veg byna daagliks en lewer menige swaar slae.[20]

<u>Die Finale Kragmetings in Wes-Transvaal. (Januarie- Mei 1902.)</u>

Die nuwejaar het pas begin en onder bevel van genl. De la Rey het Kemp en Celliers met hulle perdekommando's (die waens en karre het in die panne wes van Kalkfontein agtergebly) weswaarts getrek: Celliers na Mafeking en Kemp na Kraaipan, om oor die spoor te gaan. 'n Skermutseling met die kaffers en 'n paar Engelse patrollies het gevolg, maar anderkant die spoor het dit die Boere tog geluk om met 'n buit van 60 perde, 170 esels, 3,000 horingvee en 3,100 skape teen die aand terug te keer. By die spoor moes 'n deel van die burgers hulle op 'n gepantserde trein wend wat aanvanklik hulle oorgang verhinder het . . . .

19) Naude, pp.308-310; vgl. ook: Nierstrasz (No.16) pp.1346 en 1354
20) Nierstrasz (No.16) pp.1359-1363.

oorgang verhinder het. Die res het die vee daarop oorgedryf alwaar dit eers onder die veggeneraals en deur lg. onder die burgers verdeel is.[1]

Om sy burgers se perde te red, het Kemp hulle beveel om uit die ongesonde dele weg te trek na die Hoëveld, waar die vyand hulle in hierdie maande natuurlik om dieselfde rede bevind het.[2]

Op 12 Jan. het lt.-genl. Lord Methuen Vryburg met sy kolonne verlaat en na Lichtenburg vertrek waar hy vermoed het Kemp en De la Rey sou wees. Sy bedoeling was om hierdie twee bedrywige Boereleier in die noute te dryf.[3] In hoeverre hy sou slaag sou eers die volgende maand bepaal kon word.

Teen die einde van Januarie was Kemp se kommando's tussen Lichtenburg en Ventersdorp op die plase Gruisfontein, (waar Sarel Alberts met die Krugersdorpers gestaan het), en Varkfontein. Hier het genl. De la Rey 'n algemene verkiesing van offisiere gehou, waar by Sarel Alberts tot kommandant verkies is oor die Krugersdorpse kommando.[4] (Onthou sal word dat komdt. Claassen in Julie 1901 gewond is, vide p.147)

'n Noodlottige gebeurtenis het die Krugersdorpers en hulle nuwe kommandant slegs enkele dae na sy bevordering getref. Terwyl hulle nog te Gruisfontein gestaan het, moes hulle voor dagbreek die 5de Feb. uitvind dat hulle deur die vyand omsingel is. Die burgers het 'n uiters dappere poging aangewend om te ontsnap maar die kommando was nie bestand teen die Engelse mag wat tewens ook voorsien was van kanonne nie. Etlike burgers slaag tog daarin om te ontkom, maar die kommandant en 100 manskappe is gevange geneem. In die skermutseling is 10 burgers gewond en 8 het gesneuwel. Gelukkig het byna al die krygsgevangenes se perde vrygekom en aangesien voetgangers (van wie daar nog ruim 'n duisend was) vir oorlogsdiens van feitlik geen waarde was nie, kon 'n groot aantal van hulle nou weer as ruiters aktiewe diens lewer.[5] Om 'n soortgelyke lot in die toekoms vry te spring het die kommando's sedertdien oordags op een (plek gestaan en ... ...

1. Nierstrasz (No.16)p.1376.vgl.ook: Kemp, p.443 en Naude,pp.318-31
2. Naude, pp.319 en 320.
3. Nierstrasz (No.16)p.1387.
4. Naude, p.320 en Nierstrasz (No.16) p.1396.
5. Naude, pp.321-322; vgl.ook: Kemp, p.445.

plek gestaan en die aand 'n half-uur of wat verder verskuif.[6]

Die rede vir genl. De la Rey se passiwiteit gedurende die laaste maand of vier was geensins weens 'n gebrek aan mondprovisie nie, maar wel ammunisie en ryperde. Die tekort aan patrone veral het veel te doen gehad met sy stille houding. Maar die oomblik vir aksie was nie veraf nie. Volgens berigte het dit beslis nie te goed gegaan met die kommando's in Oos-Transvaal en die Vrystaat nie en daarom het Botha en De Wet sterk daarop aangedring dat De la Rey hom in die weste moet roer ten einde die Britse magte se aandag meer te verdeel. Van sy wakkere verkenners en heliografiste het De la Rey spoedig berig ontvang van 'n naderende Engelse konvooi. Die verkryging van meer ammunisie vir aktiewer optrede teen die Engelse was s i n e q u a n o n , en daarom het die generaal onmiddellik voorbereidings getref vir 'n onverwagte aanval op die konvooi. Hy versamel oor 'n duisend man onder veggenls. Celliers, Kemp en Liebenberg en plaas hulle onder sy eie opperbevel in 'n hinderlaag aan die pad tussen Jagd- en Yzerspruit. Liebenberg, verskuil in 'n ruigte aan die kant van die pad, moes die voorpunt van die kolon verras, Kemp die sentrum en Celliers die agterhoede.[7]

Die aantrekkende Britse afdeling was weer een van die kolonne van Lord Methuen onder kol. Von Donop wat intussen vanaf Lichtenburg marsjeer en ook Wolmaransstad beset het. Op 23 Feb. het die Engelse mag uit Wolmaransstad na Klerksdorp beweeg. Dit was 'n konvooi van 150 waens en enige karre, beskerm deur 700 man onder kol. Andersen. Teen die aand van die 24ste gaan hulle oor Yzerspruit en kampeer op die plaas Elandslaagte, 13 myl vanaf Klerksdorp.[8]

<u>Die Slag van Yzerspruit. 25 Februarie 1902:</u> Teen 4.30 die volgende môre het die konvooi sy trek hervat met 'n afdeling van infanteriste aan weerskante, die Yeomanry en 'n ander afdeling infanterie met die kanonne vooraan, en 'n agterhoede van dieselfde sterkte.[9] (Dit was geen ... ...

---

6) Kemp. p.445.
7) The Times History..(V) pp.497-498.
8) Blouboeke Cd.970 p.5. vgl.ook: Kemp. p.446.
9) The Times History..(V) p.498.

Dit was geen half-uur later nie, toe Liebenberg se burgers uit die ruigte met mening aanval. Slegs die blitsende ligstrale van die Boere se gewere was sigbaar in die donker, terwyl die koeëls reën tussen die troepe en waens. Die Engelse geskut het onmiddellik vuur geopen teen die bosruigte terwyl die waens in hollende vaart teruggejaag het en die agterhoede so vinnig moontlik nader geskuif het.[10] Maar nou het 'n tweede en derde aanval gekom van Kemp en Celliers se burgers in die sentrum en op die agterhoede onderskeidelik. Dit word egter met sukses deur die Britte afgeslaan.[11]

Toe dit ligter word het die Boere se aanval op die agterhoede geleidelik toegeneem. Andersen het daarop sy konvooi-aanvoerder gelas om die waens so gou moontlik voort te dryf in die rigting van Klerksdorp ten einde onder die singende koeëls van die Boereskerpskutters uit te kom. Met behulp van troepe uit die voorpunt, het hyself die agterhoede, wat die vlug van die konvooi moes dek en dit nou swaar moes ontgeld vanweë die geweervuur, gaan ondersteun. Dog die pogings om die mag alhier te red was vrugteloos, want nie alleen was die agterhoede en kanonne alreeds deur die besliste aanloop van die Boere omsingel en oormeester nie, maar die konvooi self is bestorm en gebuit toe die waens buite beheer in die rigting van Jagdspruit voortgejaag en daar as gevolg van die verwarring en haas een na die ander in die drif vasgeval het.[12] Genl. De la Rey, die groot aanvoerder, het dadelik 'n stormaanval deur die perderuiters laat uitvoer met die opdrag om uit die saal te vuur. Die Engelse troepe het dapper verdedig tot hulle laaste koeël afgevuur is, maar die Boere-oorwinning was verseker. "Sunrise shone upon a complete disaster. Save a few men who escaped to Klerksdorp, the whole force with its artillery and material was in De la Rey's hands." Terwyl veggenl.Kemp en sy burgers die vyandelike beweging dophou, het De la Rey die buit bestaande uit 'n halfmiljoen patrone,. 2,000 gewere, 'n paar honderd perde en muile geneem, baie van die waens verbrand en met die res plus die kanonne (2 Armstrongs 1 pom-pom en 1 handmeksim) en 241 krygsgevangenes na die noord-weste versit.[13] Van die Boere het 14 burgers gesneuwel en 28 is gewond.[14]

( Die nuus ... ..

10) Blouboeke Cd.970 p.5. 11) Ibid. en The Times History..(V)p.49[illegible]
12) Blouboeke Cd.970 p.5. vgl.ook: The Times History..(V)pp.499-500.
13) The Times History..(V) pp.499-500; vgl.ook Nierstrasz (No.17) pp.1418-1420 en Davitt, pp.558-560.
14) Naude, p.326.

Die nuus aangaande die lot van die konvooi het Klerksdorp binne enkele ure bereik. Kol. Edwards en maj. Rou is onmiddellik in die rigting van Jagdspruit uitgestuur terwyl Kekewich en Grenfell beveel is om die Boere te agtervolg. Kemp was gereed vir die teenaanval: die Britte kon weinig uitvoer en het teen die middag teruggekeer. Kekewich se manskappe was na die lang mars te uitgeput om De la Rey te agtervolg en lg. het die 26ste veilig by Rietfontein aangekom waar hy sy kommando's weer in verskillende rigtings versprei het. Op 1 Maart het Grenfell weer 'n vrugtelose agtervolgingspoging aangewend maar die Wes-Transvaalse kommando's was nêrens te vind nie.[15] Die groot voordeel van die slag van Yzerspruit was dat Kemp nou weer oor die aansienlike mag van 700 perde- en muilruiters beskik het.[16]

"Unfortunately the capture of this (empty?) convoy has not been the only check to the progress of our operations which we have experienced in this district during the past month," het Kitchener geskryf.[17]

Nog dieselfde dag van die geveg het Methuen in Vryburg die berig ontvang van Andersen se neerlaag by Yzerspruit. Ten spyte van onvoldoende magte, het Methuen sonder versuim besluit om met sy gedugte opponent, genl. J.H. de la Rey af te reken. Hy mobiliseer gou soveel troepe en kanonne as wat hy in die hande kan kry en verlaat Vryburg op 2 Maart met 'n konglomerasie van allerhande soorte leër-afdelings: ± 1,500 man, 'n battery kanonne en gevolg van 39 osse- en 46 muilwaens. Met 'n ligter uitgeruste kolon van dieselfde sterkte sou Kekewich vanaf Klerksdorp trek om by Methuen aan te sluit en die Boere dan gesamentlik aanval voordat lg. in hulle noord-westelike trek te ver gevorder het.[18]

Op 5 Maart het genl. De la Rey berig ontvang van hierdie beplande samewerking teen hom en besluit om Lord Methuen aan te val voordat die vereniging met Kekewich kon plaasvind.[19] Intussen het die mag uit Vryburg oor die Hartsrivier getrek en teen sonsondergang die aand van 6 Maart by Tweebosch gekampeer, slegs enkele myle vanaf die Boeremag.[20] Die vereniging met Kekewich se mag onder lt. Grenfel het nie geluk ... ... ..

15) The Times History..(V) pp.500 - 501. Vgl.ook: Blouboeke Cd.970 pp.5-6 en Nierstrasz(No.17) pp.1420 en 1421.
16) Naude, p.326; vgl.ook: Kemp, p.448.
17) Blouboeke Cd.970 p.6.
18) The Times History..(V) pp.501-502; vgl.ook: Blouboeke Cd.984 p.6.
19) Nierstrasz (No.17) p.1427.
20) Ibid. vgl.ook: The Times History..(V) p.503.

het nie geluk nie, want Lg. was nog by Leeuwfontein, 26 myl oos van Tweebosch. Tussen die twee magte was genl. De la Rey, haastig oppad om Methuen te gaan oorrompel, hoewel geeneen van die twee Britse kom pe wis waar hy presies was nie.[21] Ooreenkomstig guerilla- beginsels het De la Rey gesorg dat hy wegbly van Grenfell se vlugge leër, want Methuen se sware en stadiger mag was die prooi na sy smaak. Hy versamel vir hom om en by 'n duisend man uit die Lichtenburg-, Krugersdorp- en Rustenburg-kommando's onder veggenls.Celliers en Jan Kemp, die Potchefstromers onder komdt.Wolmarans en die Bloemhof- en Grikwalandwes-burgers onder genl. Van Zyl. Lg. sou die vyand van agter bestorm: Celliers, Kemp en Wolmarans die regterflank, terwyl die artillerie - (die kanonne wat by Ysterspruit gebuit is), - sou ingryp waar die geleentheid hom voordoen. Die voorkant het die generaa met opset oopgelaat om die Engelse in hulle vlug na Lichtenburg agterna te sit.[22]

"De la Rey's plan of attack was to be one of his irresistible rushes upon the enemy: a charge in the fine old style of cavalry fighting which has so often broken down all British resistence, and smashed to atoms the boasted prowess of English valor in this war." 23)

<u>Die Slag van Tweebosch. 7 Maart 1902.</u> Om drie-uur die oggend van 7 Maart het die Britse mag en konvooi hulle staanple verlaat, die ossewaens met 'n deel van die troepe en kanonne voor terwyl die res onder Methuen met die muilwaens agterna sou volg.[24]

Die burgers was ook al in die saal, en toe die môrestond aanbreek sing die eerste skote van genl.Van Zyl se kant op die Britse agterhoede.[25] Onmiddellik is opdrag gegee dat die ossewaens, wat reeds vooruit was, moet stilhou, terwyl die muilwaens van agter sou aansluit.[26] Teen ses-uur, nog voordat die konvooie kon saamsluit het die vryheidstryders se aanval groter en sterker afmetings getoon veral op die regterflank en regteragterhoede. 'n Halfuur later het die ervare takttikus, genl.De la Rey, geweet dat die tyd aangebreek het vir een van sy bekende blitsaanvalle met die ruiters.[27]

( In 'n lang linie... ... ...

21) The Times History..(V) p.503.
22) Ibid. p.504 en Nierstrasz(No.17) p.1428.
23) Davitt, p.566.
24) Blouboeke, Cd.984 p.6.
25) Kemp, p.451.
26) Blouboeke Cd.984 p.6.
27) The Times History..(V) p.505.

In 'n lang linie, met ongeveer vyftien treë tussen elke ruiter („damit die Kugeln Platz zum Durchfliegen haben." skryf Nierstrasz), storm die burgers moedig en al skietende voorwaarts, terwyl die aarde skyn te sidder onder die gebulder van die kanonne, die geknetter van die kleingewere en die getrap van perdepote.[28] Dit het die skielike terugval en uiteindelike vlug van die Britse berede manskappe veroorsaak en dié wat nie gevang en ontwapen is nie het ordeloos by die agterhoede verbygevlug, weswaarts oor die Hartsriviervallei, om nog vir 'n myl of vyf deur sommige van die burgers agtervolg te word.[29]

Methuen se infanterie en artillerie het fluks weerstand gebied. Maar nou dat die Britse berede manskappe op vlug geslaan het, het die Boere vinnig gevorder. Rondom die 38ste battery word elke artillerís gewond of doodgeskiet behalwe lt. Nesham. Toe word 'n kragtige en vas berade aanval op die konvooi gedoen, wat dapper verdedig word deur di infanterie onder Lord Methuen self, en hy het heldemoediglik alles gedoen wat 'n dapper offisier kon doen om die oorblyfsels van sy mag bymekaar te hou in 'n reeds verlore verdediging van sy orige kanonne en die konvooi. 'n Britse afdeling onder maj. Paris het hulle self in 'n naburige kraal verskans vanwaar hulle die infanterie ondersteun het, maar intussen is Lord Methuen ernstiglik gewond in die dy, en oe De la Rey sy kanonne teen die Engelse in die kraal wend, is die witvlag gehys. Die Engelse se verliese was in hierdie vir hulle ongelukkige slag 447 man dood en gewond en 859 gevang.* Van die Boere het 8 burgers gesneuwel en 26 is gewond, maar hulle buit weer 4 Armstrongs, 2 pom-poms, 2,000 gewere en 'n hoeveelheid ammunisie, 115 met osse en muile bespande waens en karre met proviand en uitrusting en 519 perde. So het Lord Methuen, Luitenant-Generaal en tweede in militêre bevel na Lord Kitchener in Suid-Afrika, met kanonne, konvooi en kolon in die hande van sy ruiterlike oorwinnaar geval. Oorwinnaar (het oorwonnene vriendelik...

28) Nierstrasz (No.17) p.1429; vgl.ook: Naude, pp.328-329.
29) Blouboeke Cd.984 pp.6-7. vgl.ook: Naude,pp.329 en Davitt,p.567.

* Volgens Lord Kitchener is 189 dood en gewond en 205 gevang. Blouboeke Cd.984 p.7.

Oorwinnaar het oorwonnene vriendelik en met konsiderasie behandel en hom op 13 Maart na Klerksdorp gestuur vir beter mediese behandeling.[30]

Grenfell het (onder die indruk dat De la Rey hom nou met sy 9 kanonne en baie ammunisie teen Lichtenburg sou wend), hom die volgende dag daarheen gehaas en die swak garnisoen aldaar versterk. Maar dit was nie hierdie Boeregeneraal se taktiek om versterkte dorpe aan te val nie. Hy het sy mag opgebreek en Celliers aan die Hartsrivier agtergelaat, Kemp ooswarts gestuur en self suidwaarts na Sendelingsfontein getrek waar hy pres.Steyn en genl. De Wet ontmoet het.[31]

Die neerlaag van Tweebosch was absoluut en vir Engeland 'n bitter pil: "Brightened by the brave stand of the regulars an a handful of irregulars, it must remein, nevertheless, a sad episode in our annals."[32]

Nou was die wes-Transvaalse kommando's weer ruim voorsien van ammunisie en ander benodigdhede soos komberse, jasse, ens.[33] Vir Lord Ktchener was die neerlaag van 7 Maart een te veel en hy het onmiddellik stappe geneem om sy hele gewig in Wes-Transvaal teen De la Rey se kommandos in te gooi.[34] Duisende Britse troepe onder 'n groot aantal aanvoerders het dan ook in die domein ingestroom waar hierdie Boereheld nog die septer geswaai het en daarmee het die laaste en mees dramatiese toneel in die geskiedenis van die ,guerilla-stryd' aangebreek.[35]

Dadelik het Kitchener bevel gegee dat 11,000 berede manskappe die Boere-kommando's wat ooswaarts in die rigting van Schoonspruit, Klerksdorp en Hartebeestfontein beweeg het, moet omsingel of teen die blokhuislyn naby Klerksdorp moet vaskeer.[36] Genl. De la Rey was toe nog in die omgewing van Sendelingsfontein, Kemp met sy 400 burgers by Klipfontein en Liebenberg met tussen 800 en 900 man naby Wolmaransstad.[37] In 'n groot halfsirkel het die Engelse ruitermag genader en hulle kring al nouer getrek. Kemp slaag daarin om sy kanonne die nag van 23 Maart na Doornbult te stuur, maar enkele karre (vgl in die ... ... ...

30) Blouboeke Cd.984 pp.6-7; The Times History..(V)pp.506-507; Nierstrasz(No.17)pp.1428-1430: vgl.ook: Davitt, p.567; en Scheibert: pp.443-445 en p.44[illegible]

31) The Times.History..(V) p.507. 32)Ibid.

33) Naude,p.337 en Kemp, p.454.

34) The Times History..(V) p.509.

35) Ibid p.511 vgl. ook:Blouboeke Cd.984 p.7.

36) The Times History..(V) pp.514-515 vgl.ook: Blouboeke Cd.984 pp.7-[illegible] en Naude, p.341.

37) The Times History..(V) p.515.

val in die hande van die vyand. Sy burgers wat goed versprei was, het in groepies-groepies ongedeerd deur die Engelse linie geglip en geleidelik weer aangegroei tot die hele kommando burgers veilig anderkant bymekaar was.[38] Die ander kommando's was minder gelukkig: van Liebenberg is byvoorbeeld 30 man, 100 waens en karre en 3 Armstrongs, 2 pom-poms en 1,000 stuks vee geneem.[39] Die gevolg van die hele beweging was: 8 Boere dood en 165 gevang, asook perde, beeste en waens.[40] Drie dae later het die burgers van De la Rey, Kemp en Liebenberg almal aangesluit by Celliers aan die Hartsrivier waar nou 'n getal van 2,500 manne bymekaar was, - die grootste Boerebyeenkoms op die oorlogsveld na meer as 'n jaar gelede. Hier het dit allerweë bekend geword dat 'n moontlike voorstel tot staking van die vyandelikhede met Kitchener in Klerksdorp bespreek sou word.[41]

Teen die end van die maand was die Britse kolonne weer reg om die Boere op te spoor en aan te val. Kekewich het na Middelbult gegaan, maj.-genl. Walter Kitchener na Rietvlei en kol. Rawlinson na Rhenosterspruit. Geeneen van die magte het egter iets van die Boere te sien gekry nie. Derhalwe het Kitchener op 31 Maart 'n sterk verkennersmag van 1,800 ruiters, 4 kanonne en 2 pom-poms onder Cookson uitgestuur om die gebied langs Brakspruit tot waar dit saamvloei met die Groot Hartsrivier, te fynkam.[42] Veggenl. Kemp het juis aan Brakspruit gestaan, en toe die Engelse se voorhoede hom gewaar het hulle onmiddellik gestorm. Kemp se burgers was verplig om al vegtende terug te val tot by Boschbult waar hulle verenig het met veggenl. Du Toit se Wolmaransstadters. Hier het die burgers hulle omgedraai om nou van hulle kant af aan te val.[43]

Die Boeremag het geleidelik aangegroei en 'n paar uur later het bykans 2,500 van die beste skerpskutters in Wes-Transvaal onder die beste senior-leiers, Kemp, Celliers en Liebenberg na die toneel van bedrywigheid gery.[44] Liebenberg sou, sodra die Boere hulle agtervolgers aanval, die linkervleuel vorm, Du Toit die regtervleuel en Kemp die sentrum. Sy twee kanonne het Kemp agter die Boerelinie
(op Boschbult ... ...

38) Naude, pp.340-343. vgl. ook: The Times History..(V) p.515.
39) Nierstrasz(No.17) p.1460.
40) Blouboeke Cd.984 pp.8-9. vgl. ook: The Times History..(V) p.517.
41) The Times History..(V) p.517. 42) Ibid. pp.518-519. vgl. ook: Nierstrasz (no.17) p.1462.
43) The Times History..(V) pp.519-520; vgl. ook: Nierstrasz (No.17) p.146?
(Blouboeke Cd.984 ...

op Boschbult geplaas.[45]

Op die walle van Brakspruit was Cookson haastig besig om hom te verskans, dog veggenl. Liebenberg was nog nie heeltemal gereed vir die aanval nie en daarom het Kemp besluit om maar tot aksie oor te gaan. Teen een-uur die middag het hy en Du Toit kalmweg met hulle perderuiters teen die Engelse kamp opgetrek. Toe hierdie Krugersdorpers en

Die Geveg by Boschbult.
31 Maart 1902.

Wolmaransstad-burgers tot op 2,700 treë genader het, is hulle deur die vyandelike kanonvuur begroet. Onmiddellik het Kemp se artillerie geantwoord en onder dekking van die kanonvuur het een deel van die kommando na die ander op die vyand se kamp gestorm.[46] Paniekbevange het die muilwa-drywers met hulle waens op vlug geslaan dwarsdeur een van die Britse troepe-afdelings wat ook nou kop verloor het. Voordat hierdie troepe weer bymekaargebring kon word is hulle geïsoleer deur 'n Boerestormloop onder Liebenberg wat ook nou van agter opgekom het. Die Engelse bestook hulle met akkuraatheid maar dit was 'n besielde stormloop volgens die beste Boerewyse. Die verslaande afdeling is afgesny en van die slagveld weggedryf terwyl die burgers in 'n bos ten noorde van die kamp verdwyn om aan te sluit by Kemp, Celliers en Du Toit en daarvan 'n langafstand-vuur op die Britse noordelike flank te open. Vir die volgende uur-en-'n-half was hierdie flank in gevaar en toe Cookson bevel gee dat hulle moet terugval, het die Boere gestorm. Sommige Britte is doodgeskiet, party is gevang en die res het in wanorde deur die Kanadese troepe-afdeling gebreek. Die Boere is egter voor die Engelse se hoofposisie, wat intussen sterker verskans is, gestuit, en dit was teen De la Rey se militêre beginsels om kosbare lewens te offer teen versterkte kampe, tensy die aanval onverwags kon wees. Kemp, wat tweede in bevel oor die hele Boeremag alhier was, was gereed om die kamp aan te val, maar teen vyf-uur het die geweer- en kanonvuur afgeneem en kort daarna heeltemal bedaar.[47]

Die Britse ongevalle was tien persent van die mag wat in die (geveg betrokke... ...

45) Naude, p.346.
46) Nierstrasz (No.17) p.1463.
47) The Times History..(V)pp.521-523: vgl.ook: Blouboeke Cd.984 pp.8-9 en Nierstrasz(No.17) p.1463.

geveg betrokke was. Hulle groot verlies was egter die honderde trekdiere wat doodgeskiet is want daardeur is die mobiliteit van die mag voorlopig grootliks benadeel.[48] 6 Burgers het gesneuwel en enige is gewond, waaronder twaalf van Kemp en hyself het ook 'n raps oor die arm gekry.[49] *

Na die botsing by Boschbult het die Boeremag in die rigting van Roodewal teruggetrek,[50] wat naby die sameloop van Brakspruit en die Hartsrivier geleë is en waar De la Rey vir die afgelope paar dae al sy hoofkwartiere gehad het.[51]

Op 7 April 1902 het genl. De la Rey die kommando's verlaat en na Klerksdorp vertrek om samesprekings met wnd. staatspres. Schalk Burger en pres. Steyn te hou. Daarvandaan sou hulle na Pretoria vertrek alwaar besluit is om 30 verteenwoordigers uit elke Republiek te kies wat dan op 15 Mei te Vereeniging sou vergader om die wens van hulle kommando's in sake onafhanklikheid bekend te maak. Met De la Rey se vertrek het veggenl. Jan Kemp bevel oorgeneem oor die wes-Transvaalse burgermag.[52a]

Na hulle minder geslaagde ervaring met die Boere by Boschbult en die verskillende ander omsingelingsbewegins van die laaste weke, was dit vir die 4 Engelse afdelingsaanvoerders (Kekewich, Walther Kitchener, Rawlinson en Rochfort) duidelik dat eenheid van bevel op die slagveld 'n gebiedende noodsaaklikheid is. Daarby was die aantal troepe wat teen 7 April meer teen die wes-Transvaalse kommando's uitgestuur sou word, so talryk dat 'n hoofaanvoerder nodig was om opperbevel oor te neem. Daarom het Lord Kitchener vir lt.-genl. sir Ian Hamilton daarheen oorgestuur en la. het op 8 April by Vaalbank aangekom. "Thus, by an infortunate coincidence for the Boers of the west they lost their own general just when the British gained theirs." [52b]

Twee dae later was Hamilton gereed vir 'n nuwe dryfbeweging tee Kemp se kommando's. Hy het sy mag vir die nag aan Brakspruit verskans en posisie ingeneem vanaf Roodewal in die weste tot aan Klipstapel, 140 myl ooswaarts. In 'n groot semi-sirkel sou die mag dan die volgende dag in 'n suidelike en oostelike rigting teen die Harts-en (Vaalriviere beweeg ... ..

48) The Times History..(V)p.524.
49) Naude, p.348.vgl.ook: Nierstrasz (No.17)p.1463. * Volgens die Times History..(V.p.524) het die Boere se ongevalle op die meeste (90 getel.
50) Nierstrasz (No.17) p.1463.
51) The Times History..(V) p.519.
52a) Naude, pp.349-350: Kemp, p.459. vgl.ook: Nierstrasz (No.17)p.1468.
52b) The Times History..(V)pp.525-526; vgl.ook: Blouboeke Cd.986 p.5.

Vaalriviere beweeg en daarvandaan na Klerksdorp. Kol.Kekewich was op die regtervleuel, kol. sir H. Rawlinson in die middel en maj.genl. W.Kitchener op die linkerflank.[53)]

Genl. Kemp het al sy kragte ingespan om sy mag te versterk en te konsolideer. In die omgewing van die Maricorivier en Swartruggens was nog burgers sonder perde maar op 10 April het hy tog 2,600 van die beste en gewilligste manne uit Wes-Transvaal onder sy opperbevel bymekaar gehad en hulle geplaas onder veggenls. Liebenberg en Celliers en kommandant.Potgieter van Wolmaransstad, - lg. wat Kemp se plek ingeneem het nadat hierdie veggeneraal die hoofleiding oorgeneem het. Die kommando's van Potchefstroom en Wolmaransstad het onder Liebenberg gestaan, dié van Lichtenburg en Bloemhof onder Celliers terwyl Potgieter bevel gevoer het oor die Rustenburgers, Krugersdorpers en wes-Pretorianers.[54)]

Van die komende botsing het baie afgehang. In hulle gebiede, byvoorbeeld, was genls Botha en De Wet nie meer tot verdere offensiewe pogings in staat nie. Maar hier in die weste was De la Rey se kommando's die spil waarom die Britse aanvalle nou gedraai het. Hulle was betroubare manne, deeglik berede en het onder bekwame en onverskrokke leiers gestaan. Hulle glansryke vertonings teen Brittanje se mag die afgelope paar weke was inspirerend en het hulle generaal se prestige verhoog.

Nou moes Jan Kemp die plek inneem van daardie groot leier en indien hy 'n oorwinning kon behaal, sou dit 'n definitiewe besieling wees vir die volksleiers wat toe juis sou beraadslaag of die stryd voortgesit moes word al dan nie.

Soos dit nog dwarsdeur die oorlog tot hiertoe gegaan het, sou ook hierdie Krugersdorper met sy minderheid te staan moes kom teen 'n geweldige oormag: "Ambitious and recklessly brave, he was thirsting for a chance of distinction, a thirst likely to be gratified: for Kemp himself now in control of the freshest and best Boer force in the theatre of war, was not in the mood for caution. Over against him were 11,000 British troops, not of uniform quality, but a fine body of men, worthily representative of the new anti-guerilla army created and trained under Kitchener's regime."[55)]

Die Geveg by Roodewal ... ...

53) Blouboeke Cd.986 p.5: vgl.ook: The Times History..(V) p.528.
54) The Times History (V) p.529 .
55) Ibid.

Die Geveg by Roodewal. 11 April 1902.

Toe genl. Kemp berig ontvang van die groot en wyd-uitgestrekte vyandelike aantog, het hy besluit om een van hierdie vleuels aan te val en aldus geleentheid te kry om met die waens en kanonne agter die vyand te kom. Hy kies die Britse regtervleuel wat onder kol. Kekewich vanaf Roodewal aan die Brakspruit opgetrek het, maar wat, soos hy spoedig sou uitvind, deur sy spioene heeltemal te gering geskat is.[56)]

Ian Hamilton het nie presies geweet waar sy teenstanders was of wat hulle bedoeling was nie. Sy bevel vir die 11de was dat Kekwich sy tog na die Hartsrivier moes voltooi en dan suidwaarts trek.[57)] Kekewich het oor twee kolonne bevel gevoer, dié van Von Donop en Grenfell, en om sewe-uur die môre van 11 April het die beweging weswaarts, in die rigting van die Hartsrivier begin - Von Donop voor, Grenfell agter.

Genl. Kemp het sy ruiterleër in orde opgestel en hulle vanaf die suid-ooste oor 'n bult wat aan die Brakspruit lê op die Engelse laat storm.[58)]

Die Engelse het skaars voortbeweeg toe Von Donop twee rapporte kort na mekaar ontvang dat 'n groot ruitermag ten suide opgemerk is wat parallel beweeg met hulle eie kolonne. Kort hierna was die ganse gesigseinder gespikkel met figure te perd wat stadig vorentoe beweeg en in 'n effe geboë lyn naderkom. Die Engelse onder Von Donop was vas onder die indruk dat dit Rawlinson se manskappe moes wees en het hulle laat nader tot op 600 treë, toe alle twyfel realiteit geword het.

Vir 'n oomblik het die dowwe gedreun van perdehoewe bedaar. Maar skielik breek die linie weg in 'n felle stormaanval: uit die saal knetter die gewere van die voortjagende ruitermag. Tussen 1.000 en 1.500 Boere,* en wel die Rustenburgers, Krugersdorpers en Pretorianers onder komdt. Potgieter, wat die sentrum van die linie gevorm het, dring onverskrokke en doodsveragtend op hulle vyand aan wat egter nou ook tot ontnugtering gekom en 'n enigsins wilde vuur op (die naderende ... ...

56) Naude, p.352.
57) The Times History..(V) p.530.
58) Ibid p.531.
* Generaal Kemp beweer hulle was net 700 man. vgl. ~~ook~~: Vir Vryheid en vir Reg: p.465.

die naderende ruiters gelos het. Half weerloos van skrik het sommige Engelse teruggeval, hoewel een afdeling, magteloos om die onfeilbare koeël te ontwyk, met groot verliese ternouernood ontkom het.[59)]

Verskuil in die mielielande het ander Britse afdelings, gedek deur hulle kanonne, 'n rasende snelvuur teen die Boere geopen. Burger en perd was oop voor die geweervuur en het swaar gely.[60)] Teen hierdie tyd het ook Kekewich en Grenfell wat op die agterhoede was, en onder dieselfde waan verkeer het omtrent die Boere, met sterk kavallerie-afdelings aangekom en posisie ingeneem. Ongeag die ontsettende oormag het die onverskrokke burgers nog aangestorm in 'n soliede lyn, knie an knie en al skietende uit die saal. Opvallend, met 'n blou hemp aan, was komdt.Potgieter aan die spits van die Boeresentrum. 'n Ononderbroke snelvuur uit 1,500 geweerlope en ses kanonne word op die dreigende, steeds oprukkende ruiterleër geopen en tog golf dit nog nader en nader. Gapings word in die linie ingeskiet, perde en ruiters smak hals-oor-kop neer, maar dit was nie voordat lt.Grenfell se troepe van hulle perde afgeklim en te voet die voortrollende stormaanval die hoof gebied het nie, dat die Boere gestuit is. 'n Roekelose minderheid, nog steeds gelei deur komdt.Potgieter het nogtans voortgejaag met hardnekkige dapperheid, totdat sommige van hulle slegs binne honderd - en Potgieter self binne sewentig treë van die vyand in die stof gebyt het.[61)]

Die aanval is totaal afgeslaan en genl.Kemp was verplig om snel terug te val, want teen agt-uur vm. het ook Rawlinson met sy afdeling, sowel as Ian Hamilton, op die toneel verskyn. Hamilton het dadelik bevel gegee dat die retirerende Boere agtervolg moet word. Maar Kemp het flink gehandel: hy verdeel sy mag in twee, een waarvan suid-weswaarts in die rigting van Schweizer-Reneke vlug, en die ander suidwaarts na Vleeschkraal. Die artillerie wat saam met eersgenoemde afdeling gegaan het se bespanning was ongelukkig swak en na 'n ononderbroke agtervolging van agtien myl het die vyand daarin geslaag om 2 Armstrongs, 1 pom-pom en 'n ammunisiewa te buit, terwyl 10 ander voertuie (en 36 nie-gewonde ... ...

---

59) The Times History..(V) pp.531-532.
60) Nierstrasz (No.17) p.1472; vgl.ook: Naude. p.352.
61) Blouboeke Cd.986 p.6 en The Times History..(V) pp.533-534.

en 36 nie-gewonde krygsgevangenes in die hande van die verskillende ander kolonne geval het.[62] Op die slagveld self het Kemp 43 gesneuwelde en 120 gewonde burgers verloor, waarvan o.a. Hendrik Cronje, A. Groenewald, F.Otto, P.Kruger, J.de Wet, A. van Aarde, J.Brink en J.Steyn van Rustenburg en Krugersdorp onder die gesneuweldes getel het[63]

Die skitterende sukses waarmee die groot Engelse mag die Boere se aanval afgeslaan het, lg. se verlies van byna 200 man, en die volgehoue en kragtige agtervolging het 'n noodlottige uitwerking op die moreel van die wes-Transvaalse Boere gehad en dit het hulle afgevaardiges in Pretoria beslis meer pessimisties gestem in soverre dit die vraag betref het of die vryheidstryd voortgesit moes word.[64]

Na die slag was die burgers oral oor verstrooid en verspreid, om eers op 15 April in klompies en groepies terug te kom na Roodewal en Pietpan. Slegs in enkele ander groter slae gedurende die oorlog was die Republiek se verlies so swaar as in hierdie geveg by Roodewal[65]

Na die groot terugslag van 11 April het die kommando's stadigaan teruggeval na Swartruggens, die vegterrein vir die winter en op 22 April het genl. De la Rey en wnd.pres.Burger hulle op Kameelbulten ontmoet. Ook moes nou verteenwoordigers van elke kommando gekies word om na Vereeniging te gaan alwaar hulle die wil van die volk aan die regering sou bekendmaak.[66]

Genl.Kemp self was nog op die Hoëveld met sy staf en enkele burgers asook 'n paar waens met goedere wat na die groot kommando vervoer moes word. Met behulp van sy kloeke vertrouelinge slaag hy daarin om deur die blokhuislinies te glip, die koeëlreën ten spyt. Drie burgers word gewond en 'n wa met sout moes agtergelaat word omdat die trekmuile ingegee het. Hy bereik sy laer in veiligheid en in die omgewing van die Klein-Maricorivier naby Loodmyn word sy burgers weer goed voorsien van proviand en klere "om ons klaar te maak vir die voortsetting van die stryd, want ek en my burgers altans, verwag nie dat die stryd op Vereeniging beëindig sou word nie."[67]

(Die laaste ... ... ...

62) Blouboeke Cd.986,p.6; vgl.ook: The Times History..(V)pp.534-535, en Nierstrasz (No.17) p.1472.
63) Naude, pp.353-354.
64) The Times History..(V) p.537; vgl.ook: Blouboeke Cd.986 p.6.
65) Naude, p.353.
66) Naude, p.354.
67) Kemp, pp.469-470; vgl.ook Nierstrasz(No.17) p.1478.

Die laaste dryfbewegings. 13 April - 11 Mei 1902. Hoewel die neerlaag by Roodewal die Boere ontmoedig het, was hulle nog nie verslaan nie en Ian Hamilton het dit deeglik besef. Sy dryfjagte was derhalwe nog nie beëindig nie maar op 13 April weer hervat. - hierdie keer hoofsaaklik in 'n westelike rigting. Burgers sou gevang, en voorrade, vee en ook geoeste graan in beslag geneem word.[68] Met hierdie doel voor oë is die duisende troepe goed geplaas en deeglik versprei, en waar nodig selfs verskans. Al op die spoorweë langs is gebruik gemaak van gepantserde treine en soekligte. Tog het al hierdie krygslis nie veel resultaat gelewer nie. Kemp het sy kommando's in alle rigtings ingestuur en met elke vyandelike beweging was daar nooit meer as 1,000 burgers voor die troepelinie nie, en wat dan sonder moeite by die vleuels verby, noord- en suidwaarts verdwyn het. Die môre van 11 Mei het die hele Britse mag in Wes-Transvaal hulle halfsirkel nouer gesluit in die rigting van die spoorweg by Vryburg en hoewel dit die grootste trek was wat nog in hierdie gewaste uitgevoer is, was die eindresultaat nie so 'n groot sukses vir die Engelse militêre owerhede as wat hulle moontlik verwag het nie. 367 Krygsgevangenes is wel gevang, maar die oorgrote meerderheid was ongesteldes, veedrywers, wadrywers en vlugtende vroue en kinders. Origens is 7,000 patrone, 326 perde, 95 muile, 175 waens, 66 karre, 3,620 beeste en 106 trekosse gebuit. Wat verlies van lewensmiddele betref, was dit weliswaar die grootste ramp wat die Boere in Wes-Transvaal nog getref het.

Op 15 Mei het lt.-genl. sir Ian Hamilton sy ganse leërmag laat terugmarsjeer na Klerksdorp en Bloemhof.[69]

Vereeniging: Genl. Kemp se kommando's het op 11 Mei by Rietvlei aangekom waar elke kommando sy verteenwoordiger vir die samesprekinge by Vereeniging gekies het. Die Krugersdorpers het niemand anders as hulle getroue leier en onverskrokke generaal, Jan Christoffel Greyling Kemp, gekies nie. Hulle eenstemmige opdrag aan (hom was dat daar ... ...

---

68) Blouboeke Cd.986 p.6, en The Times History..(V) pp.579-580.
69) Blouboeke Cd.986 p.8, vgl. ook: The Times History..(V) p.581 en Nierstrasz(No.17) pp.1485-1486 en p.1488.

hom was dat daar geen onderhandeling aangegaan mag word ten koste van die Republiek se onafhanklikheid nie en indien die Britse owerhede nie met hulle voorstel gediend sou wees nie, was hulle bereid om die lendene opnuut te omgord en die stryd om vryheid tot die bitter einde voort te sit.[70]

Dit was 'n koue, mistige môre toe die 60 Boere-afgevaardigdes vanuit alle oorde van die oorlogsveld op 15 Mei 1902 in Vereeniging byeengekom het. Verskillende omstandighede het daartoe bygedra dat die meeste verteenwoordigers ten gunste van vrede was: president Steyn die groot Afrikanerheld en steunpilaar van die volk, was ongesteld; die toestande in die konsentrasiekampe was haglik en dié van die burgers in die veld nie so rooskleurig nie.[71]

Die woordvoerders uit Wes-Transvaal was nie so wanhopig nie en toe genl. Kemp aan die woord kom het hy die idee wat deur die meeste verteenwoordigers voorop gestel is, nl. dat daar 'n algemene gebrek en skaarste in die land was, verwerp. Vanaf die Maricorivier noordwaarts tot by die Zoutpansberg was die naturelle sy kommissariaat en van hulle het hy geneem wat hy nodig gehad het. Die volgende dag het hy weer 'n strydlustige toespraak gelewer en in 'n besielde toon gepraat. Hy sou by die onafhanklikheid staan of val, want so het ook sy burgers se opdrag gelui, en as hy daaraan dink dan kan hy nie anders nie as om vir die voortsetting van die stryd te stem nie. Wat homself betref, was hy bereid om te veg tot die dood toe.[72]

Genl. De la Rey, die groot wes-Transvaalse aanvoerder, was besadig. Met die taktiese voortreflikheid van sy burgers, met die reservoir waarvan Kemp gepraat het en met lg. se lewendige gees en uitmuntende leierskap om hom te ondersteun, het hy geweet dat hy die oorlog nog met menige maand kon verleng. Maar hier in die tent van vrede was die ridderlike soldaat van die slagveld kalm en sy oordeel sag. Hoewel hy nog kon voortveg, kon die Republieke nie verder nie. Uithongering en ellende het gebotvier. Die tussenkoms van 'n moondheid van buite was 'n droom. Die geleentheid vir samespreking het aangebreek.

(omdat die ... ...

---

70) Naude, pp.367-368. Kemp, p.471.
71) Naude, pp.370-371; vgl.ook: The Times History..(V) p.582.
72) The Times History..(V) pp.587 en 588: vgl.ook: Nierstrass(No.17) p.1550.

omdat die bittereinde alreeds aangebreek het. 73)

Die Krugersdorpse verteenwoordiger, genl. Kemp, was onversoenbaar 74) en toe die voorstel ingedien is dat die Britse terme onder protes aangeneem word, was hy een van die ses uit sestig afgevaardigdes wat daarteen gestem het, want:
„Ek moet my (kommando se) opdrag uitvoer en staan by ons onafhanklikheid." 75)

Om vyf minute oor elf die aand van 31 Mei 1902 is die Vrede van Vereeniging in 'n privaathuis in Pretoria onderteken. Die lang, bloedige worsteling het tot 'n einde gekom. Vir 'n oomblik het 'n doodse stilte geheers. Daarop het die verteenwoordigers van die oorwonne Republieke die saal verlaat. 'Nou is ons goeie vriende,' het Lord Kitchener aan elkeen gesê terwyl hy hulle die hand gereik het. 76) Daarna het hulle stil uitmekaar gegaan.

Dit was nou die bittere lot van genl. De la Rey, Kemp. e.a. om die ontroerende mare aan hulle kommando's te gaan oordra. Op 6 Junie 1902 het hulle die burgers by Doornkom ontmoet en op 'n koppie agter die afgebrande huis bymekaar geroep waar genl. De la Rey en die ander afgevaardigdes hulle toegespreek het.
„Ze stonden verpletterd, als aan den grond genageld, toen hun de onverwachte pijnlijke tijding werd medegedeeld. Zuchtend luisterden zij naar ons, terwijl over meer dan een gebruinde wangen de heete tranen op het gestorven gras druppelden. Er was droefheid bij die tijding onder oud en jong. Grijsaards en baardelooze jongelingen snikten toen zij hunne wapenen op hoopen aan den voet van het kopje op verzoek van Generaal De la Rey nederlegden."

1,173 Boere met hulle offisiere het hier te Doornkom die wapen neergelê.

Die volgende dag het die generaal sy burgers aan Sir Walther Kitchener voorgestel met die woorde:
„Hier zijn mijne burgers die hun land en volk getrouw zijn gebleven tot het einde. Zij zijn vandag weezen en als zoodanig geef ik ze aan u over." 77)

************************

73) The Times History..(V) pp.589 - 590.

74) Ibid. p.601.

75) Kemp, p.475.

76) Nierstrasz(No.17) p.1555.

77) Naude, pp.372-373: vgl. ook: Nierstrasz (No.17) p.1563.

„En volke het om hierdie land van ouds
gevaar en in gruisgate rond gesoek
soos erdvarke: maar die Stad van Goud
moes ons klein volkie later vind....tot vloek!"
...............

„En nou waar miershoopkamers en rotstuine
staan, en skepsels koekepanne laai,
lê hul stil: ou vegters in die bruin
komberse van die aarde toegedraai."

(D.J. Opperman.)

# B E S L U I T.

Dit is nie nodig om die aandeel van die Krugersdorpse Kommando aan die Tweede Vryheidstryd met subjektivisme aan te dik nie, want die reële feite spreek vir hulleself. Uit hierdie feite kan net een gevolgtrekking spruit: die burgers van Krugersdorp was met hulle offisiere 'n toonbeeld van bereidwillige offervaardigheid. Vanaf die slag van Talana in Natal op 20 Okt.1899 toe hulle die agterhoede moes dek, tot met die beroemde vertoning van ruiter-bedrewenheid tydens die geveg by Roodewal waaraan hulle op 11 April 1902 deelgeneem het, het hulle nêrens teleurgestel nie. Hulle was deurgaans betroubare staatmakers: toe hulle op 'n kritieke oomblik met die slag van Moddersprui (30 Nov.1899) op bevel van genl.Botha 'n koppie moes storm het hulle nie geweier nie: hulle het nie toegekyk dat die burgers van Vryheid alleen die kanonne met die slag van Colenso buit nie, maar aktief bystand verleen: by Spioenkop het Krugersdorpse afdelings van tyd tot tyd die een posisie na die ander versterk en leknlekke gevul waar ander gewyk het. Die sleutelstelling tot Ladysmith - Pietersheuwel - is aan hulle toegewys om te hou en die heroïse wyse waarop hulle dit teen in-getalle-superieure-krygsliede verdedig het, is een van die roemryke hoogtepunte in 'n vryheidsworsteling waarin die toets vir militêre vermaardheid en durf aan die uiterste eise onderwerp was. Net herstel van die skok veroorsaak deur die senutergende gehuil van liddietbomme op die berge van Natal, is die manne van daad van die oosfront weggeroep om andere te steun teen die dreigende gevaar op die wesfront en gehoorsaam het hulle gereageer op die bevele van staatspresident, kommandant-generaal en generaal.

'Der kleine Krieg' het generaal De la Rey groot gemaak. Hy was 'n guerilla -leier by uitnemendheid, maar danksy die onbaatsugtige diensvaardigheid van sy kommando's waarop hy ten alle tye kon peil trek, - kommando's waaraan hy grootliks sy faam te danke

(gehad het ... ... ...

gehad het en waarvan dié van Krugersdorp een was. As 'n groot burgerafdeling het hierdie manne van die Wes-Randse dorp gesamentlik met toegeneentheid geoffer wat die geliefde Republiek gevra het. Maar ook het Krugersdorp sy enkelinge gelewer wat hulle dienste individueel bewys het: kommandant Sarel Oosthuizen, die immer gehoorsame: kommandant Frederick Potgieter die altyd getroue; veggeneraal Jan Kemp die hardnekkige bittereinder: Kaptein Danie Theron die fameuse verkenner. Om die geskiedenis te verhaal van die wapenfeit en takt van so 'n kommando en van sodanige burgers, is voorwaar aangenaam.

*** ****** ***

# B Y L A A G.

## DIE KOMMANDOSTELSEL (OF WEERMAG) VAN DIE BOERE.

## (OORSIGTELIK).

"Our military history has largely consisted in our conflicts with France, but Napoleon and all his veterans have never treated us so roughly as these hard-bitten farmers with their ancient theology and their inconveniently modern rifles" (A Conon Doyle).

Neem ons 'n gemeenskap van Nederlanders van die soort wat 'n halfeeu teen die magtige Spanje van die 16de eeu geveg het, en vermeng hulle met die onbuigbare Franse hugenote, dan sal die produk, volgens A.Conon Doyle, ongetwyfeld een van die mees geharde, viriele, en onoorwinbare rasse wees wat nog ooit op aarde ontmoet is. Plaas ons hierdie produk dan vir sewe geslagte in 'n voortdurende staat van oorlog teen barbare en ongediertes waar buitengewone vaardigheid met wapens en ruiterskap aangekweek word in 'n land wat gunstig is vir die taktiek van die jagter, en gee eindelik 'n finale, fyner hardheid aan hulle militêre bekwaamheid deur 'n streng fatalisties ou-Testamentiese geloof en 'n vurige patriotisme, dan het ons, as ons al hierdie eienskappe en al hierdie impulse in een individu kombineer, die moderne Boer (1900) - "the most formidable antagonist who ever crossed the path of Imperial Britain."[1]

Hierdie teenstander waarteen Engeland teen die end van die 19de eeu te staan sou kom was geen g r a n d e   a r m e e nie. Nòg in die Vrystaatse - nòg in die Transvaalse Republiek was 'n staande mag aanwesig, behalwe die artillerie en polisiemag. Beide Boerestate het slegs beskik oor 'n Burgerweermag ('Burgerwehr'). Die gesamentlike weersisteem is saamgestel uit die volgende dele:

1. Die gewapende burgermag.
2. Die Staatsartillerie en Reserwe-staatsartillerie.
3. Die algemene polisie.
4. Die Vrywilligerkorps.
5. Vestings, forte, versterkings.

I. Die gewapende burgermag. Die basis van die militêre organisasie van die Boere is neergelê in die Transvaalse Konstitusie.

(Hiervolgens ... ...

1) Doyle: v.l.

Hiervolgens bestaan die krygsmag uit alle weerbare manlikes van die Republiek en, indien nodig, alle sodanige naturelle binne die grondgebied wie so hoofde ondergeskik is aan die Republiek. Onder weerbare blankes word verstaan alle manlikes tussen die ouderdomme van 16 en 60 jaar, sowel as manlike gekleurdes wat bereid is om in die veld diens te doen. Diensdoenende lede van die Eerste en Tweede Volksrade, regeringsamptenare, kerklike beamptes en leraars aangestel deur die staat, kan alleen na die proklamering van krygswet verplig word om militêre diens te doen. Vrygestel van persoonlike krygsdiens is die seuns van hulpbehoewende weduwees, persone met liggamlike gebreke en persone wat grondige redes het vir vrystelling, en die beslissing in dié verband berus by die veldkornet, wat op sy beurt verantwoording verskuldig is aan die kommandant. Sodanige vrygestelde persone mag indirekte diens lewer deur bydraes te lewer soos perde, voertuie, geld, lewensmiddele.[2)]

Met die doel om die burgermag te klassifiseer ooreenkomstig lokaliteit, is die grondgebied van die Republiek ingedeel in veldkornetskappe (wyke) en distrikte. Die grense van hierdie veldkornetskappe en distrikte is vasgestel volgens beraadslaging van die staatspresident met die kommandant-generaal en die betrokke kommandante en veldkornette. Elke wyk vorm 'n veldkornetskap, terwyl die wyke van 'n distrik tesame 'n kommando vorm.

Die dienspligtige burgers is volgens ouderdom in drie groepe gegroepeer.

1. Manskappe van 18 tot 34 jaar.
2. " " 34 " 50 "
3. " oor 50 en onder 18 jaar.

Die burgers het halfjaarliks vir drie of vier dae bymekaargekom vir 'n wapenskou en wapeninspeksie.

<u>Offisiersrange:</u> Die <u>veldkornette</u> wat in die veld bygestaan is deur <u>assistent-veldkornette</u>, is deur alle burgers van die wyk bo 16 jaar vir drie jaar verkies. Herkiesing na verstryking van die 3- jaar-periode is geoorloof. Die veldkornet se plig is om burgers (van die wyk ... ...

2) Nierstrasz (No.5) pp.404-405.

van die wyk op te roep vir wapenskouinge, in die geval van mobilisering te sorg vir die snelle en ordelike opkoms van die burgers en dan die bevel oor hulle oor te neem.

Die kommandant van 'n distrik is deur die burgers van sy distrik vir 'n tydperk van vyf jaar verkies en hy is herkiesbaar. As offisier onmiddellik in rang bokant die veldkornet, lei die kommandant die wapenskou-oefeninge en voer in die veld die bevel oor die kommando wat uit die onderskeie veldkornetskappe van sy distrik saamgestel is.

Twee of meer saamgestelde kommando's staan onder die bevel van 'n veggeneraal wat deur die offisiere van die betrokke kommando's gekies word.

Twee of meer veggeneraalskappe staan onder die bevel van 'n generaal.

Assistent-generaal is die ad interim titel van die oudste offisier wat die generaal verteenwoordig.

Die kommandant-generaal was die opperbevelhebber van die hele burgermag en is deur alle volle stemgeregtigde burgers van die Republiek vir 'n periode van 5 jaar gekies, met die reg om herkies te word na die verstryking van die vyf jaar.

Na gelang van die uitgebreidheid van die gevegsterrein, en by voorkeur vir daardie deel van die land wat onder sy bevel staan, kan daar in tyd van oorlog 'n generaal (of meer) tot waarnemende kommandant-generaal gekies word. Hy tree dan op in die naam van die kommandant-generaal en beskik oor dieselfde magsbevoegdhede.

Van die burgermag sal verwag word om orde te handhaaf; om op kommando te gaan in die geval van binnelandse opstande en om die land te verdedig en oorlog te voer teen vreemde magte. Hierdie oproep tot diens geskied volgens ouderdom, nl. dat eerstens die burgers van 18 tot 34 jaar, dan dié van 34 tot 50 jaar en in die laaste plek diegene onder 18 en bo 50 opgeroep word.[3)]

Daar het ook 'n Krygsraad bestaan - meer spesifiek (a) 'n Groot of Generale Krygsraad vir ernstige militêre sake en (b) 'n Klein of Laer Krygsraad vir militêre sake van geringer belang.

( Wat dissipline ... ...

3) Nierstrasz (No.5) pp.405-406; vgl. ook: Vallentin, p.19, en Davitt, p.70.

Wat **dissipline** betref is van alle persone op kommando verwag om die bevele van hulle offisiere ten strengste te gehoorsaam. Gevalle van oortreding word deur die Krygsraad behandel. Persone wat kommandodiens sonder verlof verlaat of nie gehoor gee aan die oproep tot diens nie, sal gestraf word volgens die aard van oortreding: £10 - £500 boete of van 6 maande tot 5 jaar gevangenisstraf.

Diegene wat hulle teenoor die vyand onderskei in dapperheid, moed, standvastigheid, kan deur die bevelvoerende offisier by die president aanbeveel word, lg. wat dan die buitengewone verdienstes van die betrokke persoon eervol vermeld en algemeen bekendmaak in die Staatskoerant.

Die bewapening en uitrusting van elke manskap het bestaan uit 'n geweer en 'n gevulde bandolierband wat reeds in vredestyd deur die regering aan elke burger verskaf word. Die burgers moet self vir die instandhouding en bruikbaarheid daarvan sorg. 'n Perd, saal en toom moet elke burger self voorsien, asook ander benodigdhede soos komberse, reënjasse, kookgereedskap. Die regering sal vir die uitrusting van onbemiddeldes sorg.

In die geval van mobilisering moet elkeen mondprovisie vir 10 dae hê en kom na die bestemde plek van byeenkoms begeef. Die burgers van die onderskeie 'kommandeer-afdelings' moet gemeenskaplik sorg vir die vervoer (waens en osse) en wat nog ontbreek mag deur die veldkornet aangevra word.

Daar het wel 'n Krygskommissariaat bestaan, die kommissaris waarvan deur die kommandant-generaal aangestel en die aanstelling vervolgens deur die krygsraad bekragtig is. Sy plig sou wees om te sorg vir die gereelde toevoer, verdeling en distribusie van proviand, ammunisie en uitrusting.[4)]

3. Die Staatsartillerie en Reserwe-staatsartillerie. As staande troepemag het die Suid-Afrikaanse Republiek beskik oor 'n Staatsartillerie en Reserwe-staatsartillerie wat bestaan het uit sowel berede - as berg- en vesting-artillerie, asook 'n veldtelegraaf- en heliograafafdeling. Artilleriste is uit vrywilligers gewerf. Die kommandant-generaal het die opperbevel gevoer en aan die hoof van die korps was 'n oerste-luitenant. Die artilleriekorps en afdelings

(veldtelegrafie ... ...

4) Vierstrasz (No.5) pp.407-408 en 411.

veldtelegrafie en - heliografie was toegerus met hoogsmoderne toerusting en het oor meer as voldoende materiaal beskik.[5]

Behalwe die hoofarsenaal by Pretoria, was daar magasyne in 28 ander dorpe, o.a. ook een in Krugersdorp.[6]

Alle manskappe van die staatsartillerie was berede en met 'n kort Mauser (karabynmauser) en artilleriesabel gewapen. Offisiere en onder-offisiere het die sabel, en as vuurwapen ook 'n Webby-rewolwer gedra.[7]

3. <u>Die Polisie:</u> Die polisie het saam met die staatsartillerie en die burgers wat met die uitbreek van interne onluste of met oorlogsverklaring opgeroep word, die staande mag van die Republiek gevorm. Die berede polisie is met die kavallerie-sabel en kort-Mauser of rewolwer gewapen. Die polisiemanskappe te voet het in vredestyd die polisieknuppel en as vuurwapen 'n rewolwer gedra.[8]

4. <u>Die Vrywilligerkorps.</u> het bestaan uit:
- a) Die Pretoria Vrywilligerkorps (infanterie).
- b) Die Johannesburg Vrywilligerkorps (kavallerie).
- c) Die Uitlanderkorps.
- d) Die Fietsryerskorps.

As selfstandige eenhede het die korpse (a) en (b) nie in die oorlog opgetree nie dog hoofsaaklik by die Uitlanderkorps aangesluit wat grotendeels bestaan het uit Duitsers, Hollanders, Iere, ~~Franse~~ en Skandinawiërs en kleinere afdelings Franse-, Russiese-, Oostenrykse-, en Italiaanse eenhede - 'n totaal van ongeveer 2.500 man.

Die Fietsryerskorps het ongeveer 40 man getel, is gewerf uit die opgevoede jong mense van die vooraanstaande klasse en moes 'n eie rywiel besit en as boodskappers fungeer. As wapens is die Mausergeweer gebruik.

5. Die Republiek het in die laaste plek oor slegs 8 <u>versterkings</u> of <u>forte</u> beskik:

1. Fort Wonderboom.
2. Fort Erasmus.
3. Fort IV.
4. Fort VIII.
5. Fort Groenkloof.
6. Fort Klapperkop.
7. Fort Daspoort.
8. Fort Kwaggaspoort.

(Verder was daar ... ...

5) Vallentin, pp. 19-20; vgl. ook: Nierstrasz (No.5) pp.411-413.
6) Nierstrasz (No.5) pp.413-414.
7) Ibid p.414
8) Ibid.p.415

Verder was daar ook die Johannesburgfort wat egter van geen strategiese betekenis was nie. In die noordelike deel van die Republiek was Fort Schutte en Fort Hendrina wat alleenlik gedien het as militêre steunpunte teen oproerige inboorlinge in daardie gewestes.[9]

Dit dan wat betref die samestelling en organisasie van die republikeinse weermagte.

Beskou ons die algemene gesindheid van die burger teenoor militarisme van naderby, dan sal ons merk dat die krygsverrigtinge in die Republieke van daardie dae hoogs gemoedelik was en dat die bevele van aanvoerders aan ondergeskiktes meer die aansien van hoflike versoeke gehad het as strenge opdragte. Grootdoenery is as verwerplik beskou. Nogtans sou geen kommando sy posisie op die oorlogsterrein prysgee voordat dit definitief nie anders kan en verdere verdediging onnodige bloedverkwisting sou beteken nie „...kein Bur denkt daran, lediglich aus Überfluss an Muth sein Leben zu wagen. want elke man wat val beteken nie alleen dat 'n onderhouer van 'n familie daarmee heen is nie, maar ook dat die kommando verswak is waardeur die vooruitsigte tot uiteindelike oorwinning geringer is.[10]

Dit was feitlik onnodig, kan ons sê, dat daar in die Republieke, trots die onheilswolke oor die politieke oseaan, 'n staande mag aanwesig sal wees as in aanmerking geneem word dat elke Boer as geoefende en hartstogtelike jagter 'n goeie skut en daarmee 'n gebore, moderne soldaat was. Daarby het hy sedert die vroegste jare 'n uitmuntende ruiterskap aangeleer, was gewoond om dae lank in die saal te wees, die nagte in die buitelug deur te bring. - slegs beskerm deur sy kombers. - wind en weer te trotseer en hom met verbasende weinig variërende mondprovisie aan die lewe te hou. Biltong, koffie, brood, sout en tabak in sy saalsak was voldoende.

Wat dissipline betref was daar wel geen militêre opleiding nie maar dit het nie beteken ordeloosheid en 'n weiering om die bevele van gekose leiers te gehoorsaam nie. Die patriargale verhoudings het

(die jonger Boer ... ...

9) Ibid. pp.415-416.

10) Scheibert, p.114.

die jonger Boer daaraan gewoond gemaak om hom uit eerbetoon gewillig te onderwerp aan die bevele van sy ouere stamgenote, sodat hy 'n dissipline saam met hom in die veld mee bring wat eers langsaam en met moeite aan die soldate van demokratiese Europa geleer moes word en dikwels sonder sukses. „Das grosse, heilige, gemeinsame Gefühl für das geliebte Vaterland, für Haus und Hof, Weib und Kind kämpfen zu müssen, schlingt ein festes Band um die gesammte Armee und macht macht sie zu einem gefügigen Werkzeug der Führung." 11)

Genoemde militêre eienskappe en die feit dat die Boere goed bekend was met die land en as leër beweeglik was, - eienskappe wat hulle veral dán laat geld het as die Boer vir die behoud van sy vaderland veg, - is voldoende om elkeen te oortuig dat Engeland in hom 'n volwaardige opponent sou vind.

Die verhouding tussen die twee partye: manskap en offisier was onder die republikeinse burgers glad nie dié van 'n bevelvoerder teenoor sy soldate nie, inteendeel, dit was 'n verhouding van kamerade. In 'n Boereleër het 'n bevelhebber daarom nooit sy wil kortaf op sy volgelinge afgedwing nie, dog was voortdurend met hulle in voeling om van hulle hulp en gehoorsaamheid verseker te wees. Blinde gehoorsaamheid aan sy hoofoffisier gedurende die oorlog is vir die Boer, wie se krag in die stryd juis in sy individualiteit en eie inisiatief geleë is, geen deug nie. Daarvoor is die mag van die bevelhebber te beperk teenoor die van die soewereine volk wat materieel gewoonlik sy gelyke is en algeheel vrywilliglik gehoor gee aan sy reëlings. Die talent van onvoorwaardelike gehoorsaamheid het die Boer aan die professionele soldaat oorgelaat, met die goeie, sowel as die kwade daarin begrepe. 12) "There was no power that could compel him (die Boer) to fight or do anything else unless he chose to..." "He (die generaal) could never count for certain upon the number of men he would have at his disposal in any battle." 13)

Gedurig was die manskap in kontak met sy offisiere sodat hy geweet het wat in die hoëre kringe aangaan. Sover moontlik het hy ook die nuusblaaie wat hy in die hande kon kry ywerig gelees sodat elke Boeresoldaat gevolglik wis wat van sy kommando verwag word. Kom 'n onderneming hom te moeilik voor, word dit met sy kamerade (bespreek .. ..

11) Von Müller, pp.42-43.

12) Scheibert, pp.114-115; vgl.ook: Hofmeyr p.330.
13) The Times History..(II) pp.77.

besprek en gaan hulle saam na die veldkornet want om hom willoos te laat doodskiet het hom teen die bors gestuit. Nie alleen wou die Boer elke bevel verstaan nie, maar self ook goedkeur, anders sou hy dit eenvoudig nie uitvoer nie. 14) Ook vergelyk Atkins se woorde gunstig hiermee: "Where the Boers have an advantage probably over every other army in the world is that each man is an intelligent and thinking unit. An army at once mobile and thinking, is hard to beat. 'There's always a plan,' says the Boer proverb, and Piet and Hans and Jan are all capable of offering their views to the Field Cornet, and it is expected of them that they will do so. 'Go up to that kopje and keep the Rooineks back', says the officer. 'No Commandant, says Hans from among the number. 'Dont you see, if we go there - ' etc. And then the commandant hears of a factor in the problem which he had ignored, or perhaps could not possibly have known about, and so he alters his decision." 15)

Formele dissipline het dus nie bestaan nie. In baie gevalle sou die oorwinning of neerlaag dan bepaal word deur die gesindheid of opinie van die burgers self. 16) "Its e s p r i t d e c o r p s was the sum of individual willingness: at its best it was excellent; at its worst it destroyed the commando." 17) Aan die anderkant het hierdie informaliteit juis 'n buitengewoon goeie geleentheid geskep vir die ontwikkeling van beide inisiatief en leierskap. 18)

Dat die Boere skerpskutters en bekwame ruiters was ly geen twyfel nie. 'n Korrespondent van "The Standard and Diggers' News" gee ons die volgende kykie uit 'n wapenskou wat hy bygewoon het:-

"There was a force of 700 Boers mounted on the customary veld ponies each man with a remount. A canvas target was raised a mile distant, and at the word, the whole commando thundered down upon it, riding loose-reined, guiding with their knees. Some 300 yards from the mark, the men threw themselves to the ground, and, in squads of twenty fired a hasty volley, remounted, and rode back to re-form column. The manoeuvre was executed as smartly as anything I have seen done by specially-trained troops at Bisley or at Aldershot. As they galloped away, only a few tattered ribbons remained flut-tering in the breeze. The target was no more.

In that single evolution lies the whole secret of Boer tactics - rapid advances, accurate volleys at a short range - speedy retreat." 19)

Hierteenoor het egter die groot swakheid gestaan en sterk stel De Kiewiet dit voor: "Being devoid of sanction it (die kommando) could disperse spontaneously when reward was lacking or conviction flagged. An acquisitive keenness for booty in cattle, or the need to protect property could keep it in the field against an enem Yet then good rains and a promissing spring could disorganize it."2

Opmerklik was dit dat 'n Boeremag so uiters vinnig gemobiliseer kon word. Alle kommandante en veldkornette het die mobilisasie bevel telefonies of per rydende boodskappers ontvang. Plek en tyd (van byeenkoms...

14) Scheibert, p.115.
15) Atkins: p.323.
16) Vulliamy: p.291.
17) De Kiewiet: p.275.
18) Vulliamy: p.291.
19) The Standard and Diggers'News.3/1/00.
20) De Kiewiet, p.275.

van byeenkoms is ook vermeld. Na ontvangs van die bevel kon die Boer binne 'n kwartier gereed wees: hy saal sy perd op, neem sy geweer en patroonband, stop sy saalsakke vol proviand vir ongeveer 10 dae en as hy dit het, neem hy 'n kombers, koffieketel, waterkan en blikbeker mee, vul sy sak met tabak en begeef hom na die voorgeskrewe plek van samekoms wat vir sy distrik by voorkeur so gekies is dat van daaraf die verdere vervoer per spoor voortgesit kan word. Ammunisie en lewensmiddele is op ossewaens wat deur die onderskeie wyke beskikbaar gestel is, agterna meegevoer.[21)]

Die gevolgtrekking waartoe ons genoodsaak word om te kom, is dat hierdie besondere soort weermag-organisasie en -dissipline uitmuntend geskik was vir die lewensaard van die Boer en uiters doeltreffend vir die geaardheid van die gevegsterrein waarheen hy hom sou moes wend om sy antagonis die hoof te bied. Veel van die sukses wat behaal sou word sou te danke wees aan die eieaard van die Boer se militêre stelsel hoewel dit aan die anderkant nie verkeerd is om juis hierdie stelsel te verwyt vir die terugslae en flaters nie.

*** ***** ***

21) Von Müller, pp.43-44; vgl.ook: Vulliamy, p.292.

# LITERATUUR EN BRONNELYS.

## I Literatuur.

### (a) Gepubliseerd:


AMERY, L.S.: The Times History of the War in South Africa. 1899-1902 Vol. 1 - 7. London 1902.

ATKINS, J.B.: The Relief of Ladysmith. London 1900.

BREYTENBACH, Dr. J.H.: Die Tweede Vryheidsoorlog (Deel I en II). Kaapstad. 1948.

DAVITT, M.: The Boer fight for Freedom. London 1900.

DE KIEWIET, C.W.: The Imperial Factor in South Africa. London 1937.

DOYLE, A.C.: The Great Boer War. London 1900.

KEMP, Generaal J.C.G.: Vir Vryheid en vir Reg. Kaapstad 1941.

OGDEN, H.J.: The War against the Dutch Republics in South Afric Its Origen, Progress and Results. Manchester 190

PRELLER, G.S.: Kaptein Hindon. Pretoria 1916.

SCHEIBERT, J.: Der Freiheitskampf der Buren und die Geschichte ihres Landes. Berlin 1900.

UYS, C.J.: In the Era of Shepstone. Lovedale 1932.

VALLENTIN, Dr. W.: Der Burenkrieg. Leipzig 1903.

VON MÜLLER, A.: Der Krieg in Süd-Afrika. Berlyn 1900.

VULLIAMY, C.E.: Outlanders. London 1938.

WEEBER, F.J.: Op die Natalse Front. Kaapstad 1940.


### (b) Ongepubliseerd:


KAPLAN, Mej. I.P.: Die geskiedkundige oorsprong van 'n aantal Transvaalse Plekname. M.A. verhandeling. Johannesburg 1944.

MOUTON, Dr. J.A.: Generaal Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis. Doktorsproefskrif. Pretoria 1948.

NIERSTRASZ, P.A.: Der Süd-Afrikanische Krieg (1899-1902). Ongepubliseerde manuskrip. 's Gravenhage. 1905. (Berus tans in die Dr. W.J. Leyds-Argief).

RADEMEYER, J.I.: Die oorlog teen Magato (Mpefu) 1898. M.A.-verhandeling, Pretoria 1943.


### (c) Publikasies:


(1) Amptelik: Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek (1881 - 1899)

(2) Nie Amptelik: (a) The Krugersdorp Standard 1898 - 1899.

(b) The Standard and Diggers' News. 1898 - 1900.

(c) The Transvaal Leader. 1898 - 1899.

(d) De Volksstem 1898-1900 en
De Volksstem (Veldtocht-Editie) Okt.-Des.1899.

(e) The Sunday Times. 26 Feb. 1950.

(f) Die Huisgenoot. 1 Sept.1950.

(g) Krugersdorp, hoofstad van die Westelike Witwatersrand. (Amptelike geïllustreerde handboek 1936)

(d) Atlas:

STOCKENSTROM, E.: Historiese Atlas van Suid-Afrika (Stellenbosch 1928)

II Kontemporêre werke.

HOFMEYR, N. : Zes Maanden bij de Commandos. 's Gravenhage 1903.

NAUDE, J.F. : Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp bokant De Wet. Rotterdam 1903.

ROMPEL, F. : Heroes of the Boer War. London 1903.

VAN WARMELO, D.S. : Mijn Commando- en Guerilla Commando-Leven. Amsterdam 1901.

VILJOEN, Genl. B.J.: Die Transvaaler im Krieg mit England (Duitse vertaling van genl. Viljoen se: Mijne Oorlogsherinneringe.) München.

III Argivale Bronne.

(a) Gepubliseerd:

(1) Imperiale Britse Blouboeke.

(2) Notulen van den Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek. (1891-1893)

(3) Praagh, L.V.: The Transvaal and its Mines. (The Encyclopedic History of the Transvaal) Johannesburg 1906.

(b) Ongepubliseerd:

(1) Argief Staatssekretaris (Aangedui: SS.)
(2) Argief Uitvoerende Raad (notule en besluite.) (Aangedui: U.R.

(3) Argief Kommandant-Generaal (Aangedui. K.G.)
en Inkomende stukke (Aangedui. KGR.)

(4) Argief van Dr. W.J.Leyds. (Aangedui: Leyds + Bandnommer)

(5) Argief van Krugersdorp: (Aangedui met Bandnommer.)

(6) Afdeling: Aanwinste (Aangedui met titel.)
Generaal J.H.de la Rey-versameling.

**** ( *** ( ****